

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities



Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 56 | Volume 56 | **SEPTEMBER 2016**
Nommer 3 | Number 3



Tydskrif vir Geesteswetenskappe
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751
Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die
L.W. Hiemstra Trust – Opperig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra
The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the
L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



3

Uitgewer/Publisher

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

The South African Academy for Science and Arts

Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Arcadia 0007

September 2016

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Hoofredakteur/Editor in Chief:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature

REDAKSIE / EDITORIAL BOARD

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/ Linguistics

CS (Fanie) de Beer – Filosofie, Inligtingkunde/Philosophy, Information Science

LM (Lourens) du Plessis – Regsfilosofie/Philosophy of Law

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics

DS (Dave) Lubbe – Rekeningkunde/Accountancy

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/ Philosophy of Education

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology

REDAKSIERAAD/ADVISORY EDITORIAL BOARD

Nasionaal/National

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education

Internasionaal/International

James Athanasou – Psigometrie/Psychometrics (University of Technology, Sydney, Australia)

Reuven Bar-On – Emosionele Intelligensie/Emotional Intelligence (University of Texas, Medical Branch USA)

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Canterbury, UK)

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)

Sebastian Kortmann – Regswetenskap/Law (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)

Belle Wallace – Onderwys vir begaafde leeders/Education for gifted learners (Oxford, UK)

Ex officio: D (Dionē) Prinsloo – Hoof Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2016 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):

Subscription fees for 2016 in South Africa (VAT and postage included):

Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R285,00 per jaargang/volume

S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R250,00 per jaargang/volume

Nuusbrief /Newsletter: R95,00 per jaargang/volume.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Arcadia 0007, Suid-Afrika/South Africa.

publikasies@akademie.co.za; www.akademie.co.za

Tel: 0861 333 786 x 4; Faks/Fax: 012 329 0293

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 56 Nommer 3, September 2016 / Volume 56 Number 3, September 2016

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES

PIET STRAUSS

Die geskiedenis, aanvaarding en impak van die Afrikaanse Bybel van 1933 – ’n oorsig / *The history, acceptance and impact of the Afrikaans Bible of 1933 – an overview* 733

GRIETJIE VERHOEF

“Sonder onderwys, geen bevryding”. Moedertaalonderrig en gemeenskap in die grondslag vir swart onderwys in Suid-Afrika, 1952–1990 / “*There can be no freedom without education*”. *Vernacular instruction and community in the foundation of black education, in South Africa, 1952–1990* 746

ELIZE VOS, SURIA ELLIS, RIA VAN DEN BERG EN CARISMA NEL

Wigfried en Guthrie se *Motivation for Reading Questionnaire* vir Afrikaanssprekende adollesente? / *Wigfield and Guthrie’s Motivation for Reading Questionnaire for Afrikaans speaking adolescents?* 763

HERCULENE KOTZÉ

Die rolpersepsies van opvoedkundige tolke in Suid-Afrika / *The role perceptions of educational interpreters in South Africa* 780

CAREL VAN WYK

’n Jungiaanse siening van sinchronisiteit in perde-ondersteunde psigoterapie / *A Jungian perspective on synchronicity in equine-assisted psychotherapy* 795

CHRISMA PRETORIUS

Die ervaring van aktiewe betrokkenheid by ’n aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep as ’n vorm van ondersteuning vir individue wat met Meervoudige Sklerose gediagnoseer is / *The experience of active involvement in an online Facebook support group, as a form of support for individuals who are diagnosed with Multiple Sclerosis* 809

CILLIERS VAN DEN BERG

Histerie en Perversie (deel II): Slagofferskap in *Der Nazi & der Friseur* (Edgar Hilsenrath) en *De joodse messias* (Arnon Grunberg) / *Hysteria and Perversion (Part 2): Victimhood in Der Nazi & der Friseur (Edgar Hilsenrath) and De joodse messias (Arnon Grunberg)* 829

H.P VAN COLLER EN ALTHEA VAN JAARVELD

Deiktiese patrone in die verfilming van J.M. Coetzee se *Disgrace* (2008). Deel 2 / *Deictical patterns in the film version of J.M. Coetzee’s Disgrace (2008). Part 2* 844

LIZETTE RABE

Die belang van mediavryheid in Suid-Afrika: Tweehonderd jaar, twee gevallestudies, van die Magna Carta tot die Muilbandwet / *The importance of media freedom in South Africa: Two centuries, two case studies, from the Magna Carta to the Secrecy Bill* 856

AKTUEEL: DEBAT

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Redakteursnota..... 875

DANIE STRAUSS

Die debat oor die moderne staat / *The debate on the modern state* 876

BOEKBESPREKING / BOOK REVIEW

ELP Stals – *Dirk Mudge. All the way to an independent Namibia* deur DF Mudge 881

UITNODIGING

Spesiale uitgawe: Taal- en Letterkundekommissies, 100 jaar 883

Boekeprojek: Afrikaanse digters, skrywers en dramaturge 884

Die geskiedenis, aanvaarding en impak van die Afrikaanse Bybel van 1933 – 'n oorsig

The history, acceptance and impact of the Afrikaans Bible of 1933 – an overview

PIET STRAUSS

Ekklesiologie, Fakulteit Teologie
Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
E-pos: strausp@ufs.ac.za



Piet Strauss

PIETER JOHANNES STRAUSS word in 1988 'n dosent in Ekklesiologie of Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan sy alma mater, die Universiteit van die Vrystaat en tree op 30 Junie 2015 af. Benewens ongeveer honderd artikels in geakkrediteerde akademiese tydskrifte, het Strauss ook verskeie boeke geskryf. Hy spits hom toe op gereformeerde kerkreg en kontemporêre Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis, soos blyk uit onlangs verskene werke. In die kerkreg lewer *Kerk en Orde vandag* (2010), blyke van 'n reformatoriese deurwerk van die bekende *Solas* van die Reformasie van die sestiende eeu na vandag. *Kerkwees in die branding – die Nederduitse Gereformeerde Kerk in algemene sinodale verband 1994–2011* (2013), verteenwoordig 'n kontemporêr kerk-historiese werk vanuit 'n reformatoriese benadering.

Strauss was vir twee termyne, van 1999–2003 en 2005–2008, die moderator van die Vrystaatse Sinode van die Ned. Geref. Kerk. Hy beklee dieselfde amp by die Algemene Sinode, van 2007–2011. Hy is ook aktief op kultuurterrein en was vir 12 jaar, van 2001–2011, die hoofleier van die Afrikaanse jeugbeweging, Die Voortrekkers.

PIETER JOHANNES STRAUSS was appointed as a lecturer in Church Polity and Church History at the University of the Free State in 1988 and retired on 30 June 2015. Apart from some 100 articles in accredited academic journals, Strauss also authored a number of books. He focuses mainly on the topics of Church Polity and modern South African Church History, as can be seen in recently published works. In *Church and Order today* (2010) he argues that 3 *Solas* of the Reformation of the sixteenth century should also be accepted and implemented today, while in *Being church in troubled times – the Dutch Reformed Church in the bond of its general synod 1994–2011* (2013), he uses a reformational approach in modern church history.

Strauss was moderator of the Free State Synod of the Dutch Reformed Church for the periods 1999–2003 and 2005–2007. He was also moderator of the General Synod of the same church in 2007–2011. In addition, he is actively involved in cultural events and, for 12 years (2001–2013), he served as leader of the Afrikaans youth movement, *Die Voortrekkers*.

ABSTRACT***The history, acceptance and impact of the Afrikaans Bible of 1933 – an overview***

The first translation and publication of the entire Bible in Afrikaans in 1933 had a notable impact on its environment. It became an important book of life for speakers of the Afrikaans language; helped standardize this language as a spoken and written language, and through its readers influenced the history of South Africa.

The translation of 1933 was the outcome of a third, definite period leading up to the translation of the entire Bible in Afrikaans.

The first period: 1872–1911. On 7 September 1872, Arnoldus Pannevis wrote a letter in the Cape paper the Zuid-Afrikaan in which he pleaded for the translation of the Bible in the upcoming Afrikaans. On 14 August 1875, as a result of Pannevis's letter, a meeting of 8 young individuals was held in Paarl. They founded the pro-Afrikaans Genootskap van Regte Afrikaners (Society for True Afrikaners), which had as its aim the promotion of Afrikaans. The translation of the Bible in Afrikaans was regarded as a key factor in achieving this. Afrikaans was not yet a standardized written language.

At the time, the rule for translation was “write as you speak”. People should be able to understand the message of God in their mother tongue. This led to an informal Afrikaans translation of the Bible that was not acceptable to many speakers of the language. In their reading, they used the well-known Dutch State translation of 1637, which had a more formal conception – and wording – of what is mentioned in the Bible. At the time, the leading figure in translating the Bible was SJ du Toit. The period came to an end with his death in 1911.

The second period: 1914–1923. Two factors determined this translation. One was a movement away from informal Afrikaans. The new translators were of the opinion that, in order to achieve this, they should translate the Dutch State translation into Afrikaans. The second factor was the strong urge of these translators to be instrumental in achieving an Afrikaans Bible. There was also a growing need among speakers of Afrikaans for a Bible in their own language. A proof or concept of the New Testament and Psalms was published in 1922.

This translation, however, was not well received by the speakers of Afrikaans. Well-known Afrikaans writers also spoke out publicly against it. There was a feeling that the Afrikaans used was rather a bad Dutch. The way of saying things, the wording and the rhythm were not Afrikaans.

The third and final period for the translation: 1923–1933. This was started with a decision by the Broad Committee on Translation of the three Afrikaans Reformed Churches in July 1923 to translate from the best available Hebrew text of the Old Testament and the best available Greek text of the New Testament. These churches were the Dutch Reformed Church, the Reformed Church in South Africa and the so-called Netherdutch Reformed Church of Africa.

The translation was completed in 1928 and was followed by a revision of the translation and the input of learned scholars of Afrikaans. The well-known editors of the Old and the New Testament were JD du Toit, the famous Afrikaans writer and poet from Potchefstroom, and JD Kestell, a pastor and church leader from Bloemfontein. They were trusted by the members of the churches and were able and recognized users of written Afrikaans. The churches received the completed translation of the Bible in Afrikaans with celebrations on 27 August 1933.

The impact of this translation of the Bible can be regarded as the same impact Luther's translation had on German and the State translation had on Dutch. The Afrikaans Bible of 1933 stimulated the standardization of Afrikaans as a spoken and written language. The content and thoughts of the Bible in Afrikaans were also used by the speakers of Afrikaans to help determine the history of South Africa.

The Afrikaans Bible of 1933 was called a triumph of Afrikaans.

KEYWORDS: The Bible in the mother tongue; write as you speak; informal and formal Biblical language; Afrikaans; Dutch; original languages; standardization of Afrikaans; impact of the Afrikaans Bible on the Afrikaans society; Afrikaans Bible and apartheid

TREFWOORDE: Die Bybel in die moedertaal; skryf soos jy praat; plegtige Bybelvertaling; Afrikaans; Nederlands; die standaardisering van Afrikaans; die impak van die Afrikaanse Bybel op die gemeenskap, die Afrikaanse Bybel en apartheid

OPSOMMING

Die eerste publikasie van die volledige Bybel in Afrikaans in 1933 het 'n duidelike invloed op sy omgewing gehad. Hierdie vertaling het die Bybelse boodskap verstaanbaar vir Afrikaanssprekendes gemaak, 'n impak op hierdie sprekers en daarmee op hulle omgewing gehad en Afrikaans as 'n spreek- en skryftaal help standaardiseer.

Hulle verstaan van die Bybel het eerste taalsprekers van Afrikaans beweeg om na gehoorzaamheid aan God met die hele lewe te soek: in die kerk en samelewing. Die vertaling van 1933 het ook die spelling, woordvorme en segswyses van Afrikaans beïnvloed.

Die Afrikaanse Bybel van 1933 het die koers van Afrikaanssprekendes in hulle lewensbeskouing, opvoeding, politiek en sosiale lewe bepaal. Dit is egter ook gebruik om apartheid te regverdig en diskriminasie teen anderskleuriges deur Afrikaners te verdedig.

Die Afrikaanse Bybel van 1933 word beskou as 'n triomf vir Afrikaans.

INLEIDING

Die sentrale fees by die ontvangs van die eerste volledige en kerklik-erkende Bybel in Afrikaans vind op 27 Augustus 1933 in die Marksaal in Bloemfontein plaas. In sy “kragtige woord”¹ as feesrede voer ds PS van Heerden van die Ned Geref Kerk Ladybrand en toenmalige moderator van die Sinode van Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, die volgende aan:

Op Donderdag 25 Mei 1916 is daar, na 'n ernstige en interessante bespreking, in die Sinode van die Vrystaatse Kerk 'n besluit geneem wat verreikende gevolge gehad het. Die besluit staan aangeteken in die volgende bewoording: “De Synode besluit tot het vertalen van de Bybel in Afrikaans, en nodigt hiertoe uit de samenwerking van de Ned Geref Kerken in de andere Provincies, alsook van Geref en Hervormde Kerken. Zij draagt dit werk op aan een speciale Commissie, die in onderhandeling zal treden met de Synodale Commissien van de gemelde Kerken, ten einde de kundigste en geschikste mannen voor de werk te erlangen...” ...die besluit was 'n lewende kiem wat geval het in goeie aarde, en van daardie oomblik kon die groei en ontwikkeling daarvan nie gekeer word nie...

Die Bybel is deurweef met ons volksbestaan. Van die dae van Van Riebeeck was dit die boek wat meer as enig ander invloed gehad het op die vorming van ons volkskarakter, en ons die weg geleer het na die Genadetroon. Sonder die Bybel laat sig die volk van Suid-Afrika nie dink nie...by die voorgeslag was die Bybel die rigsnoer van wandel, die bron van troos in droefheid, die lig wat op die lewenspad die trede bestuur het, en op die sterfbed heengewys het na 'n Beter Vaderland... (Van Heerden sa).

¹ Volgens JD Kestell in 'n verslag aan die Sinode van die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat 1934, NGK-OVS 1934:152.

Hoewel die begrippe “volkskarakter”, “volksbestaan” en “volk van Suid-Afrika” hier waarskynlik vir dieselfde groep gebruik word – die Afrikaner met die nuwe Afrikaanse Bybel – word die moontlike impak van hierdie Bybelvertaling breër geag: ’n invloed op die Afrikaner en deur hom op Suid-Afrika. Die Bybel was vir baie Afrikaners immers die “rigsnoer van wandel” op die “lewenspad”. Dit was in 1933 toe slegs blankes in die Unie van Suid-Afrika kon stem. In daardie tyd het Afrikanerleiers soos Hertzog, Malan en Smuts die politieke gang en oorhoofse inrigting van Suid-Afrika bepaal (Grobler 2007:149-153).

Die houding van Van Heerden skep die vraag: wat was die geskiedenis, aanvaarding en daarmee die impak van die Afrikaanse Bybel van 1933 op sy Suid-Afrikaanse omgewing? Watter voorbeelde staaf die invloed? Wat was die aard van die invloed? ’n Invloed wat nie gekwantifiseer kan word nie, maar deur die verwerking van die relevante gevolge kwalitatief aangetoon kan word.

Gevolglik val die fokus op ’n beknopte geskiedenis van die vertaling van 1933, die populêre én amptelike kerklike aanvaarding daarvan en sy impak op Afrikaanssprekendes en hulle omgewing.

DRIE FASES VAN AFRIKAANSE BYBELVERTALING TOT 1933

Dit word wyd aanvaar dat die vertaling van die Bybel in Afrikaans tot by die verskyning van die volledige Bybel in 1933, deur drie onderskeibare fases gegaan het (Nienaber sn:15; Oberholster sn:11-48; Van der Watt 1987:313; Strauss 2013:48; 2015:95).

Eerste fase 1872–1911

Die eerste fase begin op 7 September 1872 met die verskyning van ’n brief van Arnoldus Pannevis in die Kaapse blad *De Zuid-Afrikaan*. Dit eindig met die dood van ’n sleutelfiguur en vertaler in hierdie beweging, ds SJ du Toit, in 1911. In sy brief bepleit Pannevis die vertaling van die Bybel in Afrikaans ter wille van die verstaan daarvan deur anderskleuriges, maar ook blanke Afrikaners (Strauss 2015:95). Destydse kritici beweer dat Pannevis se voorstel goed sal wees vir die bruinmense, maar dat Afrikaans as ’n ongestandaardiseerde “plat Hollands... die skoonheid en verhewenheid van die Bybel” sal laat skade ly. Pannevis gee toe dat Afrikaans nog ’n brabbeltaal is, maar beweer dat baie Afrikaanssprekendes nie meer die Hollandse Statevertaling van 1637 verstaan nie. CP Hoogenhout steun hom met ’n argument gebaseer op die Pinkstergebeure in Handeling 2: die Bybel moet na sy lesers kom in hulle eie taal. Engelse en Nederlandse Bybels is vir duisende “Hollandssprekendes” aan die Kaap ’n geslote boek (Nienaber sn:17-19).

’n Sleutelargument is dat die Bybel verstaanbaar moet wees. As ’n gereformeerde belydenis handel die Heidelbergse Kategismus (HK – 1563) in vraag en antwoord 21 oor die ware geloof. Volgens die HK is ’n ware geloof “’n vasstaande kennis” en “vaste vertroue” dat vir “my” persoonlik geld wat God in sy Woord openbaar: sy verlossingsboodskap wat verstaan moet word om geglo te kan word (NG Kerk-Uitgewers 1982:45).

In die naweë van Pannevis se brief van 1872 vergader 8 manne op 14 Augustus 1875 in die Paarl. Die vertaling van die Bybel in Afrikaans en, daarmee saam, die ontwikkeling van Afrikaans as skryftaal, is die doel van hulle saampraat. Hier word die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) gebore. Hulle voel egter dat die tyd nog nie ryp is vir ’n Afrikaanse Bybelvertaling nie. Die “volk” moet eers leer dat hy ’n eie taal het en hierdie taal moet respekteer (Nienaber sn:15). Volgens Von Wielligh moes dieselfde “volk” nog leer om Afrikaans te lees en te skryf (Von Wielligh 1918:62).

JC (Jaap) Steyn verwoord hierdie gebeure so:

Die strewer na 'n Afrikaanse Bybelvertaling het so tot die eerste georganiseerde taalbeweging gelei. 'n Afrikaanse koerant, **Die Afrikaanse Patriot**, en 'n heel aantal boeke is uitgegee. Een daarvan, 'n elementêre taalboek, getitel **Eerste beginsels van die Afrikaanse taal**, bevat 'n paar spelreëls. Die eerste lui: 'Ons skryf nes ons praat'. (Steyn 2013:78)

Met hierdie stelreël gee die eerste Afrikaanse taalbeweging waarskynlik stukrag aan die gebruik van skriftelike Afrikaans deur sommige, maar ook aan die uitdrukking “plat Hollands” deur ander. Van Rensburg praat van die “verskrifteliking” van Afrikaans deur die GRA. Volgens hom kan geen taal hoër funksies vervul – soos 'n verwoording van die inhoud van die Bybel – as dit nie 'n skryftaal is nie. Die GRA het besef dat hulle Afrikaans moet verskriftelik voordat hulle kan dink aan 'n vertaling van die Bybel in Afrikaans (Van Rensburg 2015:322).

In 1878 besluit die jaarvergadering van die GRA dat die tyd “in beginsel” ryp is vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans.

Die eerste fase in die vertaling van die Bybel in Afrikaans eindig met die dood van SJ du Toit in 1911. Du Toit se vertaling van Psalm 23:1 in 1907 is 'n voorbeeld van die vertalings in hierdie fase en hulle onvermoë om deur gelowige Afrikaanssprekendes aanvaar te word. 'n Nie-aanvaarding wat kom in 'n tyd waarin gelowige Afrikaanssprekendes besig was om ryp te word vir 'n nuwe, verstaanbare vertaling van die Bybel in Afrikaans.

Jehowa is myn herder: my ontbreek niks ni.

Al gaan ek deur di kloof van doodskadewe, ek frees geen kwaad nie; want U is met my: uw knopkiri en wandelstok fetroos my... (volledig in Oberholster sn:32)

Drie probleme uit hierdie reëls is opvallend.

Eerstens is die spelreëls van Afrikaans nog nie uitgeklaar nie. Die gebruik van f en v is byvoorbeeld willekeurig. Tweedens kan 'n radikale eietydse vertaling afbreuk doen aan die verhewe plegtigheid van die Bybel. Die woord “knopkiri” het destydse Afrikaanssprekers nie in hulle Bybel gesoek nie. Derdens klop die vertaling van die psalm of lied nie ritmies nie: “*my ontbreek niks ni...*” Die sinsvolgorde is vreemd aan Afrikaans.

Twee sake het die vertaling van die Bybel in Afrikaans in 1872–1911 gestrem. Die feit dat Afrikaans as gestandaardiseerde spreek- en skryftaal nog aan die maak was en die strategiese faktor dat die sogenaamde Hollands-Afrikaanse kerke nog nie ingekoop het op die saak nie. 'n Gestandaardiseerde taal sou die aanvaarding van vertalings wat aan aanvaarde, gevestigde reëls voldoen, vergemaklik het. Daarnaas het die drie Afrikaanse gereformeerde kerke – die Ned Geref Kerk, Geref Kerk in Suid-Afrika (GKSA) en Ned Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) wat 'n sterk invloed op die godsdienstige en lewensbeskoulike lewe van die meerderheid Afrikaners gehad het – nog nie amptelik blyke gegee van steun vir die nuwe ontwikkeling nie. Die stryd van die GRA was nog nie 'n stryd van die kerke nie.

Teen 1911 bestaan daar 'n persepsie dat die “die volk” nie 'n behoefte aan 'n Afrikaanse Bybel het nie. Drukkerye ly groot verliese met gepubliseerde dele van die Bybel. Die eerste fase van die vertaling van die Bybel in Afrikaans stol. 'n Nuwe impuls was nodig (Strauss 2015:95).

Tweede fase 1914–1923

Die tweede fase van die vertaling van die Bybel in Afrikaans begin in Julie 1914 op Stellenbosch. 'n Kongres van die Afrikaanse Taalvereniging (ATV) versoek die sinodes van die “Hollands-Afrikaanse” Kerke om 'n “Afrikaanse Bybelvertaling ter hand te neem” en die Ned Geref Kerk om Afrikaans as 'n amptelike taal te erken (Oberholster sn:34).

Die Sinode van 1916 van die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat neem hierin die leiding.

'n Skoonseun van MT Steyn (President, Republiek van die Oranje-Vrystaat 1896–1902) en die predikant van Wepener, NJ van der Merwe,² se voorstel dat die Bybel in Afrikaans vertaal word, word aanvaar. Vir die vertaling soek die Sinode die samewerking van die Ned Geref Kerke in die ander provinsies en ook van die GKSA en NHKA (NGK-OVS 1916:55,58).

Teen die einde van 1919 is die medewerking van hierdie kerke verkry. Afrikaans word ook kanseltaal. Die gebeure kom te midde van 'n ontwikkelende Afrikaans (Oberholster sn:44-47). Op 18 September 1915 publiseer die Akademie vir Taal, Lettere en Kuns 'n lys van Afrikaanse Spelreëls (Steyn 2008:139). In 1925 vervang Afrikaans Nederlands as 'n amptelike taal in Suid-Afrika. Die “Hollands-Afrikaanse” kerke kon nie agterbly nie.

In die begin van die twintigste eeu lees baie Afrikaanssprekendes nog die Nederlandse Statevertaling van die Bybel (SV). Hierdie vertaling op versoek van die Nasionale Sinode van Dordrecht van 1618–1619 en gefinansier deur die Nederlandse State Generaal, verskyn op 29 Julie 1637. Geen boek het so 'n invloed op die vestiging van Nederlands gehad as 'n gestandaardiseerde spreek- en skryftaal as die SV nie. Dit het dieselfde impak op Nederlands gehad as die Bybelvertaling van die bekende kerkhervormer, Martin Luther, op Duits. Die SV word 'n simbool van die sukses van die Nederlandse Republiek van die 17e eeu. Tussen 1637–1651 word daar 300,000 SV's in Nederland verkoop (Nienaber sn:14).

Die SV kom in 1652 met die Hollanders na die Kaap en vergesel die Voortrekkers van 1835–1840 na die Suid-Afrikaanse binneland (Steyn 2008:133-134).

Vir 'n ontlukende Afrikanervolk is die SV die leerboek van die lewe. Suider-Afrika se isolasie van Nederland verhaas egter die groei van Afrikaans met sy eie woordvorme en -betekenisse (Nienaber & Heyl 1962:2-3).

Sekere uitdrukkings in die SV steek vas in die gebruiks- en godsdienstige taal van Afrikaners: brood van smarte, Dawid en Jonathan, kwelling des geestes, bitter kelk ledig, moedigheid, kortstondigheid, goedertierenheid, herbergsaamheid, kind des doods en insettinge (Nienaber & Heyl 1962:4). Daar is woorde soos afvallig, danksegging, dierbaar, eersteling, hooglied, klaaglied, nuweling, rigsnoer, slagoffer, vreemdeling en suigeling (Steyn 2008:133). Daar is ook die meer idiomatiese steen des aanstoots, in duister tas, inwendige mens, berge versit, 'n boom aan sy vrugte ken, 'n doring in die vlees en vreemdeling in Jerusalem (Steyn 2008:147).

Met hierdie waardering van die SV onder Afrikaanssprekendes trag die vertalers in die tydperk 1916–1922 bloot om die SV te verafrikaans. Daar is twee redes: hulle streef na die Bybelse verhewenheid van die SV én 'n verstaanbare Bybel. In 1922 word 70,000 eksemplare van 'n proefvertaling van die Nuwe Testament en Psalms versprei (Oberholster sn: 57). Volgens die Kommissie van die Vrystaatse Sinode van die Ned Geref Kerk vir Bybelvertaling is dit 'n “bewys van die gretigheid waarmee ons volk vir sy eie Afrikaanse Bybel wag” (NGK-OVS Verslag sa:6). Die Afrikaanse Kinderbybel wat nie die Woord van God is nie, verdring die SV tans by huisgodsdien “onder 'n groot deel van ons volk” (NGK-OVS Verslag sa:4).

Die proefvertaling van 1922 vind egter nie inslag nie. 'n Eindvertaler van die 1933 Bybel, HCM Fourie, praat van “stompstert Nederlands” (Steyn 2008:142).

Nou klink Psalm 23:1 en 2 so:

Die Here is my Herder; my sal niks ontbreek nie. Hy laat my neerlê in grasryke weivelde,
Hy lei my saggies aan seer stille waters...

² NJ van der Merwe tree in 1924 tot die politiek toe. Met sy dood in 1940 – op 'n jonge 52 jaar – is hy die Vrystaatse leier van die Nasionale Party, die hoofleier van die Voortrekkers en die voorsitter van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings. Hy is ook betrokke by die stigting van laasgenoemde twee bewegings (Gaum et al. 2008:1122).

Verder word teenstanders “teenpartyders” en raak my beker “oovloeiende”...(Oberholster sn:33).

Hierdie on-Afrikaanse taalgebruik lui die doodsklok vir Fase 2 van die Afrikaanse Bybelvertaling. Daar moes van voor begin word.

Derde fase 1923–1933

’n Nuwe vertrekpunt kom in 1923. Dit blyk uit die bronne waaruit vertaal en die Afrikaans waarin hierdie tekste vertaal word. ’n Vertrekpunt waarna talle deelnemers in die proses van 1923 tot 1933, by die verskyning van die Bybel in Afrikaans, verwys. In sy verslag aan die Vrystaatse Ned Geref Sinode van 1934, toon ’n eindvertaler, JD Kestell, aan dat die Masoretiese (oorgelewerde Hebreeuse teks voorsien van konsonante deur Joodse geleerdes) en die Textus Receptus (versorg deur Erasmus en uit 1516) vir onderskeidelik die Ou Testament en Nuwe Testament as Hebreeuse en Griekse bronne gebruik is (NGK-OVS 1934:150; Van Zyl & Swanepoel 1972:18). Oor hierdie bronne is daar sedert Julie 1923 konsensus. Die soort Afrikaans waarin vertaal moet word, is minder klinkklaar. Hierin speel die raadpleging van die SV en die behoefte aan ’n duidelike en suiwer Afrikaans as “volkstaal”, ’n groot rol (Steyn 2008:142). In 1928 bepleit J Kuhn (NHKA) ’n “suiwer, idiomatiese Afrikaans... soos ’n beskaafde Afrikaner praat, en nie stert-afgekapte, haasbek Hollands nie” (NHKA1928:237).

Die gevoel onder Afrikaanssprekers vir die verheuenheid van die Bybel blyk uit ’n besluit van die Raad van Ned Geref Kerke in 1927.³ Die Raad versoek die vertalers om die voornaamwoorde “jy” en “jou” met die “grootste omzigtigheid” te gebruik. Hulle moet rekening hou met die “deftigheid” van die Bybel (NGK 1927:21).

Aan die einde van 1923 word Totius en Kestell aangewys as die redakteurs van onderskeidelik die Ou en die Nuwe Testament (NGK-OVS 1934:149; Oberholster sn:50). Teen Oktober 1928 is die hele Bybel vertaal (Nienaber & Heyl 1962:49). In 1932 is die kopie drukgereed. Sestien jaar lank werk 30 vertalers, reviseurs en taaladviseurs tot ’n “mindere of meerdere mate” aan die proses wat tot die Afrikaanse Bybel van 1933 lei (Oberholster sn: 63,66).

Die Kommissie vir Vertaling van die Algemene Kerkvergadering van die NHKA noem die vertaling “goedgeslaag, vlot en mooi vertaal”. Dit is ’n “sieraad” waarvoor “die hele volk dankbaar is” (NHKA 1934 aanhangsel).

Teen 1933 was die tyd ryp vir ’n gesaghebbende vertaling van die Bybel in Afrikaans. Die teelaarde vir die populêre en amptelike kerklike aanvaarding daarvan was voorberei. Daarvoor het kerklike besluite, ’n deeglike proses, die groot openbare belangstelling én ’n proefvertaling van die Nuwe Testament en Psalms van 1929, gesorg. JD Kestell verklaar dat die nood waarin “ons volk” verkeer in “die swak jaar 1933” sy toppunt bereik het. Maar

Daar verskyn die Woord van God in ons eie taal soos ’n ligstraal in die donker!
(Voorwoord in Nienaber sn:i).

DIE KERKLIKE AANVAARDING VAN DIE 1933-VERTALING

Die amptelike kerklike aanvaarding van die vertaling van 1933 in hierdie omstandighede en as gevolg van hierdie faktore was ’n voldonge feit. Op hierdie stadium kon die drie Afrikaanse kerke – die Ned Geref Kerk, die GKSA en NHKA – vir die oorgrote meerderheid Afrikaners praat,

³ Die Sinodes van die Ned Geref Kerke in die vier provinsies van Suid-Afrika (Kaap, Vrystaat, Natal en Transvaal) federeer in 1905 in ’n adviserende federale raad. Hierdie gefedereerde verband gaan die algemene sinodale verband van 1962 vooraf (Van der Watt 1987:1-17).

terwyl die Ned Geref Kerk deur sy jonger kerk, die NG Sendingkerk, ook seggenskap onder bruinmense gehad het. Boonop het kundiges uit elk van die drie kerke aan die vertaling meegewerk. Hulle was mense wat in hulle eie kerke en gemeenskappe akademiese en kerklike aansien geniet het. Die historiese verloop van die vertaling het dit “ons” vertaling gemaak. Totius was ’n wyd aanvaarde Afrikaanse teoloog en volksdigter⁴ en Kestell die geestelike vader van sy “volk”. In die Afrikanergemeenskap van die 1930’s, op daardie stadium ’n eenheidsgemeenskap van gedoopte Christene, het hulle as volks- en kerkleiers vertroue by die Afrikaanse gereformeerde kerklike publiek ingeboesem.

Die Breë Kommissie as die tydelike vertalingskommissie van “die verskillende Hollandse Kerke van Suid-Afrika” (vir die jare 1923–1933), ontbind op 23 Augustus 1933, 4 dae voor die sentrale fees in Bloemfontein (NHKA 1934:24). Daarmee stuur die Kommissie twee boodskappe uit: sy opdrag is uitgevoer en die 1933-vertaling – met sy uitgangspunte én die vertaling self – is aanvaarbaar. Die samestelling en aansien van die Kommissie verhoog die aanvaarbaarheid van die 1933-vertaling.

Die Sinode van 1931 van die Ned Hervormde of Geref Kerk (NH of GK) in die destydse Transvaal laat dit aan die vryheid van die gemeentes oor om die Afrikaanse vertaling van 1933 te gebruik tot die volgende sinode (NH of GK 1931:25). So sterk loop hierdie gevoel vir aanvaarding dat die Sinode van 1934 besluit om die vertaling – soos dit gestel is – net vir “kennisgewing” aan te neem. Teen hierdie tyd was die kerklike aanvaarding daarvan vanselfsprekend (NH of GK 1934:15).

Die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat se Sinode van 1934 neem die Afrikaanse Bybel van 1933 amptelik in ontvangs. Hy besluit ook dat die Bybel in Afrikaans elke jaar op Hervormingsondag gevier moet word. Die rede vir sy aanvaarding word so verwoord:

“Pinkster word vir ons waar, al dat ons in ons eie taal die groot werke van God hoor.” Die eerste Afrikaanse Bybel word deur die “ganse Afrikanernasie” verwelkom in “kansel, huis en hart” (NGK-OVS 1934:91-93).

Die Sinode van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika (Kaapland) se aanvaarding van die Afrikaanse Bybel van 1933 spreek boekdele vir die impak van hierdie vertaling. Die Sinode van 1932 besef dat hy of die volgende Sinode amptelike goedkeuring sal moet gee “aan die Bybel soos dit in Afrikaans sal verskyn” (NGKSA 1932:121). Die Sinode van 1936 aanvaar dieselfde Bybel met ’n onbestrede mosie. Hierin spreek die Sinode sy vertroue uit dat die heuglike gebeure

“...nie alleen die kulturele nie, maar veral die sedelike en geestelike lewe van die Afrikaanssprekende deel van ons volk” sal opbou (NGKSA 1936:245).

In die NHKA gee die Algemene Kommissie van die Algemene Kerkvergadering sy sanksie aan hierdie vertaling. Die Algemene Kerkvergadering van 1934 plaas ook sy stempel op hierdie optrede (NHKA 1934:22; NHKA 1934:aanhangsel).

As ’n finale stap besluit die GKSA-Sinode van 1936 eenparig om die 1933-vertaling “vir kerklike gebruik te approbeer”. Sy besluit volg op die aanbeveling van die “betrokke” Revisiekommissie en die besluit van die Sinode van 1933 wat voorlopig (!) – voor die ingebruikneming op Augustus 1933 – op die aanvaarding daarvan vir kerklike gebruik besluit het (GKSA 1936:142,144).

⁴ Die *Vyf-en-twintigste sinodale vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika* van 1936 betuig sy hartelike dank aan Totius vir sy liefde en ywer en spreek die hoop uit dat hy nog die vrugte van sy arbeid mag aanskou en vir almal tot verdere seën sal wees (GKSA 1936:142).

Hierdie datums van die amptelike kerklike aanvaarding van die Afrikaanse Bybel van 1933 kom tot 'n groot mate van vergaderings na die “amptelike” ingebruikneming daarvan op 27 Augustus 1933. Tegnies is die besluite dus mostert na die maal en – soos dit blyk uit die bewoording van sommige – 'n formaliteit. Tog word dit 'n belangrike bevestiging van 'n oortuiging van duisende lidmate. 'n Verslag aan die Sinode van die NH of G Kerk verwoord dit so: die Afrikaanse Bybel van 1933 was van “onberekenbare waarde vir ons volk” (NH of GK 1934:43). Die amptelike kerklike bevestiging hiervan kon dit formaliseer en versterk, maar nie verander of omdraai nie.

Die Afrikaanse Bybel van 1933 word in Augustus 1933 landswyd feestelik in gebruik geneem.

Die sentrale fees is op 27 Augustus 1933 in die Marksaal in Bloemfontein (NGK-OVS 1934:151). 'n Skare van 5000 is teenwoordig. Bloemfontein word gekies omdat die Vrystaatse Sinode van 1916 van die Ned Geref Kerk die inisiatief geneem het vir die vertaling van die hele Bybel in Afrikaans (Van Zyl & Swanepoel 1972:16). By hierdie geleentheid dra DF Malherbe uit die “nuwe” Psalm 104 voor.

“Here my God, U is baie groot! Met majesteit en heerlikheid is U bekleed – wat Uself omhul met lig soos met 'n kled, wat die hemel uitspan soos 'n tentdoek...”

Malherbe se voordrag laat Kestell jubel.

“Dit was ons eie taal in sy sagtheid en buigsamheid, maar ook in sy krag en verhewenheid. En dit – so het ons gevoel – is die taal van die Bybelboek wat ons nou ontvang het. Lof en dank het deur ons wese gebruis...”(Oberholster sn:69,73)

Sangerig-ritmies, afgerond en met 'n fyn aanvoeling vir die versorgende Herder, sing die sanger van die Mooirivier, Totius, Psalm 23 nou in goeie Afrikaans:

“Die Here is my Herder, niks sal my ontbreek nie. Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen. Hy verkwik my siel...”(Oberholster sn:33).

Min Afrikaanse kinders in die volgende halfeeu sou hierdie woorde nie van buite ken nie. God se verlossing en genade is ook vir Afrikaanssprekendes. Vader Kestell kon opnuut jubel: dit is ons eie taal in sy sagtheid en buigsamheid, maar ook in sy krag en verhewenheid (Strauss 2013:48). Sy krag as dit kom by 'n hartsbelydenis van die fynere geestelike dinge...

In die eerste agtien maande na sy verskyning word daar 250,000 eksemplare van die 1933-vertaling versprei (Oberholster sn:88). Teen 2008 styg hierdie syfer na 7,000,000 (Steyn 2008:153)!

Dit laat ons met die vraag: wat was die impak van die Afrikaanse Bybel van 1933 op sy omgewing?

DIE IMPAK VAN DIE AFRIKAANSE BYBEL VAN 1933 OP SY OMGEWING

Dit spreek haas vanself dat die impak van die vertaling van die Bybel in Afrikaans in 1933 op 'n gemeenskap waarin Christen-Afrikaners gedomineer het, eerstens by hierdie Afrikaners self gesoek moet word. Uit die historiese aanloop is dit duidelik dat Afrikaners in die GRA en ander verenigings én in die drie Afrikaanse kerke die behoefte aan so 'n vertaling gestimuleer en verwoord het. Wat opval, is dat biskop Lavis van die bestuur van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap in Suid-Afrika, by die ontvangs van die eerste 10,000 Bybels van die nuwe vertaling met die aankoms van die *Carnarvon Castle* op 29 Mei 1933 in die Kaapse hawe, na die vertaling verwys het as 'n gawe aan die hele Suid-Afrika (Oberholster sn:66-67). Daarmee het hy waarskynlik bedoel dat die hele Suid-Afrika daarby kon baat.

Die verstaan van die Statevertaling wat vanaf 1652 'n sentrale rol in die nuwe gemeenskap aan die Kaap gespeel het, het teen 1933 afgeneem.⁵ Dit het nie beteken dat die behoefte aan en invloed van die Bybel in die Afrikaanssprekende gemeenskap afgeneem het nie. Die nuwe Afrikaanse Bybel moes hierdie rol van die SV eenvoudig oorneem.

Daar is aangedui dat die SV dieselfde invloed op Nederlands as spreek- en skryftaal gehad het as wat Luther se Duitse Bybelvertaling op Duits gehad het. In 1933 was Afrikaans reeds 'n spreektaal wat in 'n proses van verskrifteliking was. Gustav Preller skryf in 1926 as die redakteur van *Ons Vaderland* dat Afrikaanse spelling nog nie gestandaardiseer of algemeen is nie. Onder die invloed van die SV kan die nuwe Bybelvertaling die taal egter “lelik stram en stroef” maak (Steyn 2013:83). Die vertaling van 1933 het dus voor dieselfde situasie te staan gekom as die SV in Nederland in 1637.

Teen hierdie agtergrond was die impak van die 1933-vertaling op die Afrikaanssprekendes en Suid-Afrika geestelik-godsdiensstig en lewensomvattend, maar ook taalkundig.

Geestelik-godsdiensstige en lewensbeskoulige invloed

Aan die geestelike kant het die Afrikaner ontwikkel uit die vestiging van Europeërs aan die Kaap na 1652. 'n Opname in 1806 het getoon dat die nuwe volk van 37% Hollandse, 37% Duitse, 12% Franse en 14% anderse afkoms was. Die nuwe gemeenskap onder die Nederlands Oos-Indiese Kompanjie en Kaapse Politieke Raad het die Nederlandse samelewingspatroon van die 17e eeu (die Nederlandse goue eeu) gevolg. In sosiologiese terme was dit 'n teokratiese verbondsgemeenskap waarin almal ten minste nominale Christene en/of gedooptes was. Die koningskap van die Here oor die kerk, die staat en die samelewing is erken en eerbiedig. Die mense wat die lidmate van die kerk was, het ook die burgers van die staat uitgemaak. Die nuwe Kaapse gemeenskap was 'n eenheidsgemeenskap waarin alles met alles saamgehang en op alles ingewerk het. 'n Gebeurtenis in die politiek kon ook kerklike en kulturele gevolge hê. Hierdie opvatting sou mettertyd onder druk kom deur die invloed van die Verligting na 1750 en ander invloede wat na die Britse besetting van die Kaap in 1806 ingekom het.

Afrikanergemeenskappe soos die Voortrekkers (hulle is sedert die 18e eeu as Afrikaners bekend, Giliomee 2003:22,52) het in hulle staatkundige grondwette en die agtergrond van byvoorbeeld die Gelofte van 1838, hierdie eenheidsgemeenskap gehandhaaf. Daarom het die Vetriviergrondwet van 1837 by Winburg van sy burgers gepraat as “gereformeerde ledematen”. Vanuit hierdie hoek kon elke burger van die Voortrekkermaatskappy en lid van die Wenkommando 'n gelofte aan die “God van hemel en aarde” voor die Slag van Bloedrivier in Desember 1838 aflê. Hy was 'n burger van die trekergemeenskap, maar ook 'n belydende lidmaat van die Ned Geref Kerk, die kerk op die trekpad (Strauss 2013:49-50).

In hierdie gemeenskap is die sentraliteit van die Bybelse boodskap vir die totale lewe versimboliseer deur die SV in die wakies. Saam met die boeke van die “oude skrywers” uit die Nederlandse Nadere Reformasie, was dit die enigste literatuur op die trekpad. Huisgodsdienis waarby die SV gebruik is, het eenvoudig “boekvat” geword. Om 'n boek te vat, het beteken om die SV te vat (Oberholster sn:5).

Hierdie sentraliteit van die Skrif word deur vertolkers met hulle eie klem- en ondertone aangeraak wanneer hulle die impak van die 1933-Bybel op die Afrikaner- en Afrikaanse

⁵ BB Keet beweer dat die SV vroeg in die 20e eeu nog goed deur Afrikaanssprekendes verstaan is. Hierna het dit egter afgeneem. Steyn verwys na Vader Kestell wat opmerk dat jongmense en studente in Bloemfontein in die 1920's vertel dat hulle die SV onverstaanbaar vind en liever die Engelse St James-vertaling lees (Steyn 2013:79-80).

gemeenskap bespreek. Vir Pannevis kon so ’n vertaling “di Afrikaans-sprekende bevolking... beskave” omdat beskawing deur die moedertaal geskied (Oberholster sn:23). In sy rede by die ontvangs van die 1933-vertaling, noem ds Van Heerden die Bybel “die krag van ons volk” as die “hoogste openbaring” van God se wil (Oberholster sn:73). Die Kaapse Sinode van 1936 van die Ned Geref Kerk voeg hom hierby as hy aanvoer dat die 1933-vertaling “...nie alleen die kulturele nie, maar veral die sedelike en geestelike lewe van die Afrikaanssprekende deel van ons volk” sal opbou (NGKSA 1936:121).

Teen 1933 was die konsep van ’n eenheidsgemeenskap by die meerderheid Afrikaners nog lewend. Vir hulle was die Bybel normatief vir elke faset van die lewe. ’n Goeie Afrikaner is ook ’n Christen en sy eet, drink en speel, sy hele kulturele en geestelike lewe moet Christelik wees (Strauss 2013:50).

Hierdie opvatting is vanuit die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling gevoed en versterk. Die Bybelse lyne wat ’n Christelike lewensbeskouing rig, was nou in Afrikaans. Die impak hiervan was sigbaar in kerk en samelewing. Vergelyk onder meer die neerslag hiervan in die erkenning van God in die aanhef van die republikeinse grondwet van 1961, in die Nasionale Onderwyswet van 1967 en in die stuk *Kerk en Samelewing* by Algemene Sinodes van 1986 en 1990 van die Ned Geref Kerk (Strauss 2015:91-103).

Die Afrikaanse Bybel is soms ook verkeerd ingespan. Die – in die huidige tydsomstandighede – mees opvallende voorbeeld in die twintigste eeu was die poging van die Afrikaanse gereformeerdes om apartheid en die daarmee gepaardgaande diskriminasie teen anderskleuriges te regverdig. In die 1980’s kom daar ’n kentering. Die Nasionale Sinode van die GKSA verwerp in 1985 alle “rasseheerskappy en rassisme” (GKSA 1985:439-444). Op sy beurt noem die Nasionale Sinode van 1991 “die ideologie van apartheid ’n sonde en die Bybelse regverdiging daarvan ’n dwaling...” (GKSA 1991:160,169). In hierdie tyd besluit die Algemene Sinodes van 1986 en 1990 van die Ned Geref Kerk dat “gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke nie as ’n voorskrif uit die Bybel afgelees kan word nie” (Ned Geref Kerk 1986b:52; Ned Geref Kerk 1990:40).

By die NHKA kom hierdie kentering later, in die 1990’s. Die kentering mond uit in die besluit van die Algemene Kerkvergadering van 2010. Hierin verklaar die NHKA dat apartheid in stryd is met die Evangelie en onreg sanksioneer (NHKA 2010:351-357).

Die impak van die Afrikaanse Bybel van 1933 op kerk en samelewing was nie alleen sigbaar in die geloofs- en lewensbeskoulike oortuigings wat in die kerk, staat en die breër gemeenskap onder Afrikaners en Afrikaanssprekendes geleef het nie. Die Afrikaanse Bybel van 1933 het ook die ontwikkeling van Afrikaans beïnvloed. Sy impak was ook taalkundig.

Die aanduiding hiervan – gesien die aard van hierdie artikel – is histories en nie taalkundig nie.

Taalkundige invloed

Volgens DF Malan het die 1933-vertaling nie die “volkstal” met plat Hollands verlaag nie. Die nuwe Afrikaanse Bybel – soos die SV van weleer in Nederland – het Afrikaans gehelp om hom in vaster vorme uit te druk. Die Christelike godsdiens is so verlewendig as die “middelpunt van ons volkslewe”. Op sy beurt oordeel JH Conradie dat die 1933-Bybel met die feit moes rekening hou dat Afrikaans nog nie vaste vorme het nie. Die taal was nog in die maak. ’n Gestabiliseerde Afrikaans kon vorentoe weer ’n nuwe vertaling noodsaak (Oberholster sn:86).

Die teendeel gebeur egter: die Bybel van 1933 help Afrikaans standaardiseer en stabiliseer. Hierdie vertaling word hersien en grootliks behou met ’n 1953-uitgawe (Oberholster sn:88). Eers in 1983 – vyftig jaar later – kom die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV) as ’n dinamiese vertaling met ’n totaal nuwe aanpak en vertaling (NGK 1986a:588).

Malan sien die impak van die Afrikaanse Bybel van 1933 dus as lewensbeskoulik én taalkundig. JH Hofmeyr en JD Kestell ondersteun die taalkundige impak. Eersgenoemde praat van die Bybel van 1933 se bydrae tot die ontwikkeling van die Afrikaanse literatuur, laasgenoemde van sy “vormende invloed in die taal van ons volk”. ’n Invloed wat “ons nasie rein” hou (Strauss 2013:49). Die vaster vorme sluit sinskonstruksies, spreekwyses en die spel van woorde in.

Die impak van die 1933-vertaling op Afrikaans as spreektaal blyk ook uit uitdrukkings wat mettertyd in die leeftaal van Afrikaanssprekers opgeneem word.

Enkele voorbeelde illustreer hierdie punt.

In Matteus 5 word gelowiges arm van gees. By nadere ondersoek is dit nie ’n aanduiding van hulle geestelike toestand nie – soos dit in die leeftaal van Afrikaanssprekers gebruik is nie – maar van hulle afhanklikheid van God. Daarby het Dawid met die wysheid van Salomo die wortels begin grawe. Tussen vriende soos ’n Dawid en Jonathan is daar ook geen Kainsmerk te bespeur nie. Al is een van hulle ’n regte Judas. Intussen is die liefde nie opgeblase nie – ’n uitdrukking wat Vader Kestell vir ’n tydlank intens besig gehou het. Die vertaling van 1933 leer Afrikaners ook “spreek” as hulle belangrike persone te woord staan, uithou in die “dal van doodskaduwee” en transaksies met bybedoelings bestempel as ’n ruiling vir “’n pot lensiesop” (Strauss 2013:50).

Reeds in 1905 skryf Gustav Preller dat die vertaling van die Bybel aan Afrikaans “die grootste stoot vir die spreektaal sou gee” (Oberholster sn:33).

Die Afrikaanse Bybel van 1933 stimuleer dus die taal as ’n gestandaardiseerde spreek- en skryftaal. Steyn wys daarop dat die behoefte aan ’n Afrikaanse Bybelvertaling wat hom in die 1933-vertaling manifesteer, die proses aan die gang gesit het om Afrikaans in plaas van Nederlands (“Hollands”) die skryftaal van die Afrikaanssprekende te maak. ’n Letterkundige noem hierdie vertaling die “hoogste triomf van Afrikaans” (Steyn 2013:90).

SLOT

Vir ’n gemeenskap waarin die Bybel ’n deurslaggewende rol speel, was die Afrikaanse Bybelvertaling van 1933 ’n triomf. Hierdie lewensboek het weer verstaanbaar geword en sy invloed kon deurwerk op alle terreine van die lewe.

Die Afrikaanse Bybel van 1933 het nie net ’n rigtinggewende geestelik-lewensbeskoulike rol onder Afrikaanssprekendes en deur hulle in sy Suid-Afrikaanse omgewing gespeel nie. Die vertaling het Afrikaans as spreek- en skryftaal ook beslissend bevorder. As die Boek van die boeke was dit ’n triomf vir die liefhebbers en draers van Afrikaans.

Hierdie woorde beskryf eenvoudig die eenvoud en effek van die gebeure en is geensins “opgeblase” (Kestell oor die liefde van I Korintiërs 13 in die 1933-vertaling) nie.

BIBLIOGRAFIE

- Gaum, F. et al. 2008. *Christelike Kernensiklopedie*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners: a biography of a people*. Kaapstad: Tafelberg.
- Grobler, J. 2007. *Uitdaging en antwoord. ’n Vars perspektief op die evolusie van die Afrikaners*. Brooklyn: Grourie.
- Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika. 1936. *Handelinge van die 25e sinodale vergadering*. Sl:sn.
- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (gebruik as GKSA). 1985. *Handelinge van die Nasionale Sinode*. Potchefstroom: sn.
- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (gebruik as GKSA). 1991. *Handelinge van die Nasionale Sinode*. Potchefstroom:sn.
- Ned Geref Kerk (gebruik as NGK). 1927. *Handelinge van die Gefedereerde Raad van Kerke*. Sl:sn.
- Ned Geref Kerk 1986a. *Handelinge van die Algemene Sinode*. Sl:sn.

- Ned Geref Kerk 1986b. *Kerk en Samelewing-1986*. Bloemfontein: Pro Christo.
- Ned Geref Kerk 1990. *Kerk en Samelewing-1990*. Bloemfontein: Pro Christo.
- Ned Hervormde of Geref Kerk (gebruik as NH of GK). 1931,1934. *Handelinge van die Sinode*. Sl:sn.
- Ned Geref Kerk in de Oranje-Vrijstaat (gebruik as NGK-OVS).1916. *Handelinge van die Sinode*. Sl:sn.
- Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat (gebruik as NGK-OVS). 1934. *Handelinge van die Sinode*. Sl:sn.
- Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat (gebruik as NGK-OVS Verslag sa) sa. *Verslag Bybelvertaling*. Ongepubliseer.
- Ned Geref Kerk in Suid-Afrika (gebruik as NGKSA). 1932. *Handelinge van die Sinode*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Ned Geref Kerk in Suid-Afrika (gebruik as NGKSA). 1936. *Handelinge van die Sinode*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- NG Kerk-Uitgewers. 1982. *Ons glo: die Drie Formuliere van Eenheid en ekumeniese belydenisse*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- Ned Hervormde Kerk. 1928. *Notulen van die 42ste Algemene Vergadering van Ned Hervormde Kerk van Afrika*. Pretoria: Goede Hoop.
- Ned Hervormde Kerk. 1934. *Notule van die 43ste Algemene Vergadering van die Ned Hervormde Kerk*. Pretoria: Goede Hoop.
- Ned Hervormde Kerk 2010. *Algemene Kerkvergadering*. Sl:sn.
- Nienaber, PJ sa. *Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling*. Johannesburg:sn.
- Oberholster, JAS. sn. *Die Bybel in Afrikaans*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- Steyn, JC. 2008. *Die Afrikaans van die Bybelvertaling van 1933*. Bloemfontein: UV (Acta Theologica Supplementum 12).
- Steyn, JC. 2013. Afrikaans en die Bybelvertaling van 1933. In: Langner, DJ (red). "*De Bijbel in het Afrikaans*". Pretoria: FAK, pp. 72-92.
- Strauss, PJ. 2013. Die Bybel in Afrikaans. In: Langner, DJ (red). "*De Bijbel in het Afrikaans*". Pretoria: FAK, pp. 46-51.
- Strauss, PJ. 2015. *Gereformeerdes onder die Suiderkruis 1652–2011*. Bloemfontein: Sunmedia.
- Van der Watt, PB. 1987. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905–1975*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Van Heerden, PS. sa. *Toespraak ontvangs Afrikaanse Bybel 1933*. Sl:sn.
- Von Wielligh, GR. 1918. *Eerste skrywers*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Rensburg, C. 2015. Oor die eerste 50 jaar se maak aan Standaardafrikaans. In: *Tyskrif vir Geesteswetenskappe*, 55/3: 319-342.
- Van Zyl, AH. & Swanepoel, FA. 1972. *Waarom 'n nuwe Bybelvertaling?* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

“Sonder onderwys, geen bevryding”. Moedertaal-onderrig en gemeenskap in die grondslag vir swart onderwys in Suid-Afrika, 1952–1990

“There can be no freedom without education”. Vernacular instruction and community in the foundation of black education in South Africa, 1952–1990

GRIETJIE VERHOEF

Departement Rekeningkunde
Universiteit van Johannesburg
E-pos: gverhoef@uj.ac.za



Grietjie Verhoef

GRIETJIE VERHOEF doen historiese navorsing in die Departement Rekeningkunde aan die Universiteit van Johannesburg. Haar navorsing konsentreer op Sake- en Ekonomiese Geskiedenis van Suid-Afrika en Afrika, asook aspekte van die ontwikkeling van die rekeningkundige profesie in Suid-Afrika. Haar bydrae tot 16 boeke en meer as 60 geakkrediteerde artikels wentel om die geskiedenis van besigheid, die versekeringsbedryf, bankgeskiedenis, algemene ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika en aspekte van onderwys-ontwikkeling in Suid-Afrika. Tans word aandag gegee aan die ontwikkeling van entrepreneurskap in Suid-Afrika en Afrika, die ontwikkeling van sakegeskiedenis in Afrika en die verwantskap tussen die rekeningkundige profesie en entrepreneurskap, die versekeringsbedryf en groot besigheidsgroepe in Suid-Afrika. Sy werk ook saam met 'n span in die samestelling van die eerste datastel van die afsonderlike BBP van die vier kolonies tussen 1850 en 1909 – data wat tot dusver nog nie bestaan nie.

GRIETJIE VERHOEF works in the Department of Accountancy at the University of Johannesburg. Her research is focussed on Business and Economic History of South Africa and Africa, as well as aspects of the development of the accounting profession in South Africa. Her contribution to 16 chapters in books and more than 60 accredited articles in peer reviewed journals addresses the history of business, the insurance industry, bank history, general South African economic history and aspects of the history of education in South Africa. At present her research concerns the development of entrepreneurship in South Africa and Africa, the development of Business History in Africa and the relationship between the accounting profession and business in South Africa. She also collaborates in a team of researchers compiling the first dataset of the separate GDP of the four colonies between 1850 and 1909 – data never compiled before.

ABSTRACT***“There can be no freedom without education”. Vernacular instruction and community in the foundation of black education in South Africa, 1952–1990***

In the context of deficiencies in education in South Africa since 1994, voices have become louder in questioning the current education policy and delivery. This is an opportunity to reassess aspects of Bantu Education since 1952, especially the role of two key elements of Bantu education, namely community and parent involvement in the management of schools and vernacular as a medium of instruction. Current critics of education often refer to the dedication of teachers, parent involvement, the accountability of school management and performance of learners. These issues remind one of similar issues prevalent under Bantu education since 1952. This second part of the investigation into key elements of Bantu Education seeks to consider the role and contribution made under Bantu education to the foundations of community and parent involvement and mother-tongue instruction since 1952 as a strategy for general education to black children. Verwoerd approached the development of black communities from the perspective of empowerment of ethnic communities as the building blocks of a strategy for peaceful co-existence in southern Africa. Separate development in South Africa sought to promote ethnic and cultural diversity whereby African traditions of different peoples could be cherished and developed by utilising the education of the different communities. This education provided for the use of ethnically differentiated vernacular as a strategy for community empowerment. The prerequisite for development was education. The state introduced a system of Bantu education to enhance school attendance and the level of literacy and education of all black children. This paper explains the utilisation of key elements such as community and parent involvement and vernacular tuition to facilitate community buy-in into general education for black children.

In this second part the contribution of vernacular as an educational medium in the provision of education to black children is outlined. The paper shows the agency of the Department of Bantu Education in developing the different vernacular systematically in order to enhance the teaching and learning of advanced subject matter in schools and beyond. It also shows the support of communities in sending children to school to acquire formal education. The grand scheme of Bantu education was finally derailed because of the irreconcilability of the model of separate development and black majority rule, which was the slogan of post-independence Africa. Bantu education did in spite of the rejection of the political model of separate development, succeed in enhancing black literacy and education. The paper does not claim to deny shortcomings of the system of Bantu education, nor does it presume to address all the aspirations of the growing black elite, but it emphasises the key functionality of community and parent involvement and vernacular tuition (with systematic linguistic development to support such a policy) developed by Bantu education, which might be assessed anew. These aspects of Bantu education may be revisited as building blocks to address present shortcomings in the current education environment.

KEYWORDS: Bantu education, community involvement, vernacular, schools, school attendance, opposition

TREFWOORDE: Bantoe-onderwys, gemeenskapsbetrokkenheid, moedertaalonderwys, skole, skoolbywoning, opposisie

OPSOMMING

In 'n herbesinning oor die elemente van Bantoe-onderwys wat ten grondslag kan lê van 'n gesonde onderwysbedeling in Suid-Afrika, is die voorsiening van onderwys aan swart kinders sedert 1950 histories ontleed. In die eerste deel van die ontleding is onderwys aan swart kinders geplaas in

die konteks van Afrika en Suid-Afrika in die middel van die twintigste eeu en verduidelik die implementering gedurende die eerste vyftien jaar. In hierdie deel word die aanwending van moedertaalonderwys en gemeenskapsbetrokkenheid by onderwysvoorsiening ontleed. Met beide aspekte is 'n momentum verkry wat bygedra het tot die vordering met onderwysvoorsiening. Politieke opposisie het gedurende die onstuimige sewentigerjare en daarna die bedeling tot stilstand gebring. Die artikel kontekstualiseer ten slotte die afloop van swart onderwys teen 1990.

INLEIDING: ONDERWYS EN VERSKEIDENHEID

Om suksesvol te wees met die lewering van onderwys aan 'n gemeenskap, is dit bevorderlik as daar gemeenskaps-inkoop tot die programme is. Die groot verskeidenheid van etniese en taalgroeperinge onder die swart bevolking in Suid-Afrika was onderliggend aan die Nasionale Party regering se beleid van afsonderlike volksoontwikkeling. Dit was juis die afsonderlike aard van Bantoe-onderwys¹ wat heftig deur die liberale belangegroep gekritiseer is. Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasse-aangeleenthede (SAIRR) het in die Survey of Race Relations (1952/53:67) verklaar:

African education was not a thing in itself; thus there was no need to create a separate department to administer it. That attempt to treat Africans as a separate community entirely ignored the way in which they had become integrated into the economic structure of South Africa.

Teen die vyftigerjare was die owerheid egter daarvan oortuig dat die hoogs onbevredigende prestasie van swart kinders, dit genoodsaak het om beter en meer spesifiek gemeenskap toegespitste onderwysvoorsiening te bewerkstellig. Die regering het swart onderwys juis beskou as iets wat gevolg moes gee aan die diversiteit te midde van algemene ontwikkelingsoogmerke. 'n Algemene kultuur van onderwysplig, 'n kultuur van doelgerigte opvoeding afgestem op die toekomstige ontwikkeling van hul eie gemeenskappe is gesien as die wenslike beginpunt om algemene geletertheid te verhoog en vaardigheidsontwikkeling te bevorder. Namate die omvattende swart onderwysprogram geïmplementeer is, is die owerheid bemoedig deur die entoesiasme waarmee onderwysvoorsiening in die swart gemeenskappe ontvang en ondersteun is, asook die mate waartoe swart onderwysers en onderwyskundiges daaraan meegewerk het. In die 1961 Jaarverslag van die Departement van Bantoe-onderwys verklaar die sekretaris van Bantoe-onderwys sy dankbaarheid teenoor die bemoedigende tekens van individuele en gemeenskapsverantwoordelikheid wat ten aansien van swart onderwys openbaar is. Hierdie bemoedigende tekens was die groei van 8 persent in skoolbywoning (groei van 100 129 in die leerlingtal in swart skole tussen 1960 en 1961) en die Rand-vir-Rand bydrae van meer as R500,000 deur die swart gemeenskap vir die oprigting van gemeenskapskole en die vergoeding van privaat gekontrakteerde onderwysers (DBO Jaarverslag 1961:3). Hierdie gesindhede is geweldig positief vertolk en het die DBO vertroue gegee om voorbereidings te tref om die beheer van spesifieke onderwysfunksies na bepaalde swart owerhede oor te dra.

Die tweede aspek van die vestigingswerk van Bantoe-onderwys was die praktiese lewering van omvattende fisiese infrastruktuur. Daar is skole met koshuise gebou, volledige eetsale met kombuise is ingerig, handwerksentra, administratiewe geboue en woonhuise vir personeel is gebou. Al hierdie fasiliteite is met toepaslike toebehore toegerus en onderrigmedia en skoolboeke

¹ Alhoewel die woord "Bantoe" 'n rassistiese verband in hedendaagse omgang het, sal die woord deurlopend in die artikel gebruik word soos in die administratiewe konteks en gepaardgaande terminologie van die vorige eeu.

is aangekoop, maar die DBO was veral trots op die besteding aan biblioteekboeke. Die toegang tot meer as slegs leermateriaal is gesien as deel van die gemeenskapsopheffingsprogram. In 1961 alleen is biblioteekboeke ter waarde van R61,890.00 vir swart skole aangekoop en versprei. In die na-primêre fase van skole is biblioteekboeke op 'n Rand-vir-Rand grondslag beskikbaar gestel (DBO, 1961).

Die ontwikkeling van geletterdheid en die algemene opvoeding van mense vind binne 'n bepaalde konteks plaas. Die konteks van opvoeding van blanke kinders was hoofsaaklik die Westerse onderwysmilieu en beskawingskultuur en swart onderwys is gevolglik geskoei op die breë Westerse grondslae van vakkeuses, vakinhoud en onderrigdidaktiek. Die rekenkunde, wiskunde, aardrykskunde, aspekte van wêreldgeskiedenis en gesondheidsleer het gesetel in die vaardighede, kennis en norme wat funksioneel aan die Westerse samelewing gekoppel was en waarin daardie inhoudes beslag gekry het. Die paternalisme van Bantoe-onderwys het dus onvermydelik die swart leerlinge blootgestel aan leerinhoudes wat soms redelik ver van hulle leef- en ervaringsveld geleë was.

MOEDERTAAL AS KENNISVAARTUIG

Aangesien die doel van Bantoe-onderwys was om jongmense op te voed en te ontwikkel om in hulle eie gemeenskappe die leiding te neem met gemeenskapsontwikkeling, is moedertaalonderrig gedurende die primêre skoolfase as onontbeerlik beskou. Moedertaalonderrig is beskou as deel van die kultuurerfenis van volke en die strewe na etniese identiteit (Mackey 1984:37), trouens dit was wat moedertaal vir Verwoerd beteken het en hy het aangeneem dat dit ook so was vir alle ander volke. Onderrig deur middel van die moedertaal is wel skerp deur liberale onderwysleiers gekritiseer, maar dit is deur die swart onderwysstrategie ondersteun, asook oor die algemeen op internasionale vlak.² Daar is eers gedurende die sekondêre skoolfase begin met onderrig in Engels en Afrikaans. Die helfte van die vakke moes òf in Engels òf in Afrikaans, die twee amptelike landstale, aangebied word. Hierdie beleid het gedurende die laat sewentigerjare die bron van agitatie en konflik geword (Grobler 2012:383-384). Onderrig gedurende die vestigingsfase van kinders se onderwys, was gemik om optimale leer te bevorder. Daarom het die DBO onderneem om leermateriaal in die onderskeie swart tale beskikbaar te stel. Op die manier is nuwe woordeskat in die verskillende swart tale ontwikkel. Namate nuwe woordeskat ontwikkel is, is woordelyste gedupliseer en na taalverwante skole gestuur. Die eerste woordelyste is reeds in 1957 voltooi en in 1960 alleen is 28 nuwe woordelyste ontwikkel en versprei. Op hierdie wyse is twee doelstellings bevorder naamlik die ontwikkeling van swart tale met toepaslike woordeskat vir 'n wêreld waarteenoor daardie gemeenskappe vreemd gestaan het enersyds, en andersyds die ontwikkeling van gevorderde woordeskat om die leerproses te vergemaklik en die horisonne van leerlinge te verbreed (DBO 1961:68).

² Wêreldwyd word moedertaalonderrig onderskryf, en veral in die konteks van Afrika (Alidou et al. 2006; Bamgbose 2005; Brock-Utne 2009; Brock-Utne 2010; Mekonnen 2005; Mekonnen 2009; Posel en Casale 2011; Pandey 2014). Brock-Utne (2011) skryf: "The injustice done to the African child by forcing him or her to study through a language s/he does not command, has been the concern of many African educationalists...", p. 636; Posel en Casale (2011) merk ook op dat "African adults are more likely to be proficient in English if they are also able to read and write very well in their home language", p. 449. In 2014 bevind Pandey weer eens dat kinders met moedertaalonderrig daardie kinders wat slegs in Engels onderrig ontvang het in Kameroen, in elke vak uitgestof het (Pandey 2014:62). Hierdie onlangse waarneming onderskryf dus die wysheid van die vroeëre klem op moedertaalontwikkeling in swart skole.

’n Hoeksteen van die beleid van Bantoe-onderwys was die ontwikkeling van die sewe tale wat as die grondslag vir moedertaalonderwys gedien het. Die DBO het homself vanaf 1963 ten doel gestel om sistematies die taalleer en vaktaal of terminologie gepas vir skoolgebruik, te ontwikkel. Dit was ’n uitgebreide taak wat nie oor die korttermyn voltooi kon word nie. Die DBO het kern terminologielyste vir primêre skole opgestel. Dit is onderneem in samewerking met taalkomitees vir elk van die sewe swart tale. In 1963 het die eerste dokument *Terminologie en Spelreëls, Nr. 1* die lig gesien en is gereeld bygewerk en opgedateer. Die DBO het met trots hierdie werk gedoen. Daar is vanuit hierdie kundigheid ook aan Radio Bantoe hulp verleen met die skep en standaardisering van uitsaaiterminologie vir daaglikse gebruik in uitsendings. Verder is boeke in die swart tale versamel vir die opbou van biblioteke en ’n bibliografie van gepubliseerde werke is saamgestel om die toeganklikheid daarvan te verhoog. Die DBO het sewe Bantoe-taalkomitees in die lewe geroep om die vaktaalontwikkelingsprogram te behartig. Elke komitee het tweemaal per jaar vergader en aandag gegee aan vaktaalontwikkeling, dit wil sê nuutskeppings, hersiening van bestaande vaktaal en die standaardisering van terminologie vir skoolonderrig en die uitsaaiewese. Die komitees het ook aandag gegee aan boeke – die gradering van bestaande en nuwe publikasies, en die voorskryf van geskikte boeke vir onderwys op die verskillende vlakke van onderrig. Verder het die komitees baie tyd spandeer aan vertaalwerk.

Die DBO se onderwysrol het dus meer as net die opvoeding van die leerlinge behels. Die Departement het aktief meegewerk aan die sistematiese ontwikkeling van die sewe swart tale. In 1966 is byvoorbeeld ’n kompetisie vir kortverhale in die onderskeie tale uitgeskryf in ’n poging om gevorderde taalgebruik te bevorder en trots in die formele skryfkuns aan te wakker (DBO Jaarverslag, 1966:11). Hierdie werk het deel uitgemaak van die meer omvattende opvoedingsrol van die skool in die groter gemeenskap waarin dit onderwys bedien het.

Hand-aan-hand met woordeskat het die DBO begin handboeke skryf in die moedertaal van die betrokke leerlinge. Dit het moeilik verstaanbare leerstof makliker toeganklik vir die kinders gemaak. Die DBO het aan uitgewers ’n afset verseker deur ’n minimum aantal handboeke aan te koop vir verspreiding in die skole. Hierdie boeke is aan onderwysers beskikbaar gestel met die veronderstelling dat die kinders aangemoedig sou word om hulle eie boeke te koop. Die beleid was dat elke swart skool boeke tot ’n ekwivalent van 30 persent van die aantal leerlinge sou ontvang. Die res van die leerlinge moes self boeke aankoop. Die Departement het op hierdie wyse ’n verantwoordelike boekbenuttingskultuur probeer kweek. Die bedeling het wel sy gebreke gehad, maar was die begin van die ontwikkeling van die leer- en opvoedingskurwe van die hele swart gemeenskap.

Uiteindelik was die vraag: hoe het swart leerlinge gevaar in die nuwe skoolsisteem? Kan daar beweer word dat Bantoe-onderwys meegewerk het om die algemene vlak van geletterdheid en opvoeding van swart kinders te verhoog? ’n Ontleding van die prestasie in die junior-, sekondêre fases asook uiteindelik die matriekeksamen, kan help om perspektief te verleen.

Die relatiewe sukses in die klein persentasie leerlinge wat die standerd ses eksamen afgelê het, of die finale jaar van die senior primêre skoolfase, het nie noemenswaardig verander nie – soos aangedui in Tabel 1 hier onder. Die slaagkoers het van 82,2 persent in 1961 matig afgeneem tot 80,9 persent in 1968. Die totale aantal suksesvolle leerlinge het egter van 45 604 in 1961 gestyg tot 67 129. Dit verteenwoordig ’n groei van 35 persent in die aantal leerlinge wat die eksamen geslaag het. Terwyl die absolute slaagsyfer met 35 persent toegeneem het, het die relatiewe sukseskoers met 1.3 persent gedaal. In die Junior Sertifikaat, oftewel standerd agt, het die slaagsyfer van 4 970 leerlinge in 1961 toegeneem tot 12 450, oftewel ’n toename van 60 persent getoon. Dit dui daarop dat hoewel die relatiewe sukseskoers redelik geskommel het, daar ’n beduidende getal- of nominale verbetering in die aantal swart kinders was wat ’n Junior Sertifikaat verwerf het. Die

TABEL 1: Standerd ses en Junior Sertifikaat, 1961–1968 (persentasie slaag)

	1961	1962	1963	1964	1965	1966	1967	1968
Standerd ses: 1e klas	9,5	8,7	9,1	9,6	9,5	9,9	11,5	8,1
Standerd ses: 2e en 3e klas	72,7	74,8	74,1	74,6	75,5	74,5	74,0	72,8
Totaal:	82,2	83,5	83,2	84,2	83,0	84,4	85,5	80,9
Junior Sertifikaat (standerd 8)								
Onderskeiding + 1e klas	3,47	4,51	11,36	11,55	13,05	9,14	7,9	7,8
2e + 3e klas	51,03	52,46	40,09	55,25	65,27	62,61	59,76	58
Totaal	54,5	56,98	78,22	85,37	78,32	71,75	67,73	66,8

Bron: DBO Jaarverslae, 1961–1968.

minder optimistiese kant van hierdie munt is dat in sowel die standerd ses as die Junior Sertifikaat eksamens minder as tien persent van die skoliere met onderskeiding of eerste klas geslaag het. Dit dui daarop dat die vereistes in daardie eksamens steeds bokant die vuurmaakplek van die oorgrote meerderheid van die leerlinge was. Dit laat die vraag ontstaan hoe lewensvatbaar en volhoubaar onderwys aan swart kinders sou wees as hulle eenvoudig in die algemene skoolsisteem opgeneem sou wees. Dit bly 'n hipotetiese vraag, maar wentel om die uitgangspunt van Bantoe-onderwys, naamlik dat daar geleidelik gevorder moes word van 'n gebrekkige skoolbywonings- en onderwyskultuur na 'n algemene skoolkultuur waarin met selfvertroue presteer kon word. Om die swart kind onmiddellik in die diep kant in te gooi, het die risiko ingehou van vroeë mislukking, moedeloosheid en perpetuerende vroeë skoolverlating.

Die prestasie in vakke soos Natuurwetenskap, Wiskunde³ en Rekenkunde het geleidelik verbeter tot ongeveer 1965, maar daarna weer teruggesak na vlakke onder 45 en 35 persent onderskeidelik teen 1968. In vakke soos Handel, Biologie, Landbou en Boekhou is slaagsyfers van bo 60 persent gehandhaaf, asook in al die tale – beide die amptelike tale en inheemse moedertale. Soos aangedui in Tabel 1, het die redelike goeie slaagkoers van leerlinge in die Junior Sertifikaat (66.8 persent teen 1968) die DBO geïnspireer om leerlinge aan te moedig om die senior sertifikaat te voltooi, dit wil sê matriek. Na suksesvolle voltooiing van die junior sertifikaat, kan leerlinge verder tegniese opleiding ondergaan, 'n ambag doen, of registreer vir 'n laer onderwysdiploma by 'n swart onderwyskollege. Volgens laasgenoemde opsie kon uit eie geleedere onderwysers opgelei word om die verantwoordelike taak van onderwys aan die groeiende swart leerlingtal aan te bied. Die aantal leerlinge in die senior sertifikaat het geleidelik toegeneem.

³ Die voortgesette verkondiging van die standpunt dat Verwoerd kwansuis aangevoer het dat daar geen punt daarin was om swart kinders Wiskunde te leer as hulle dit nie in die praktyk sou nodig kry nie (Davis 2013:30), word deur die data van Bantoe-onderwys weerlê. Vanaf dag een is Wiskunde asook Rekenkunde in swart skole aangebied en die slaagsyfers word hierbo verstrek. Verder is die bewys dat Wiskunde inderdaad 'n kernaspek van die leerplanne in swart skole was, ook in Soweto, die getuienis van leerlinge betrokke by die Soweto opstande, naamlik dat hulle dit moeilik gevind het om Wiskunde in Afrikaans te leer. (www.sahistory.org.za/topic/june-16-soweto-youth-uprising).

TABEL 2: Ontwikkeling van swart matrikulante, 1961-1969

	Getal matrieks slaag	Persentasie slaag	Met vrystelling	Met skoolverlatingsertifikaat	Getal GMR matrieks	Persentasie slaag	Slaag met vrystelling
1961	146	23	42	104			
1962	64	34,7	34	30	726	41,5	15,9
1963	210	61,9	108	102	548	58,6	25,0
1964	300	58,7	127	173	522	64,4	32,7
1965	424	66,5	205	219	702	57,4	16,8
1966	455	67,8	260	195	834	49,8	18,1
1967	578	61,4	355	223	1093	35,5	11,7
1968	1 266	55,1	775	491	947	39,3	18,3
1969	1742	66,3	877	865			

Bron: DBO Jaarverslae, 1961-1969.

Die slaagkoers van leerlinge in die Senior Sertifikaat het veral na 1962 noemenswaardig begin toeneem (Tabel 2). Tot in 1961 het die Gemeenskaplike Matrikulasieraad (GMR), die Senior Sertifikaat vir swart leerlinge afgeneem. Die GMR was die oorkoepelende toesighoudende eksamineringsliggaam van privaat skole in Suid-Afrika. Die GMR Senior Sertifikaat of matriek was 'n voorwaarde vir oorweging vir universiteitstudie. In 1961 het 635 swart leerlinge matriek geskryf en 42 of 6.6 persent het universiteitsvrystelling verwerf. In 1962 het die eksamenafdeling van die DBO vir die eerste keer self die matriekeksamen afgeneem, hoewel opgestel deur die Departement van Onderwys, Kultuur en Wetenskap (DOKW) (DBO Jaarverslag, 1962:14; DBO Jaarverslag, 1963:14). Voorheen is bevind dat die prestasie van die leerlinge van swart skole opvallend swakker was as dié van leerlinge van privaat skole wat ook die GMR matriekeksamen afgelê het. Die Minister van Bantoe-onderwys het juis in die Parlement na hierdie verskynsel verwys en die beter prestasie van privaat skole toegeskryf aan die beter kwaliteit onderwysers wat in privaat skole onderrig gee.

Die swart skole onder die beheer van die DBO het met verdrag oorgeskakel van die leerplanne van die GMR na die Senior Sertifikaat leerplanne van die DOKW. Die suksesvolle matrikulante in die Senior Sertifikaat van die DOKW, het skerp van 146 tot 1 742 toeneem, wat 'n saamgestelde groei van 42.5 persent per jaar oor die agt jaar tussen 1961 en 1969 verteenwoordig (eerste DBO Jaarverslag is in 1961 gepubliseer). Die groei van matrikulante wat na 1962 die GMR eksamen voltooi het, was stadiger. Tussen 1962 en 1968 het matrikulante wat die GMR Senior Sertifikaat geskryf het van 726 tot 947 gegroei (of 'n toename van 23.4 persent). Die slaagkoers het beter vertoon in die skole onder staatsbeheer: 'n toename van 23 persent in 1961 tot 66.1 persent in 1969. Die slaagkoers van swart kinders in privaat skole het in relatiewe terme van 41.5 persent in 1962 tot 39.3 persent in 1968 gedaal, hoewel die GMR matriekulasie slaagkoers in 1964 reeds 64.4 persent bereik het. Die toename in matrikulante in staatskole wat matriekulasievrystelling verwerf het, het van 28.7 persent in 1961 gestyg tot 61.2 persent in 1968 en weer in 1969 gedaal

tot 50.4 persent. Dié relatiewe verhouding in privaat skole het van 15.9 persent in 1962 marginaal gestyg tot 18.3 persent van GMR matrikulante in 1968 (Tabel 2) (DBO, Jaarverslae, 1961–1969).

Hierdie matriekprestasie wys dat net meer as die helfte van matrikulante in swart staatskole matriek kon slaag maar minder as 40 persent van swart matrikulante in privaat skole kon slaag. Net meer as 50 persent van suksesvolle matrikulante in staatskole het in 1969 universiteitsvrystelling verwerf, teenoor minder as 20 persent van swart matrikulante in privaat skole. Die getal suksesvolle matrikulante wat Wiskunde as vak in die vrystellingseksamen geslaag het, het van 27 in 1959 toegeneem tot 187 in 1968 – dus net 23.2 persent van die suksesvolle kandidate. Dit het die vordering wat onder Bantoe-onderwys behaal is, uitgewys, maar terselfdertyd die grootsheid van die toekomstaak om swart kinders voor te berei vir die mededingende omgewing van ekonomiese aktiwiteit of universiteitstudie, beklemtoon.

’n Groot knelpunt in die verwesenliking van die groot ideaal met Bantoe-onderwys, was egter in ontoereikende onderwysergetalle geleë. Tussen 1961 en 1968 het die aantal skole vir swart leerlinge van 7 721 tot 7 934 toegeneem en die aantal onderwysers in daardie skole van 23 087 tot 34 480. Die getal tydelike onderwysers het afgeneem, maar die aantal onderwysers in privaat skole het van 4 062 in 1961 tot 6 545 in 1968 toegeneem. Dit het die hele stelsel van onderwysvoorsiening aan swart leerlinge te staan gebring op ’n onderwyser/kind verhouding van 1:57.8 in 1961 tot 1:58 in 1968 (DBO, Jaarverslae, 1961–1969). In ’n poging om die druk op leerlinggetalle in klasse die hoof te bied, is van sogenaamde “dubbel sessies” gebruik gemaak. Een groep leerlinge het gedurende ’n eerste sessie onderrig ontvang, tot ongeveer die middel van ’n skooldag. ’n Tweede groep leerlinge is daarna tot laatmiddag onderrig. Dit was veral die praktyk in stedelike swart woonbuurte, waar die aantal leerlinge die beskikbare infrastruktuur geheel en al oortref het. Hierdie toedrag van sake was inderdaad sub-optimaal, maar het ten minste ’n begin gemaak aan die lewering van basiese onderwys aan andersins ongeletterde swart leerlinge. ’n Onderwyser tot leerling verhouding van 1:57/58 was opvoedkundig onhoudbaar. ’n Fundamentele probleem was dat baie min blanke onderwysers in staat was om deur middel van ’n swart taal “moedertaal”-onderrig aan swart kinders te gee. Veral in die groot klasse van die primêre skoolfase moes eie leerkragte eenvoudig ontwikkel word – dit was ’n tydsame proses. Verder het die skoolprestasie deur swart leerlinge gewys dat dit nie ’n oplossing was om daardie kinders eenvoudig na die algemene skoolstelsel van die land te verplaas nie. Daarteen sou weer die kritiek van “elitisme” ontlok word. Onderwys aan swart kinders het inderdaad geleidelik algemene geletterdheid verhoog, maar dit sou geduldige toewyding verg om die sukseskoers noemenswaardig en volhoubaar te verhoog.

IDEAAL EN AFRIKA: DIE KONTINENT EN DIE GROOT PLAN

Die tevredenheid by die owerheid met die ontwikkeling in swart skole en aan die universiteitskolleges moet verstaan word teen die agtergrond van die regering se beleid van afsonderlike volkswontwikkeling. Die bemagtiging in eie geleedere en tot voordeel van die eie gemeenskap was die oogmerk en daarmee was die regering teen die einde van die sestigerjare redelik tevrede. Hierdie uitgangspunt is deurlopend sterk deur die SAIRR gekritiseer, hoewel erken is dat die leerplaninhoud en algemene kwaliteit van onderwys aan swart kinders ’n verbetering op dié van die periode voor 1953 was (Horrell 1963:5). Wat die SAIRR veral onaanvaarbaar gevind het, was die voortdurende beklemtoning dat onderwys aan die swart kinders daarop gemik was “...to keep the Bantu child a Bantu child ... The Bantu must be so educated that they do not want to become imitators (of the Whites, (but) that they will want to remain essentially Bantu...” (SAIRR Survey, 1958–1959:255 aangehaal uit Hansard Kol 3012). In die liberale beskouing is enige beperking op persoonlike vryhede as onderdrukkend vertolk, terwyl die regering dit beskou het as die optimale

strategie vir die ontwikkeling van swart gemeenskappe in hul eie belang en in belang van vreedsame naasbestaan in Afrika. Hoewel geweldige vooruitgang met algehele geletterdheid, opvoeding en onderwys aan swartmense inderdaad gemaak is, was die liberale onderwysmodel gekant teen 'n kultuur- of etnies gebonde samelewingsbedeling.

Die blote omvang van die eerste omvattende onderwysvoorsieningsprogram vir swart leerlinge en die feit dat dit deel gevorm het van 'n groter sosio-politieke plan vir vreedsame naasbestaan in Suid-Afrika, het die kiem gedra van die omverwerping daarvan. Binnelands was daar sedert 1955 opposisie, met 'n wisselende mate van geweld (Behr en Macmillan 1966:16; Hyslop 1999). Die befondsingsmodel vir swart onderwys het altyd skerp kritiek ontlok, veral van die SAIRR (SAIRR, Survey, 1954–1969), maar die verskynsel was nie uniek aan Suid-Afrika nie.⁴ Die tekort aan onderwysers vir swart leerlinge het ook die implementering van onderwysvoorsiening gekortwiek. Die instelling van universiteite vir swart studente het sedert 1957 ook geweldige weerstand ontlok en 'n teelaarde gebied vir die mobilisering van opstand. Die universiteitskolleges vir swart studente het onderwysopleiding wat aan 42 onderwysopleidingskolleges gebied is, uitgebrei (DBO, Jaarverslag, 1962:33). Geen grootse plan gebaseer op etniese en/of rasse-onderskeid in Afrika het egter enige kans op sukses gehad na 1960 nie.

Dekolonisasie het soos 'n golf oor Afrika gespoel en die Organisasie vir Afrika-eenheid, wat in 1963 tot stand gekom het, het as oorkoepelende doelstelling aanvaar die uitwissing van “kolonialisme”, waaronder die politieke bedeling in Suid-Afrika ingesluit was – solank Suid-Afrika onder blanke bewind was, was Afrika nie vry nie (Van Walraven 1999:211). Die binnelandse verbanning van swart politieke partye in 1960 en die SA Kommunistiese Party in 1950 het aanleiding gegee tot die organisasie van ander opposisievoertuie, soos die Swart Bewussynsbeweging (SBB) onder die leiding van Steve Biko (Grobler 2012:379-380). Die vestiging van hierdie rewolusionêre klimaat het die konstruktiewe implementering van enige afsonderlike onderwysmodel vir swartmense in die wiele gery. Onderwys is gekies as middel tot 'n doel: om die politieke rewolusie onder die vaandel van “geen onderwys sonder bevryding” te voer. 'n Era van onderwysagteruitgang het daarop gevolg.

Onder uiters plofbare omstandighede is onderwysvoorsiening aan swart leerlinge doelgerig voortgesit tot 1990.

⁴ UNESCO verklaar dat daar 'n sterk verwantskap bestaan tussen primêre en sekondêre skoolbywoning en nasionale welvaart. Hoe sterker die ekonomie presteer, hoe hoër is die koers van deelname aan onderwys. UNESCO, 2011:19.

TABEL 3: Totale getal swart leerlinge op skool, 1969–1990

	Laer Primêr	Hoër Primêr	Totaal Primêr	Sekondêr	Na Primêr	Buitengewone onderwys	Totaal
1969	1 781 749	653 671	2 435 420	88 746	8 850	5 712	2 538 728
1970	1 884 900	730 061	2 614 961	101 546	9 411	7 450	2 733 368
1972	2 059 995	861 726	2 921 721	157 786	13 884	8 430	3 101 821
1974	2 262 366	1 014 386	3 276 752	209 519	17 817	9 897	3 513 985
1976	2 062 589	836 165	2 898 754	389 066	19 928	11 772	3 319 520
1978	1 983 352	801 589	2 784 941	443 385	17 516	14 501	3 260 343
1980	2 073 604	903 491	2 977 095	555 138	17 589	1 352	3 551 174
1982			3 026 577	615 149	17 216	2 534	3 661 476
1984			3 262 934	753 821		3 573	4 020 328
1986			3 458 873	918 469		4 087	4 381 429
1988			3 776 858	1 213 514		5 436	4 995 808
1990			3 986 027	1 495 251		883	5 482 161

Bron: Departement van Bantoe-onderwys Jaarverslae, 1969–1990. [Transkei syfers uitgesluit sedert 1976; Geen skeiding tussen laer en hoër primêr na 1980; Na Primêr sluit in gevorderde tegniese opleiding, onderwysersopleiding, ambags- en vakopleiding en teologiese opleiding; Buitengewone onderwys sluit in spesiale skole, aandskole; voortsettingsklasse]

Die totale aantal leerlinge in die primêre skoolfase het tussen 1969 en 1990 met 38.9 persent toegeneem, soos aangedui in Tabel 3 hierbo. Die toename oor dieselfde periode in sekondêre skole was 94.6 persent. Die totale aantal swart kinders op skool teen 1990 was 5 482 161, wat 'n reuse toename van 86.56 persent verteenwoordig oor die 37 jaar van die bestaan van die DBO. Hoewel die totale leerlingtal in 1969 steeds net 17.7 persent van die totale swart bevolking uitgemaak het, was die toename van meer as 86 persent, sedert die begin van Bantoe-onderwys, merkwaardig.

Die indrukwekkende groeikoers weerspieël die konstante jaarlikse toename in leerlinggetalle, maar die relatiewe toename het egter steeds kommer gebaar. Teen 1971 het kinders tussen die ouderdom 7 en 15 jaar ongeveer 25 persent van die totale swart bevolking uitgemaak, maar net 19 persent het inderdaad skool bygewoon. Skoolbywoning was nog nie verpligtend nie (dit is eers in 1972 ingevoer) en dit het veral op die platteland gebeur dat kinders tot so oud as elf jaar nog geen formele skoolonderrig ontvang het nie. Hoewel staatsubsidies aan die plaaseienaar op wie se grond die skool gebou is, oorgedra is, was dit moeilik om oor so 'n uitgestrekte gebied skoolplig af te dwing (NDO, 1994:4; DOO Jaarverslag, 1986:31).

Die grondslag van onderwysvoorsiening aan swart leerlinge was steeds die medium waardeur begrip en kommunikasie optimaal kan wees, naamlik die moedertaal. In die periode tot 1990 het die DBO (en die daaropvolgende Departement van Onderwys en Opleiding – DOO na 1979) steeds gevolg gegee aan die ontwikkeling van sistematiese taalleer en vakterminologie. Na 1970

het hierdie taalwerkzaamhede ook na Suidwes-Afrika uitgebrei, waar dit geblyk het dat sistematiese taalontwikkeling van Kavango en Ovambo wesenlike agterstande getoon het. Die ontwikkeling van swart tale het 'n hoeksteen van die onderwys vir swartmense geword, omdat die moedertaal medium so kragtig was in die oordrag van kennis, die ontwikkeling van kognitiewe vaardighede en die stimulering van kreatiewe intellektuele prosesse, sowel in die onderwysomgewing as in die breë etniese swart gemeenskappe.

In 1971 is die Buro vir Taal en Kultuur (BTK) in die lewe geroep. Dit was 'n sambreelorganisasie vir die bevordering en ontwikkeling van die swart tale en kulture in hulle ryke verskeidenheid. Takke van die BTK is ook in elke tuisland gevestig en het die spilpunt geword van die taal- en kultuurontwikkeling van die onderskeie swart taalgemeenskappe. Deur hierdie inisiatief te fasiliteer, het die DBO 'n wesenlike bydrae gelewer tot die koestering en ontwikkeling van volkstrots onder die onderskeie swart etniese groepe. Die verskillende takke van die BTK het sosiohistoriese materiaal, boeke en musiek van die verskillende kultuurgroepe versamel en beskikbaar gemaak vir algemene gebruik. Koorfeeste van verskillende swart taalgroepe is in Pretoria aangebied. Op hierdie wyse het die DBO as katalisator gedien vir taal- en kultuurontwikkeling in die groter swart gemeenskap en terselfdertyd suksesvolle opvoeding en kennisoordrag deur middel van moedertaalonderwys bewerkstellig. Reeds in 1972 is die derde uitgawe van *Terminologie en Spelreëls* uitgegee en het sodanig 'n groot bydrae gelewer om moedertaalonderrig te standaardiseer (DBO Jaarverslag, 1972:23).

Teen 1976 het die BTK 'n sleutelrol vervul in die voorsiening van literatuur in die verskillende swart tale aan die onderskeie skole. In 1976 alleen het vyftien nuwe publikasies in die verskillende swart tale die lig gesien. Die kortverhaalkompetisie het ook bygedra tot die daarstel van nuwe leesstof in die biblioteke en 'n nuwe ywer onder swart skrywers gekweek. Die BTK het ook die eksaminering van moedertaalopleiding van onderwysers aan die verskillende onderwyserskolleges behartig. Daardeur is die standaardisering van taalonderrig weer eens 'n stap verder geneem. Wat egter die wesensbelangrikheid van hierdie ontwikkeling van moedertaalkunde onderstreep, is die uitkringende vraag na ondersteuning aan gebruikers van die swart tale. Teen 1976 was dit nodig om *Terminologie en Spelreëls Nr. 3* te herdruk. Die DBO se taaldiens, in samewerking met die BTK, het landswyd hulp verleen met vertaalwerk, vakkundige advies met betrekking tot eksamens, leerplanne en handboeke, asook taalverwante advies aan instansies buite die Departement (DBO Jaarverslag, 1976:22).

In 1976 is ook 'n samewerkingsooreenkoms aangegaan met onderwysowerhede in Botswana en Swaziland om te help met die ontwikkeling van Tswana en Swazi taalkursusse en spelreëls. Die DBO het die heel eerste indiensopleidingskursusse vir Lozi-sprekende onderwysers aangebied. Die waarde van moedertaalonderrig en sistematiese gestandaardiseerde taalonderrig het 'n hupstoot gekry toe daar deur die GMR (wat privaat skole beheer het) goedkeuring gevra is vir die invoer van Lozi, Ndonga en Kwanyama as volwaardige matriekvakke in hul kurrikulum vanaf 1978 (DBO Jaarverslag, 1976:80). Dit is ironies dat juis op dié stadium toe daar soveel tyd, bronne en energie aan sistematiese taalontwikkeling en standaardisering bestee is en opmerklik baie sukses daarmee behaal is, die 1976 onluste die onderrigmodel van die DBO skerp gekritiseer het. Die taalbeleid van moedertaalonderrig tot in die laer primêre skoolfase en daarna by wyse van die twee amptelike landstale, Engels en Afrikaans vir 'n aantal vakke in die senior primêre asook in die sekondêre skooljare, het onder groot kritiek gekom.

Afrikaans is stelselmatig sedert die vroeë sewentigerjare in die tuislande as onderrigmedium uitgefaseer nadat die tuisland departemente van onderwys beheer oor die skole in hul jurisdiksiegebiede oorgeneem het. Daar is feitlik deur die bank besluit om alleenlik Engels as medium vir onderrig vanaf die sekondêre fase te gebruik. Slegs die vak Afrikaans is nog deur middel van Afrikaans

aangebied. In die stedelike gebiede het die DBO egter steeds aangedring op die gebruik van beide landstale in sekondêre skole. Hierdie taalbeleid het die gerieflike stok geword waarmee die owerhede geslaan kon word en wat as speelbal in die politieke propaganda gebruik is. In Suidwes-Afrika was daar nie dieselfde agitatie teen die gebruik van Afrikaans nie, maar dit het ook verander namate die land op die pad van onafhanklikheid gevorder het en Namibië geword het.

Die taal van onderrig het dus 'n emosiebelaaide politieke kwessie geword. Didakties en opvoedkundig was moedertaalonderwys gedurende die aanvangsjare die enigste opvoedkundig regverdigbare benadering, maar die dilemma van Suid-Afrika was die twee amptelike tale. Terwyl die swart moedertaal beswaarlik gesofistikeerd genoeg ontwikkel was om die leerinhoud op gevorderde vlak te onderrig, was Afrikaans politiek gekontamineer en het in die plofbare onruskonteks die blaam gekry vir die protes. Moedertaalonderrig, verfyn, gesistematiseer, gestandaardiseer en woordeskatmatig ontwikkel deur die DBO, was sedert 1952 die mees doelmatige instrument om die algemene vlak van swart geletterdheid te verbeter. Dit is weerspieël in die toename in leerlinggetalle. Teen 1976 het die leerlingtal op 3 319 520 gestaan teenoor die 736 340 in 1950 – 'n toename van 2 583 180 of 77.8 persent (die 1976 syfers sluit vir die eerste keer swart leerlinge in die pas onafhanklike Republiek van Transkei uit). Binne die bestek van 25 jaar is skoolbywoning met 77.8 persent verhoog, waartoe die toeganklikheid van die onderwysprogram deur moedertaalonderrig 'n wesentlike bydrae gelewer het.

ONRUS EN ONTSPORING

Die 1976 Soweto-opstand het geweldige ontwrigting vir die onderwys aan swart leerlinge meegebring. Die Cillie Kommissie van Ondersoek na die Soweto-opstande van 1976 het bevind dat 'n lang aanloop van ontevredenheid oor die gebruik van beide landstale in sekondêre skoolonderrig sedert Desember 1974 uitgeloop het op misverstande, deels *bona fide* en deels kwaadwillig, maar onteenseglik met noodlottige gevolge vir skoolleerlinge. Daar is wel in 1975 toegewings ten opsigte van die taalbeleid deur die DBO aan sekere skole gemaak deurdat opdrag gegee is dat “waar moontlik” onderrig op 'n gedeelde grondslag ewe veel in Afrikaans en Engels in die swart skole moes geskied. Waar dit nie moontlik was nie, kon slegs Engels gebruik word. Party skoolrade van swart skole het die geleentheid gebruik om magtiging te gee om uitsluitlik in Engels onderrig te gee. Hierdie aangeleentheid het tot omsendskrywe na omsendskrywe deur die DBO gelei om die saak in die reine te bring, maar die groeiende politieke agitatie daaromheen, die aanhitsing deur die South African Students' Movement (SASM) en die groeiende impak van die BCM het goedertrou heeltemal uit die vergelyking verwyder. Die DBO het egter reeds voor die Soweto-opstande aan 'n noemenswaardige aantal skole vrystelling verleen om geen Afrikaans as onderrigmedium te gebruik nie.⁵ Regter Cillie het die toegewings in sy verslag oor die onluste in Soweto en ander gebiede in Suid-Afrika, geïnterpreteer as 'n handeling deur die Departement in goedertrou. Hierdie taalaangeleentheid was egter gedoem om die brandpunt te word soos dit ook inderdaad gebeur het. Die taalmedium is gevolglik onmiddellik na die voorlegging van die

⁵ As voorbeeld hiervan het die Cillie-verslag die volgende lys vrygestel: 29 skole (22,7 persent) is vrygestel van die gebruik van Afrikaans in standerd vyf; 33 skole (22,9 persent) is vrygestel van die gebruik van Afrikaans in standerd ses of vorm een; 12 skole (36,2 persent) is vrygestel van die gebruik van Afrikaans in die onderrig in vorm twee; 18 skole (54,6 persent) is vrygestel van die gebruik van Afrikaans tot in vorm drie; 9 skole (100 persent) is vrygestel vir vorm vier leerlinge en 9 skole (90 persent) is vrygestel van die gebruik van Afrikaans in vorm vyf (DBO Jaarverslag, 1978:14).

Cillié-verslag ondersoek en swart skole is toegelaat om alleenlik deur middel van Engels onderrig aan te bied (DBO Jaarverslag, 1977).

Moedertaalonderrig het egter deel van Bantoe-onderwys gebly, omdat die nuwe verpligte onderwys die gebruik daarvan tydens die aanvangsfase noodsaaklik gemaak het. Om klein kindertjies suksesvol te onderrig, is moedertaalonderwys tot en met graad vier verpligtend gemaak. Afsonderlike onderrig moes in al die swart moedertale voorsien word. In gemengde swart woonbuurte het leerlinge van verskillende taalgroepe gewoon en aanspraak gemaak op moedertaalonderrig. Dit was natuurlik steeds in ooreenstemming met die regering se beleid van afsonderlike volksoontwikkeling, wat toenemend in die openbare spervuur geplaas is. Vanaf graad sewe is groter ruimte toegelaat vir die keuse van die taal van onderrig. In meeste skole is Engels as medium van onderrig ingestel. Op daardie wyse is die weg gebaan vir die totale aanslag teen enige vorm van afsonderlike skole vir swart leerlinge of vir enige volksgroep. Daarteenoor was die vraag na Engels as medium van onderrig moeilik uitvoerbaar, aangesien die swart onderwysers nie noodwendig bekwaam was om in Engels onderrig te gee nie en blanke onderwysers was nie noodwendig welkom in swart skole nie. Engels was dikwels ook maar 'n tweede of derde taal.

Dit het duidelik geword dat 'n algehele herstrukturering van onderwys in Suid-Afrika moes plaasvind. Na die Cillié-verslag in 1978 is die portefeulje van swart onderwys losgemaak van die Departement van Bantoesake en in 'n volwaardige kabinetsportefeulje "Onderwys en Opleiding" (DOO) geplaas (oftewel Department of Education and Training, DET). Die *Wet op Onderwys en Opleiding, Nr. 90 van 1979* het die Wet op Bantoe-onderwys van 1953 vervang. Die DOO het die verantwoordelikheid gekry vir onderwysvoorsiening aan swart leerlinge in stedelike gebiede asook in die selfregerende tuislande (nie die onafhanklike state nie). Na die De Lange-verslag van Oktober 1981, wat aanbeveel het dat alle onderwys deur 'n enkele sentrale staatsdepartement bestuur moet word, is statutêr daarvoor voorsiening gemaak (Davenport & Saunders 2000:489). Na die konstitusionele veranderinge in 1983 is 'n nuwe wet op onderwys gepromulgeer. Die *Wet op Nasionale Beleid vir Algemene Onderwysake, Nr. 76 van 1984* het bepaal dat onderwysbeleid vir alle leerlinge sentraal deur die Nasionale Departement van Onderwys vasgestel sal word. In die praktyk het dit meegebring dat die werksaamhede van die DOO by die nasionale onderwysprogram geïntegreer is. Hoewel die departement *de facto* bly voortbestaan het, is nasionale onderwysbeleid sentraal geformuleer ook met inbegrip van die selfregerende tuislande. Soos aangedui in Tabel 3 was die toename in leerlinggetalle in die skole onder die beheer van die DBO/DOO tussen 1969 en 1990 alleen meer as 86 persent. Indien die totale toename in leerlingtalle sedert 1950 vir die totale geografiese gebied van die Republiek van Suid-Afrika in oënskou geneem word, toon dit 'n styging van ongeveer 750 000 tot meer as 7,2 miljoen – 'n toename van 6 persent saamgestelde groei per jaar. Daarteenoor het die Suid-Afrikaanse ekonomie sedert 1976 in slegs drie jaar groei van meer as 5 persent getoon (SARB, 1979-1990). Sedert 1976 was die Suid-Afrikaanse ekonomie onder geweldige druk: BBP groei gedurende die sestigerjare het 5 persent per jaar oorskry, maar sedert die begin van die sewentigerjare afgeplat en uiteindelik daarna negatief beweeg. Daar was geen manier waarop saamgestelde groei van 6 persent in die skoolgaande swart bevolking deur die onderpresterende ekonomie ondersteun kon word nie.

Omvattende herstrukturering van die DOO se werksaamhede het ingesluit nuwe streekskantore en 'n hernude poging om ouerbetrokkenheid deur middel van beheerliggame by skole te vestig – of eintlik te laat herleef, want ouerbetrokkenheid was 'n integrale deel van die organisasie van Bantoe-onderwys onder Verwoerd. Die DOO het aktief probeer om ouerinspraak op verskillende vlakke van die organisasie te bewerkstellig. Dit het begin by die statutêre forums van bestuursrade, kringkomitees, gebiedskomitees, streekkomitees en uiteindelik ook die Raad vir Onderwys en

Opleiding waar direk met die Minister van Onderwys en Opleiding geskakel kon word. In 1985 is ook begin met verteenwoordigende studenterade by swart skole. In sekondêre skole is skoolkomitees gekies om die kommunikasie tussen leerlinge, skoolbestuur, ouers en onderwysers te verbeter. Beheerliggame het ook die lig gesien. Dit was die kanaal waardeur ouers inspraak in die bestuur van hulle kinders se skole kon verkry (DOO, 1985:26). Die doelwit met die herstrukturering van ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid by die onderwys van swart leerlinge was om onderwys so na as moontlik aan die gemeenskap te koppel. In die 1990 jaarverslag verwys die DOO na “gemeenskapsgewortelde onderwys”. Dit beteken dat onderwys kennis, waardes en vaardighede moet oordra, wat in die eerste plek uit die ouerhuis moet kom. Daarna is die onderwys wat die staat verskaf ingebed in die gemeenskap en moet dit geskied met die volle instemming en medewerking van die gemeenskap wat deur daardie onderwys bedien word.

Voortgesette boikotte in swart onderwys sedert 1979 het tot gevolg gehad dat bitter min konstruktiewe onderwys inderdaad gedurende die 1980's in swart skole plaasgevind het. Die agitatie van SASM, wat verantwoordelik was vir die uitbreek van die Soweto-onluste in Junie 1976, het onverpoosd swart onderwys ontwig, skoolboikotte georganiseer en leerlinge geïntimideer om die veldtogte te steun. Wat opvallend was, was dat skoolkinders verreweg die minderheid van SASM lede uitgemaak het (Beinart 2001:237), maar dat die organisasie daarin geslaag het om swart onderwys vir alle praktiese doeleindes teen 1980 funksioneel te ontwig. Ouerbetrokkenheid en breë gemeenskapsbetrokkenheid is grootliks geneutraliseer deur die militante “geen onderwys sonder bevryding” opmars. Dit was uiters moeilik om die beginsel van medeverantwoordelikheid vir die onderwys van hulle kinders in te skerp in 'n klimaat van ongekende opsweping en agitatie van leerlinge en onderwysers.

SLOTSOM: GESONDE ONDERWYSBEDELING

Die visie van Verwoerd dat trotse volke naas mekaar in suidelike Afrika in vrede sal bestaan, kon nooit verwesenlik word nie, want die era van volksnasionalisme het in Afrika opgegaan in 'n meerderheidsbestel van swart mag en hebsug. Die idee dat 'n volk homself opbou, soos wat gebeur het in Europa toe Nederland, Duitsland, Frankryk, Spanje, Italië en ander Europese volke as nasiestate wasdom bereik het, bly vreemd aan Afrika. Vir 'n blanke volk gegrondves in die Westers-Christelike tradisie, die enigste wat in Afrika sy wording gehad het, naamlik die Afrikanervolk, om daardie ideaal te koester op die veronderstelling dat ander swart volke in na-koloniale Afrika daarby sou inkoop, was 'n briljante, maar optimistiese intellektuele skepping. Hierdie idealisme het die politieke konteks geword waarbinne Verwoerd begin het met die eerste stappe tot modernisering van onderwys aan swart kinders, naamlik om hulle fisies in skole te kry – “... ‘grand Apartheid’ was thus one of a partial modernization, generating a higher enrolment of black pupils...” (Fedderke et al. 2000:265). Ook Hyslop merk op dat Bantoe-onderwys bedoel was om 'n vorm van samehorigheid in die land te bewerkstellig (1999:160). Die bedoeling was dat opheffing deur onderwys sou lei tot selfstandigheid om trots hulle plek naas ander volke in te neem. Die idealisme met die lewering van onderwys aan swart kinders soos dit begin is in die Departement van Bantoe Onderwys, het uiteindelik gestuit voor die opmars van swart mag in Afrika. Die swart politieke elite het alle vorme van etnies-kulturele afsonderlikheid teengestaan. Enersyds is aangevoer dat die besluit oor die model geneem is sonder die demokratiese inspraak van swart leiers en andersyds het die erkenning van 'n model van afsonderlikheid swart oorheersing uitgesluit. Uiteindelik was dit die allesoorheersende oogmerk van swartmense dwarsdeur Afrika na dekolonisasie. Onderwys aan swart kinders was die mees effektiewe werktuig om die politieke bedeling in Suid-Afrika te ontspoor.

Hierdie konteks het voortgesette afsonderlike onderwysvoorsiening onmoontlik gemaak, want die destabiliseringsoogmerk was nie om beter onderwys te kry nie, maar politieke mag. Omdat Bantoe-onderwys deel was van 'n bepaalde politieke model, het dit gesnuwel toe daardie model sneuwel. Die hedendaagse retoriek om transformasie in onderwys, en dat universiteite “African tools of analysis” moet ontwikkel (Mbete 2015), onderstreep dat onderwys steeds as politieke speelbal gebruik word. Op geen stadium het swart gemeenskappe of volke ernstig die verantwoordelikheid vir die onderwys van hulle eie kinders aanvaar nie. Dit was die sendinggenootskappe se “roeping”. Daar was ook geen verbintenis tot die opheffing van die eie gemeenskap nie. Die doel was eerder die inpalming van wat ander reeds opgebou het – en daarna is ook dit wanbestuur tot disfunksionaliteit (Mboweni 18/10/2015). Soos die openingsgesprek tot die eerste deel van die hoofstuk oor swart onderwysvoorsiening aandui, is die onderwysstelsel in Suid-Afrika oorgeneem en bestuur tot disfunksionaliteit.

Hierdie artikel ontken nie tekortkominge van die stelsel van Bantoe-onderwys nie. Die artikel het nie ten doel om daardie tekortkominge uit te pluus nie, maar om te wys dat die model suksesvol was om holisties na onderwys aan swart leerlinge te kyk en om 'n kultuur van skoolbywoning, opvoeding en leer te vestig – al was dit gebrekkig. Beide artikels wys op die sinvolheid van hoekstene van die model, naamlik gemeenskapsbetrokkenheid en moedertaalonderwys. Die studie dui aan hoe die stelsel van Bantoe-onderwys drie belangrike grondslae van onderwysvoorsiening aan swart kinders gevestig het. Daardie grondslae word nou weer herontdek. Die drie grondslae is: Onderwys moet aan alle kinders bedien word, dit wil sê alle kinders moet skool toe gaan en basiese geletterdheid verwerf. Die staat het 'n verantwoordelikheid om daartoe toe te sien. Die regering het vir die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika in 1952 die besluit geneem om algemene swart onderwys in te stel en dit met verdrag verpligtend te maak. Suid-Afrika was ook die eerste land in Afrika om so 'n omvattende onderwysmodel te implementeer.

Die tweede grondslag is gemeenskaps- en ouerbetrokkenheid as vereiste vir die daarstel van die kanaal vir die vaslegging van waardes en norme vanuit die eiesoortige kultuurkonteks van die gesin vir die oordrag van nuwe kennis en vaardighede (Mackey 1984:39). Daarin is die toekoms van suksesvolle onderwys vir alle kinders geleë. Hyslop erken ook dat die DBO met gemeenskapsbetrokkenheid groot sukses behaal het ten spyte van konstante agitatie daarteen. Dit was die rede vir die sukses met volgehoue skoolbywoning en verbeterde slaagkoerse (Hyslop 1999:188).

Die derde grondslag is die fundamentele rol van moedertaalonderwys as voorwaarde vir die ontwikkeling van hoër leer- en begripsvaardighede. Sonder daardie spesifieke kognitiewe ontwikkeling sal gevorderde konseptuele vermoëns nooit ontwikkel nie. Die prestasieverskille tussen die moedertale en ander vakke soos Natuurwetenskap, Wiskunde, Rekenkunde (vgl. hierbo) bewys dat die begripsvoordeel van die moedertaal onontbeerlik is wanneer met gevorderde en abstrakte konsepte gewerk word. Dis juis so “vernouwend” dat Mbete die ontwikkeling van Xhosa-vaktaal by die Universiteit van Stellenbosch aanprys (Mbete 2015), terwyl die ontwikkeling van vakterminologie in sewe swart tale juis sedert 1957 deur die DBO onderneem is. Dit is hoe ernstig die DBO was met die opheffing en bemagtiging van swart kinders. Die baba is eenvoudig om politiek dienstige redes met die badwater uitgegooi, in plaas daarvan om te bou op die stewige fondament gebied deur Bantoe-Onderwys.

Bantoe-onderwys het in die konteks waarin dit ontwikkel is, die wesenlike probleme van onderwys aan swart kinders aangespreek en beter presteer met die bemagtiging van mense deur geletterdheid en opvoeding as die sogenaamde bevrydingsopmars. Die stelsel het aan die meerderheid swart kinders toegang tot opvoeding gebied, wat hulle in staat gestel het om

suksesvolle loopbane te volg en om vooraanstaande leiers in hulle gemeenskappe te word.⁶ Uiteindelik, helaas, het “uhuru” magtiger as die klaskamer geword.

BIBLIOGRAFIE

- Afigbo, A.E., E. A. Ayandele, R.J., Gavin, J.D., Omer-Cooper & R. Palmer. 1971. *The making of modern Africa, Vol 2*. London: Longman.
- Alidou, H., Boly, A., Brock-Utne, B., Diallo, Y. S., Heugh, K. & Wolff, E. H. 2006. Optimizing Learning and Education in Africa – The Language Factor. Working Document. ADEA 2006 Biennial, Libreville, Gabon, ADEA, UIE, GTZ.
- Austen, R. 1987. *African Economic History*. London: James Currey.
- Bamgbose, A. 2005. Mother tongue education: lessons learnt from the Yoruba experience, in: B. Brock-Utne & R. K. Hopson, (eds) *Languages of instruction for emancipation: focus on postcolonial contexts and consideration*. Dar es Salaam, Mkuki na Nyota, pp. 231–255.
- Behr, A.L. & Macmillan, R.G. 1966. *Education in South Africa*. Pretoria: J L van Schaik.
- Beinart, W. 2001. *Twentieth-century South Africa*. Oxford: Oxford University Press.
- Brock-Utne, B. 2009. The adoption of the Western Paradigm of Bilingual teaching – why does it not fit the African situation? In: Prah, K.K., Brock-Utne, B.(eds). *Multilingualism – A Paradigm Shift in African Language of Instruction Policies*. Cape Town: CASAS.
- Brock-Utne, B. 2010. Research and policy in the language of instruction issue in Africa. *International Journal of Educational Development*, 30:636-645.
- Davenport, T.R.H. & Saunders, C. 2000. *South Africa. A modern history*. Basingstoke: Macmillan.
- Davis, G. 2013. Khayelitsha: an unfolding success story. *Africa in Fact*, 15:30-32.
- Departement van Bantoesake (DBS), *Jaarverslag, 1950–1953*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Departement van Bantoe Onderwys (DBO), *Jaarverslae, 1961–1990*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Fedderke, J.W., De Kadt, R. & Luiz, J. 2000. Uneducating South Africa: the failure to address the 1910–1993 legacy. *International Review of Education/Internationale Zeitschrift für Erziehungswissenschaft/Revue Internationale de l'Education*, 46(3):257-281.
- Grobler, J.E.H. 2012. Swart verset teen apartheid: 1950–1980. In Pretorius, F. 2012. *Geskiedenis van Suid-Afrika, Van voortye tot vandag*. Tafelberg: Kaapstad.
- Horrel, M. 1963. *Bantu Education in South Africa*. South African Institute of Race Relations, Johannesburg, Oktober 1963.
- Hyslop, J. 1988. State education policy and the social reproduction of the urban African working class: the case of the Southern Transvaal 1955–1976. *Journal of Southern African Studies*, 14(3):446-476.
- Hyslop, J. 1999. *Classroom struggle: Policy and resistance in South Africa 1940–1990*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.
- Hyslop, J. 1993. Destruction coming in Bantu education as a response to social crisis. In P. Bonner et al. (eds). *Apartheid's Genesis, 1935–1962*. Johannesburg: Ravan Press.
- Mackey W.F. 1984. Mother-tongue education: problems and prospects. *Prospects*, 14(91):37-49.
- Mboweni, T. ‘Embracing capitalism’s logic’. *Sunday Times*, 18/10/2015, p. 17.

⁶ In hierdie verband kan maar net na enkele persone verwys word wat onder Bantoe-onderwys hulle skoolopleiding voltooi het en toe aan een van die swart universiteite of UNISA studeer het: Wiseman Nkhuhlu (eerste swart gekwalifiseerde Geoktrooieerde Rekenmeester in Suid-Afrika, Direkteur van maatskappye), Nelson Mandela (voormalige prokureur en President van Suid-Afrika), Moses Kgosana (swart Geoktrooieerde Rekenmeester, HUB van KPMG), Sizwe Nxasana (praktiserende Geoktrooieerde Rekenmeester, HUB First Rand groep), Nonkululeko Filtane (gebore Gobodo) (eerste swart vrou wat kwalifiseer as Geoktrooieerde rekenmeester, vennoot by Sizwe, Gobodo, Ntsaluba Ingelyf), Ignatius Schoole (HUB Saica, voormalige HUB MTN), Nyameko Pityana (Rektor UNISA), Loyiso Nonbxa (Professor in Wiskunde, dekaan Fakulteit Natuurwetenskappe UWK, voormalige Rektor Universiteit van die Witwatersrand) .

- Mekonnen, A. G. Y. 2005. Multilingualism in Ethiopia: socio-cultural and pedagogical implications of mother tongue education in a multilingual and multiethnic Country. M.Phil. Thesis. Institute for Educational Research, University of Oslo, Oslo.
- Mekonnen, A. G. Y. 2009. Implications of the use of mother-tongues versus English as languages of instruction for academic achievement in Ethiopia. In: Brock-Utne, B., Skattum, I. (eds). *Languages and Education in Africa – A Comparative and Transdisciplinary Analysis*. Oxford: Symposium Books.
- Nasionale Departement van Onderwys (NDO), *Jaarverslag, 1994*. Staatsdrukker: Pretoria.
- Pandey, A. 2014. Using Mother Tongues as Building Blocks in Childhood Education. *Childhood Education*, 90(1):61-67.
- Posel, D. & Casale, D. 2011. Language proficiency and language policy in South Africa: findings from new data. *International Journal of Educational Development*, 31:449-457.
- Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede. 1955. *Bantu education. Oppression or opportunity?* Stellenbosch: SABRA.
- South African Institute of Race Relations. 1994. *South Africa Survey. 1928–1994*. Johannesburg: SAIRR.
- SAIRR. 1969. *The conference on Bantu education*. Johannesburg: SAIRR.
- United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation. 2011. *Global Education Digest, 2011*. Montreal: UNESCO Institute for Statistics.
- Van Walraven, K. 1999. *Dreams of Power. The role of the Organization of African Unity in the politics of Africa, 1963–1993*. Hants: Ashgate.
- www.politicsweb.co.za/documents/universities-must-develop-african-tools-of-analysis: 'Mbete: Universities must develop African tools of analysis' (Gebruik 20/10/2015)
- www.sahistory.org.za/topic/june-16-soweto-youth-uprising: 'The June 16 Soweto youth uprising' (Gebruik 12/10/2015)

Wigfield en Guthrie se *Motivation for Reading Questionnaire* vir Afrikaanssprekende adolessente?

Wigfield and Guthrie's Motivation for Reading Questionnaire for Afrikaans speaking adolescents?

ELIZE VOS

Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
E-pos: Elize.Vos@nwu.ac.za



Elize Vos



Suria Ellis

SURIA ELLIS

Statistiese Konsultasiediens
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
E-pos: Suria.Ellis@nwu.ac.za

RIA VAN DEN BERG

Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
E-pos: Ria.VanDenBerg@nwu.ac.za



Ria van den Berg



Carisma Nel

CARISMA NEL

Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
E-pos: Carisma.Nel@nwu.ac.za

ELIZE VOS is 'n lektor in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe in die Vakgroep Afrikaans vir Onderwys van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus. Haar navorsingsbelangstelling is Afrikaanse jeugliteratuur, die leesmotivering van Afrikaanssprekende adolessentelesers, Afrikaanse prosa en poësie, asook Afrikaansmetodiek vir die Senior en VOO-fase.

ELIZE VOS is a lecturer in the Education Sciences Faculty in the subject group Afrikaans for Education of the North West University, Potchefstroom Campus. Her research interest is Afrikaans youth literature, the reading motivation of Afrikaans speaking adolescents, Afrikaans prose and poetry, as well as Afrikaans methodology for the Senior and FET phase.

SURIA ELLIS is hoofvakkundige by die Statistiese Konsultasiediens van die NWU en het oor die jare baie navorsers van verskeie universiteite gehelp met hulle data-analise en die interpretasie van hulle resultate. Sy het haar PhD (Statistiek) in 2002 behaal en is mede-outeur van 78 artikels in geakkrediteerde joernale.

SURIA ELLIS is head subject specialist at the Statistical Consultation Services of the NWU and has helped many researchers from various universities over the years with the analyses of their data and interpretation of their results. She obtained her PhD (Statistics) in 2002 and is co-author of 78 articles in accredited journals.

<p>RIA VAN DEN BERG is as senior lektor werksaam binne die Vakgroep Afrikaans vir Onderwys van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus. Haar leiding aan nagraadse studente sentreer rondom fasette van Sociolinguistiek en Normatiewe taalkunde en die onderrig daarvan.</p>	<p>RIA VAN DEN BERG is a senior lecturer in the subject group Afrikaans for Education of the Education Sciences Faculty of the North West University, Potchefstroom Campus. Her supervision to post graduate students centres on aspects of Sociolinguistics and Normative Linguistics and the teaching thereof.</p>
<p>CARISMA NEL is 'n navorsingsprofessor in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). Sy is 'n Opvoedkundige linguïst wat in leesgeletterdheid vanaf die grondslagfase tot die hoër onderwyssektor spesialiseer. Haar navorsingsfokus is leesgeletterdheid.</p>	<p>CARISMA NEL is Professor in the School for Human and Social Sciences for Education at the North-West University (Potchefstroom Campus). She is an Educational Linguist specialising in reading literacy from the foundation phase through to the higher education sector. The focus of her research is on reading literacy.</p>

ABSTRACT

Wigfield and Guthrie's Motivation for Reading Questionnaire for Afrikaans speaking adolescents?

Wigfield and Guthrie's Motivation for Reading Questionnaire (MRQ) consists of 53 items and eleven reading motivation dimensions that can be used to compile a reading motivation profile of learners. Wigfield and Guthrie, internationally recognised reading motivation researchers, used the MRQ for different learner groups in different grades and countries to compile reading motivation profiles of learners. During 2012, the questionnaire was used for the first time in South Africa to compile the reading motivation profile of 806 Afrikaans-speaking grade 9 learners from different geographical areas within an education district. In order to compile the reading motivation profile of Afrikaans-speaking learners, the MRQ was translated. It was necessary to adapt some of the items of the MRQ for the context of Afrikaans speaking learners in mainstream schools. The analysed research results indicated that the MRQ could be interpreted as consisting of less than eleven reading motivation dimensions identified by Wigfield and Guthrie. Some of the items were interpreted as belonging to more than one of the eleven dimensions or to another dimension as being placed within the original MRQ. The question was posed as to whether the same reading motivation profile of a group learners can be obtained by using a more compact MRQ (fewer items and fewer reading motivation dimensions). In the current article the conclusion is drawn that the same reading motivation profile of the specified respondents can be obtained by using a more compact MRQ than the original MRQ.

KEYWORDS: Afrikaans speaking learner(s), Motivation for Reading Questionnaire (MRQ), reading motivation, reading motivation profile

TREFWOORDE: Afrikaanssprekende leerder(s), leesmotivering, leesmotiveringsprofiel, Motivation for Reading Questionnaire (MRQ)

OPSOMMING

Wigfield en Guthrie se *Motivation for Reading Questionnaire (MRQ)* is 'n vraelys, bestaande uit 53 items en elf leesmotiveringsdimensies, deur middel waarvan 'n leesmotiveringsprofiel van 'n bepaalde groep leerders saamgestel kan word. Wigfield en Guthrie, wêreldbekende navorsers oor leesmotivering, het die *MRQ* verskeie kere vir leerdergroepe in verskillende grade en lande gebruik

om leesmotiveringsprofiel van leerders aan die hand daarvan saam te stel. Gedurende 2012 is hierdie vraelys vir die eerste keer in Suid-Afrika gebruik om die leesmotiveringsprofiel van 806 Afrikaanssprekende graad 9-leerders uit verskillende geografiese gebiede van 'n onderwysdistrik saam te stel. Omdat die leesmotiveringsprofiel van spesifiek Afrikaanssprekende leerders vasgestel moes word, is die *MRQ* vertaal. By enkele items was dit nodig om dit vir die konteks van Afrikaanssprekende adolessente in hoofstroomskole aan te pas. Die 2012-studieresultate het daarop gedui dat die respondente die *MRQ* geïnterpreteer het as bestaande uit minder as die elf leesmotiveringsdimensies wat Wigfield en Guthrie geïdentifiseer het. Sekere van die items is geïnterpreteer as behorende tot meer as een van die elf dimensies, of as behorende tot 'n ander dimensie as dié waarin dit volgens die *MRQ* tuishoort. Dit het die vraag laat ontstaan of dieselfde leesmotiveringsprofiel van 'n groep leerders verkry kan word deur middel van 'n meer vaartbelynde *MRQ* (minder items en minder leesmotiveringsdimensies). In die huidige artikel is tot die slotsom gekom dat dieselfde leesmotiveringsprofiel van die betrokke respondente verkry kan word uit 'n meer vaartbelynde *MRQ* as uit die oorspronklike *MRQ*.

1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Wigfield en Guthrie se talle navorsingsprojekte oor leesmotivering het aanleiding gegee tot die konseptualisering van hulle *Motivation for Reading Questionnaire (MRQ; 53 items)* aan die hand waarvan elf leesmotiveringsdimensies getoets word (Wigfield & Guthrie 1997:420-432).

Die *MRQ* is in verskillende lande gebruik om leerders se leesmotiveringsprofiel vas te stel. Hierdie navorsing is hoofsaaklik ten opsigte van grade 3- tot 5-leerders uitgevoer, maar enkele kere ook ten opsigte van leerders in hoër grade.¹ Gedurende 2012 is die *MRQ* die eerste keer in Suid-Afrika gebruik om vas te stel wat die 806 Afrikaanssprekende graad 9-leerders uit verskillende geografiese gebiede van 'n onderwysdistrik motiveer of demotiveer om te lees. Aangesien die *MRQ* gebruik is om 'n leesmotiveringsprofiel van Afrikaanssprekende adolessente lesers saam te stel, is dit die eerste keer in 'n vertaalde vorm gebruik. Dit was nodig om die *MRQ* by enkele items vir die konteks van Afrikaanssprekende leerders in hoofstroomskole aan te pas.

Uit 'n eksploratiewe faktoranalise het dit geblyk dat daar minder as die elf leesmotiveringsdimensies is as dié wat Wigfield en Guthrie voorgestel het en dat sekere van die 53 items op meer as een van die dimensies hoë beladings het of 'n hoë belading by 'n ander dimensie het as waaronder dit oorspronklik gekonseptualiseer is.

In hierdie artikel word ondersoek ingestel na die moontlikheid om tot dieselfde navorsingsresultate (dit is dieselfde leesmotiveringsprofiel van die betrokke respondente) te kom met 'n verkorte *MRQ* waarvan elke item binne slegs een dimensie tuishoort en waarvolgens die items binne minder as elf leesmotiveringsdimensies ressorteer.

2. DIE AARD VAN DIE *MOTIVATION FOR READING QUESTIONNAIRE (MRQ)*

Voordat Wigfield en Guthrie die *MRQ* gebruik het, het hulle die *MRQ* oor 'n tydperk van twee jaar getoets en verfyn tot 'n meetinstrument bestaande uit 53 items wat ten opsigte van leerders in die Amerikaanse ekwivalent van ons Intermediêre en Senior fase binne elf leesmotiveringsdimensies ressorteer (vergelyk Wigfield & Guthrie 1995; Wigfield & Guthrie 1997:420-432).

¹ Vergelyk onder andere Baker & Wigfield (1999:452-477); Cox & Guthrie (2001:116-131); Guthrie, Wigfield, Metsala & Cox (1999:231-256); Guthrie, Wigfield & Von Secker (2000:331-341); Guthrie et al. (2006:232-245); Law (2009:77-95); Unrau & Schlakman (2006:81-101); Wang & Guthrie (2004:162-186); Wigfield & Guthrie (1997:420-432); Wigfield, Wild et al. (1996).

Hierdie elf leesmotiveringsdimensies is:

- **Leesbevoegdheid** (glo in eie vermoë om met sukses te kan lees);
- **Uitdaging om te lees** (die wil en bereidheid om moeilike leesmateriaal aan te durf);
- **Weetgierigheid oor leesonderwerpe** (leerders se belangstellings in literêre en nieliterêre tekste);
- **Leesbetrokkenheid** (die mate waarin lesers betrokke is by literêre of informatiewe tekste omdat hulle met die inhoud kan identifiseer);
- **Belangrikheid van lees** (lesers se subjektiewe beoordeling van die belangrikheid van 'n leestaak);
- **Lees- of taakvermyding** (die geneigdheid om leesaktiwiteite te vermy);
- **Kompetisie tydens lees** (die begeerte om beter as ander in leestake te presteer);
- **Erkenning vir lees** (die genot wat 'n leser uit erkenning van sy leesvermoë ervaar);
- **Lees vir punte of evaluering** (die begeerte om goeie leespunte of positiewe evaluering van die onderwyser te bekom);
- **Sosiale redes vir lees** (om betekenis uit 'n leesteks te skep of dit beter te begryp deur dit saam met vriende of familielede te lees of daaroor te gesels); en
- **Inskiklikheid om te lees** ('n bereidheid om te lees om aan die verwagtinge van ander te voldoen).²

3. DIE MRQ IN AFRIKAANS IN SUID-AFRIKA

Tydens die vertaling van die *MRQ* vir gebruik binne die Suid-Afrikaanse konteks is enkele items aangepas, byvoorbeeld *reading grades* is met *leesbegripstoetspunte* vervang (vergelyk Item 50 en 53), aangesien leerders in Suid-Afrika nie 'n afsonderlike leespunt ontvang nie, maar slegs as 'n gekombineerde taalpunt. Lees word slegs as onderdeel van 'n mondelinge eksamen of 'n leesbegripstoetspunt beoordeel. Die woord *family* is by Item 48 as *gesin* vertaal, aangesien hierdie woord in die *MRQ* na nou verwante en saamwonende persone verwys met wie die betrokke leerder daaglik kontak het. Aangesien daar nie 'n algemeen-gebruiklike Afrikaanse term vir die Engelse term *mysteries* bestaan nie, is dit in Item 30 omskryf as *verhale wat op die geheimsinnige (raaiselagtige) fokus*.

Aangesien hierdie *MRQ* voltooi moes word deur adolessente leerders wat waarskynlik geen vorige blootstelling aan vraelyste met Likertskaal gehad het nie, is twee negatief geformuleerde stellings (vergelyk Item 13 en 24) met positiewes vervang om eenvormige skale (1 = *glad nie*, 2 = *baie min*, 3 = *redelik baie* en 4 = *baie*) ten opsigte van alle items binne die *MRQ* te gebruik.

Voordat die *MRQ* geïmplementeer is, is 'n ondersoek met 50 leerders gedoen om vas te stel of die *MRQ* enige begripsprobleem vir die deursnee-graad 9-leerder inhou. Slegs Item 26 is as 'n moontlike probleem uitgewys, aangesien enigste kinders nie 'n broer of 'n suster het vir wie daar voorgelees kan word nie. Die frase *to my brother or sister* is gevolglik vertaal met *vir een van my gesinslede*.

Die *MRQ* en sy Afrikaanse vertaling word in Tabel 1 weergegee – gerangskik volgens leesmotiveringsdimensies en nie volgens itemnommers, soos dit in navorsingsituasies gebruik word nie. Die respondente het die *MRQ* slegs in vertaalde vorm ontvang, omdat die byvoeging van die Engelse weergawe waarskynlik minder eenvormige interpretasie van individuele items sou meebring. (Die donker agtergrond van enkele items word in Paragraaf 4.2 verklaar.)

² Ter wille van ruimtebesparing sal 'n verkorte vorm van die leesmotiveringsdimensies se benaminge in die res van die artikel gebruik word en ter wille van uitheffing gekursiveer word.

TABEL 1: *MRQ* en vertaling daarvan in Afrikaans

<i>Reading efficacy/Leesbevoegdheid</i>	
7	I know that I will do well in reading next year. Ek weet dat ek volgende jaar goed met lees sal vaar.
15	I am a good reader. Ek is 'n goeie leser.
21	I learn more from reading than most students in the class.
	Ek leer meer deur middel van lees as die meeste ander leerders in die klas.
<i>Reading challenge/Uitdaging om te lees</i>	
2	I like it when the questions in books make me think. Ek hou daarvan as die vraagstukke in boeke my laat dink.
5	I like hard, challenging books. Ek hou van moeilike, uitdagende boeke.
8	If a book is interesting I don't care how hard it is to read. Ek gee nie om om 'n moeilike boek te lees nie, solank dit net interessant is.
16	I usually learn difficult things by reading. Ek leer gewoonlik moeilike dinge deur middel van lees.
20	If the project is interesting, I can read difficult material.
	As die projek/opdrag interessant is, kan ek moeilike leesmateriaal lees.
<i>Reading curiosity/Weetgierigheid oor leesonderwerpe</i>	
4	If the teacher discusses something interesting I might read more about it. Ek gaan lees meer oor 'n interessante onderwerp wat die onderwyser bespreek het.
10	I have favorite subjects that I like to read about. Ek het my gunsteling-onderwerpe waarvoor ek graag lees.
14	I enjoy reading books about people in different countries. Ek hou daarvan om boeke oor mense in ander lande te lees.
19	I read to learn new information about topics that interest me. Ek lees om nuwe inligting oor interessante onderwerpe te bekom.
25	I like to read about new things. Ek hou daarvan om oor nuwe dinge te lees.
29	I read about my hobbies to learn more about them. Ek lees oor my stokperdjies om meer daarvan te leer.
<i>Reading involvement/Leesbetrokkenheid</i>	
6	I enjoy a long, involved story or fiction book. Ek hou van 'n lang storie waarmee ek kan identifiseer.
12	I make pictures in my mind when I read. Ek sien die verhaal in my verbeelding wanneer ek 'n boek lees.
22	I read stories about fantasy and make believe. Ek lees stories oor fantasieë en verbeeldingsvlugte (nie werklike gebeure nie).

TABEL 1: MRQ en vertaling daarvan in Afrikaans (*vervolg*)

30	I like mysteries. Ek hou van verhale wat op die geheimsinnige (raaiselagtige) fokus.
33	I read a lot of adventure stories. Ek lees avontuurverhale.
35	I feel like I make friends with people in good books. Dit voel of ek vriende maak met die karakters in goeie boeke.
<i>Importance of reading/Belangrikheid van lees</i>	
17	It is very important to me to be a good reader. Dit is vir my belangrik om 'n goeie leser te wees.
27	In comparison to other activities I do, it is very important to me to be a good reader. In vergelyking met ander aktiwiteite is dit vir my belangrik om 'n goeie leser te wees.
<i>Reading/work avoidance/Lees- of taakvermyding</i>	
13	I don't like reading something when the words are too difficult. Ek hou net daarvan om te lees wanneer die woorde maklik is.
24	I don't like vocabulary questions. Ek hou nie van woordeskatvrae in leesbegripstoetse nie.
32	Complicated stories are no fun to read. Ingewikkelde/moeilike stories maak my negatief teenoor lees.
40	I don't like it when there are too many people in the story. Ek hou nie daarvan as daar te veel karakters in 'n storie is nie.
<i>Competition in reading/Kompetisie tydens lees</i>	
1	I like being the best at reading. Ek hou daarvan om die beste in die klas te lees.
9	I try to get more answers right than my friends. Ek probeer om meer antwoorde in leesbegripstoetse as my vriende korrek te hê.
41	I am willing to work hard to read better than my friends. Ek wil beter as my vriende lees al verg dit harde werk.
44	It is important for me to see my name on a list of good readers. Dit is vir my belangrik om as een van die "goeie lesers" beskou te word.
49	I like being the only one who knows an answer in something we read. Ek hou daarvan om die enigste een te wees wat 'n antwoord ken oor iets wat ons gelees het.
52	I like to finish my reading before other students. Ek hou daarvan om my leeswerk voor die ander leerders te voltooi.
<i>Recognition for reading/Erkenning vir lees</i>	
18	My parents often tell me what a good job I am doing in reading. My ouers prys my vir my goeie leeswerk.

TABEL 1: *MRQ* en vertaling daarvan in Afrikaans (*vervolg*)

28	I like having the teacher say I read well. Ek hou daarvan as die onderwyser my prys vir my goeie leesvermoë.
37	My friends sometimes tell me I am a good reader. My vriende sê somtyds vir my dat ek 'n goeie leser is.
43	I like to get compliments for my reading. Ek hou daarvan om komplimente vir my leesvermoë te kry.
47	I am happy when someone recognizes my reading. Ek is gelukkig wanneer iemand my erkenning vir my leeswerk gee.
Reading for grades/Lees vir punte of evaluering	
3	I read to improve my grades. Ek lees om my punte te verbeter.
38	Grades are a good way to see how well you are doing in reading. Punte/assessering is 'n goeie metode om te sien hoe ek in lees vaar.
50	I look forward to finding out my reading grade. Ek sien daarna uit om te weet wat my leesbegripstoets se punt is.
53	My parents ask me about my reading grade. My ouers vra my uit oor my leesbegripstoets se punte.
Social reasons for reading/Sosiale redes vir lees	
11	I visit the library often with my family. Ek besoek die biblioteek dikwels saam met my gesin of 'n gesinslid.
26	I often read to my brother or my sister. Ek lees dikwels vir een van my gesinslede.
31	My friends and I like to trade things to read. Ek en my vriende hou daarvan om leesstof uit te ruil.
39	I like to help my friends with their schoolwork in reading. Ek hou daarvan om my vriende met hulle leeswerk te help.
42	I sometimes read to my parents. Ek lees somtyds vir my ouers.
45	I talk to my friends about what I am reading. Ek gesels met my vriende oor dit wat ek lees.
48	I like to tell my family about what I am reading. Ek hou daarvan om vir my gesin te vertel wat ek lees.
Compliance/Inskiklikheid om te lees	
23	I read because I have to. Ek lees omdat ek moet.
34	I do as little schoolwork as possible in reading. Ek doen so min as moontlik leeshuiswerk.

TABEL 1: *MRQ* en vertaling daarvan in Afrikaans (*vervolg*)

36	Finishing every reading assignment is very important to me. Dit is vir my belangrik om elke leesopdrag af te handel.
46	I always try to finish my reading on time. Ek probeer altyd om my leestake betyds af te handel.
51	I always do my reading work exactly as the teacher wants it. Ek doen altyd my leeswerk presies soos die onderwyser dit graag wil hê.

4. MOONTLIKE VAARTBELYNING VAN DIE *MRQ* VIR SINVOLLE GEBRUIK TEN OPSIGTE VAN AFRIKAANSSPREKENDE ADOLESSENTE

Die eerste stap in die ondersoek na 'n moontlike vaartbelyningsproses van die *MRQ* behels 'n kritiese ondersoek van die 11-dimensie-model om moontlike tekortkominge en oortollighede uit te wys.

4.1 Beoordeling van die 11-dimensie-model van die *MRQ* binne die konteks van Afrikaanssprekende leerders in hoofstroomskole

Die Cronbach Alpha-koëffisiëntwaardes (0.71 tot 0.83) van tien van die leesmotiveringsdimensies, behalwe *Leesvermyding*, dui op 'n groot samehang tussen die items binne die elf dimensies. Die *CA*-waarde van *Leesvermyding* was egter 0.39 en uit die itemanalise het dit geblyk dat Item 24 'n 0.01-korrelasie met die totaalstelling van *Leesvermyding* getoon het; dit is daarom uitgehaal om die *CA*-waarde van *Leesvermyding* na 0.52 te verhoog. Hoewel die *CA*-waarde steeds laag was, is dit volgens Field (2005:668) realisties wanneer met diverse data gewerk word. Ook die interitem-korrelasiewaardes (0.26 tot 0.62 met waardes tussen 0.15 en 0.55 as norm) van al die dimensies dui daarop dat die items binne elke dimensie saamhang en dat daar daarom met gemiddelde waardes van elkeen van die dimensies gewerk kan word.

'n Ondersoek na die konstrugeldigheid van die 11-dimensie-model deur middel van 'n eksploratiewe faktoranalise het daarop gedui dat die items nuanses van minder as elf dimensies dra.

Die dimensies wat sterk na vore kom, is *Weetgierigheid*, *Leesbetrokkenheid*, *Leesbevoegdheid*, *Inskiklikheid* en sy teenpool *Leesvermyding*, maar nie een van hierdie groeperings sluit al die items in wat volgens die *MRQ* tot die bepaalde dimensies behoort nie. Daaruit kan afgelei word dat die respondente ander interpretasies aan hierdie *MRQ*-items gekoppel het as wat die opstellers van die *MRQ* bedoel het. Sewe van die elf items van die dimensies, *Kompetisie* en *Erkenning*, groepeer binne 'n gekombineerde dimensie. Daarteenoor vorm die items van *Sosiale redes* volgens die eksploratiewe faktoranalise twee groeperings ('n sterke en 'n swakke). Die items van *Uitdaging* vorm glad nie 'n groepering op hulle eie nie, maar ressorteer onder *Weetgierigheid* of onder *Leesbetrokkenheid*. *Belangrikheid* en *Punte* kom nie as selfstandige dimensies voor nie, maar hulle items versprei tussen die reeds genoemde dimensies.

Uit die voorafgaande beoordeling van die 11-dimensie-model op grond van die eksploratiewe faktoranalise blyk dit dat net sewe sterk leesmotiveringsdimensies onderskei word: *Leesvermyding*, *Kompetisie tydens en erkenning vir lees*, *Leesbevoegdheid*, *Weetgierigheid*, *Leesbetrokkenheid*, *Inskiklikheid* en *Sosiale redes*.

In 'n bevestigende faktoranalise van die 11-dimensie-model dui die hoë korrelasiewaardes ($r=0.60$ tot 0.93) tussen sommige van die elf dimensies daarop dat sodanige dimensies saamgevoeg kan word (slegs die korrelasie van *Leesvermyding* met die ander dimensies was nie statisties betekenisvol nie). Hierdie hoë korrelasies bevestig die resultate van die eksploratiewe faktoranalise waarvolgens die 53 items van die *MRQ* tot minder as elf leesmotiveringsdimensies behoort.

Soos uit die eksploratiewe faktoranalise het dit uit die korrelasiewaardes geblyk dat *Leesvermyding* 'n dimensie op sy eie is. *Leesvermyding* korreleer, soos 'n mens logieserwys sou kon verwag, matig negatief met die meeste ander dimensies omdat dit by *Leesvermyding* nie oor positiewe aspekte van leesmotivering handel nie (vergelyk korrelasies van -0.35 , -0.41 en -0.23 ten opsigte van onderskeidelik *Leesbevoegdheid*, *Uitdaging* en *Leesbetrokkenheid*).

Die hoë korrelasie tussen *Kompetisie* en *Erkenning* (0.93) bevestig die bevinding van die eksploratiewe faktoranalise dat hierdie twee dimensies gesamentlik een dimensie vorm, waarna die outeurs voortaan as *Kompetisie tydens en erkenning vir lees* gaan verwys.

Volgens die bevestigende faktoranalise korreleer *Uitdaging* baie sterk met drie ander dimensies: *Leesbevoegdheid* (**0.88**), *Weetgierigheid* (**0.88**) en *Leesbetrokkenheid* (**0.89**), terwyl die onderlinge korrelasies tussen hierdie drie dimensies merkbaar laer is. Uit die eksploratiewe faktoranalise het hierdie drie dimensies ook duidelik as afsonderlike dimensies na vore getree, maar nie die *MRQ* se dimensie *Uitdaging* nie.

Die feit dat *Punte* nie 'n afsonderlike dimensie vorm nie, blyk uit die hoë korrelasie (0.7 of hoër) tussen *Punte* en verreweg die meeste ander dimensies. Hierdie bevinding stem ooreen met die eksploratiewe faktoranalise.

Soos *Punte* korreleer *Inskiklikheid* met die meeste ander dimensies, maar hierdie korrelasie is matig (veel laer as 0.60) waaruit dit blyk dat *Inskiklikheid* tog 'n afsonderlike dimensie vorm. Dit word bevestig deur die eksploratiewe faktoranalise.

Sosiale redes korreleer volgens die bevestigende faktoranalise matig positief ($r=0.57$ tot 0.72) met nege ander dimensies en word ook as 'n selfstandige dimensie beskou. Uit die eksploratiewe faktoranalise het dit geblyk dat die items binne *Sosiale redes* binne twee dimensies groepeer. Die problematiese aard van hierdie dimensie word meegebring deur die feit dat die inhoud van sommige van die items nie binne die leefwêreld van die respondente pas nie (vergelyk Paragraaf 4.2).

Uit die feit dat *Belangrikheid* hoog korreleer met nege ander dimensies ($r=0.65$ tot 0.82), sou 'n mens kon aflei dat *Belangrikheid* nie 'n afsonderlike dimensie vorm nie. Volgens die eksploratiewe faktoranalise het dit ook nie 'n dimensie gevorm nie.

Daar bestaan dus baie sterk ooreenkoms tussen die sewe sterk dimensies wat uit die eksploratiewe faktoranalise blyk en dié wat oorbly wanneer die dimensies, wat sterk met mekaar korreleer, saamgevoeg word.

Hierdie bevinding ondersteun die moontlikheid van 'n vaartbelyning van die *MRQ* sonder om waardevolle inligting ten opsigte van die leesmotiveringsprofiel van die betrokke leerders in te boet.

4.2 'n Vaartbelynde *MRQ*

Die *MRQ* se items is ewekansig gerangskik, sonder verwysing na dimensies. Die respondente is dus nie bewus van die dimensie waarbinne 'n bepaalde item hoort nie, maar dui slegs op die Likertskaal aan in watter mate items by sy leesmotivering 'n rol speel.

'n Vaartbelyning van die *MRQ* is slegs moontlik as die aantal items op wetenskaplik gemotiveerde wyse verminder word en daarom is moontlike itemweglating, asook die uitwerking

daarvan op die groepering van die oorblywende items binne die dimensies, ondersoek. In dié proses is twaalf van die 53 items (Item 2, 3, 10, 11, 18, 24, 26, 27, 38, 39, 42 en 53) weggelaat en is die *MRQ* na 41 items verminder. Item 24 is reeds in die 11-dimensie-model van die *MRQ* weggelaat om binne daardie model 'n hoër *CA*-waarde as 0.50 vir die dimensie *Leesvermyding* te verseker en is daarom outomaties ook by die vaartbelynde *MRQ* weggelaat. Die drie oorwegings op grond waarvan hierdie items weggelaat is, word vervolgens bespreek.

'n Aantal items is weggelaat op grond van die feit dat die formuleringswyse van die items dit vir die respondente moeilik gemaak het om te verstaan waaroor die betrokke item handel. By Item 2 het die gebruik van die laefrekwensiewoord *vraagstukke* as vertaling vir die hoëfrekwensiewoord *questions* waarskynlik tot begripsvertoebeling gelei. Volgens die eksploratiewe faktoranalise het hierdie item boonop onder geeneen van die dimensies geressorteer nie. Op dieselfde wyse was die vertaling van *favorite subjects* (hoëfrekwensiewoorde) by Item 10 met *gunsteling-onderwerpe* (waarvan die eerste woorddeel waarskynlik 'n laefrekwensie het in 'n deursnee-adolesent se taalgebruik) 'n probleem. By Item 27, wat soos Item 10 volgens die eksploratiewe faktoranalise met baie lae beladings onder meer as een dimensie ressorteer, het die weglating van die woorde *I do* waarskynlik daartoe gelei dat die *aktiwiteite*, waarvan daar binne hierdie item sprake is, 'n te vae begrip was.

'n Aantal items (Item 3, 18, 38 en 53) is as deel van die vaartbelyningsproses weggelaat op grond daarvan dat die inhoud daarvan oor 'n afsonderlike leespunt handel, terwyl lees of leesbegrip binne die konteks van Suid-Afrikaanse hoofstroomskole as onderdeel van die totale vakpunt weerspieël word. Drie van hierdie items, naamlik Item 3, 38 en 53 vorm deel van die oorspronklike dimensie *Punte* wat, reeds soos in Paragraaf 4.1 verduidelik is, nie as 'n afsonderlike dimensie ervaar is nie. Ook uit die eksploratiewe faktoranalise het dit duidelik geblyk dat hierdie drie items onder geen dimensie van die *MRQ* tuishoort nie. Hulle word met baie lae beladingswaardes (<0.3) in die patroonmatriks met meer as een dimensie geassosieer. Die weglating van hierdie drie items word daarom enersyds gemotiveer deur die feit dat dit oor 'n begrip handel wat nie binne die konteks van Suid-Afrikaanse hoofstroomskole pas nie en andersyds omdat die dimensie waarin hulle geplaas was, in sy geheel verval en omdat hierdie items van die begin af deur die respondente, weliswaar met lae beladingswaardes, met meer as een dimensie geassosieer is. Item 18 is een van vyf items onder *Erkennung* en het ook 'n lae regressie-koëffisiënt (0.46) en het boonop 'n dubbel-slagtige aard in die sin dat dit nuanses van twee dimensies, naamlik *Sosiale redes* en *Erkennung*, weerspieël.

Die derde oorweging vir die weglating van sekere items is die feit dat hulle nie binne die lewenswêreld van adolessente pas nie. Item 11 verwys byvoorbeeld na 'n besoek aan die biblioteek saam met 'n gesinslid, Item 26 en 42 na die voorlees van gedeeltes aan gesinslede en Item 39 na hulpverlening aan vriende ten opsigte van leeswerk wat almal handel oor sosiale situasies waarmee die respondente nie kon identifiseer nie. Op die vierpunt-Likertskaal het al vier hierdie items lae gemiddelde waardes (1.73 tot 2.16) en meer as 80% van die respondente het aangedui dat Item 11, 26 en 42 *glad nie of baie min* en bykans 70% dat Item 39 nie op hulle van toepassing is nie.

Die ideaal sou wees om hierdie vaartbelynde *MRQ* (41 items) op nuwe data uit verskillende kontekste te toets, maar weens praktiese tyds- en koste-implikasies is die bestaande datastel van 806 respondente ewekansig in twee datastelle verdeel. 'n Eksploratiewe faktoranalise is op die eerste datastel van 490 respondente uitgevoer om te bepaal of vyf, ses of sewe dimensies die beste groepering van die 41 items binne bepaalde dimensies bied. Die items het die beste binne sewe dimensies gegroepeer. Die resultaat daarvan word in die patroonmatriks hieronder in Tabel 2 weergegee.

TABEL 2: Patroonmatriks van die sewe leesmotiveringsdimensies van die vaartbelynde *MRQ*

Item	Itemomskrywing	Dimensies volgens oorspronklike <i>MRQ</i>	Leesmotiveringsdimensies in (Suid-)Afrikaanse konteks							
			1 <i>Leesbetrokkenheid</i>	2 <i>Kompetisie tydens erkenning vir lees</i>	3 <i>Lees- of taakvermyding</i>	4 <i>Sosiale redes vir lees</i>	5 <i>Weegterigheid oor lees</i>	6 <i>Inskiktheid om te lees</i>	7 <i>Leesveeagtheid</i>	
22	Ek lees stories oor fantasieë en verbeeldingsvlugte (nie werklike gebeure nie).	<i>Leesbetrokkenheid</i>	.789							
12	Ek sien die verhaal in my verbeelding wanneer ek 'n boek lees.		.663							
33	Ek lees avontuurverhale.		.658							
6	Ek hou van 'n lang storie waarmee ek kan identifiseer.	<i>Leesbetrokkenheid</i>	.631							
30	Ek hou van verhale wat op die geheimsinnige (raaiselagtige) fokus.		.615							
8	Ek gee nie om om 'n moeilike boek te lees nie, solank dit net interessant is.	<i>Uitdagging</i>	.527							
35	Dit voel of ek vriende maak met die karakters in goeie boeke.	<i>Leesbetrokkenheid</i>	.511			.300				
5	Ek hou van moeilike, uitdagende boeke.	<i>Uitdagging</i>	.482							
43	Ek hou daarvan om komplimente vir my leesvermoë te kry.	<i>Erkenning</i>		.756						
1	Ek hou daarvan om die beste in die klas te lees.	<i>Kompetisie</i>		.661						
28	Ek hou daarvan as die onderwyser my prys vir my goeie leesvermoë.	<i>Erkenning</i>		.643						
50	Ek sien daarna uit om te weet wat my leesbegripstoets se punt is.	<i>Punte</i>		.630						
44	Dit is vir my belangrik om 'n toekennings as 'goeieleser' te ontvang.	<i>Kompetisie</i>		.630						
47	Ek is gelukkig wanneer iemand my erkenning vir my leeswerk gee.	<i>Erkenning</i>		.580						
41	Ek wil beter as my vriende lees al verg dit harde werk.	<i>Kompetisie</i>		.547						
9	Ek probeer om meer antwoorde in leesbegripstoets as my vriende korrek te hê.		.541			.291				
49	Ek hou daarvan om die enigste een te wees wat 'n antwoord ken oor iets wat ons gelees het.		.526							
52	Ek hou daarvan om my leeswerk voor die ander leerders te voltooi.	<i>Belangrikheid</i>		.489						
17	Dit is vir my belangrik om 'n goeie leser te wees.		.334							.281

Die sterk groepering van bepaalde items binne bepaalde dimensies blyk duidelik uit hierdie tabel. Hoewel sommige van die items beladings op meer as een dimensie het, is die items gegroepeer waar die interpreteerbaarheid die beste was. Die enigste items wat nie duidelik onder een van die sewe dimensies ressorteer nie, is Item 17 en 21 maar wanneer 'n eksploratiewe faktoranalise op die volle datastel uitgevoer word, pas hierdie items onder *Kompetisie tydens en erkenning vir lees* en *Weetgierigheid* onderskeidelik. 'n Eksploratiewe faktoranalise ten opsigte van vyf en ses dimensies onderskeidelik het 'n merkbaar swakker groepering van die 41 items binne bepaalde dimensies opgelewer waaruit afgelei kan word dat die 7-dimensie-model van die vaartbelynde *MRQ* waarskynlik die mees bruikbare meetinstrument binne die konteks van Afrikaanssprekende leerders in hoofstroomskole is.

Om die konstruegeldigheid van die vaartbelynde *MRQ* te verifieer is 'n bevestigende faktoranalise op die oorblywende datastel van 316 respondente uitgevoer. Passingsmaatstawwe, gestandaardiseerde regressie-koëffisiënte sowel as die mate van korrelasie tussen dimensies is vir hierdie doel bereken.

Uit die passingsmaatstawwe wat in Tabel 3 verskyn, blyk dit dat 'n leesmotiveringsvraelys met sewe dimensies die beste aan die voorgeskrewe passingsmaatstawwe voldoen en daarom voorgestel kan word as 'n geldige meetinstrument om Afrikaanssprekende adolessente lesers se leesmotivering binne die (Suid-)Afrikaanse konteks te toets.

TABEL 3: Passingsmaatstawwe vir vaartbelynde *MRQ*

	X²/DF CMIN/DF	CFI	RMSEA	AIC Akaike se inligtings- kriteria
Model met 5 latente veranderlikes	2.517	0.783	0.069	2 201.570
Model met 6 latente veranderlikes	2.305	0.815	0.064	2 036.709
Model met 7 latente veranderlikes	2.055	0.852	0.057	1 845.403
Passingsnorm	Kleinste, so naby as moontlik aan 2	Groter as 0.9	Kleinste <0.06	Kleinste waarde die beste

In ooreenstemming met die eksploratiewe faktoranalise waaruit geblyk het dat 'n 5- of 6-dimensie-model tot minder gunstige groeperinge van items binne die dimensies lei, blyk dit ook uit die passingsmaatstawwe van 'n model met vyf, ses of sewe latente veranderlikes dat die 7-dimensie-model die beste passingsmaatstawwe het en dat dit daarom binne die (Suid-)Afrikaanse konteks die mees geskikte model sal wees.

Die sinvolheid van die vaartbelynde 7-dimensie-model van die *MRQ* word ook deur die gestandaardiseerde regressie-koëffisiënte van die 41 items bevestig. Uit hierdie resultate (almal statisties betekenisvol) waarvan die waardes so na as moontlik aan 1.0 behoort te wees, blyk dit dat slegs Item 29 en 40 waardes onder 0.4 het. Hierdie twee items sou waarskynlik op grond hiervan in 'n verdere verfyning van die vraelys weggelaat of herformuleer kon word. By Item 29 is dit waarskynlik die woord *stokperdjies* wat nie meer 'n algemeen-gebruiklike woord onder adolessente is nie en by Item 40 die vertaling van *people in a story* met *karakters* (nie *mense* nie)

wat die onsekerheid meebring. In beide gevalle word die dimensies waaronder hierdie items ressorteer, sterk genoeg deur heelwat ander items verteenwoordig.

'n Laaste bevestiging van die konstrugeldigheid van die 7-dimensie-model van die *MRQ* is 'n analise van die mate van korrelasie wat daar tussen hierdie sewe dimensies bestaan. Die korrelasie tussen *Leesvermyding* en *Kompetisie* asook tussen *Leesvermyding* en *Inskiklikheid* is, soos ook in die 11-dimensie-model, nie statisties betekenisvol nie. *Leesvermyding* het, soos in die 11-dimensie-model, medium negatiewe korrelasies (-0.33 tot -0.55) met die ander dimensies.

TABEL 4: Korrelasies tussen die sewe dimensies van die vaartbelynde model

			Korrelasies (r)
<i>Leesbevoegdheid</i>	↔	<i>Weetgierigheid</i>	.801
<i>Leesbevoegdheid</i>	↔	<i>Leesbetrokkenheid</i>	.747
<i>Leesbevoegdheid</i>	↔	<i>Leesvermyding</i>	-.404
<i>Leesbevoegdheid</i>	↔	<i>Kompetisie</i>	.640
<i>Leesbevoegdheid</i>	↔	<i>Sosiale redes</i>	.615
<i>Inskiklikheid</i>	↔	<i>Leesbevoegdheid</i>	.557
<i>Weetgierigheid</i>	↔	<i>Leesbetrokkenheid</i>	.799
<i>Weetgierigheid</i>	↔	<i>Kompetisie</i>	.579
<i>Weetgierigheid</i>	↔	<i>Sosiale redes</i>	.587
<i>Inskiklikheid</i>	↔	<i>Weetgierigheid</i>	.571
<i>Leesbetrokkenheid</i>	↔	<i>Leesvermyding</i>	-.551
<i>Leesbetrokkenheid</i>	↔	<i>Kompetisie</i>	.423
<i>Leesbetrokkenheid</i>	↔	<i>Sosiale rede</i>	.755
<i>Inskiklikheid</i>	↔	<i>Leesbetrokkenheid</i>	.518
<i>Kompetisie</i>	↔	<i>Sosiale redes</i>	.463
<i>Inskiklikheid</i>	↔	<i>Kompetisie</i>	.573
<i>Inskiklikheid</i>	↔	<i>Sosiale redes</i>	.498
<i>Leesvermyding</i>	↔	<i>Kompetisie</i>	.052
<i>Leesvermyding</i>	↔	<i>Sosiale redes</i>	-.328
<i>Inskiklikheid</i>	↔	<i>Leesvermyding</i>	-.082
<i>Weetgierigheid</i>	↔	<i>Leesvermyding</i>	-.356

Op grond van die feit dat daar nou net ten opsigte van een dimensie, naamlik *Leesbetrokkenheid*, hoë korrelasies met ander dimensies bestaan ($r = 0.75$ tot 0.80), is die 7-dimensie-model 'n beter model as die 11-dimensie-model. Die ander ses dimensies vorm duidelik afsonderlike dimensies wat hoogstens medium korrelasies ($r = 0.05$ tot 0.58) met mekaar het.

Die voorgestelde vaartbelynde 7-dimensie-model van die *MRQ* word dus deur die resultate van die eksploratiewe faktoranalise, wat op die eerste datastel uitgevoer is, sowel as deur die resultate van die bevestigende faktoranalise, wat op die tweede datastel uitgevoer is, ondersteun.

Ook die Cronbach Alpha-waardes, wat op die totale datastel (41 items, 806 respondente) betrekking het, bevestig die sinvolheid van die 7-dimensie-model as 'n geldige meetinstrument binne die konteks van Afrikaanssprekende adolessente in hoofstroomonderwys.

Die *CA*-koëffisiëntwaardes van ses van die sewe dimensies lê tussen 0.70 en 0.88 wat op 'n hoë mate van samehang tussen die items binne elkeen van hierdie dimensies dui en op grond daarvan kan ses van die sewe dimensies van die vaartbelynde *MRQ* as betroubaar geag word. Ook die betreklik hoë gemiddelde interitem-korrelasiewaardes (0.32 tot 0.45) van die items binne hierdie dimensies dui op 'n hoë mate van samehang. *Leesvermyding*, waarbinne Item 23 nou ressorteer, het binne die 7-dimensie-model 'n hoër *CA*-waarde (0.58) as binne die 11-dimensie-model (0.52) wat beteken dat hierdie dimensie nou 'n hoër mate van konstrugeldigheid het. Hierdie feit word ook deur die gemiddelde interitem-korrelasiewaarde (0.26) van die items binne hierdie dimensie ondersteun.

4.3 Dieselfde leesmotiveringsprofiel met 'n meer vaartbelynde *MRQ*?

Die praktyk sal die beste leermeester wees wat die sinvolheid en bruikbaarheid van die voorgestelde meer vaartbelynde 7-dimensie-model van die *MRQ* betref. Eers nadat die voorgestelde *MRQ* verskeie kere in verskillende kontekste gebruik is om die leesmotiveringsprofiel van bepaalde groepe leerders saam te stel, sal op wetenskaplik gefundeerde wyse oor die geldigheid en betroubaarheid daarvan as meetinstrument geoordeel kan word. Ondertussen is die beste toets wat aangelê kan word die interpretasie van die oorspronklike data gemeet aan die meer vaartbelynde *MRQ* met sy 41 items en sewe leesmotiveringsdimensies om vas te stel of dit lei tot dieselfde leesmotiveringsprofiel van die betrokke leerders. Vir hierdie doel is die gemiddelde Likertskaalwaardes van die dimensies binne die ou en nuwe groeperings van die items binne die dimensies met mekaar vergelyk om vas te stel of dit volgens Cohen se *d*-waardes prakties beduidend verskil (vergeelyk Tabel 5). Al hierdie *d*-waardes is kleiner as 0.20 wat op nie-betekenisvolle verskille dui.

TABEL 5: Vergelyking van die 7-dimensie-model met die 11-dimensie-model

Leesmotiveringsdimensies	CA-waardes	Gemiddelde Likertskaal-waarde		Effek-grootte <i>d</i> -waarde	Standaard-afwyking
		11-dimensie-model	7-dimensie-model		
<i>Leesbetrokkenheid</i>	.865	2.63	2.63	0.01	.72
<i>Kompetisie tydens en erkenning vir lees</i>	.875	2.42	2.49	0.10	.67
<i>Lees- of taakvermyding</i>	.581	2.14	2.15	0.01	.65
<i>Sosiale redes</i>	.700	1.97	2.13	0.20	.79
<i>Weetgierigheid</i>	.764	2.59	2.58	0.05	.60
<i>Inskiklikheid</i>	.713	2.62	2.62	0.00	.67
<i>Leesbevoegdheid</i>	.802	2.67	2.57	0.14	.67

Op grond hiervan kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die nuwe dimensies ten opsigte van die gemiddelde Likertskaal-waardes daarvan in 'n heel geringe mate van die oorspronklike dimensies s'n verskil. Hieruit volg logieserwys dat die verkorte *MRQ* dieselfde leesmotiverings-profiel oplewer as die veel langer *MRQ*.

5. GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

Tydens die interpretasie van die data volgens die oorspronklike én vaartbelynde *MRQ* het dit duidelik geword dat oorsese vraelyste van hierdie aard met versigtigheid vir Afrikaanssprekende leerders in hoofstroomskole gebruik moet word, omdat kontekssensitiewe items binne die nuwe konteks maklik deur die respondente op 'n ander wyse as wat die bedoeling van die opstellers was, geïnterpreteer kan word. Des te meer moet versigtigheid aan die dag gelê word wanneer vraelyste vertaal word om te verseker dat die presiese bedoeling van die oorspronklike vraelys behoue bly.

Hoewel die outeurs van die begin af probeer het om die *MRQ* op 'n kontekssensitiewe manier te vertaal, het dit uit die resultate van die studie geblyk dat sake soos (i) die feit dat daar in Suid-Afrika nie afsonderlike lees punte aan leerders toegeken word nie en (ii) die feit dat adolessente lesers nie meer vir hulle ouers of ander gesinslede voorlees nie, aanleiding gegee het tot 'n vertroebeling van die faktorpatroon.

In die artikel is breedvoerig aangetoon dat die respondente die items binne die 11-dimensie-model van die *MRQ* eintlik geïnterpreteer het as behorende tot slegs sewe duidelike dimensies. Binne die meer vaartbelynde model groepeer die oorblywende 41 items selfs nog beter binne sewe dimensies. Dit beteken dat indien die vaartbelynde model as meetinstrument gebruik sou word en die response van die leerders deur die navorsers as behorende tot slegs sewe dimensies geïnterpreteer sou word, daar 'n sterk samehang sal wees tussen die bedoeling van die respondente en die interpretasie van die navorsers.

'n Belangrike argument ter bevestiging van die sinvolheid van die 7-dimensie-model is die feit dat die leesmotiveringsprofiel van die betrokke respondente binne die 7-dimensie-model nie prakties betekenisvol van die leesmotiveringsprofiel binne die oorspronklike *MRQ* verskil nie. Die lae leesmotiveringsvlakke van die betrokke adolessente lesers spreek steeds duidelik uit die betreklik lae gemiddelde Likertskaal-waardes van die verskillende dimensies (vergelyk Tabel 5).

In hierdie artikel is die geldigheid en sinvolheid van die vaartbelynde *MRQ* as meetinstrument statisties bewys ten opsigte van die betrokke graad 9-leerders, maar dit moet nou in hoofstroomskole in ander skooldistrikte en provinsies, wat Afrikaans Huistaal as vak aanbied, getoets word en die resultate daarvan krities beoordeel word sodat vasgestel kan word of verdere verfyning vereis word.

In die reeds genoemde 2012-studie is die *MRQ* sáám met 'n kort vraelysie oor die respondente se leesgewoontes en -voorkeure gebruik en uit die data hiérvan het dit geblyk dat die onderwyser 'n veel groter rol in die leesmotivering van die leerders speel as hulle ouers en selfs portuurgroepe. Hierdie belangrike feit kom nie uit die *MRQ* na vore nie; daarom beveel die outeurs aan dat navorsers of onderwysers 'n kort vraelysie oor die respondente se ouderdom, geslag, die belangrikste rolspeler in hulle leesmotivering, sowel as hulle leesvoorkeure en -gewoontes saam met die *MRQ* moet gebruik, omdat die konteks waarbinne die *MRQ* geïnterpreteer moet word, op dié wyse beter toegelig word. 'n Kombinasie van die resultate van 'n kwantitatiewe én kwalitatiewe ondersoek sal dit moontlik maak om 'n duideliker leesmotiveringsprofiel van die betrokke leerders saam te stel.

BIBLIOGRAFIE

- Baker, L. & Wigfield, A. 1999. Dimensions of children's motivation for reading and their relations to reading activity and reading achievement. *Reading research quarterly*, 34:452-477.
- Cox, K.E. & Guthrie, J.T. 2001. Motivational and cognitive contributions to students' amount of reading. *Contemporary Educational Psychology*, 26:116-131.
- Field, A. 2005. *Discovering statistics using SPSS*. London: Sage Publications.
- Guthrie, J.T., Wigfield, A. & Von Secker, C. 2000. Effects of integrated instruction on motivation and strategy in reading. *Journal of Educational Psychology*, 92:331-341.
- Guthrie, J.T., Wigfield, A., Humenick, N.M., Perencevick, K.C., Taboada, A. & Barbosa, P. 2006. Influences of stimulating tasks on reading motivation and comprehension. *Journal of educational research*, 99:232-245.
- Guthrie, J.T., Wigfield, A., Metsala, J.L. & Cox, K.E. 1999. Motivational and cognitive predictors of text comprehension and reading amount. *Scientific studies of reading*, 3:231-256.
- Law, Y.K. 2009. The role of attribution beliefs, motivation and strategy use in Chinese fifth-graders' reading comprehension. *Educational research*, 51:77-95.
- Unrau, N. & Schlakman, J. 2006. Motivation and its relationship with reading achievement in an urban middle school. *Journal of educational research*, 100:81-101.
- Vos, J.E. 2014. 'n Leesmotiveringsprofiel van en 'n -raamwerk vir Afrikaanssprekende adolessentelesers. Potchefstroom: NWU (Proefskrif – PhD).
- Wang, J.H. & Guthrie, J.T. 2004. Modeling the effects of intrinsic motivation, extrinsic motivation, amount of reading, and past reading achievement on text comprehension between U.S. and Chinese students. *Reading research quarterly*, 39:162-186.
- Wigfield, A. & Guthrie, J.T. 1995. Dimensions of children's motivations for reading: an initial study Athens, Ga: NRRC, Universities of Georgia and Maryland College Park. (Reading Research Report No. 34.)
- Wigfield, A. & Guthrie, J.T. 1997. Relations of children's motivation for reading to the amount and breadth of their reading. *Journal of educational psychology*, 89:420-432.
- Wigfield, A., Wilde, K., Baker, L., Fernandez-Fein, S. & Scher, D. 1996. The nature of children's motivations for reading, and their relations to reading frequency and reading performance. *Reading Research Rep.*, No. 63. Athens, GA: National Reading Research Center, University of Georgia and University of Maryland.

Die rolpersepsies van opvoedkundige tolke in Suid-Afrika¹

The role perceptions of educational interpreters in South Africa

HERCULENE KOTZÉ

Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
E-pos: Herculene.Kotze@nwu.ac.za



Herculene Kotzé

HERCULENE KOTZÉ het haar BA (Taalpraktyk) en MA (Taalpraktyk: Tolking) onderskeidelik in 2003 en 2006 aan die Universiteit van die Vrystaat voltooi. Gedurende daardie tydperk het sy by dieselfde instelling as navorsingsassistent en institusionele tolk gewerk. Sy aanvaar in 2006 'n pos as navorser en institusionele tolk by die Noordwes-Universiteit en registreer en werk vir die Institusionele Taal-direktoraat tot 2009. Gedurende 2009 aanvaar sy 'n pos by die Universiteit van Pretoria en werk daar as senior taalpraktisyn tot 2012. Sy keer egter in 2012 terug na die Noordwes-Universiteit as dosent en is tans 'n senior lektor in Vertaalkunde en Tolkstudie.

HERCULENE KOTZÉ completed her BA (Language Practice) and MA (Language Practice: Interpreting) in 2003 and 2006 respectively at the University of the Free State. During that time she worked as a research assistant and institutional interpreter at the same institution. She accepted a position as researcher and institutional interpreter at the North-West University in 2006, where she registered for a PhD and worked in the Institutional Language Directorate until 2009. From 2009 to 2012 she was employed by the University of Pretoria as a senior language practitioner. She returned to the North-West University as lecturer in 2012 and is currently senior lecturer in Translation and Interpreting Studies.

ABSTRACT

The role perceptions of educational interpreters in South Africa

The aim of this article is to report on one aspect of a study which investigated the role of the educational interpreter. The study attempted, among other things, to determine what the role perceptions of educational interpreters are. The findings of the study pointed to a discrepancy between interpreters' perceived "correct" role and what takes place in reality, as discussed by Kotzé (2012; 2014:127-145). This current article revisits the qualitative data, and specifically attempts to identify themes relating to the role fulfilment of educational interpreters. This is done in order to determine why educational interpreters make specific role-fulfilment choices.

¹ Die artikel is gedeeltelik gebaseer op data wat tydens 'n doktorsale studie ingewin is. Ek bedank en erken in hierdie verband Prof Marlene Verhoef vir haar akademiese leiding en vakkundigheid.

The data consists of 188 minutes of recordings made during interviews and/or focus group discussions which took place during 2009. The chosen data collection method was based on availability sampling, because it simplifies the data collection process and respondents are more easily accessible (Babbie & Mouton 2014:166; Maree ed. 2010:177).

The qualitative methods which were used, included observations, structured interviews and focus group discussions (Creswell 2009:150). While observation was used in each case (Creswell 2014:219; Maree ed. 2010:263), a choice was made between a structured interview and focus group discussions, and iterations were followed until data saturation was achieved.

Based on the findings and discussion of data, three key issues are evident. The first is that Niska's role pyramid for community interpreting (2002:137-138) and Kotzé's call for a more dynamic role model for educational interpreting (2014:141) are confirmed and motivated. It cannot be expected of the educational interpreter to commit to only one role description, but the interpreter should be given room to fulfil many role descriptions – even within the same interpreting event. These findings also reiterate the necessity of a more dynamic role model: the educational interpreter must be allowed to utilise specific tools in order to successfully cope with the challenges of educational interpreting.

The second finding is that the educational interpreter's role is influenced by his position in relation to the other role players in the communication triad. The reason for this is that issues such as body language, relationships that have developed among the parties in the interpreting event, and the interpreter's sense of responsibility (Olivier 2008:110) all come into play. The educational interpreter finds himself in a situation which necessarily leads to communication with the users of the service inside (by means of body language during an interpreting event) and outside each interpreting event. There are indications that as a result of these relationships, the interpreter may feel increasingly responsible for the users, more so than is normally expected of an interpreter. In turn, this points to an expansion in the role of the educational interpreter, as can clearly be seen when educational interpreters fulfil a more facilitative role – something which is not supported as part of conventional interpreting practices.

Lastly, it seems as though educational interpreters are still trained to view the well-known "channel" role as directional. In essence, the channel role can be employed successfully to achieve an accurate interpreting product. However, it appears that when this role is applied prescriptively, it can be perceived by educational interpreters as too limiting and it can even create uncertainty in terms of role fulfilment.

KEYWORDS: Translation, interpreting, interpreter, educational interpreter, educational interpreting, role fulfilment, role models, role perceptions

TREFWOORDE: Vertaling, tolking, tolk, opvoedkundige tolking, opvoedkundige tolk, rolvervulling, rolmodelle, rolpersepsies

OPSOMMING

In hierdie artikel word verslag gelewer oor 'n gedeelte van 'n studie wat die rol van die opvoedkundige tolk ondersoek het (Kotze 2012; 2014). Die studie het onder meer bevind dat daar 'n teenstrydigheid bestaan tussen normatief-korrekte rolvervulling en die werklike rolvervulling van opvoedkundige tolke. Die onderhawige artikel het spesifiek ten doel om vas te stel wat die rede(s) vir hierdie teenstrydigheid is. Dit word gedoen deur die ontleding van kwalitatiewe data wat ondersoek ingestel het na die rolpersepsies van opvoedkundige tolke. Die data is ondersoek vir temas wat verband hou met die rolvervulling van opvoedkundige tolke, om vas te stel *waarom* opvoedkundige tolke spesifieke rolvervullingskeuses maak.

Drie afleidings word uit hierdie ondersoek gemaak: Die eerste is dat Niska (2002:137-138) se

rolpiramiede vir gemeenskapstolking en Kotzé (2014:141) se betoog om 'n meer dinamiese rolmodel vir opvoedkundige tolking bevestig en ook gemotiveer word. Tweedens word die rolkeuse van die opvoedkundige tolk beïnvloed deur die nabyheid (“proximity”) van die kommunikasiegenote binne die tolkeleentheid, omdat daar faktore betrokke is soos lyftaal, verhoudings wat ontwikkel tussen die partye in die tolsituasie, en die opvoedkundige tolk se verantwoordelikhedsin (Olivier 2008:110). Dertens blyk dit dat tolke steeds opgelei word om die kanaalrol as rigtinggewend te beskou. Dit wil voorkom asof die kanaalrol – wanneer dit voorskrytelik aanbeveel word – deur die opvoedkundige tolk as te beperkend ervaar kan word en dat dit selfs verwarring kan veroorsaak. Daar word dus aangevoer dat die opvoedkundige tolk, vanweë die uniekheid van sy tolsituasie, eerder 'n meer dinamiese rolmodel (soos voorgestel deur Kotzé 2014:127-145) geleer behoort te word, om die uitdagings van opvoedkundige tolking sodoende beter die hoof te bied.

1. AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

In 'n vroeëre, verwante artikel (Kotzé 2014:127-145) is die kwessie rondom *rolvervulling* van tolke binne die konteks van opvoedkundige tolking ondersoek op grond van 'n breedvoerige studie (Kotzé 2012) oor die rol van die opvoedkundige tolk. Die begrip *opvoedkundige tolking* verwys na simultane tolking wat plaasvind binne 'n opvoedkundige omgewing (waar onderrig en leer geskied). In hierdie opsig verwys *tolking* na die simultane gesproke oordrag van een taal na 'n ander; in teenstelling met *vertaling*, wat verwys na die geskrewe oordrag van een taal na 'n ander.

Kotzé (2014:141) het onder meer bevind dat die sosiale omgewing waarin opvoedkundige tolking plaasvind, vereis dat die opvoedkundige tolk nie slegs as onbetrokke masjien beskou kan word nie. Hierdie bevinding stem ooreen met Tate en Turner se siening dat die tolk nie 'n blote masjien of kanaal is nie (Tate & Turner 1997/2002:374). Die sosiale aard van tolking (en in hierdie opsig opvoedkundige tolking) vereis 'n meer dinamiese rolmodel; een wat veranderend van aard is en “duidelike en praktiese riglyne” aan die opvoedkundige tolk bied (Kotzé 2014:141). Dergelike riglyne hou verband met die tolkoptrede wat van die tolk verwag word, en ook watter optrede aanvaarbaar is binne die konteks van opvoedkundige tolking – daar word hierna verwys as die rolafstand tussen normatiewe gedrag en rolgedrag, soos onderskeidelik bestudeer en bespreek deur Toury (2000) en Shlesinger (1999). Die voorgestelde model lyk soos volg:

Normatiewe gedrag	Rolafstand	Rolgedrag
<ul style="list-style-type: none"> • Toury (2000:198) se voorlopige norme en Shlesinger (1999:65-77) se verwagtings-norme • Institusionele verwagtinge (gebruikers, tolke en instelling se verwagtinge) 	<p>Dit is die dinamiese ruimte tussen normatiewe gedrag en rolgedrag en is situasiegebonde. Die volgende parameters geld, en in die tolk se volgehoue poging om pragmatiese ekwivalensie te verseker, word die sosiale onderrigkonteks soos volg ingespan:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Voortgaande kommunikasie tussen onderrigpersoneel en tolk is belangrik. • Onderlinge kommunikasie tussen genote in die kommunikasiedriehoek is noodsaaklik. • Dit is toelaatbaar dat 'n tolk by geleentheid die lesing onderbreek vir meer inligting en terme. • Die tolk, selfs 'n vakkundige tolk, mag geensins by die inhoud van 'n lesing betrokke raak nie. • Die tolk het geen verpligting ten opsigte van die voorsiening van lesingverwante inligting buite die tolkeleentheid nie. 	<ul style="list-style-type: none"> • Toury (2000:198) se operasionele norme en Shlesinger (1999:65-77) se uitvoerings-norme • Werklike tolkoptrede in die lesinglokaal

Figuur 1: Kotzé se rolmodel vir opvoedkundige tolking (Kotzé 2012:157)


Kotzé (2012:96-99) voer verder aan dat opvoedkundige tolke teenstrydige persepsies van hulle rol het ten opsigte van watter tolkoptrede as korrek (volgens aanvaarde norme) beskou word en die rol wat hulle kies om te vervul wanneer hulle as tolke optree. Daar is naamlik 'n verskil tussen dit wat van opvoedkundige tolke se tolkoptrede verwag word en tolke se persepsies oor wat die werklikheid van die opvoedkundige tolkomgewing behels. Angelelli (2003:16) wys daarop dat min navorsing tot op hede uitgevoer is spesifiek oor die persepsies wat tolke oor hul rol en rolverwante sake het. Hierdie waarneming hou verband met Anderson (2002:209) se siening dat persepsies 'n invloed kan uitoefen op rolvervulling, asook Angelelli (2004a:71) se waarneming dat verskillende tolktipes in verband gebring kan word met verskillende benaderings tot die rol van die tolk. Hierdie artikel het spesifiek ten doel om vas te stel wat die rede(s) vir die teenstrydigheid is.

2. DIE ROL VAN DIE OPVOEDKUNDIGE TOLK

Kotzé (2014:85-86) bevind dat opvoedkundige tolking unieke uitdagings bied wat nie deur bestaande rolmodelle ondervang word nie en wat 'n meer dinamiese rolmodel vereis. Hierdie bevinding bevestig Mullamaa (2009:58) se waarneming dat daar 'n behoefte aan 'n meer dinamiese rolmodel ten opsigte van tolking bestaan, maar sluit ook aan by Niska (2002:137-8) se rolpiramiedemodel wat wys hoe die tolk, na gelang van die werklike tolksituasie, binne 'n piramide van betrokkenheid beweeg. Niska (2002:134) betoog dat tolke se vermoëns oorhoofs geklassifiseer behoort te word volgens sosiokulturele, linguïstiese en kognitiewe vaardighede, maar dat die tolkproses en -produk skade kan ly indien daar nie ook voldoende aandag gegee word aan die makro-konteks waarbinne die tolking geskied nie. Niska (2002:137-8) meen dat die rol wat die tolk vervul, slegs verstaan kan word indien daar sprake is van 'n verskeidenheid rolfunksies op 'n kontinuum.

Die verskillende rolle wat Niska (2012:137-138) identifiseer, word in Figuur 2 geskematiseer en word vervolgens kortliks uiteengesit.

1. Kanaal (*conduit*) = Die kanaalrol beteken dat “slegs tolking” gedoen word – die tolk poog met ander woorde om so na as moontlik aan die oorspronklike teks te bly. Dit is volgens Niska (2002:137-18) die mees basiese vlak waarop die tolk in die meerderheid van sy aktiewe tolktyd funksioneer en dit behels dat die opvoedkundige tolk slegs tolk wat die dosent/onderwyser sê, sonder om enigiets by te voeg of weg te laat.
2. Verduideliker (*clarifier*) = Die verduidelikerrol behels dat die tolk die oorspronklike boodskap “meer toeganklik” maak en dit kan onder meer die verduideliking van tegniese of kultuurspesifieke konsepte of terme behels.
3. Kultuurbemiddelaar (*culture broker*) = Die kultuurbemiddelaarrol is selfs meer betrokke as die rol van die verduideliker, omdat die tolk aktief verseker dat kulturele grense effektief oorbrug word. Binne die opvoedkundige tolkomgewing behels hierdie rol byvoorbeeld dat 'n lesing onderbreek word sodat die tolk 'n kultuurgebonde konsep kan omskryf, ten einde te verseker dat die luisteraar die boodskap kan verteer, en dat 'n misverstand sodoende voorkom word.
4. Voorspraak (*advocate*) = Die voorspraakrol is die mees aktiewe en betrokke rol en behels dat 'n tolk binne en buite die tolkeleentheid namens die gebruiker sal optree. 'n Opvoedkundige tolk sou namens 'n student optree indien die tolk sou voel dat die gebruiker te na gekom is, byvoorbeeld as gevolg van rassisme.




Figuur 2: *Niska se rolpiramiede (2002:137-8) (rigtingaanwysers deur outeur bygevoeg)*


Niska (2002:137-8) voer aan dat die gemeenskapstolk die meeste van sy tolktyd as 'n kanaal optree, maar dat dit in sommige gevalle nodig is om binne 'n spektrum van betrokkenheid tussen die vier verskillende rolle te beweeg, afhangend van die situasie. Die piramiedevorm wat Niska hier gebruik, hou gevolglik baie meer in as 'n blote vergestaltung van die verskillende rolle wat volgens Niska binne enige tolkeleentheid aanwesig is. Dit dui ook daarop dat die vlakke van betrokkenheid gekoppel word aan die werklike mate waarin die tolk daardie rol vervul. Dit begin op die onderste vlak (wat in ooreenstemming met die vorm van die piramiede die vlak is waarop die tolk die meeste optree) en vorder tot heel bo (die vlak waarop die tolk in 'n mindere mate optree).

Met Niska se rolpiramiede as vertrekpunt, het Kotzé (2012) ondersoek ingestel na die rol van die opvoedkundige tolk en data ingewin oor onder meer opvoedkundige tolke se persepsies oor die rol wat hulle vervul. Omdat persepsies rigtinggewend kan wees vir rolbenadering (Angelelli 2003:16), was dit van belang om opvoedkundige tolke se persepsies oor hul rol te bepaal. Om vas te stel wat opvoedkundige tolke se persepsies is oor a) die korrekte rol om te vervul (volgens aanvaarde norme) en b) die werklike rol wat hulle tydens hul tolkaktiwiteit vervul, is respondente deur middel van 'n vraelys² gevra om 'n keuse uit te oefen rakende rolvervulling op grond van Niska se rolpiramiede (Kotzé 2012:97). Die response word in Figuur 3 en Figuur 4 uitgebeeld:

² Die vraelys waarna verwys word, is gebruik om die groter studie (Kotzé 2012) se data in te samel en kan by die outeur aangevra word.



Figuur 3: Respondente se verwagte korrekte rolkeuses gebaseer op Niska (2002:137-138) se rolpiramide (Kotzé 2012:97)



Figuur 4: Respondente se werklike rolkeuses gebaseer op Niska (2002:137-138) se rolpiramide (Kotzé 2012:116)

Dit is insiggewend dat daar teenstrydighede by die tolke se data (Figure 3 en 4) waargeneem kan word: Opvoedkundige tolke meen dat die *korrekte rol* om te vervul, die *kanaalrol* is; maar dat die rol wat hulle *self vervul* tydens hul tolkaktiwiteite, dié van 'n *verduideliker* is. Die vraag wat daarom beantwoord moet word, is waarom tolke se persepsies van wat korrek is, verskil van wat hulle kies om te doen wanneer hulle tolk.

3. METODOLOGIE

Die kwalitatiewe data bestaan uit 188 minute se opnames van onderhoude en/of fokusgroepgesprekke wat gedurende 2009 met respondente gevoer is. Hierdie respondente is deur middel van 'n gerieflikheidsteekproef geïdentifiseer op grond van die feit dat hulle aan die eerste, kwantitatiewe fase van die data-insameling deelgeneem het en dus maklik bereikbaar was. Volgens die gerieflikheidsteekproef word deelnemers geselekteer omdat hulle beskikbaar is en die data-insamelingsproses vir die navorser vergemaklik (Babbie & Mouton 2014:166; Maree ed. 2010:177).

Metodes eiesoortig aan kwalitatiewe navorsing is vir data-insameling gebruik (Creswell 2009:150). Benewens waarnemings is gestruktureerde onderhoude en ook fokusgroepbesprekings gehou. Waarneming (Creswell 2014:219; Maree ed. 2010: 263) is in elke geval gebruik, maar 'n keuse is gemaak tussen gestruktureerde onderhoude en fokusgroepbesprekings, en iterasies is gevolg totdat dataversadiging duidelik geword het. Die inhoud van die gestruktureerde onderhoud³ en van die fokusgroepbespreking is grootliks bepaal deur die tendense wat in die ontleding van die vraelys⁴ duidelik geword het (Kotzé 2012:87) – die doel hiermee was om meer insig te verkry in die rolverwagting van tolke, soos dit kwalitatief ervaar is deur verskillende mense wat betrokke is by die tolkproses.

3.1 Respondente

Ten tyde van die studie was hierdie respondente verbonde aan onderskeidelik die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit (PK NWU), die Vaaldriehoek-kampus van die Noordwes-Universiteit (VDK NWU), die Potchefstroomse Landboukollege (PLK), Transoranje Skool vir Dowes (TOSD) en Hoërskool Frikkie Meyer (HSFM). Vir die doel van die studie was dit nodig om na al die onderskeie instellings te reis. Volgens Creswell (2009:150) hou onderhoude onder meer die voordeel in dat dit die navorser in staat stel om die respondente waar te neem, en dat die navorser sodoende toegang kry tot inligting wat andersins nie in die studie ingesluit sou kon word nie. Elke instelling se “omgewing” kon dus waargeneem word. Die feit dat daar geen noemenswaardige verskille opgemerk is tussen die instellings se tolkomgewings nie, het bygedra tot die versterking van databetroubaarheid. Die onderhoude se vrae is gebaseer op elke groep se onafhanklike response, soos dit gespruit het uit die data-ontleding van die vraelyste (Kotzé 2012) oor opvoedkundige tolke en die verwagtinge oor hul rolvervulling. Die doel hiermee was om op trianguleringsgrondslag te bepaal tot watter mate die vraelysdata ook in 'n ander data-insamelingsomgewing bevestig kan word. Teen hierdie agtergrond het die vrae tydens die onderhoude spesifiek gefokus op die response wat reeds uit daardie groep se vraelyste verkry is rakende hul rolkeuses. Op grond van die response wat sodoende bekom is, kon die navorser toelaat dat die gesprek spontaan verloop, maar die gesprek is wel beperk tot die onderwerp aangesien die onderhoude met 'n baie spesifieke doel gevoer is.

'n Verdere voordeel van skerp, dog natuurlike fokus in onderhoude of fokusgroepgesprekke is juis dat die navorser in staat is om beheer oor die gesprek uit te oefen (raadpleeg Creswell 2009:150). Dit verminder ook die invloed wat die navorser moontlik in so 'n gespreksgeleentheid kan uitoefen. Die onderhoude is opgeneem ten einde kodering sowel as opsporing te vergemaklik.

Hoewel die genoemde data ook in die 2012-studie op kwalitatiewe wyse bestudeer is, is daar vir hierdie artikel van Atlas.ti gebruik gemaak om die data opnuut te ontleed, ter wille daarvan

³ Die struktuur van die onderhoudsvrae kan by die outeur aangevra word.

⁴ Sien voetnoot 2.

om die data op 'n diepgaande wyse te ontgin. Dit is gedoen sodat die transkripsies gerieflik en meer volledig gekodeer kon word volgens die konvensie van Rossman en Rallis (1998:171, soos aangehaal in Creswell 2009:191). Sodoende kan die proses weergegee word waardeur materiaal in groepe georganiseer word voordat betekenis aan daardie groepe gekoppel word. Hierdie iteratiewe, induktiewe maar tegelyk ook reduktiewe proses wat data organiseer, stel die navorser in staat om temas, beskrywings en teorieë daarin te vind. Die gebruik van Atlas.ti-programmatuur maak dit moontlik om fyner verwantskappe te identifiseer, om die kodes wat tydens die 2012-studie geïdentifiseer is, te toets en om 'n indringender ontleding te maak.

In hierdie opsig is daar van oop koderingstegnieke, aksiale kodering en selektiewe kodering (Greckhamer & Koro-Ljungberg 2005:742) gebruik gemaak. Volgens Strauss & Corbin (1990:12) maak hierdie metodes dit moontlik om geleenthede/aksies/interaksies te vergelyk met ander soortgelyke verskynsels, ten einde verskille of ooreenkomste vas te stel. Ter wille van vergelykbaarheid is dieselfde formaat tydens elke onderhoud gevolg, behalwe in die geval van Transoranje Skool vir Dowes se eindgebruikers en tolke. Hier moes daar van tolke as fasiliteerders gebruik gemaak word tydens die fokusgroepbespreking. Die datastelle is vervolgens met mekaar vergelyk om vas te stel of daar enige verdere verklarings en verduidelikings vir die kwantitatiewe bevindinge (Kotzé 2014) is, en of daar enige herhalende temas daaruit vloei. Daarna is die data gekodeer.

Die koderingsmetode wat gebruik is, het behels dat betekenisvolle temas geïdentifiseer en met 'n kode gemerk is. Hierdie kodes is streng beperk tot items wat verband gehou het met die rol van die opvoedkundige tolk. Die kodes is op grond van betekenisvolle temas aangebring. Aangesien die onderhoude gestruktureerd was, is die temas volgens rolspesifieke kommentaar gegroepeer. Indien 'n respondent derhalwe opmerkings gemaak het oor 'n rolvervullingstema, is daardie tema dienooreenkomstig gekodeer, soos hieronder aangedui:

Nr	Verbatim respons	Kode
14	<Tolk 2>“Ja maar ek dink baie keer voel van die studente miskien dat ons laat goeters uit en dan is dit maar meer 'n geval dat mens net opsommenderwys tolk, so mens redigeer 'n bietjie.”	Rolverwagtings

Tydens die kwalitatiewe ondersoek is die beginsel van dataversadiging toegepas ten einde vas te stel watter temas na vore tree. Dit is in ooreenstemming met Mason (2010:1) se opmerking dat kwalitatiewe steekproewe heelwat kleiner as kwantitatiewe steekproewe is, aangesien meer data nie noodwendig meer inligting beteken nie. Om toe te sien dat die volume data nie te groot is en sodoende oortollige inligting bevat nie, was dit in hierdie studie ook belangrik om dataversadiging te bepaal, naamlik die stadium waar geen nuwe inligting oor 'n gegewe onderwerp meer vanuit die data verkry kon word nie. Ook hier het dit spoedig aan die lig gekom dat die meervoudige data-insamelingsmetode tot gevolg het dat ryk data uit 'n beperkte aantal respondente gegeneer word (Mason 2010:1), en dat 'n indiepte-onderhoudsgeleentheid inderdaad baie goeie data bied omdat dit respondente met uiteenlopende opinies in een geleentheid saamtrek.

Die temas wat in die data geïdentifiseer is, is gekategoriseer volgens (a) die herhaling van die tema (gegrond op roldefinisiekwessies) en (b) die aantal rolspelers wat die tema aangeraak het.

In die databespreking word een voorbeeld per tema (aan die hand van aksiale en selektiewe koderingsbeginsels) aangebied, ter wille van bondigheid.

3.2 Bevindinge en databespreking

Tydens die data-ontleding het die volgende elf temas in Tabel 1 dataversadiging bereik. Die eerste kolom dui die tema aan wat versadiging bereik het; die vyf opvolgende kolomme dui die instelling aan waar die respondent(e) geaffilieer was; en die laaste kolom dui die aantal kere aan wat die tema aangeraak is. Tema 1 is die tema wat die meeste deur respondente genoem is en dit verskyn bo-aan die tabel. Die temas is gerangskik volgens die mate waarin hulle in die data voorgekom het. Dit sal egter vanuit die databespreking duidelik word dat die temas met mekaar oorvleuel en mekaar ook aanvul, en dat hulle bloot op grond van fokus verskil. Die temas word vervolgens bespreek, en sal telkens deur een aanhalingsvoorbeeld uit die data geïllustreer word.

TABEL 1: Roltemadata

		HSFM	NWU_PK	PLK	TOSD	NWU_VDK	Totaal
1	Kanaalrol	3	9	1	3	1	17
2	Verduidelikerrol	1	5	5	2	1	14
3	Verhouding(s)	4	8	2	0	0	14
4	Kultuurbemiddelaarrol	0	9	2	0	2	13
5	Rolverwarring	1	8	0	0	4	13
6	Fasiliteringsrol	6	6	0	0	0	12
7	Rolspektrum	2	7	0	0	0	9
8	Voorspraakrol	1	3	1	2	0	7
9	Lyftaal	4	0	0	1	0	5
10	Passie vir tolking	0	0	1	2	0	3
11	Opleiding	2	0	0	0	0	2

3.2.1 Tema 1: Kanaalrol

“The essence of interpreting is that. Otherwise it would be pointless. You have to give the same message as accurately as possible as close to what the lecturer says as possible.”

Soos blyk uit die bostaande aanhaling, bestaan daar bepaald steeds nog ondersteuning vir die sogenaamde *kanaalrol* wat inhou dat die tolk niks aan die bronteks byvoeg, weglaat of verander nie (Wadensjö 1998:7). Die relevansie van die kanaalrol word bevestig deur die feit dat die meerderheid respondente (17) daarna verwys. Die belangrikheid wat aan hierdie tema geheg word, kan waarskynlik toegeskryf word aan die opleiding wat die tolke ontvang het. Dergelike opleiding bevat inderdaad die basiese teoretiese modelle wat die kanaalrol insluit (Blaauw 2008:32-46) en kan een van die redes wees waarom die tolke dit juis as die korrekte rol beskou. Dit word ook bevestig deur ’n opmerking deur een van die respondente rakende haar opleiding: “...because we were told just to interpret everything that she says [...]”. Die beklemtoning van hierdie tema het voor- en nadele. Dit onderskryf aan die een kant die vereiste dat ’n tolk ’n *akkurate* tolkprodukt moet lewer, wat kortliks inhou dat daar nie inligting bygevoeg of weggelaat moet word, of aan

die betekenis van die bronteks verander moet word nie. Hierdie voorskrif kan egter die tolk in so 'n mate beïnvloed dat hy moontlik selfs wanneer dit vereis word, nie daarmee gemaklik is om buite hierdie voorskriftelike beskrywing te beweeg nie – laasgenoemde aanhaling bevestig dan ook hierdie situasie. In hierdie geval het 'n rigtinggewende beperking moontlik so voorskriftelik geword dat dit die rol van die opvoedkundige tolk mag inperk.

3.2.2 Tema 2: Verduidelikerrol

“Ek probeer die persoon of die mense laat verstaan.”

Hierdie aanhaling is een van twee temas wat beide 14 keer gedurende die onderhoude deur respondente aangeraak is. Die feit dat hierdie tema deur soveel respondente geopper is, dui myns insiens onder meer daarop dat alhoewel die kanaalrol steeds deur tolke vervul word, daar 'n beduidende aantal tolke is wat buite die voorskriftelike kanaalrol beweeg. Die verduidelikerrol behels dat tolke in 'n mindere mate meer of verklarende inligting sal aanbied tydens die tolkegeleentheid sodat daar sekerheid kan bestaan dat die boodskap deur die luisteraar *verstaan* word (Niska 2002:137-138). Die verskynsel kan toegeskryf word aan die feit dat opvoedkundige tolke 'n emosionele band met hul gebruikers ondervind, wat nie by konferensietolke die geval is nie (Olivier 2008:110). Hierdie meer persoonlike benadering tot tolking maak selfs meer sin wanneer dit gesien word in die lig van die volgende tema, *verhoudings*.

3.2.3 Tema 3: Verhouding(s)

“I think there is a lot of unspoken communication like I give her (*the teacher*) a signal and she knows *ek is nie by nie* the kids give me a signal they're not with it I give her a signal (*motions*) 'slow down' so there is a lot of unspoken communication and it becomes more comfortable as the year goes on because you know each other well and you get to know the kids better. So it becomes easier.”

Wat uit hierdie aanhaling blyk, is die verhouding wat ontwikkel weens die omgewing waarin opvoedkundige tolking plaasvind, aangesien die tolk in dieselfde vertrek/lokaal as die gebruikers is. In opvoedkundige tolking – soos gebruik deur al die instellings wat deelgeneem het aan hierdie studie – bevind die tolk homself fisies baie na aan die gebruikers (Verhoef 2008:166; Bothma & Verhoef 2008:138). Hierdie nabyheid kan vanselfsprekend veroorsaak dat 'n verhouding tussen die dosent, tolk en eindgebruiker ontwikkel, aangesien al drie partye mekaar letterlik in die oë kyk tydens elke tolkegeleentheid. Die aanhaling hierbo dui daarop dat hierdie spesifieke tolk selfs aan die uitdrukking op die gebruikers se gesigte kan sien of hulle 'n begrip verstaan of nie en dan remediërend optree – iets wat uiteraard dan ook 'n uitbreiding van die rol van die tolk beteken.

3.2.4 Tema 4: Kultuurbemiddelaarrol

“Okay, ek probeer dit so direk as moontlik oordra, maar partykeer is daar kultuurgapings waar ek voel 'n mens moet probeer oorbrug en dan ek probeer dit doen sodat dit so duidelik as moontlik verstaan kan word.”

Soos in Figuur 2 vermeld, verwys Niska (2002:137-138) se rolpiramiedemodel ook na die *kultuurbemiddelaarrol*, wat inhou dat die tolk selfs meer doen as net om te verduidelik en te probeer verseker dat kulturele grense ook oorbrug word. Een van die redes hiervoor is om misverstande te voorkom, en dit is in wese 'n poging om suksesvolle kommunikasie te bewerkstellig. Hierdie aanhaling dui ook daarop dat hierdie spesifieke tolk voel dat dit ook van

hom *verwag* word om seker te maak dat dergelike kulturele gapings oorbrug word. Soos in die geval van die verduidelikerrol, is hierdie aanhaling ook 'n aanduiding dat opvoedkundige tolke in 'n groot mate verantwoordelik voel vir hulle gebruikers. Dit bevestig Olivier (2008:110) se aanvanklike bevinding in hierdie opsig.

3.2.5 Tema 5: Rolverwarring

“Ek voel net dat 'n mens moet baie versigtig wees met kulturele kwessies, want hulle gaan onmiddellik sê dit is die tolk wat dit gesê het en nie die dosent nie, en jy sal vir hulle fisies moet bewys dat dis die dosent wat dit gesê het deur vir hulle die opnames te speel of so iets, en dis bloot nie vir my op die stadium – daar is net te veel goed wat verkeerd kan gaan.”

Dit het gedurende die onderhoude ook aan die lig gekom dat verskeie van die tolke onsekerheid ervaar oor presies wat dit is wat hulle moet doen, en oor wat van hulle *verwag* kan word en wat nie. Olivier (2009) bevestig dat dit 'n algemene siening onder opvoedkundige tolke is en sy bevind dat opvoedkundige tolke nie slegs onseker is oor wat van hulle *verwag* word nie, maar ook oor presies wat dit is waarmee hulle besig is tydens opvoedkundige tolking. Hierdie tipe onsekerheid kan 'n groot invloed uitoefen op hoe 'n tolk sy rol beskou en ook hoe hy sy rol benader. Rolverwarring is nie 'n onbekende of onbevestigde begrip wanneer dit kom by tolking nie. Hale (2004) praat van die tolk se “identiteitskrisis” en verwys hiermee na die onsekerheid wat tolke ervaar wanneer dit handel oor roldefinisies en rolverwagtinge. Onsekerheid ten opsigte van dit wat 'n tolk veronderstel is om te doen en dit wat van 'n tolk *verwag* word, kan 'n werklike invloed uitoefen op hoe tolke hul rol en verpligtinge benader, en dit raak die tolk se besluitnemingsvermoë, soos hier gewys word.

3.2.6 Tema 6: Fasiliteringsrol

“You do sense the body language, I sense the body language. I've got kids here at the back that's quite clued up, if they start turning around and looking at me then I know they're unsure. And then I'll stop and say can I just repeat this? And then I'll repeat it, I'll repeat the term or I'll repeat the definition.”

Die bostaande aanhaling illustreer dat opvoedkundige tolking se rol buite konvensionele rolmodelle staan. Dit is duidelik dat lyftaal (Tema 9) asook die verhouding tussen die tolk en die gebruiker 'n rol speel, maar daarbenewens neem die tolk hier ook aktief deel aan die kommunikasiegeleentheid om seker te maak dat die boodskap oorgedra word. Hierdie aanhaling bewys gevolglik dat opvoedkundige tolking al die rolle van Niska (2002:137-138) se rolpiramide betrek, en dat opvoedkundige tolke ook bykomende aksies uitvoer om kommunikasieoordrag te bewerkstellig. Die tolk tree op as kanaal, verduideliker en kulturele bemiddelaar, en doen ook voorspraak vir die gebruikers. Afgesien hiervan speel lyftaal en die verhouding wat bestaan tussen die tolk en die gebruiker 'n rol, omdat dit die tolk bewus maak van 'n kommunikasieoordragprobleem. Hierdie meer “fasiliterende” rol bevat waarskynlik die sleutel tot dit wat in 'n opvoedkundige tolkingsegebeurtenis ervaar word: Weens die aard van opvoedkundige tolking beleef die opvoedkundige tolk situasies wat 'n meer dinamiese benadering tot tolking noodsaaklik maak (Kotzé 2012). So 'n dinamiese benadering gee die tolk meer vryheid om – binne bepaalde en aanvaarde beperkinge – spesifieke tolkuitdagings die hoof te bied sonder om bekommerd of “versigtig” (raadpleeg 3.2.5) te wees vir wat die tolksituasie mag oplewer.

Dit het ook raakpunte met die volgende tema, *rolspektrum*, wat vanuit die data na vore gekom het.

3.2.7 Tema 7: Rolspektrum

“A little bit of everything. Whatever is required.”

Die bostaande aanhaling beskryf hierdie tema goed. Die tema behels twee aspekte: Eerstens beskou die opvoedkundige tolk homself as 'n tolk wat op 'n spektrum van betrokkenheid beweeg, met die kanaalrol aan die een kant en die voorspraakrol aan die ander kant. Die tolk beweeg na gelang van die situasie deurgaans op hierdie spektrum en vervul nooit slegs een rol nie, maar verskeie. Tweedens is die opvoedkundige tolk bereid om te doen wat nodig is. Die betrokke aanhaling kan wel as problematies beskou word aangesien geen tolk “enigiets wat vereis word” moet kan doen of van mening behoort te wees dat dit sy rol is nie. Daar kan egter binne die huidige konteks aanvaar word dat die tolk bloot bereid is om te doen wat nodig is sodat die boodskap korrek oorgedra word ten opsigte van die inhoudelike verstaan daarvan. Die opvoedkundige tolk se lojaliteit lê dus in 'n groot mate by die eindgebruiker, aangesien dit vir die tolk belangrik is dat die boodskap – in totaliteit – deur die eindgebruiker verstaan word. Dit is nie 'n tipiese eienskap van 'n tolk nie. Tolke se objektiwiteit word hoog op prys gestel (Mullamaa 2009:59) en hoewel daar geen twyfel is oor die belangrikheid van objektiwiteit in tolking nie, blyk dit tog dat opvoedkundige tolke in hulle persepsies oor hulle rol wel meer ten gunste van die eindgebruiker se verstaan van die boodskap is. Hierdie bevinding word ook bevestig deur die volgende tema, dié van *voorspraak* (“advocacy”).

3.2.8 Tema 8: Voorspraakrol

“Soos gister, ek stop haar en sê die terme verskil verskriklik en die kinders is nie by nie, ons gaan te vinnig en hulle weet nie eers waarvan ons praat nie. So dan ons stop. Dan sal ek haar stop. So daar is 'n manier, hoe ek en sy, maar dit is die manier dit is die repertoire tussen die onderwyser en die tolk. Dat ek haar kan stop en vir haar sê, want ek ervaar dit, ek sien dit as die studente vir my kyk.”

Die bostaande aanhaling kan gekontekstualiseer word met behulp van Valero-Garcés (s.a.) se definisie van die “onsigbare” rol van die vertaler: “The ‘invisible translation’ is a type of non-critical translation, lacking reflection and, in consequence, lacking also the possibility of guiding its products for this reflection.” Wanneer hierdie siening oor die rol van die tolk in ag geneem word by die bostaande aanhaling, blyk daar 'n duidelike teenstrydigheid te wees tussen dit wat van 'n tolk verwag word en dit wat in die werklikheid plaasvind. Hierdie respondente het soveel empatie met die eindgebruikers se situasie dat sy aktief en ingrypend aan die kommunikasiegeleentheid deelneem – iets wat kwalik as aanvaarbaar beskou kan word in die lig van Valero-Garcés se definisie van die “onsigbare rol” wat vertalers vervul. In hierdie spesifieke situasie was dit egter nodig vir die tolk om in te gryp sodat suksesvolle kommunikasie kon plaasvind, en dit is duidelik dat die ruimte vir ingryping tussen die kommunikasiegenote ontwikkel het en aanvaar is.

3.2.9 Tema 9: Lyftaal

“But what [another respondent] says is true, the minute the English children don't get something they'll look at us. Even if they're in front of the class they'll turn around and do this (*pulls face*) so you know they missed a term or they missed the gist of the message or something.”

Aangeleenthede rondom lyftaal is reeds kortliks as deel van 3.2.6 bespreek, maar die tema is ook telkens deur respondente as 'n belangrike deel van opvoedkundige tolking geopper. Omdat die

opvoedkundige tolk so naby aan die gebruikers geposisioneer is (raadpleeg 3.2.3), is die lyftaal van die gebruikers baie sigbaar en opvallend vir die tolk. Dit het dan ook 'n bepaalde invloed op die opvoedkundige tolk. Soos die bostaande aanhaling illustreer, is dit gebruiklik binne die opvoedkundige tolkingkonteks dat die tolk na die gebruikers kyk om sodoende vas te stel of hulle die tolkprodukt volg en verstaan. Indien nie, word daar remediërend opgetree, soos onder 3.2.3 bespreek is.

3.2.10 Tema 10: Passie vir tolking

“Ja daar is nie regtig...kyk jy moet regtig 'n passie hê om dit te doen.”

'n Tema wat verband hou met die kwessie van 'n meer betrokke en empatiese benadering van die opvoedkundige tolk is dié van 'n passievolle ingesteldheid tot tolking. Hierdie respondent voer aan dat om 'n opvoedkundige tolk te wees, dit nodig is om passievol daarvoor te wees – dit is 'n waarneming wat sin maak in die lig van die groot aantal bewyse dat opvoedkundige tolking gemoeid is met die eindgebruikers se begrip binne die kommunikasiegeleentheid.

3.2.11 Tema 11: Opleiding

“...but the thing is, we were, it was drummed into our heads:
What you say is what the teacher says.”

Die belangrikheid van opleiding as tema moet gesien word teen die agtergrond van *Tema 1: Kanaalrol*. Die data wys dat die kanaalrol grootliks deur opvoedkundige tolke beskou word as die korrekte rol om te vervul, alhoewel hulle in werklikheid nie kies om hierdie rol te vervul nie. Die bostaande aanhaling bevestig die belangrikheid van die kanaalrol as tema (3.2.1) en illustreer dat tolke hierdie belangrikheid aan die kanaalrol heg omdat dit so aan hulle oorgedra is tydens hulle opleiding. (Raadpleeg 3.2.1 vir 'n meer indieptebespreking hieroor.) Die woorde “it was drummed into our heads” wat die respondent hierbo gebruik, illustreer die mate waarin die kanaalrol tydens opleiding benadruk is.

4. GEVOLGTREKKING

Hierdie artikel het gepoog om meer inligting oor die rolpersepsies van opvoedkundige tolke te ontgin, ten einde te bepaal waarom daar in opvoedkundige tolking 'n teenstrydigheid bestaan tussen normatief-korrekte rolvervulling en die werklikheid. Dit is gedoen deur 'n ontleding van kwalitatiewe data oor die rolpersepsies van opvoedkundige tolke. Die data is spesifiek ondersoek vir temas wat verband hou met die rolvervulling van opvoedkundige tolke, om vas te stel *hoe*kom opvoedkundige tolke spesifieke rolvervullingskeuses maak.

Op grond van die bevindinge en databespreking word sekere afleidings gemaak. Die eerste is dat Niska (2002:137-138) se rolpiramide vir gemeenskapstolking en Kotzé (2014:141) se betoog om 'n meer dinamiese rolmodel vir opvoedkundige tolking bevestig en ook gemotiveer word. Die opvoedkundige tolke se persepsies van hulle rol wys dat die opvoedkundige tolk inderdaad as deel van sy tolktaak nie slegs aan een rolbeskrywing voldoen nie, maar aan verskeie – telkens binne dieselfde tolkegeleentheid. Hierdie waarneming is dan ook wat die soeke na 'n meer dinamiese rolmodel regverdig en onderskryf: die opvoedkundige tolk moet die ruimte gegun word om uitdagings wat uniek is aan opvoedkundige tolking binne die gegewe konteks en met die nodige gereedskapstukke die hoof te bied.

Dit het in hierdie studie ook duidelik geword dat die rol van die opvoedkundige tolk deur die nabyheid (“proximity”) van die kommunikasiegenote binne die tolkegeleentheid beïnvloed word,

deur kwessies soos lyftaal, verhoudings wat ontwikkel binne die tolkgeleentheid, en die opvoedkundige tolk se verantwoordelikeheidsin (Olivier 2008:110). Die opvoedkundige tolk bevind homself in 'n situasie waar dit onafwendbaar is dat eindgebruikers binne (deur middel van lyftaal) en buite die tolkgeleentheid met die tolk kommunikeer. Daar is in die voorafgaande bespreking aangedui dat hierdie kommunikasie lei tot verhoudings wat ontwikkel tussen die partye in die tolksituasie, en dat hierdie verhoudings kan veroorsaak dat die opvoedkundige tolk 'n groter verantwoordelikeheidsin teenoor eindgebruikers kan ontwikkel as wat normaalweg van 'n tolk vereis of verwag word. Dit lei myns insiens tot die uitbreiding van die rol van die opvoedkundige tolk, soos dit in hierdie artikel geïdentifiseer is, en vind vergestaltung in 'n meer fasiliterende rol wat deur die tolk vervul word. Dit word nie as deel van konvensionele tolktegnieke onderskryf nie, maar sou wel binne opvoedkundige tolking beskou kon word as die norm en dus as aanvaarbaar.

Die laaste afleiding wat gemaak kan word, het betrekking op tolkopleiding. Dit blyk uit die data dat tolke steeds opgelei word om die kanaalrol as rigtinggewend te beskou. Die kanaalrol kan suksesvol aangewend word om 'n akkurate tolkprodukt te lewer en daar word nie hier aangevoer dat die kanaalrol *verkeerd* is nie. Dit wil wel voorkom asof die kanaalrol – wanneer dit voorskryflike aanbeveel word – tot gevolg kan hê dat die opvoedkundige tolk ingeperk voel en dat dit selfs verwarring kan veroorsaak. Daar word daarom aangevoer dat die opvoedkundige tolk, vanweë die uniekheid van sy tolksituasie, eerder 'n meer dinamiese rolmodel (soos voorgestel deur Kotzé 2014:127-145) geleer behoort te word om die uitdagings van opvoedkundige tolking meer effektief die hoof te bied.

BIBLIOGRAFIE

- Anderson, R.B.W. 2002. Perspectives on the role of interpreter. In Pöchhacker, F. & Shlesinger, M. (eds). *The interpreting studies reader*. London: Routledge, pp. 209-217.
- Angelelli, C. 2003. The interpersonal role of the interpreter in cross-cultural communication: a survey of conference, court and medical interpreters in the US, Canada, and Mexico. *Benjamins translation library*, 46:15-26.
- Angelelli, C. 2004. *Revisiting the interpreter's role*. Amsterdam: John Benjamins.
- Babbie, E. & Mouton, J. 2014. *The Practice of Social Research*. Cape Town: Oxford University Press South Africa.
- Blaauw, J. 2008. Towards a model for the training of educational interpreters. In Verhoef, M. & Du Plessis, T. (eds). *Multilingualism and educational interpreting: innovation and delivery*. Pretoria: Van Schaik, pp. 32-46.
- Bothma, R. & Verhoef, M. 2008. Assessing the role of the interpreter in facilitating classroom communication. In Verhoef, M. & Du Plessis, T. (eds). *Multilingualism and educational interpreting: innovation and delivery*. Pretoria: Van Schaik, pp. 135-159.
- Creswell, J.W. 2009. *Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approach*. Thousand Oaks, Calif.: Sage Publications.
- Creswell, J. W. 2014. *Research design: Qualitative, quantitative, and mixed methods approaches*. Sage publications.
- Greckhamer, T. & Koro-Ljungberg, M. 2005. The erosion of a method: Examples from grounded theory. *International Journal of Qualitative Studies in Education*, 18:729-750.
- Hale, S. 2004. The interpreter's identity crisis. Paper presented at the first conference of the International Association for Translation and Intercultural Studies: Translation and the Construction of Identity, 11-14 August 2004. South Korea: Seoul.
- Kotzé, H. 2012. 'n Ondersoek na die veranderlike rol van die opvoedkundige tolk. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. (Proefskrif – PhD.)
- Kotzé, H. 2014. Educational interpreting: A dynamic role model. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, Vol. 43:127-145.
- Maree, K. & Pietersen, J. 2010. *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik.

- Mason, M. 2010. Sample Size and Saturation in PhD Studies Using Qualitative Interviews. *Forum: Qualitative Social Research*, 11(3):1-15.
- Mullamaa, K. 2009. Towards a dynamic role model of liaison interpreters: self-descriptions of practitioners in Estonia. *New voices in translation studies*, 5:46-62.
- Niska, H. 2002. Community interpreter training: past, present, future. In Garzone, G. & Viezzi, M. (eds). *Interpreting in the 21st century: challenges and opportunities. Selected papers from the 1st Forlì Conference on Interpreting Studies*, 9-11 November 2000. Philadelphia, Pa.: John Benjamins, pp. 133-144.
- Olivier, H. 2008. Process, product and performance: exploring the differences between conference interpreters and educational interpreters. In Verhoef, M. & Du Plessis, T. (eds). *Multilingualism and educational interpreting: innovation and delivery*. Pretoria: Van Schaik, pp. 99-113.
- Olivier, H. 2009. Rethinking the role and responsibilities of educational interpreters: a case study of educational interpreters in the service of the North-West University in South Africa. (Paper delivered at the 3rd Conference of the International Association for Translation and Intercultural Studies: Mediation and Conflict: Translation and Culture in a Global Context, 8-10 July 2009, Monash University, Melbourne, Australia.)
- Pym, A. 1997. *Method in translation history*. Manchester: St. Jerome Publishing.
- Shlesinger, M. 1999. Norms, strategies and constraints: how well do we tell them apart? Lugris, A.A. & Ocampo, A.F. Anovar/Anosar: Estudios de Traducción e Interpretación. Vigo: Universidade de Vigo, pp. 65-77.
- Strauss, A.L. & Corbin, J. 1990. *Basics of qualitative research: grounded theory procedures and techniques*. Newbury Park, Calif.: Sage.
- Tate, G. & Turner, H.G. 2002. The code and the culture: sign language interpreting – in search of the new breed's ethics. Pöchhacker, F. & Schlesinger, M. (eds). *The interpreting studies reader*. New York: Routledge, pp. 373-383.
- Toury, G. 1995. *Descriptive translation studies and beyond*. Philadelphia, Pa.: John Benjamins.
- Toury, G. 2000. The nature and role of norms in translation. Venuti, L. (ed.). *The translation studies reader*. London: Routledge, pp. 198-211.
- Valero-Garcés, C. s.a. Mediation as translation or translation as mediation? Widening the translator's role in a new multicultural society. [Internet: <http://www.translationdirectory.com/article324.htm>] (Toegang: 2 Oktober 2015)
- Verhoef, M. 2008. Accounting for paralinguistic and non-verbal communication in the educational interpreting service rendered at the North-West University. In Verhoef, M. & Du Plessis, T. (eds). *Multilingualism and educational interpreting: innovation and delivery*. Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Wadensjö, C. 1998. *Interpreting as interaction*. London: Longman.

'n Jungiaanse siening van sinchronisiteit in perdeondersteunde psigoterapie

A Jungian perspective on synchronicity in equine-assisted psychotherapy

CAREL VAN WYK

Maatskaplike Werk

Universiteit van die Vrystaat

Bloemfontein

E-pos: vanWykCJ@ufs.ac.za



Carel van Wyk

CAREL VAN WYK was vir twaalf jaar werksaam by die Kinderleidingkliniek te Welkom. Kinders tot en met graad 12 met enige psigososiale uitdagings, byvoorbeeld alle vorme van mishandeling, egskeiding, skolasiese uitdagings en gedragsprobleme, is terapieuties deur hom gehanteer. Carel het dikwels maatskaplike werk forensiese assesserings gedoen en hy het ook as deskundige getuie in streekhowe getuig. Hy het Ontwikkelingsielkunde deelyds op honneursvlak in die Departement Sielkunde aan Vista Universiteit, Welkomkampus, aangebied. Carel is sedert 2006 as lektor by die Departement Maatskaplike Werk by die Universiteit van die Vrystaat werksaam. Hy doseer op voor- en nagraadse vlak vakke soos Maatskaplike Werk met die Kind, Maatskaplike Werk met Gesinne, Gevorderde Kliniese Gevallewerk, Forensiese Maatskaplike Werk en Navorsingsmetodologie. Hy beplan om sy PhD-studie in maatskaplike werk oor sinchronisiteit in perdeondersteunde psigoterapie te doen. Hy beplan om genoemde verskynsel primêr vanuit die Jungiaanse siening te verken, te beskryf en te verklaar.

CAREL VAN WYK worked at the Child Guidance Clinic in Welkom for twelve years. Children up to Grade 12 with any psychosocial challenge, for example, all forms of abuse, divorce, scholastic challenges and behavioural problems were handled by him. Carel often did forensic assessments and he also testified as expert witness in regional courts. He lectured Developmental Psychology part-time at Honours level in the Department of Psychology at Vista University, Welkom Campus. Since 2006, Carel has been employed as lecturer in the Department of Social Work at the University of the Free State. He teaches modules such as Social Work with the Child, Social Work with Families, Advanced Clinical Casework, Forensic Social Work, and Research Methodology at undergraduate and postgraduate levels. He plans to do his PhD study in Social Work on synchronicity in equine-assisted psychotherapy. He plans to investigate, describe and explain the said phenomenon primarily from the Jungian paradigm.

ABSTRACT***A Jungian perspective on synchronicity in equine-assisted psychotherapy***

Synchronicity is not generally known in therapeutic modalities except for analytical psychology. Although there is a variety of literature sources on synchronicity and equine-assisted psychotherapy as entities in and of themselves, there is a dearth of information about the phenomenon of synchronicity as experienced during equine-assisted psychotherapy. The fact that this phenomenon is largely undocumented leads to synchronistic occurrences being labelled as mere coincidence. Consequently, the therapist and the horse behaviour specialist may fail to therapeutically process a synchronistic event with the client. This article thus aims to address the mentioned dearth in the literature by subjecting this phenomenon to scrutiny. Since a digital search of the literature yielded no search results for the combination of “synchronicity” and “equine-assisted psychotherapy”, separate searches were undertaken for each of these terms. In the classic Jungian view, synchronicity is defined and described as the simultaneous, acausal occurrence of a psychic and a physical condition which is embedded in the constellation of archetypes found in the collective unconscious. “Sinngemäße Koinzidenz” (concurrent/analogue coincidence) is translated from German into English as “meaningful coincidence”, while meaningful coincidence instead translates to “sinnvolle Koinzidenz”. This has resulted in a situation where the meaningfulness of a synchronistic event is emphasised over the ontology, the latter being Jung’s intended focus with this phenomenon. Similarly, in this article, the focus does not fall on the ontology of synchronicity, but rather on how it manifests within the framework of equine-assisted psychotherapy. A distinction is made between equine-assisted psychotherapy and equine-facilitated therapies. In the first-mentioned form of equine therapy the horse is utilised as a tool, while in equine-facilitated therapies horses are regarded as fully fledged co-therapists. Equine-assisted psychotherapy (EAP) is distinguished from other forms of equine therapy due to the utilisation of prey-predator dynamics and the horses’ instincts during therapeutic sessions. The present article describes the phenomenon of synchronicity as it manifests within equine-assisted psychotherapy by means of an example from practice. In this example, the client undergoing equine-assisted psychotherapy as a member of a developmental group session voiced a preference for one horse over another since it seemed lighter and thus more capable of flying away from her existing problems. At precisely this time the heavier horse jumped a fence for no apparent reason. This synchronistic occurrence is analysed in terms of the Jungian view of synchronicity by explaining that two psychic conditions occurred simultaneously and acausally, and that this held meaning for the person who experienced it. Thus, an understanding of synchronicities is developed through equine-assisted psychotherapy and the way is paved for possible further research. It is envisaged that a mixed-methods research design may be applied to collect qualitative as well as quantitative information on synchronicity with the ultimate aim of developing a model for future analysis of synchronistic events in equine-assisted psychotherapy.*

KEY CONCEPTS: analytical psychology; archetype; causality; Carl Gustav Jung; collective unconscious; equine-assisted psychotherapy; Jungian; meaningful coincidence; mirroring effect; synchronicity

SCHLAGWORTEN: Archetyp; Carl Gustav Jung; Jungsch; Analytische Psychologie; Kausalität; kollektives Unbewusste; Synchronizität; wesentlicher Zufall / bedeutsame Koinzidenz / sinnvolle Koinzidenz; pferdegestützte Psychotherapie; Spiegeleffekt

ZUSAMMENFASSUNG

Eine Jungsche Sichtweise über Synchronizität bei pferdegestützter Psychotherapie

Außerhalb der Analytischen Psychologie ist Synchronizität generell nicht als therapeutische Verfahrensweise bekannt. Auffallend ist ein Schweigen in der Literatur hinsichtlich Synchronizität, ganz besonders in Verbindung mit pferdegestützter Psychotherapie. Die Unbekanntheit der Synchronizität bei pferdegestützter Psychotherapie führt unter anderem dazu, dass man Synchronizitätsereignisse als schiere Zufälle abtun kann und der Therapeut / die Therapeutin und der Pferdekennner / die Pferdekennnerin sie nicht, mit Blick auf ein therapeutisches Verfahren mit dem Klienten / der Klientin, erkennen können. Daher besteht der Zweck dieses Artikels darin, das Stillschweigen in der Literatur in Bezug auf Synchronizitätsereignisse bei pferdegestützter Psychotherapie unter die Lupe zu nehmen. Es wurden Literaturrecherchen bezüglich pferdegestützter Psychotherapie und Synchronizität unternommen. Die Begriffe “synchronicity” und “equine-assisted psychotherapy” wurden getrennt als Schlagworte für die elektronische Literaturrecherche eingesetzt, da eine Kombination der Begriffe keine positiven Ergebnisse erbrachte. Synchronizität und pferdegestützte Psychotherapie werden aufeinander abgestimmt. Dieses erfolgte anhand eines Praxisbeispiels. Das Praxisbeispiel veranschaulicht, wie sich eine Synchronizität mit einem Pferd ereignete. Das synchronistische Ereignis wird auf der Basis der Jungschen Sichtweise über Synchronizität analysiert. Somit wird ein Verstehen von Synchronizität bei pferdegestützter Psychotherapie entwickelt und der Weg für weitere Forschungsmöglichkeiten gebnet.

1. INLEIDING

Carl Gustav Jung (1875–1961) het die begrip “sinchronisiteit” (betekenisvolle toeval) geskep en ontwikkel. Sinchronisiteit is mettertyd in die algemene spreektaal (Kirsch 2007:154) en algemene kultuur (Hopcke 2009:287) opgeneem. Verskillende vertolkings van die betekenis van sinchronisiteit kom tussen die algemene publiek en die wetenskaplike siening daarvan voor, met verdere vertolkings binne elk van hierdie twee denkstrome. Dit blyk ook dat sinchronisiteit nie ’n algemene en bekende wetenskaplik-psigoterapeutiese hoofstroomonderwerp buite die veld van die Jungiaanse teorie en analise is nie, waarskynlik omdat dit dikwels as ’n misterieus-esoteriese verskynsel gesien word. Dit het tot gevolg dat betreklik min wetenskaplike navorsing daarvoor buite die veld van analitiese sielkunde gedoen word. Dit blyk dat sinchronisiteit veral nie in perdeondersteunde psigoterapie bekend is nie (Van Nuys 2014) en gevolglik word dit ook nie wetenskaplik in hierdie terapeutiese modaliteit verken, beskryf en verklaar nie. Sinchronistiese voorvalle word dus nie altyd as sodanig tydens terapeutiese sessies deur die terapeut en/of perdekenner herken en terapeuties deur hulle met die kliënt behandel nie. Sodoende kan die kliënt ’n geleentheid vir persoonlike groei ontnem word.

Die doel van die artikel is derhalwe om ’n verkennende begripsondersoek na sinchronisiteit in perdeondersteunde psigoterapie te bied. Na die beskrywings van sinchronisiteit en perdeondersteunde psigoterapie word dit deur middel van ’n praktykvoorbeeld opgehelder.

2. NAVORSINGSMETODOLOGIE

’n Begripsontledingartikel behels onder andere die verduideliking en verryking van bestaande begrippe in verskillende raamwerke (Troskie-de Bruin 2015:2). Die bestaande begrippe “sinchronisiteit” en “perdeondersteunde psigoterapie” word in hierdie begripsartikel verryk, deurdat sinchronisiteit vanuit ’n Jungiaanse siening in die raamwerk van perdeondersteunde psigoterapie afgestem word.

“Academic Search Complete” (“EBSCO *host* Web”), ’n aanlyn verwysingsstelsel wat toegang tot voltek- en algemene databasisse verleen (EBSCO*host* 2014), is gebruik om die literatuursoektogte te doen. Literatuursoektogte het nie resultate vir sinchronisiteit in perdeondersteunde psigoterapie gelever nie. In die literatuursoektog is alle databasisse in EBSCO*host* gekies en geen beperking is op die soektogkeuses gemaak nie. Om die soektog na sinchronisiteit in die raamwerk van perdeondersteunde psigoterapie te doen is “and” gebruik, en afknotting (*) is vir die begrip “equine-assisted psychotherapy” gebruik om die verskillende verbuigings daarvan in te sluit. Aanhalingstekens is aangewend om aan te dui dat losstaande woorde een begrip vorm. Die soektogte is in Engels gedoen.

Trefwoorde vir die aanvanklike soektog was: synchronicity and “equine-assisted psychotherapy*”, maar dit het nie enige resultate opgelewer nie. Die trefwoorde vir die soektog is uitgebrei na: synchronicity and “equine-assisted counselling*”; synchronicity and “horse therapy”; synchronicity and “therapeutic horse riding”; synchronicity and “horse riding for the disabled”; synchronicity and hippotherapy. Hierdie trefwoorde het ook nie toepaslike resultate gelever nie. In die daaropvolgende soektogte is die begrippe “synchronicity” en “equine-assisted psychotherapy*” afsonderlik gebruik en alhoewel dit verskeie resultate opgelewer het, was dit nie altyd toepaslik vir die doel van hierdie artikel nie.

Oorspronklike bronne en ander literatuurbronne waarvan die skrywers professionele persone en/of Jungiaanse analiste en/of geregistreerde terapeute is, is sover moontlik benut. Indien skrywers se kwalifikasies, byvoorbeeld as “engel-in-menslike-gedaante”, “diere-heler”, “dierekommunikeerder” of slegs as “spreker”, “outeur” en/of “ry-instrukteur” beskryf is, is die literatuurbron nie gebruik nie. Dusdoende is gepoog om literatuur van ’n akademiese aard te gebruik en gysliteratuur is vermy. Alhoewel oorspronklike Jungiaanse literatuur gebruik word om sinchronisiteit te beskryf, is daar gewaak teen ’n fundamentalistiese Jungiaanse ingesteldheid, waarteen Tracey (2001:138) waarsku. Daar word daarenboew op die oorspronklike Jungiaanse beskouing van sinchronisiteit toegespits om ’n gewilde/Nuwe-Era-ingesteldheid te vermy, aangesien daar wesenlike verskille tussen genoemde twee beskouinge is.

Aangesien ’n praktykvoorbeeld gebruik word om sinchronisiteit in perdeondersteunde psigoterapie op te helder, is die volgende etiese grondbeginsels nagevolg: ingeligte toestemming; geen misleiding nie; en naamloosheid (Christians 2011:65–66). Ingeligte toestemming vir die gebruik van inligting is per elektroniese pos en tydens ’n aangesig-tot-aangesig-onderhoud van die persoon wat in die praktykvoorbeeld beskryf word, verkry. Aangesien die doel vir die gebruik van die inligting verduidelik is en die moontlikheid van die publiserings van die inligting in vakwetenskaplike tydskrifte genoem is, het misleiding van die persoon nie plaasgevind nie.

Die belangrikste beperking van ’n begripsontledingsartikel is waarskynlik die gebrek aan wetenskaplike bewyse. Hierdie beperking kan toekomstig onder die loep geneem word deur die gemengdemetodesnavorsingsparadigma met die verkennende opeenvolgende gemengdemetodesnavorsingsontwerp (Creswell & Clark 2011:plek 944) vir verdere navorsing te gebruik.

3. ’N JUNGIAANSE SIENING VAN SINCHRONISITEIT

Sinchronisiteit word vervolgens beskryf en daarna word aangedui wat sinchronisiteit nie is nie. Hierdie gedeelte word afgesluit deur die eienskappe van sinchronisiteit saam te vat.

3.1 Beskrywing van sinchronisiteit

Jung (1969a:421–422) het met huiwering oor sinchronisiteit geskryf (“In writing this paper I have, so to speak, made good a promise which for many years I lacked the courage to fulfil”.) en hy lig

sy lesers in dat sy bespreking van sinchronisiteit nie volledig is nie. Alhoewel Jung die idee van sinchronisiteit bekend gemaak het om fantasie, toordery en bygeloof aangaande sekere gebeure wat nie sonder meer verklaar kan word nie te verduidelik (Fordham 1973:xi), was sy uitdaging om wetenskaplike inligting aangaande sinchronisiteit te verkry om redelike afleidings daaromtrent te kon maak (Jung 1969a:449).

Nachman (2009:305) en Yiassemides (2011:451) noem dat daar min stelselmatige ondersoeke aangaande sinchronisiteit gedoen is en dat daar nie 'n wetenskaplike verklaringsmodel vir sinchronisiteit bestaan nie. Dekades later vind Jung (1969a:449) se uitdaging weerklank in die werk van Vassiliou (2009:18). Sy (Vassiliou 2009:18) skryf die uitdagings om sinchronisiteit wetenskaplik te ondersoek, aan die uitsonderlike eienskappe (sien 3.3) daarvan toe. Hierdie eienskappe van sinchronisiteit het steeds tot gevolg dat dit nie onder laboratoriumomstandighede geskep kan word nie. Dit kan dus nie wetenskaplik volgens tradisionele kwantitatiewe navorsingsontwerpe ondersoek word nie. Tog noem Jung (1969a:232) dat sinchronisiteit uitgelok kan word deur 'n persoon in 'n staat van onbewustheid of 'n beswyming te plaas. Hy verduidelik egter nie hoe dit gedoen kan word nie.

Vanuit 'n wetenskaplike oogpunt is oorsaaklikheid belangrik, maar nie noodwendig vanuit 'n filosofiese oogpunt nie, aangesien oorsaaklikheid die wêreldomvattende intersamehang opbreek en dit bemoeilik die eenheidsbegrip van die wêreld (Jung 1970:464). Volgens Jung (1966:56) kan die oorsaaklikheidsbeginsel egter nie gebruik word om alle openbaringe van die onbewuste te verklaar nie, vandaar sy skepping van die begrip “sinchronisiteit”. Daar is sekere gebeure wat nie oorsaaklik verbind kan word nie, maar wat deur 'n ander beginsel, naamlik gelyktydigheid, verbind word. Hierdie verbindingsbeginsel behels die relatiewe gelyktydigheid in die plaasvind van die gebeure, met ander woorde sinchronisiteit. Jung (1969a:525; 2009:220) se gesigte gedurende 1913 en 1914 aangaande die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog kan as voorbeeld van gebeure wat nie oorsaaklik verbind kan word nie, dien. Hy het die gesigte aan die hand van die beginsel van nie-oorsaaklike geordendheid, wat onderliggend aan betekenisvolle toeval is, verklaar. Sinchronisiteit was vir Jung die konstellasië van 'n argetipe wat die relativisering van tyd en ruimte tot gevolg het (Jung 1969a:525; 2009:220). Gesigte het nie die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog tot gevolg gehad nie, met ander woorde daar is 'n nie-oorsaaklike samehang tussen die gesigte en die oorlog, maar die psige was op een of ander wyse reeds “bewus” van die uitbreek van die oorlog. Geordendheid kom voor, aangesien die gesigte voor die oorlog ervaar is, maar tyd en ruimte het relatief geword, omdat die oorlog “gesien” is, voordat dit uitbreek het. Hier word die beginsel van gelyktydigheid, soos hierna verduidelik, nie in berekening gebring nie, want die drome het voor die uitbreek van die oorlog plaasgevind. Behalwe vir die relatiewe van tyd en ruimte, noem Sharp (1991:132) dat “'n graad van onbewustheid” ook 'n onderdeel van sinchronisiteit is. Die “graad van onbewustheid” verwys na die rol van die konstellering van 'n argetipe, aangesien argetipes in die onbewuste, en spesifiek in die kollektiewe onbewuste (Jung 1969b:4–5), voorkom. Wanneer 'n argetipe in die kollektiewe onbewuste om een of ander rede gekonstelleer word, kan dit in sinchronisiteit manifesteer.

Jung (1969a:520;531) beskryf sinchronisiteit ook as “'n betekenisvolle toeval van twee of meer gebeure (simboliese parallele), waar iets anders as die moontlikheid van toeval betrokke is”; met ander woorde, die twee of meer gebeure vind gelyktydig plaas, maar dit is nie toevallig dat hierdie gebeure op dieselfde tydstip plaasvind nie en daarom hou dit betekenis in. Dit is dan “betekenis” wat hierdie nie-oorsaaklike gebeure met mekaar verbind (Mansfield et al. 1998:11). Hierdie “betekenis” kan nie deur die oorsaaklikheidsbeginsel verklaar word nie (Jung 1966:56). Von Franz (1964:226) lê die klem op die woord “betekenisvol”. Dit is “toevallig” dat die gebeure tegelykertyd plaasvind, maar die toeval hou 'n betekenis van een of ander aard in.

Aan die ander kant is Giegerich (2012:500–502) weer van mening dat die begrip “betekenisvol” op die ontologie van sinchronisiteit van toepassing is, en nie op hoe dit deur mens ervaar word nie; die betekenisgewing wat die mens wat dit ervaar aan die voorval toeskryf, kan nietemin vir hom/haar betekenisvol wees. Main (2007:362) wys ook op Jung se beperkte bespreking van sinchronisiteit in die kliniese opset. Main (2014:174) sluit aan by Giegerich (2012) se betoog deurdat hy daarop wys dat Jung (en Pauli) ten doel gehad het om met die beginsel van sinchronisiteit ’n meer holistiese begrip van wetenskap te ontwikkel. Hierdie skrywers is dit dus eens dat Jung hom toegespits het op die ontologie van sinchronisiteit en watter gevolge dit moontlik vir die breër wetenskap kon inhou. Vir Jung (in Main 2014:176) het wetenskap tydens die skryf van sy werke uit ’n trits van beginsels van tyd, ruimte en oorsaaklikheid bestaan en hy wou sinchronisiteit as ’n vierde beginsel bekendstel. In albei betoë (Giegerich 2012 en Main 2014) word daar nie verwys na die moontlike “betekenisvolheid” wat die sinchronisiteit vir die mens wat dit beleef, inhou nie.

Ter ondersteuning van sy betoog, wys Giegerich (2012:500–502) op die vertaling van die woord “betekenisvol” uit Duits na Engels. Jung het die woorde “sinnngemäße Koinzidenz” in die oorspronklike Duitse teks gebruik en nie die woorde “sinnvolle Koinzidenz” nie, om sinchronisiteit te beskryf. “Sinnngemäße Koinzidenz” is as “meaningful coincidence” in Engels vertaal, met die gevolg dat sommige mense aanneem dat “betekenisvolle” eerstens na die betekenis wat die gebeurtenis vir die mens wat dit ervaar, verwys. Die begrip “sinnngemäße Koinzidenz” verwys eerder na “ooreenstemmende” of ’n “analoog” (vgl. Giegerich 2012:500–502). In die oorspronklike kewerdroom-voorbeeld van ’n sinchronisiteit kom die woordgebruik van Jung ook na vore. ’n Vroulike pasiënt het tydens ’n analitiese sessie vir Jung van ’n droom vertel waartydens ’n heilige skarabee aan haar (tydens die droom) oorhandig is. Op daardie spesifieke oomblik wat die pasiënt dit aan Jung vertel het, het ’n kewer teen die vensterruit van sy studeerkamer vasgevlieg en volgens hom was dit “the nearest analogy to a golden scarab that one finds in our latitude ...” (Jung 1969a:438; Giegerich 2012:502). Daar is dus ’n ooreenkoms tussen die heilige skarabee waarvan Jung se pasiënt gedroom het en die kewer wat teen Jung se studeerkamervensterruit vasgevlieg het, terwyl die pasiënt besig was om die droom aan Jung oor te vertel. Hoewel Giegerich (2012:506) die positiewe terapeutiese gevolge wat die sinchronisiteit vir Jung se pasiënt ingehou het as ’n “blote stukkie inligting” afmaak, kan die feit dat Jung (1969a:439) dit duidelik uitlig, nie weg geargumenteer word nie. Jung (1976:69) verduidelik ook dat vanuit ’n Oosterse siening die vraag, “Wat beteken dit dat hierdie dinge saam gebeur?”, gestel kan word. Hier is dus ’n duidelike toespitsing op die betekenis van die gebeure en nie op die ontologie van sinchronisiteit nie. Ofskoon Jung hom op die ontologie en epistemologie van sinchronisiteit toegespits het, kom dit voor asof sommige post-Jungiane hulle op die kliniese toepassing daarvan in terapie toespits (Fawcett 2009:244). Jung (1969a:485) wys ook daarop dat gelyktydigheid en betekenis die sinchronisiteitsbeginsel heg en dat betekenis ’n onontbeerlike maatstaf vir sinchronisiteit is.

Jung stel dit verder dat sinchronisiteit die teenwoordigheid van twee psigiese toestande inhou (Jung 1969a:441;444–445). Die twee verskillende psigiese toestande kom gelyktydig voor. Die eerste psigiese toestand word as die normale, moontlike en oorsaaklik-verklaarbare gesien, terwyl die tweede psigiese toestand as die kritieke gebeurtenis gesien word wat nie op ’n oorsaaklike wyse van die eerste psigiese toestand afgelei kan word nie. Die plaasvind van gebeurtenis X het dus nie die ontwikkeling van gebeurtenis Y tot gevolg nie. Sinchronisiteit het derhalwe ’n psigonatuurlike ontologie (Shamdasani 2011 in Jung 1960|2011:ix) aangesien dit die psigo vernatuurliking van materie is (Jung 1969c1:109). “Psigiese toestand” kan as “natuurlike produk” gesien word, wat sonder die inmenging van die menslike psige kan ontstaan (Jung 1969a:502) en waar die misterieuse nie noodwendig ’n rol speel nie (Giegerich 2012:504).

3.2 Wat sinchronisiteit nie is nie

Jung (1969a:424) noem dat 'n vermenigvuldiging van soortgelyke gevalle en sinchronisme nie sinchronisiteit is nie. Sinchronisme is bloot die gelyktydige plaasvind van twee gebeure (Jung 1969a:441), terwyl sinchronisiteit 'n eenwording van psigiese en natuurlike gebeure in ooreenstemming met lynvormige tyd is (Yiassemides 2011:460). 'n Sinchronisiteit is eweneens nie 'n projeksie nie, omdat daar 'n oorsaak vir projeksies gevind kan word, terwyl 'n sinchronisiteit nie 'n waarneembare oorsaak het nie (Jung 1969a:452–453).

Sinchronisiteit as verskynsel is bykans algeheel deur die Nuwe Era-beweging opgeneem (van Kralingen 2015). Tacey (2001:19) waarsku juis teen dié beweging se vat-en-los benadering tot Jung se teorie. Hierdie vat-en-los benadering het waarskynlik tot gevolg dat bykans alle gebeure wat nie verklaar kan word nie, deur genoemde beweging as sinchronisiteit bestempel word. Alle gebeure waarvan die oorsaak nie bekend is nie, kan egter nie as 'n sinchronisiteit verklaar word nie (Jung 1969a:518).

3.3 Eienskappe van sinchronisiteit

Ter opsomming van die begrip “sinchronisiteit” word na die verskillende eienskappe daarvan verwys:

- Nie-oorsaaklik (Jung 1969a:421;441;445–446;518, Jung 1969c:168);
- tyd en ruimte word relatief (Jung 1969a:435–436);
- hang saam met argetipes van die kollektiewe onbewuste (Jung 1969a:437;440;481;511; 515); sinchronisiteit het sy oorsprong in die psigoïede argetipe wat beteken dat die transendentale eienskap van die argetipe betrokke is (Jung 1976:508; Reiner 2006:570). “Psigoïede” in Jungiaanse terme beteken dat die argetipe 'n tweekledige aard het: dit is vasgelê in die psigiese sowel as die natuurlik-materiële dimensies (Yiassemides 2011:452). In sinchronisiteit word hierdie tweekledige aard van die argetipe vergestalt. Dus, materie beskik inherent oor betekenis (Main 2014:176) en nie net die menslike psige nie.
- blote toeval dat die gebeure saam plaasvind, is statisties hoogs onwaarskynlik (Jung 1969a:437);
- mate van onmoontlikheid (Jung 1969a:440);
- afhanklik van affekte (Jung 1969a:447–449);
- 'n paar teengesteldes met oorsaaklikheid aan die een kant en sinchronisiteit aan die ander kant, met ander woorde: oorsaaklikheid ↔ sinchronisiteit (Jung 1969a:514). Oorsaaklikheid en sinchronisiteit lê dus op 'n kontinuum;
- ekwivalensie/van dieselfde soort te wees (“Gleichartigkeit”) of konformiteit (“Konformität”) wat die afwesigheid van 'n psigiese faktor aandui (Jung 1969a:502,516; Giegerich 2012:502);
- het oneindige verskeidenheid in hulle fenomenologie (Jung 1969a:530);
- die kern van sinchronisiteit is vir Main (2004:51) tydsverloop,
- nie-oorsaaklikheid, betekenisvolheid en waarskynlikheid (nie blote toeval nie).

4. PERDEONDERSTEUNDE PSIGOTERAPIE

Voordat die praktykvoorbeeld van 'n sinchronisiteit weergegee word, word verduidelik wat perdeondersteunde psigoterapie behels. Perdeondersteunde psigoterapie word meer breedvoerig

bespreek, aangesien dit die spesifieke perdeterapiemodel is, waarbinne sinchronisiteit in hierdie artikel bespreek word. Die ander vorme van perdeterapie word slegs genoem.

4.1 Vorme van perdeterapieë

’n Onderskeid word tussen perdeterapieë waar daar perd gery word en perdeterapieë waar perdry nie van primêre belang is nie, soos volg gemaak:

- Hippoterapie, terapeutiese perdry en perdry vir gestremdes (Coates 2008:137–138; Kruger & Serpell 2010:35) is voorbeelde van subklasse van perdeterapieë waar perd gery word.
- Perdeondersteunde en perdegefasiliteerde perdeterapieë is voorbeelde van perdeterapieë waar die klem nie op perdry is nie (Hallberg 2008:xxxii–xxxiii; Shambo et al. 2013:plek 464). In eersgenoemde geval word die perd meer soos ’n gereedskapstuk deur die terapeut aangewend, terwyl die perd in die tweede geval as ’n volwaardige medeterapeut gesien word, waar die kliënt onder andere mettertyd ’n verhouding met die perd ontwikkel (Shambo et al. 2013:plek 464). Volgens Hallberg (2008:xxxii) staan die menslike terapeut in perdegefasiliteerde terapie as ’t ware terug vir die perd om die terapeutiese werk met die kliënt te doen. Perdeondersteunde psigoterapie (“equine-assisted psychotherapy” afgekort as “EAP” in Engels), die toespitsing van hierdie artikel, is een subklas van die perdeondersteunde terapieë en word vervolgens verder bespreek.

Greg Kersten is die persoon wat die begrip “perdeondersteunde psigoterapie” gedurende die 1990’s geskep het (O.K. Corral Series 2015). Hierdie vorm van perdeterapie is vir mense met emosionele probleme ontwikkel. Die perdeterapieaktiwiteite vind op die grond plaas (Spiotta-DiMare 2014:plek 226).

Perdeondersteunde psigoterapie is uniek in die veld van perdeterapieë om die volgende redes: Eerstens vind dit in ’n terapeutiese spanverband plaas, waar ’n geregistreerde professionele terapeut en ’n perdekenner kliënte en perde deur middel van perdeterapieaktiwiteite met mekaar in kontak bring (Mandrell 2006:53; EAGALA 2009:17; Boyce 2016:243). Tweedens word daar nie per se op veiligheidsaspekte toegespits nie. Die hantering van veiligheidsaspekte word eerder as ’n deurlopende proses gesien (EAGALA 2009:41). Derdens is daar die moontlikheid van liggaamlike gevaar eie aan perdeondersteunde psigoterapie, as gevolg van die terapeutiese benutting van die veg-vlug-dinamika van die perd-mens-interaksie (Hallberg 2008:331;337).

4.2 Verloop van perdeondersteunde psigoterapeutiese sessies

In perdeondersteunde psigoterapie bestaan die terapeutiese span uit ’n professionele terapeut en ’n perdekenner. Die terapeut is veral verantwoordelik vir die opstel van terapeutiese behandelingsplanne, die byhou van prosesnotas, asook die beoordeling van die vordering wat die kliënt maak. Tydens die terapeutiese sessies behels die vernaamste take van die perdekenner die vertolking van die perde se gedrag aan die terapeut, om die terapeutiese sessie op die perde toe te spits, asook om die liggaamlike veiligheid van mens en perd te verseker.

Die terapeut en die perdekenner is gesamentlik verantwoordelik vir die beplanning van die perdeaktiwiteite vir die kliënte (vgl. EAGALA 2009:17–18). Hulle sal dus gesamentlik besluit watter soort perdeterapieaktiwiteit die mees gepaste sal wees om ’n terapeutiese doelwit te bereik. Bestaande perdeterapieaktiwiteite kan benut word of nuwe aktiwiteite, wat op die kliënt se spesifieke behoeftes ingestel is, kan deur die terapeutiese span ontwikkel word (EAGALA 2009:57).

Daar bestaan dus nie 'n afgebakende aantal perdeterapieaktiwiteite nie en volgens EAGALA (2009:57) is die moontlikhede om perdeterapieaktiwiteite te ontwikkel “onbeperk”.

Tydens terapeutiese sessies kommunikeer die terapeutiese span perdeterapieaktiwiteite aan die kliënt. Tydens of nadat die kliënt die aktiwiteit afgehandel het, word die terapeutiese verwerking deur die terapeutiese span gedoen. Die terapeutiese verwerking van die perdeterapieaktiwiteit geskied op vier vlakke (Mandrell 2006:132–136). Hierdie vier vlakke behels die terapeutiese verwerking van die uitvoer van die aktiwiteit, die terapeutiese verwerking van die perd se nieverbale gedrag, die terapeutiese verwerking van die kliënt se verbale en nieverbale gedrag en laastens die terapeutiese verwerking van die wisselwerking tussen die kliënt en die perd en hoe hierdie aspekte op die kliënt se omstandighede van toepassing is (Mandrell 2006:132–136). Die terapeutiese verwerking kan ook, wat Ogden (1994 in Marlo & Kline 1998:17) as in-aksie-vertolking beskryf, omsluit. Alhoewel bogenoemde beskrywing lynvormig is, vind dit in praktyk sirkelvormig plaas; die terapeutiese span werk dus nie volgens 'n kronologiese merklus nie, maar die psigologiese proses van die kliënt word gevolg.

Sinchronisiteit kan gedurende 'n terapeutiese sessie plaasvind (Nachman 2009:298; Hopcke 2009:288), in die geval van die huidige studie, word 'n sinchronisiteit bespreek wat tydens 'n perdeondersteunde psigoterapeutiese sessie plaasgevind het. Volgens Jung verleen sinchronisiteit stukrag aan individuasie (Read & Crowley 2009:214), want dit wakker simboliese denke by die kliënt aan en dit prikkel sy belangstelling in sy psigiese prosesse (Marlo & Kline 1998:16). Daar is egter sekere omstandighede, soos in die geval van psigose, waar sinchronisiteit nie met 'n kliënt behandel behoort te word nie (Marlo & Kline 1998:19; Nachman 2009:304–305;309). Die hantering van 'n sinchronisiteit met 'n kliënt word onder meer bepaal deur die kliënt se ego-struktuur, fantasieë, oordrag, persoonlikheid, terapeutiese behoeftes en die simboliese betekenis wat die sinchronisiteit vir die terapeutiese intervensie inhou (Marlo & Kline 1998:20). Dit bly dus die terapeut se verantwoordelikheid om te besluit om sinchronisiteit met 'n kliënt terapeuties te behandel al dan nie.

4.3 Redes waarom perde in terapie gebruik word

Perde word onder andere in psigoterapie gebruik, as gevolg van die volgende eienskappe waaroor hulle beskik: argetipiese simboliek word aan perde geheg; perde is groot en kragtige diere; hulle is sosiale diere met sekere rolle in 'n trop; en perde is sensitief vir mense se nieverbale kommunikasie omdat hulle prooidiere is (Rector 2005:plek 628;639; EAGALA 2009:15; Bachi 2014:plek 5800–5833).

Jung (1954:159 & 1956:274–282) noem dat die perd 'n algemene argetipe in mites is en hy dig verskeie simboliese eienskappe aan die perd toe, waaronder die volgende: simbool van die onbewuste; dierlike instinkte van die mens; moederargetipe-simbool; towery; heldersindheid; padvinder as ruiters verlore is; primitiewe seksualiteit; duiwel; spoed; vuur en lig; tyd; en psigogids tussen die bewuste en die onbewuste. Die terapeutiese verhouding word deur Jung as *vas hermeticum* (verseelde glasfles waar misterieuse veranderinge plaasvind) beskryf (Jung 1953:236; Marlan 2006:plek 6755). Omdat “perd” ook 'n argetipe is, kan die perd tydens perdeondersteunde psigoterapeutiese sessies as *vas hermeticum* van verskeie projeksies van kliënte dien, wat deur die terapeutiese span geprosesseer kan word.

Aangesien perde sensitief vir menslike nieverbale kommunikasie is, kan hulle kliënte se emosies, denke en gedrag weerspieël (vgl. von Borstel et al. 2007 in McGreevy & McLean 2010: plek 2837–2853; Trotter 2012: plek 1274–1289; Bachi 2013:192; Shambo et al. 2013: plek 2148–2162). Die spieëlwerking-eienskap van perde word egter nie deur alle perdeterapeute aanvaar nie (Erica 2003).

5. SINCHRONISITEIT IN PERDEONDERSTEUNDE PSIGOTERAPIE

’n Praktykvoorbeeld word gebruik om aan te dui hoe ’n sinchronisiteit tydens ’n perdeondersteunde psigoterapeutiese sessie plaasgevind het. Om verwarring tussen spieëling en sinchronisiteit uit te lig, word spieëling eers met ’n voorbeeld beskryf en daarna word sinchronisiteit met behulp van die praktykvoorbeeld opgehelder.

5.1 Spieëling

Volgens Jung (1956:274–275) kom dit voor asof daar ’n “innige verbintenis” tussen perd en ruiter bestaan en dat die een se lot ook die ander se lot is. Daar is dus op ’n onbewuste vlak ’n vervlegtheid tussen die mens en sy/haar perd.

Jung (1963:144) beskryf ’n pasiënt wat hom eenmalig en naamloos besoek het, aangesien sy haar beste vriendin vermoor het om met dié se man te trou. Na die moord het die pasiënt verskeie probleme ervaar en sy het beleef dat haar perde se gedrag na die moord teenoor haar verander het. Jung (1963:144) beskryf dit soos volg:

This lady was a passionate horsewoman and owned several riding horses of which she was extremely fond. One day she discovered that the horses grow nervous under her. Even her favourite shied and threw her. Finally she had to give up riding. ... Sometimes it seems as if even animals and plants “know” it.

Main (2007:363) hou bogenoemde as ’n voorbeeld van ’n sinchronisiteit voor, maar die skrywer het ’n ander vertolking daarvan. In bogenoemde voorbeeld van Jung en sy pasiënt wat haar vriendin vermoor het (eerste psigiese toestand), is daar ’n moontlike oorsaaklike verklaring vir die perde se gedrag (tweede en kritieke psigiese toestand) en daarom kan dit nie as sinchronisiteit bestempel word nie. Die pasiënt kon byvoorbeeld biopsigososiale simptome soos angs en spanning na die moord wat sy gepleeg het, ontwikkel het en die perde kon daarop gereageer het. Relativisering van tyd en ruimte kom ook nie in hierdie voorbeeld voor nie. Die perde se reaksie kan gevolglik aan die hand van hulle spieëlwerking-eienskap verklaar word, want die perde het slegs die ruiter se angs weerspieël. Jung (1963:143) het bogenoemde voorbeeld ook nie in die raamwerk van sinchronisiteit verskaf nie, maar in die bespreking van sy psigiatriese aktiwiteite en hoe die menslike psige op misdaad reageer.

5.2 Sinchronisiteit

Die sinchronisiteit ter sprake het tydens die eerste perdetherapieaktiwiteit van ’n perdeondersteunde psigoterapeutiese groepsessie voorgekom. Die groeplede het uit professionele vroulike persone bestaan. Dit was ’n ontwikkelingsgerigte groep wat deur die skrywer gefasiliteer is. Die tema van die groep was verhoudinge vanuit ’n Jungiaanse siening wat op die boek van Hollis (1998) gegrond was.

Die naam van die perdetherapieaktiwiteit wat aan die kliënte gekommunikeer is en waartydens die sinchronisiteit plaasgevind het, is “Waarneming en nadergaan”. EAGALA (2009:71), noem dat hierdie aktiwiteit vir individue, gesinne en groepe geskik is. Die mikpunt van die aktiwiteit is onder andere die ontwikkeling van insig in oortuigings, persepsies en gedrag van die kliënt. Leer vind op ’n metaforiese vlak plaas omdat die kliënt parallelle tussen die perd en sy/haar eie lewe maak. Die terapeutiese span nooi die kliënt(e) uit om die perde waar te neem en kan die volgende vrae tydens die terapeutiese verwerking van die aktiwiteit (sien 4.2) aan die kliënt(e)

stel: “Watter perd is die meeste soos jy en waarom?”; of: “Watter perde is die meeste soos ... en waarom?” Vervolgens kan die kliënt(e) uitgenooi word om nader na die perd wat hy/sy/hulle gekies het, te gaan en om die perd selfs te streef.

Die perde was in ’n ring en die groeplede het aan die buitekant van die ring gestaan toe bogenoemde perdetherapieaktiwiteit aan hulle deur die terapeutiese span gekommunikeer is. Die terapeutiese verwerking (sien 4.2) het begin nadat die groeplede die perde waargeneem het. Die groeplede is die kans gebied om te verduidelik met watter perd hulle hulself vereenselwig en om welke rede.

’n Groeplid het genoem dat sy baie van ’n sekere wit perd in die trop hou. Sy was egter van mening dat die wit perd te groot en vet is om van haar probleme weg te vlieg. Daarop het sy ’n fyner geboude, maerder bruin perd gekies; die groeplid was van mening dat die bruin perd makliker van haar probleme sou kon wegvlieg. Op daardie bepaalde tydstip het die groot, vet, wit perd oor die 1.2m hoë heining, wat die perdering omhein, gespring. (Hier skiet Jung (1954:159) se woorde, “...it carries one away like a surge of instinct” in sy beskrywing van die simboliek van die perd, ’n mens te binne.)

Die groeplid het haar eerste reaksie na bogenoemde gebeurtenis op ’n latere stadium soos volg onthou: “Oorbluf deur die onverwagsheid van die beweging, het ek begin lag”, en verder: “Ek het so baie professionele rolle in my lewe gespeel – dosent, studieleier, prestasiebestuurder, opleier, besigheidsraadgewer, bemarker, navorsers, en geeneen het my hierop voorberei nie.” In ’n opvolgssessie het die groeplid genoem dat sy haarself die aand na die voorval in haar slaapkamer afgesonder het om oor sekere kwessies in haar lewe te besin.


Bogenoemde voorval kan as ’n voorbeeld van ’n sinchronisiteit gesien word: Twee psigiese toestande het voorgekom. Die een psigiese toestand is die gewone of natuurlike. In hierdie praktykvoorbeeld kan die groeplid se versugting en projektering op die perde om van probleme weg te kom, as die eerste psigiese toestand gesien word. Die tweede psigiese toestand behels die kritieke en onverklaarbare gebeurtenis – die groot wit perd, en nie enige ander perd in die ring nie, wat op daardie bepaalde tydstip oor die 1.2m hoë heining gespring het. Genoemde tweede psigiese toestande kan nie op ’n oorsaaklike wyse aan die eerste psigiese toestand gekoppel word nie, maar aangesien dit op dieselfde tydstip plaasgevind het, maak dit die voorval betekenisvol en dus ’n sinchronisiteit. Die voorval het verder spontaan plaasgevind. Niemand het die betrokke perd laat skrik of met opset oor die ring se heining gejaag nie. Tyd en ruimte het verder relatief geword, want al was die perd ongeveer 20m weg van die betrokke groeplid, het die perd oor die heining van die ring gespring op die bepaalde tydstip wat die groeplid van “wegvlieg” gepraat het.

As Giegerich (2012:500–502) reg vertolk word, sou Jung as wetenskaplike moontlik vra: Wat het op ’n psigonatuurlike vlak plaasgevind dat die onwaarskynlike perd oor die heining spring, terwyl die groeplid se gesprek oor wegvlieg van probleme handel? Bogenoemde sinchronisiteit is dus ’n “sinnegemäße Koinzidenz” soos deur Jung beskryf, maar dit was ook ’n “sinnvolle Koinzidenz” aangesien dit ’n sekere subjektiewe, persoonlike betekenis vir die groeplid wat dit beleef het, ingehou het en sy sekere aspekte van haar lewe as gevolg van die sinchronisiteit in heroënskou geneem het. Die psigoïede argetipe is dus gekonstelleer.

6. SLOT

Sinchronisiteit, volgens die Jungiaanse siening, is die gelyktydige plaasvind van twee psigiese toestande, waar die een psigiese toestand die gewone en die tweede psigiese toestand die onverklaarbare, kritieke toestand is. Soos sinchronisiteite in die alledaagse lewe kan voorkom, kan dit ook tydens terapeutiese sessies plaasvind. Daar is deur middel van ’n praktykvoorbeeld

aangetoon hoe sinchronisiteit sigself in 'n perdeondersteunde psigoterapeutiese sessie kan openbaar. Hierdie studie is deur die stilte in die literatuur aangaande sinchronisiteite in perdeondersteunde psigoterapie aangespoor. Daar is begin om die stilte aangaande hierdie verskynsel te verbreek, deur bogenoemde begrippe te beskryf en met 'n praktykvoorbeeld toe te lig. Die bydrae van hierdie artikel is dus die instemming van sinchronisiteit op perdeondersteunde psigoterapie (sien Figuur 1).



Figuur 1: Saambundeling van sinchronisiteit en perdeondersteunde psigoterapie

Die terapeutiese rol wat sinchronisiteit in perdeondersteunde psigoterapie kan speel, en hoe dit die individuasiëproses van die kliënt kan ondersteun, kan toekomstig kwalitatief en kwantitatief wetenskaplik ondersoek word.

BIBLIOGRAFIE

- Bachi, K. 2014. Equine-facilitated psychotherapy: Practice, theory, and empirical knowledge. In Parish-Plass (ed.). *Animal-assisted psychotherapy. Theory, issues, and practice*. West Lafayette: Purdue University Press, plek 5755–6288. Kindle ed. <http://www.amazon.com>
- Bachi, K. 2013. Application of attachment theory to equine-facilitated psychotherapy. *Journal of Contemporary Psychotherapy*, 43:187–196.
- Boyce, S. 2016. In Ferreira (ed.). *Psychological assessment. Thinking innovatively in contexts of diversity*. Cape Town: Juta, pp. 242–261.
- Coates, M. 2008. *Connecting with horses: The life lessons we can learn from horses*. London: Rider.
- Creswell, J.W. & Clark, P.V. 2011. *Designing and conducting mixed methods research*. 2nd ed. London: Sage. Kindle ed. <http://www.amazon.com>
- Christians, C.G. 2011. Ethics and politics in qualitative research. In Denzin & Lincoln (eds). *The Sage handbook of qualitative research*. 4th ed. Los Angeles: Sage, pp. 61–80.
- EBSCOhost. 2014. *What is EBSCOhost?* EBSCO Support. http://support.epnet.com/knowledge_base/detail.php?id=943 [17 December 2014].

- EAGALA. Sien Equine Assisted Growth and Learning Association.
- Equine Assisted Growth and Learning Association. 2009. *Fundamentals of EAGALA model practice: (Un) training manual. Supplemental material to the EAGALA equine assisted psychotherapy and learning training and certification program.* 6th ed. Santaquin: EAGALA.
- Erica. 2003. *Psycho-babble* [customer review]. 11 January, Amazon.com http://www.amazon.com/Horse-Sense-Human-Heart-Spirituality/dp/1558745238/ref=sr_1_1?s=books&ie=UTF8&qid=1418208337&sr=1-1&keywords=horse+sense+and+the+human+heart#customerReviews [10 December 2014].
- Fawcett, J. 2009. Editorial: Creating synchronicity in treatment and in other human relationships. *Psychiatric Annals Online*, 39(5):224.
- Fordham, M. 1973. Editorial preface. In Jung. 1960|2011. *Synchronicity: An acausal connecting principle.* From the collected works of C.G. Jung, vol. 8. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press, pp. vii–ix.
- Giegerich, W. 2012. A serious misunderstanding: Synchronicity and the generation of meaning. *The Journal of Analytical Psychology*, 57(4):500–511.
- Hallberg, L. 2008. *Walking the way of the horse: Exploring the power of the horse-human relationship.* New York: iUniverse.
- Hollis, J. 1998. *The Eden project: In search of meaning of the Magical Other: A Jungian perspective on relationship.* Toronto: Inner City Books.
- Hopcke, R.H. 2009. Synchronicity and psychotherapy: Jung's concept and its use in clinical work. *Psychiatric Annals*, 39(5):287–293.
- Jung, C.G. 1933. *Modern man in search of a soul.* San Diego: A Harvest/HBJ Book.
- Jung, C.G. 1953. *Psychology and alchemy.* The collected works of C.G. Jung, Vol. 12. 2nd ed. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press.
- Jung, C.G. 1954. *The practice of psychotherapy: Essays on the psychology of transference and other subjects.* The collected works of C.G. Jung, Vol. 16. 2nd ed. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press.
- Jung, C.G. 1956. *Symbols of transformation: An analysis of the prelude to a case of schizophrenia.* The collected works of C.G. Jung, Vol. 5. 2nd ed. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press.
- Jung, C.G. 1963. *Memories, dreams, reflections.* London: Flamingo.
- Jung, C.G. 1966. *The spirit in man, art, and literature.* The collected works of C.G. Jung, Vol. 15. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press.
- Jung, C.G. 1969a. *The structure and dynamics of the psyche.* The collected works of C.G. Jung, Vol. 8. 2nd ed. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press.
- Jung, C.G. 1969b. *Archetypes and the collective unconscious.* The collected works of C.G. Jung, Vol. 9 Part 1. 2nd ed. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press.
- Jung, C.G. 1969c. *Aion. Researches into the phenomenology of the self.* The collected works of C.G. Jung, Vol. 9 Part 2. 2nd ed. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press.
- Jung, C.G. 1970. *Mysterium Coniunctionis: An inquiry into the separation and synthesis of psychic opposites in alchemy.* The collected works of C.G. Jung, Vol. 14. 2nd ed. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press.
- Jung, C.G. 1976. *The symbolic life: Miscellaneous writings.* The collected works of C.G. Jung, Vol. 18. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press.
- Jung, C.G. 2009. *The red book / Liber Novus.* New York: W.W. Norton & Company.
- Kirsch, T.B. 2007. The legacy of C.G. Jung. In Casement (ed.). *Who owns Jung?* London: Karnac, pp. 153–167. Kindle ed. <http://www.amazon.com>
- Kruger, K.A. & Serpell, J.A. 2010. Animal assisted interventions in mental health: definitions and theoretical foundations. In Fine (ed.). *Handbook on animal-assisted therapy: Theoretical foundations and guidelines for practice.* 3rd ed. Amsterdam: Elsevier, pp. 332–48.
- Main, R. 2004. *The rupture of time: Synchronicity and Jung's critique of modern Western culture.* New York: Brunner_Routledge.
- Main, R. 2007. Synchronicity and analysis: Jung and after. *European Journal of Psychotherapy and Counselling*, 9(4):359–371.
- Main, R. 2014. The cultural significance of synchronicity for Jung and Pauli. *The Journal for Analytical Psychology*, 59:174–180.

- Mandrell, P.J. 2006. *Introduction to equine-assisted psychotherapy: A comprehensive overview*. Maitland: Xulon.
- Marlan, S. 2006. Alchemy. In Papadopoulos (ed.). *The handbook of Jungian psychology: Theory, practice and applications*. New York: Routledge, location 6152–6955. Kindle ed.<http://www.amazon.com>
- Mansfield, V., Rhine-Feather, S., & Hall, J. 1998. The Rhine Jung Letters: Distinguishing parapsychological from synchronistic events. *The Journal of Parapsychology*, 62:3–25.
- Marlo, H. & Kline, J.S. 1998. Synchronicity and psychotherapy: Unconscious communication in the psychotherapeutic relationship. *Psychotherapy*, 35(1):13–22.
- McGreevy, P. & McLean, A. 2010. *Equitation science*. Chichester: Wiley-Blackwell. Kindle ed.<http://www.amazon.com>
- Nachman, G. 2009. Clinical implications of synchronicity and related phenomena. *Psychiatric Annals*, 39(5):297–308.
- O.K. Corral Series. 2015. Equine-assisted history. <http://okcorralseries.com/about>[24 March 2016].
- Read, T. & Crowley, N. 2009. In Cook, Powell & Sims (eds). *Spirituality and psychiatry*. London: RCPsych Publications, pp. 212–232.
- Rector, B.K. 2005. *Adventures in awareness: Learning with help of horses*. Bloomington: authorHouse. Kindle ed.<http://www.amazon.com>
- Reiner, A. 2006. Synchronicity and the capacity to think: a clinical exploration. *Journal of Analytical Psychology*, 51:553–573.
- Shambo, L., Young, D. & Madera, C. 2013. *The listening heart. The limbic path beyond office therapy. A manual for “The Heal Model™” of equine-facilitated psychotherapy and learning*. Chehalis: HEAL (Human-equine Alliance for Learning). Kindle ed. <http://www.amazon.com>
- Shamdasani, S. 2011. Foreword to the 2010 edition. Reading Jung after the Red Book. In Jung, C.G. 1960|2011. *Synchronicity: An acausal connecting principle*. From the collected works of C.G. Jung, Vol. 8. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press, pp. vii–ix.
- Sharp, D. 1991. *Jung lexicon: A primer of terms and concepts*. Toronto: Inner City Books.
- Spiotta-DiMare, L. 2014. *Therapy horses: Horses that heal*. New York: Enslow. Kindle ed.<http://www.amazon.com>
- Tacey, D. 2001. *Jung and the New Age*. East Sussex: Brunner-Routledge.
- Troskie-de Bruin, C. 2015. *Article writing retreat*. ASEV Research and Development Consultants. (Course material).<http://asev.co.za/>
- Trotter, K.S. 2012. *Harnessing the power of equine assisted counselling: Adding animal assisted therapy to your practice*. New York: Routledge. Kindle ed.<http://www.amazon.com>
- Van Kralingen, A. 2015. *Is it meaningful or random? Part 1 – A rational perspective*. The Centre for Applied Jungian Studies.<http://appliedjung.com/philosophically/is-it-meaningful-or-random-part-1-a-rational-perspective> [15 July 2015].
- Van Nuys, D. 2014. *Equine-assisted psychotherapy and synchronicity*. e-mail. 8 December.
- Vassiliou, H. 2009. Meaningful coincidence in art therapy: An exploration of art therapists’ perceptions of synchronicity in their clinical practice. Montreal, Quebec: Concordia University. (Dissertation – MA in Creative Art Therapies).
- Von Franz, M. 1964. In Jung (ed.). *Man and his symbols*. London: Picador, pp. 157–254.
- Von Rüst McCormick, A. & McCormick, M.D. 1997. *Horse sense and the human heart: What horses can teach us about trust, bonding, creativity and spirituality*. Deerfield Beach: Health Communications.
- Yiassemides, A. 2011. Chronos in synchronicity: manifestations of the psychoid reality. *Journal of Analytical Psychology*, 56:451–470.

Die ervaring van aktiewe betrokkenheid by 'n aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep as 'n vorm van ondersteuning vir individue wat met Meervoudige Sklerose gediagnoseer is

The experience of active involvement in an online Facebook support group, as a form of support for individuals who are diagnosed with Multiple Sclerosis

CHRISMA PRETORIUS

Departement Sielkunde,
Stellenbosch Universiteit
E-pos: chrismapretorius@sun.ac.za



Chrisma Pretorius

CHRISMA PRETORIUS behaal haar voor- en na- graadse kwalifikasies, insluitend 'n PhD (Sielkunde) aan die Universiteit van die Vrystaat. Sy is ook 'n geregistreerde Voorligtingsielkundige wat spesialiseer in psigometriese en neurosielkunde assesserings. Haar loopbaan as dosent begin in die Departement Sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch in Maart 2010.

Sy is 'n jong opkomende navorser wat reeds verskeie innoverende studies van stapel gestuur en suksesvol voltooi het. Haar navorsingsfokus is op 'n kombinasie van kliniese neurosielkunde en gesondheidsielkunde. Sy is veral geïnteresseerd in toestande soos Psigogeniese nie-epileptiese aanvalle (PNEA), Meervoudige Sklerose (MS), en Traumatiese Hoofbeserings. Sy is ook deel van 'n internasionale navorsing taakspan wat tans besig is met 'n studie oor PNEA. Die oorkoepelende fokus van haar navorsing is op die impak van kroniese siektetoestande vanuit verskillende perspektiewe (o.a. die pasiënt, die versorger en die diensverskaffers soos gesondheidsorgwerkers). Haar doelwit is om 'n bydrae te maak tot die verbetering van dienste wat voorsien word aan pasiënte met kroniese siektetoestande om sodoende die ervarings van hierdie individue en hulle versorgers op 'n positiewe manier te fasiliteer.

CHRISMA PRETORIUS obtained her undergraduate, as well as her postgraduate qualifications, including her PhD (Psychology), at the University of the Free State. She is a registered counselling psychologist, who specializes in psychometric and neuropsychological assessments. Her career as lecturer started in the Department of Psychology at Stellenbosch University during March 2010.

She is a young and upcoming researcher who has been successful in completing and launching innovative studies. Her research focus is on a combination of clinical neuropsychology and health psychology. She is particularly interested in conditions such as Psychogenic non-epileptic seizures (PNES), Multiple Sclerosis and Traumatic Brain Injuries. She is also part of an international taskforce that is currently busy with a study on PNES. The encompassing focus of her research is the impact of chronic conditions from different perspectives (i.e., patient, caregiver, and service providers such as healthcare professionals). Her aim is to contribute to the improvement of services provided to patients with chronic conditions in order to facilitate the experiences of these individuals and their caregivers in a positive way.

Since 2010 she has also had the opportunity to present her research at various international and

Sedert 2010 het sy ook die geleentheid gehad om haar navorsing by verskeie internasionale en nasionale kongresse voor te dra. Van haar werk is ook reeds gepubliseer in nasionale en internasionale vaktydskrifte. Sy is ook sedert 2015 verkies tot lid van SA akademie vir Wetenskap en Kuns.

national conferences. Her work has been published in national and international peer reviewed journals. She has received her research rating from the National Research Foundation, and has been accepted as a member of the South African Academy for Science and Arts.

ABSTRACT

The experience of active involvement in an online Facebook support group, as a form of support for individuals who are diagnosed with Multiple Sclerosis

Multiple Sclerosis (MS) is a debilitating, degenerative inflammatory disease in the central nervous system, and there is little research on support networks for people with MS. To date, the majority of studies have focused on the use of online support groups by individuals with more well-known diseases, such as cancer or arthritis; while more uncommon diseases, such as MS, have received little attention. One way of improving peer support models is to incorporate insights from individuals' personal experiences which could present healthcare providers with an understanding of the skills that are required by individuals to cope with, and manage, a chronic disease on a daily basis.

The aim of this study was therefore to investigate the impact of active involvement in an online Facebook support group for individuals with MS, with a specific focus on the support and challenges that relate to membership of this group. The sample consisted of eight females and two males whose ages ranged between 29 and 59 years (mean = 46.7). The duration since MS diagnosis ranged from 5 years to 18 years (mean = 9.4), and the period of membership of the online support group ranged from 3 months to 3 years (mean = 2.4). There were vast differences between participants in the years since diagnosis, as well as the duration of membership to the online support group, which resulted in a heterogeneous sample. MS is a complex disease which is diverse in nature and affects various individuals in different ways. It thus seemed fitting to examine the experiences of a heterogeneous sample that might be a more adequate representation of the broader population of MS sufferers who utilise online support groups.

An exploratory qualitative research design was implemented, with thematic analysis being utilised to analyse and generate themes from the ten semi-structured interviews that were conducted with individuals diagnosed with MS, and actively involved in the online Facebook support group. Using the components of functional support (Sherbourne & Stewart 1991) as a means to interpret the results, five forms of support were identified as resources, namely: emotional support, informational support, social companionship, instrumental support, and appraisal support.

Membership to an online support group for people with MS seems effectively to address the need for social companionship and emotional support that these individuals often require. The online support group also seems to address physical problems like fatigue and problems with mobility, which are experienced by individuals with MS in particular, because these individuals can be part of an online support group in the comfort of their own home without any geographical barriers. This is an aspect of instrumental support. Another benefit of online support groups that people with MS in particular benefit from is that online support groups provide people with the opportunity to reconsider their message and write their message at their own tempo before posting it on the group. This is an important benefit and a form of instrumental support because the cognitive functioning, and in particular the processing speed, of individuals that have been diagnosed with MS is often affected by the illness.

It was also clear that there is an appreciation for the sharing of experiences that occurs among the group members. The group members often seem to learn from one another on how to make life easier for themselves. On the other hand, a number of challenges were also identified, namely: emotional challenges, limited information, mutual comparison and the need for personal interaction. Online support groups seem to be beneficial to the extent that they allow communication to occur between individuals from different parts of the world; however, difficulties may emerge when individuals desire personal contact. An interesting phenomenon that was noted in the appreciation theme related to mutual comparison between group members. Some indicated that they experienced this as a challenge, because the progression of some group members is often much faster in comparison to other group members. This leads to feelings of anxiety and uncertainty in some group members because they anticipate similar experiences of rapid decline and symptomatology. The findings of this study therefore suggest that although there is no personal contact between the group members, the hardships and challenges that group members experience and report still have an impact on these individuals.

This is the first study of its kind to investigate the experiences related to active involvement of people with MS in an online support group. This study provides a platform to understand people with MS's experiences of an online support group. It is clear from the experiences of the participants of this study that people with MS get support from the online support group in various ways, particularly in today's society with rapid technological developments allowing access to online communication and information. The findings of this study support the general trends reported in the literature about the experiences of people with other chronic conditions, and therefore contribute to the paucity of research currently available on this topic. The latter is probably one of the most important contributions of this study, given the exponential growth in the use of online support groups among people who are living with different chronic conditions worldwide.

It is my hope that the MS patient perspectives that were presented in this study will continue to increase awareness about this degenerative condition and furthermore make an educational contribution to the family and friends of people who suffer from MS. On a practical level, this study can make a particular contribution to healthcare providers who work with people with MS, by informing them about the value that online support could have for people who suffer from MS. The healthcare providers can in turn encourage people with MS to take part in support groups of this kind, and in that way contribute positively to the support that they receive.

KEY WORDS: multiple sclerosis, support groups, support, resources, challenges, online support group

TREFWOORDE: meervoudige sklerose, ondersteuningsgroepe, ondersteuning, hulpbronne, uitdagings, aanlyn ondersteuningsgroep

OPSOMMING

Hierdie studie benut 'n kwalitatiewe metodologie om 'n grootliks onverkende onderwerp, nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd te ondersoek. Bestaande navorsing oor ondersteuningsnetwerke vir mense met meervoudige sklerose (MS) is beperk. Die doel van die studie was om die ervarings van aktiewe betrokkenheid by 'n aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep vir individue wat met MS gediagnoseer is, te ondersoek. Die studie fokus spesifiek op die hulpbronne, asook die uitdagings verbonde aan die aktiewe betrokkenheid by hierdie groep. Tematiese ontleding is gebruik om tien semi-gestruktureerde onderhoude met individue wat met MS gediagnoseer is en aktief by 'n aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep betrokke is, te ontleed. Verskeie temas het in die studie na vore gekom. Die temas sluit verskeie vorms van ondersteuning in, naamlik emosionele, instrumentele, inligtings- en waarderingsondersteuning sowel as sosiale kameraadskap.

’n Aantal uitdagings is ook geïdentifiseer en sluit emosionele uitdagings, beperkte inligting, onderlinge vergelyking en ’n behoefte aan persoonlike kontak in. Hierdie studie is die eerste van dié aard en voorsien dus ’n platform om MS-lyers se ervarings van aanlyn ondersteuningsgroepe te verstaan. Die bevindinge van hierdie studie ondersteun verder oor die algemeen wat in die bestaande literatuur rapporteer word oor die ervarings van mense met ander kroniese siektetoestande en dra dus by tot die beperkte navorsing wat tot op hede daarvoor beskikbaar is. Laasgenoemde kan heel moontlik gesien word as een van die belangrikste bydraes van hierdie studie, gegewe die eksponensiële groei in die gebruik van aanlyn ondersteuningsgroepe onder mense met verskeie kroniese siektetoestande wêreldwyd.

Dit is my hoop dat die perspektiewe van die MS-lyers wat aangebied is in hierdie studie sal voortgaan om bewustheid te verhoog oor hierdie degeneratiewe toestand en verder ’n opvoedkundige bydrae sal lewer tot die medici, familie en vriende van diegene met MS. Op ’n praktiese vlak kan hierdie studie veral ’n bydrae lewer tot gesondheidsorgwerkers wat met MS-lyers werk, deur hulle in te lig oor die waarde wat hierdie tipe van aanlyn ondersteuningsgroep vir MS-lyers kan hê. Die gesondheidsorgwerkers kan weer mense met MS aanmoedig om deel te neem aan hierdie tipe aanlyn ondersteuningsgroepe en sodoende ’n positiewe bydrae maak tot die ondersteuning wat hulle ontvang.

1. INLEIDING

Meervoudige Sklerose (MS) is ’n verlamende, degeneratiewe, inflammatoriese siekte van die sentrale senuweestelsel (SSS) en een van die mees algemene neurologiese siektes onder volwassenes (Bhattacharya, Mishra & Tiwari 2012; Irvine, Davidson & Lowe-Strong 2009). Ongeveer 2.5 miljoen mense wêreldwyd, waarvan 70% vroue is, lewe tans met MS (Cross, Cross & Piccio 2012). Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie en die Internasionale Meervoudige Sklerose Federasie is die voorkomssyfer van MS 30 per 100 000 mense (Dua & Romani 2008). Bhigjee, Moodley en Ramkissoon (2007) het in ’n studie gefokus op die voorkoms van MS in verskillende etniese groepe in Suid-Afrika, spesifiek in KwaZulu-Natal. Hulle het bevind dat die voorkomssyfer 25.63 per 100 000 onder blankes is, 7.59 per 100 000 onder Indiërs, 0.22 per 100 000 onder die swart populاسie en 1.94 per 100 000 onder persone van gemengde afkoms. Voor die studie van Bhigjee e.a. (2007), was Dean (1967) die enigste navorser wat die voorkomssyfer van MS in Suid-Afrika beraam het. Alhoewel die studie slegs in KwaZulu-Natal gedoen is, is die statistieke van so aard dat dit duidelik blyk dat MS ook in die res van Suid-Afrika ’n groot probleem is. Die oorsake van MS is tot op hede nog onseker. Daar word wel gespekuleer dat die ontwikkeling van MS verband hou met ’n kombinasie van sowel genetiese as omgewingsfaktore (Bhattacharya e.a. 2012; Cross e.a. 2012).

MS is ’n siekte wat alle areas van ’n individu se lewe kan affekteer. Die ontwikkeling en progressie van MS is onvoorspelbaar en die simptome verskil van persoon tot persoon. Omdat die skade aan die neurone op enige plek in die SSS kan voorkom, kan die skade tot ’n wye verskeidenheid simptome lei (Mozo-Dutton, Simpson & Boot 2012). Die mees algemene simptoom van MS is moegheid (Reipert 2004). Verder kom fisieke en kognitiewe gestremdheid, asook die verlies van blaas- of dermbeheer en seksuele disfunksies, algemeen voor (Bagert, Camplair & Bourdette 2002; Bhattacharya e.a. 2012; Cross e.a. 2012). Depressie en angstigheid is meer algemeen onder individue met MS as die algemene bevolking (Goretti, McCabe, McKern & McDonald 2004; Winzelberg e.a. 2003). Die aantasting wat geassosieer word met MS lei dikwels tot beperkte mobiliteit en werksverlies (Uccelli, Mohr, Battaglia, Zagami & Mohr 2004), wat ’n afname in sosiale interaksie en uiteindelik sosiale isolasie en negatiewe emosies tot gevolg het (Grytten & Måseide 2006, Rao, Huber & Bornstein 1992; Ucelli e.a. 2004).

Alhoewel daar enkele farmakologiese behandelings beskikbaar is vir die verligting van MS-simptome, bestaan daar tans geen geneesmiddel nie (McCabe e.a. 2004; Reipert 2004; Rumrill 2009). Weens die hoë vlakke van ang en depressie onder MS-lyers is sielkundige hulp belangrik (Chalk 2007), maar, in die geestelike ondersteuning wat sielkundige berading bied, is bevind dat sosiale ondersteuning belangrik vir hulle emosionele behoeftes is (Holmes e.a. 2012; Malcomson e.a. 2008; Mohr e.a. 1999; Pretorius & Joubert 2014; Schwartz & Frohner, 2005). Dit is omdat sosiale ondersteuning dikwels bydra tot 'n beter selfbeeld, afname in depressie en toename in lewenskwaliteit (Pretorius & Joubert 2014; Schwartz & Frohner 2005). Portuurondersteuningsgroepe het 'n populêre bron van sosiale ondersteuning geword vir individue wat soortgelyke uitdagings, vertwyfelings, siektes en pyn ervaar (Uccelli e.a. 2004).

Tradisioneel het hierdie ondersteuningsgroepe bestaan uit ontmoetings waar mense 'n geleentheid kry om hulle ervarings en kennis van aangesig tot aangesig met ander te deel en só emosionele ondersteuning te bied en te ontvang (Droge, Arnston & Norton 1986). Die gebruik van aanlyn ondersteuningsgroepe raak egter gewilder soos wat tegnologie vorder. 'n Aanlyn ondersteuningsgroep is 'n tipe ondersteuningsgroep waarby 'n mens op die Internet kan aansluit. In 2007 het 'n studie getoon dat 36 miljoen mense in die VSA lede van een of ander aanlyn ondersteuningsgroep is (Coulson, Buchanan & Aubeeluck 2007). Die aanlyn ondersteuningsgroepe is aktief op boodskapborde, nuusgroepe, interaktiewe webtuistes en geselsgroepe (Coulson e.a. 2007). 'n Voorbeeld van, en ook een van die bekendste plekke waar aanlyn ondersteuningsgroepe tans aktief is, is Facebook. Alhoewel die Internet 'n algemene hulpbron geword het vir mense met verskeie siektetoestande, hoofsaaklik om inligting te bekom en vir doeleindes van emosionele ondersteuning, is navorsing oor aanlyn ondersteuningsgroepe steeds beperk. Navorsing wat tot dusver wel die impak van aanlyn ondersteuningsgroepe ondersoek het, fokus op siektetoestande soos kanker, artritis, fibromalgie, Parkinson se siekte, Huntington se siekte, prikkelbaredermsindroom en menslike immuuniteitsgebrek virus/verworwe immuuniteitsgebreksindroom (MIV/VIGS).¹

Bestaande navorsing oor aanlyn ondersteuningsgroepe toon dat mense verskeie voordele uit aanlyn ondersteuningsgroepe put (Coulson e.a. 2007; Finn 1999; White & Dorman 2001). Sodanige groepe is nie onderwerp aan ruimtelike en geografiese hindernisse soos aangesig-tot-aangesig ondersteuningsgroepe nie. Verder kan lede van so 'n groep teen hulle eie tempo op boodskappe reageer en boodskappe enige tyd van die dag of nag ontvang en stuur (Finn 1999). Dit verskaf 'n groter mate van anonimiteit as aangesig-tot-aangesig ondersteuningsgroepe en maak dit makliker vir individue om oor sensitiewe onderwerpe te kommunikeer (Finn 1999). Dit bring ook 'n verskeidenheid individue bymekaar wat 'n forum skep vir 'n verskeidenheid perspektiewe, ervarings, opinies en inligting (Coulson e.a. 2007; Finn 1999; White & Dorman 2001). Navorsing toon dat inligting en emosionele ondersteuning die mees algemene vorms van ondersteuning is (Coulson 2005; Hay, Strathmann, Lieber, Wick & Giesser 2008; Malcomson e.a. 2008; Ravert, Hancock & Ingersoll 2004; Van Uden-Kraan e.a. 2008a). Aanlyn ondersteuningsgroepe dra nie net by tot die bemagtiging van individue met chroniese siektetoestande nie, maar help ook om nuwe sosiale netwerke te fasiliteer wat sosiale isolasie verminder (Malcomson e.a. 2008).

Aanlyn ondersteuningsgroepe het ongelukkig ook verskeie nadele, soos verminderde persoonlike sosiale kontak en afhanklikheid daarvan vir ondersteuning (Barak, Boniel-Nissim & Suler 2008; Finn 1999). Dit is ook beperk tot diegene met rekenaarvaardighede en toegang tot rekenaars (Finn 1999; van Uden-Kraan e.a. 2008a). Die gehalte van die inligting wat uitgeruil

¹ Kyk onder meer Attard & Coulson (2012); Coulson (2005); Coulson e.a. (2007); Høybye, Dalton, Deltour, Bidstrup, Frderiksen & Johansen (2010); Mo & Coulson (2010); Van Uden-Kraan, Drossaert, Taal, Seydel & Van de Laar (2008a).

word, is ook soms kommerwekkend (Finn 1999; Van Uden-Kraan e.a. 2008a). Enkele deelnemers het gerapporteer dat hulle die groep ontgroeï het omdat dieselfde temas herhaaldelik bespreek word (Van Uden-Kraan e.a. 2008a).

Daar is twee tipes deelnemers aan aanlyn ondersteuningsgroepe: dié wat aktief betrokke is en dié wat net waarneem, ook bekend as “sluipers” (Mo & Coulson 2010; Van Uden-Kraan, Drossaert, Taal, Seydel & Van de Laar 2008b). Die aktiewe groep is dié wat vrae vra en beantwoord, inspirerende aanhalings plaas, inligting verskaf en in interaksie met ander groeplede tree. Sluipers, aan die ander kant, plaas selde iets en neem oor die algemeen nie aan besprekings deel nie. Die literatuur is inkonsekwent in bevindinge oor die mate waarin deelnemers en sluipers dieselfde baat vind by aanlyn ondersteuningsgroepe (Maloney-Krichmar & Preece 2005; Nonneke & Preece 2001; Van Uden-Kraan e.a., 2008b).

Navorsing stel toenemend voor dat deelname aan ’n aanlyn ondersteuningsgroep voordelig mag wees vir individue met kroniese siektetoestande. Die fokus van die meerderheid studies was tot dusver op die gebruik van aanlyn ondersteuningsgroepe onder individue met meer bekende siektetoestande soos vroeër vermeld, terwyl minder bekende toestande soos MS minder aandag geniet (Coulson e.a. 2007; Høybye e.a. 2010; Mo & Coulson, 2010; Van Uden-Kraan e.a., 2008a). Dit is duidelik uit die literatuurstudie dat beperkte navorsing tot dusver gedoen is oor aangesig-tot-aangesig ondersteuningsgroepe vir MS-lyers (Uccelli e.a. 2004), terwyl daar ’n gebrek is aan navorsing oor aanlyn ondersteuningsgroepe vir MS-lyers. Uccelli e.a. (2004) het gevind dat tradisionele aangesig-tot-aangesig ondersteuningsgroepe nie lei tot ’n noemenswaardige afname in depressie of ’n toename in lewenskwaliteit van MS-lyers nie. ’n Moontlike verklaring hiervoor is dat alhoewel MS-lyers sosiale ondersteuning identifiseer as ’n belangrike hulpbron, hierdie tipe ondersteuningsgroepe nie altyd voorsien in hul ander behoeftes nie. MS-lyers ervaar byvoorbeeld fisieke uitdagings soos probleme met mobiliteit en moegheid, kognitiewe inperking en blaas- en dermbeheer, wat toegang tot aangesig-tot-aangesig ondersteuningsgroepe kan bemoeilik. Volgens Coulson e.a. (2007) is dit moontlik dat aanlyn ondersteuningsgroepe dieselfde tipe ondersteuning aan individue met chroniese siektetoestande kan bied sonder die uitdagings wat gepaardgaan met aangesig-tot-aangesig ondersteuningsgroepe. Die vinnig groeiende tegnologie maak elektroniese interaksie maklik. Mense kan sosiaal verkeer vanuit die gemak van hul huise wat dit vir MS-lyers aantreklik maak.

Gegewe die eksponensiële groei in die gebruik van aanlyn ondersteuningsgroepe, is dit noodsaaklik om akkurate inligting te bekom oor die kwaliteit en die waarde daarvan vir MS-lyers. Hierdie studie sal hopelik daartoe bydra.

Die doel van die studie was dus om die tipes ondersteuning en die uitdagings wat geassosieer word met aktiewe lidmaatskap aan ’n aanlyn ondersteuningsgroep vir MS-lyers te ondersoek.

2. METODOLOGIE

’n Ondersoekende, kwalitatiewe navorsingsontwerp is gebruik in hierdie studie. Die keuse van hierdie navorsingsontwerp is gebaseer op twee redes. Eerstens, die tipes ondersteuning en uitdagings wat geassosieer word met aktiewe lidmaatskap aan ’n aanlyn ondersteuningsgroep vir MS-lyers is ’n grootliks onverkende onderwerp, nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd. Tweedens, hierdie is ’n loodsstudie wat gebruik maak van semi-gestruktureerde onderhoude wat daarop gemik is om tipes ondersteuning en uitdagings wat geassosieer word met aktiewe deelname aan die groep te identifiseer wat dan later met behulp van ’n grootskaalse vraelys-opname verder ondersoek sou kon word.

2.1 Deelnemers en prosedure

Die deelnemers het bestaan uit tien MS-lyers wat aktief betrokke is by 'n aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep. Die insluitingskriteria vir die studie om te verseker dat slegs lede wat aktief betrokke by hierdie groep is ingesluit word, was as volg: a) Lidmaatskap aan die aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep vir ten minste 'n maand, b) Die individu spandeer ten minste een uur per dag aan die aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep, c) Die individu het daaglikse interaksie met ander lede van die aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep (hierdie interaksie is gedefinieer deur enige van die volgende: vra en beantwoord vrae, plasing van inspirerende aanhalings, inligting verskaf, kommentaar lewer op dit wat ander lede van die groep plaas, deelname aan besprekings). Die deelnemers is deur middel van doelgerigte steekproeftrekking geïdentifiseer met die hulp van die voorsitster van die MS-vereniging in die Wes-Kaap. Sy is self ook daaglik aktief betrokke by die aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep en kon dus met akkuraatheid individue identifiseer wat aan die insluitingskriteria van die studie voldoen.

Nadat ingeligte toestemming van die deelnemers verkry is, is 'n semi-gestruktureerde onderhoud van tussen 60 en 90 minute met elkeen gevoer.

Die semi-gestruktureerde onderhoude is gerig deur die volgende vrae:

- Vertel my van jou ervaring om deel te wees van die aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep.
- Watter tipe ondersteuning vind jy deur deel te wees van die groep?
- Wat is die faktore en hulpbronne wat jy in die groep vind wat dit makliker maak om met MS saam te leef?
- Wat is die uitdagings wat jy ervaar met betrekking tot jou lidmaatskap en deelname aan die aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep?
- Hoe beïnvloed jou deelname aan die groep jou daaglikse lewe?
- As jy iets aan die groep kan verander, wat sal dit wees en waarom?

Die onderhoude is opgeneem en daarna getranskribeer vir die proses van data-ontleding. Data-insameling word gestaak na tien onderhoude, omdat inligtingversadiging dan bereik is.

Die deelnemersteekproef het uit agt vroue (80%) en twee mans (20%) bestaan, en die ouderdomme het gewissel tussen 29 en 59 jaar (gemiddeld = 46.7) (Sien Tabel 1).

TABEL 1: Demografiese Besonderhede van Deelnemers

Deelnemer kode	Geslag	Ouderdom	Ras	Taal	*Diagnose	*Tydperk van betrokkenheid	*Aantal ure per dag
1	Vroulik	34	Blank	Afrikaans	10	3 Jaar	3
2	Vroulik	47	Blank	Engels	15	3 Jaar	2
3	Vroulik	48	Blank	Engels	6	2 Jaar	2
4	Manlik	58	Blank	Afrikaans	5	3 Jaar	2
5	Vroulik	50	Blank	Afrikaans	7	3 Jaar	10
6	Vroulik	59	Blank	Engels	12	2 Jaar	1
7	Vroulik	56	Blank	Afrikaans	18	1.5 Jaar	3
8	Vroulik	29	Blank	Engels	5	3 Jaar	2
9	Vroulik	45	Kleurling	Engels	5	3 Jaar	3
10	Manlik	41	Indiër	Engels	11	3 Maande	2

* Aantal jare gediagnoseer met MS; Tydperk deel van die aanlyn Facebook ondersteuningsgroep; Hoeveelheid tyd per dag wat aan die aanlyn-Facebook-ondersteuningsgroep gespandeer word; Huidige deelname aan 'n aangesig-tot-aangesig-ondersteuningsgroep

Die tydperk sedert deelnemers met MS gediagnoseer is, strek vanaf 5 tot 18 jaar (gemiddeld = 9.4). Die tydperk wat deelnemers by die aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep betrokke was, varieer tussen drie maande en drie jaar (gemiddeld = 2.4), wat die tyd is toe die groep begin het. Die tyd wat die deelnemers per dag aan die groep bestee, was tussen een en tien uur (gemiddeld = 3).

2.2 Etiese oorwegings

Etiese klaring vir die studie is verkry van die instansie onder wie se vaandel die navorsing uitgevoer is (S13/04/075). Navorsingsdeelnemers is ingelig oor die doel van die studie, hulle basiese deelnemersregte, asook die feit dat die studie geen persoonlike koste of vergoeding behels nie. Voorsiening is gemaak om professionele dienste te verskaf vir deelnemers wat sielkundige berading as gevolg van die navorsingsingreep sou benodig. Deelnemeranonimiteit is verseker deur eiename met numeriese indekse te vervang en deur persoonlike inligting in transkripsies te verdoesel. Slegs die navorsingspan kon toegang tot vertroulike inligting verkry.

2.3 Data-ontleding

Die Braun en Clarke (2006) model vir tematiese ontleding is gebruik om die data te ontleed. Hierdie metode bestaan uit ses stappe waarvan die een stap eers voltooi moet word voordat daar na die volgende stap beweeg kan word. Die prosedure wat vervolgens bespreek word, is sistematies vir elkeen van die tien onderhoude wat gevoer is, uitgevoer. Die eerste stap is om met die data bekend te raak. Dit is gedoen deur die onderhoude te transkribeer, die data herhaaldelik te lees en dan idees neer te skryf. Die rekenaarprogram Atlas.ti4.2 is gebruik om die proses van selektering, kodering en die vergelyking van belangrike dele van die teks te fasiliteer (dit behels stap 2 tot 5). Die tweede stap is om kodes te genereer. Dit behels die kodering van interessante aspekte wat in die datastel voorkom. Dit is sistematies gedoen deur die loop van die hele stel data (al tien onderhoude) om data wat vir elke kode relevant is, te versamel (Braun en Clarke 2006). In die derde fase is kodes in potensiële temas geïntegreer deur alle data relevant tot die potensiële temas in te samel (Braun en Clarke 2006). Die vierde stap is die hersiening van temas. Dit behels die nagaan van temas om seker te maak dat die temas met die gekodeerde data en die hele datastel verband hou om sodoende 'n tematiese kaart van die ontleding te genereer (Braun en Clarke 2006). Nadat die temas hersien is, is die temas in stap vyf gedefinieer en benoem. Die laaste fase van tematiese ontleding volgens Braun en Clarke (2006) is die skryf van 'n verslag van die bevindinge en temas.

Sherbourne en Stewart (1991) se model van funksionele ondersteuning is gebruik as 'n raamwerk vir die ontleding en organisering van die data van hierdie studie (stap 2 tot 5 hierbo beskryf). Navorsers het gevind dat 'n effektiewe manier om sosiale ondersteuning te ondersoek is om te kyk na die subjektiewe ervarings van waargenome beskikbaarheid van funksionele ondersteuning (Cohen & Syme 1985; Cohen & Wills 1985; House & Kahn 1985). Funksionele ondersteuning verwys na die graad waartoe interpersoonlike verhoudings sekere funksies vervul. Soos aangedui in Tabel 2, bestaan die mees algemene funksies waarna die literatuur verwys, uit emosionele ondersteuning, instrumentele ondersteuning, inligtingsondersteuning, waarderingsondersteuning en sosiale kameraadskap (Sherbourne & Stewart 1991).

TABEL 2: Model van funksionele ondersteuning

Tipe ondersteuning	Beskrywing
Emosionele ondersteuning	Behels die verkryging van die liefde, omgee, aanvaarding, vertroue en empatie van ander
Instrumentele ondersteuning	Neem die vorm aan van materiële ondersteuning, finansiële bystand of ander dienste wat bestaan uit die direkte maniere waarop individue ander help.
Inligtingsondersteuning	Behels die voorsiening van kennis om begrip en hantering van 'n spesifieke situasie te bewerkstellig.
Waarderingsondersteuning	Verwys na die bevestiging van 'n individu se kognisies, oortuigings of emosies rakende 'n situasie of hulself.
Sosiale kameraadskap	Dit kan beskou word as die beskikbaarheid van ander om aktiwiteite mee saam te doen of om tyd op 'n informele manier saam deur te bring en sluit 'n gevoel van behoort in

Broadhead, Gehlbach, De Gruy & Kaplan (1998); Cohen & Wills (1985); Schwarzer & Leppin (1988); Sherbourne & Stewart (1991).

Hierdie vyf komponente van funksionele ondersteuning is gebruik as basis om temas wat verband hou met die impak van aktiewe deelname aan 'n aanlyn ondersteuningsgroep vir MS-lyers te identifiseer, organiseer en te kontekstualiseer met betrekking tot die tipes ondersteuning wat verkry word en die uitdagings wat in die gesig gestaar word soos dit verband hou met lidmaatskap aan hierdie groep. Elke onderhoud is sistematies ontleed volgens die stappe wat vroeër in die afdeling bespreek is en 'n tema is slegs ingesluit wanneer ten minste ses of meer van die tien deelnemers die tema ondersteun. Temas word aangedui deur direkte aanhalings van die deelnemers gedurende die onderhoude te gebruik.

3. RESULTATE

Die temas wat deur middel van tematiese analise identifiseer is, word in hierdie afdeling bespreek. Alhoewel die temas gebaseer is op die herhaling van dieselfde inhoud deur verskillende deelnemers, is sommige van die temas gebaseer op minder as al tien deelnemers se relase. Elke onderhoud is sistematies ontleed met behulp van die rekenaarprogram Atlasti 4.2 volgens die stappe wat onder die data analise afdeling bespreek is en 'n tema is slegs ingesluit wanneer ten minste ses of meer van die tien deelnemers die tema ondersteun. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie temas nie uitgebeeld of bespreek word in enige spesifieke volgorde van belangrikheid nie.

3.1 Hulpbronne

Die eerste aspek van die resultate handel oor die hulpbronne en/of ondersteuning wat die deelnemers uit die aktiewe betrokkenheid by die aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep kry. Hierdie ondersteuning bestaan uit vyf temas, naamlik emosionele ondersteuning, instrumentele ondersteuning, inligtingsondersteuning, waarderingsondersteuning en sosiale kameraadskap. Elkeen van hierdie temas sal vervolgens individueel bespreek word.

3.1.1 *Emosionele ondersteuning*

Die tematiese analise het duidelik getoon dat deelnemers betekenisvolle emosionele ondersteuning ontvang deur lidmaatskap van die aanlyn ondersteuningsgroep. Hierdie tipe ondersteuning is op verskeie maniere ervaar en duidelik in die mate waartoe deelnemers omgee, onvoorwaardelike aanvaarding en vertroue in die groep ervaar om te kan uiting gee aan emosies sonder dat hulle veroordeel word. Eerstens, al tien die deelnemers het ervaar dat hulle eerlik kon wees oor hulle belewenis van MS sonder dat ander hulle veroordeel. Dit word geïllustreer deur die volgende twee aanhalings:

Daar is niemand wat vir jou sal sê dit is 'n simpel opmerking nie en mense het die vryheid om hulle self te kan wees. Ek ervaar die mense as opreg. (Deelnemer 6)

My familie het nie MS nie, niemand in my vriendekring het MS nie; dit is moeilik om vir iemand te sê, ag, weet jy, ek voel moeg vandag en dan ag, nee, jy hou op kla versus om te sê op daai groep daar, want ... ja, die mense daar, hulle verstaan. Die mense in die groep, hulle simpatiseer nie; dis meer empatie versus simpatie. (Deelnemer 1)

Tweedens, agt van die deelnemers het rapporteer dat hulle die groep vir emosionele ontlasting gebruik. Dit was duidelik dat emosionele ontlasting kan plaasvind omdat die MS-lyers genoegsame vertroue het in die ander lede van die groep om hulle emosies en probleme te deel. Die volgende aanhalings vat hierdie sentiment saam:

Ag, dis 'n plek waar jy kan uitlaat, of as jy die slag nie lekker voel nie, dan kan jy daar sê. Jy hoef ook nie op te krop in jouself nie. Jy kan uiting kry. Daar is baie emosionele ondersteuning. (Deelnemer 4)

Dit is 'n plek wat daar is en wat geskep is vir die mense om te ontlaai. (Deelnemer 7)

3.1.2 *Instrumentele ondersteuning*

Instrumentele ondersteuning verwys na praktiese hulp en dienste wat gelewer word, byvoorbeeld wanneer die individu siek is of vervoer benodig. Die groeplede beskou die gemak wat die aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep bied as 'n diens, 'n belangrike hulpbron. Hierdie "gemak" verwys na die moontlikheid om in hul eie huise deel van 'n sosiale netwerk te wees. Al tien die deelnemers het hulle voorkeur vir 'n aanlyn ondersteuningsgroep bo 'n aangesig-tot-aangesig ondersteuningsgroep aangedui en toegeskryf aan die gemak van die beskikbaarheid daarvan. Hulle ervaar immers verskeie uitdagings wat verband hou met MS, wat bydra tot hul huisgebondenheid. Dit word geïllustreer deur die volgende aanhalings:

Daar is 'n ondersteuningsgroep in die aand, maar ek is doodmoeg teen ses-uur en ek kan in elk geval nie in die aand bestuur nie. Daar is ook 'n byeenkoms op 'n Saterdagoggend, maar daar is weereens die afstand. So die Facebook-groep is baie gerieflik, want jy kan daarop gaan wanneer jy wil, in die gemak van jou eie huis en jy hoef nêrens heen te ry nie. En daar is altyd iemand anders wat wakker is. (Deelnemer 2)

Een van die uitdagings met 'n aangesig-tot-aangesig groep is die vervoer. Ek kan byvoorbeeld nie bestuur nie. So is daar baie MS-lyers wat bedgebonde is of hulle ervaar kroniese moegheid of hulle is in 'n rolstoel. So dit maak dit moeilik. Sosiale media het dit baie makliker gemaak. Dit help ook om op jou eie tyd te kan reageer. (Deelnemer 10)

Dit is hierdie gemak wat deelnemers die ondersteuning van 'n aanlyn groep laat verkies bo dié van 'n aangesig-tot-aangesig ondersteuningsgroep.

3.1.3 *Inligtingsondersteuning*

Die data-analise het getoon dat inligtingsondersteuning nog 'n belangrike vorm van ondersteuning is. Sewe van die deelnemers rapporteer die onmiddellike terugvoer op hulle vrae as 'n groot voordeel van die groep. Twee van die deelnemers het opgemerk:

Jy kry onmiddellik reaksies. (Deelnemer 2)

Die wete dat ek kan uitreik na die ondersteuningsgroep en dat daar heel waarskynlik iemand sal wees wat reageer. (Deelnemer 6)

Al tien die deelnemers sien ook die aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep as 'n belangrike bron van inligting. Hierdie inligting hou die lede ingelig en op hoogte met die nuutste verwickelinge rondom MS. Dit word geïllustreer deur die volgende aanhalings:

Baie inligting, hulle deel ook baie goed want almal in die groep lees baie op so daar is altyd “ten tips for handling fatigue” of soos daardie nuwe medikasie wat uit is, nou leer jy van die pille en ja, daar is altyd nuwe inligting. Dit laat jou op hoogte bly. (Deelnemer 1)

Ek gaan veral op die groep wanneer hulle dokumente met nuwe inligting oplaai. (Deelnemer 2)

3.1.4 *Waarderingsondersteuning*

Tersaaklikheid is deur ses van die deelnemers geïdentifiseer as 'n vorm van waarderingsondersteuning. Dit verwys na die raad, opinies, tegnieke of idees wat spesifiek van toepassing is op die individu of deelnemer self en wat die deelnemer dan gebruik vir self-evaluering. Dit is duidelik uit die onderstaande aanhalings dat die groep se terugvoer die deelnemers help om meer ingeligte besluite te neem en om perspektief te kry op hulle eie manier van handel.

Partykeer is 'n mens nie seker oor jou simptome nie en of jy 'n terugslag het nie en dan 'n neuroloog moet gaan sien nie. So, ek hoor altyd wat die groep sê. (Deelnemer 2)

Baie van die tipe simptome wat mense ervaar en hoe hulle dit hanteer is partykeer insiggewend. Want jy kry perspektief op jou eie manier van dinge hanteer. (Deelnemer 4)

3.1.5 *Sosiale kameraadskap*

Agt van die deelnemers het aangedui dat die groep 'n plek is waar hulle voel hulle behoort. Dit is duidelik uit die volgende aanhalings dat die ruimte kameraadskap bied tussen mense met dieselfde uitdagings:

Ek is deel van die groep, ek voel dit is wat ek daaruit kry. Ek hou van die feit dat dit Suid-Afrikaans is eerder as die Amerikaans, omdat dit mense is wat dieselfde hulpbronne het en dieselfde omgewing. (Deelnemer 1)

Ons is almal in dieselfde bootjie. (Deelnemer 6)

Hulle word soos jou familie. (Deelnemer 9)

En ek het soveel mense leer ken daardeur wat ek regtig vriende mee geraak het. (Deelnemer 5)

Die privaatheid en anonimiteit wat die deelnemers in die geslote ondersteuningsgroep ervaar, dra verder by tot 'n gevoel van sosiale kameraadskap. Verder maak die indirekte kontak dit makliker

om openlik vrae te vra en opinies te lig. Nege van die deelnemers noem dat dit vir hulle 'n hulpbron is dat die groep geslote is, aangesien dit bydra tot die ervaring van privaatheid. Die volgende aanhalings vat hierdie sentiment saam:

Ons het 'n slagspreuk dat “wat in die groep gesê word, bly in die groep”. Dis absoluut privaat. (Deelnemer 5)

Daar is 'n eerlikheid in die groep, ek dink dit is omdat dit 'n geslote groep is, mense voel meer gemaklik om hulle ervarings te deel. (Deelnemer 10)

Die aspek van anonimiteit gaan hand aan hand met privaatheid. Volgens sewe van die deelnemers vind hulle dit makliker om met ander te deel of te gesels in die aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep as van aangesig tot aangesig, omdat dit vir hulle 'n mate van anonimiteit bied. Twee van die deelnemers het opgemerk:

Die mate van anonimiteit is vir my lekker. (Deelnemer 1)

Dit is een van die redes hoekom ek nie die aangesig-tot-aangesig ondersteuningsgroep bywoon nie, dit is te intiem, heeltelmal te intiem. (Deelnemer 3)

Laastens vind al tien die deelnemers dat die sosiale interaksie 'n besondere hulpbron is wat betekenisvol bydra tot sosiale ondersteuning en 'n gevoel van kameraadskap. Dit word geïllustreer deur die volgende aanhalings:

Ek kan nie my lewe sonder die groep voorstel nie, die ondersteuning wat ek van die groep kry, is so positief. Ek bedoel, ek woon alleen, ek het geen ondersteuningsstelsel nie. Ek word nie eers toegelaat om troeteldiere aan te hou in die kompleks waar ek woon nie. So ek het niks nie. (Deelnemer 3)

Ek hou daarvan om dit te gebruik as interaksie met ander mense, veral nou dat ek die heeltyd in die rolstoel is en spesiaal nou in die winter. Ten minste voel jy jy hou kontak met die buitewêreld. (Deelnemer 7)

Ek weet nie wat ek sonder die groep sou gedoen het die laaste drie jaar nie. Ek sou tien teen een selfmoord gepleeg het. So jy weet om dit daar te hê as 'n sosiale ontvlugting het 'n groot verskil gemaak. (Deelnemer 8)

Dit is duidelik dat die meerderheid van die deelnemers beperkte kontak met ander mense sou gehad het as dit nie was vir die aanlyn ondersteuningsgroep nie.

3.2 Uitdagings

Uit die onderhoude met die deelnemers en die ontleding van die data is dit duidelik dat, alhoewel die aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep 'n groot mate van ondersteuning aan die lede van die groep bied, daar ook verskeie uitdagings bestaan wat verband hou met aktiewe lidmaatskap en deelname aan hierdie groep. Dit hou verband met emosionele uitdagings, beperkte inligting, onderlinge vergelyking tussen die groeplede en 'n behoefte aan persoonlike interaksie. Elkeen van hierdie temas word vervolgens individueel bespreek.

3.2.1 Emosionele uitdagings

Die ontlokking van negatiewe emosies is deur ses van die deelnemers as 'n emosionele uitdaging identifiseer. Dit hou verband met die feit dat mense in die groep soms negatief is of wanneer die

groeplede ervaar dat iemand in die groep deur 'n moeilike tyd gaan. Dit is dikwels ontstellend vir sommige deelnemers en het 'n negatiewe effek op hulle. Een deelnemer se opmerking was:

Jy weet dan sal iemand byvoorbeeld sê: “Ek sien nie die sin om meer te lewe nie”. “Ek wil liewers gaan.” Jy weet, sulke tipe goed, en dit is ontstellend. (Deelnemer 5)

3.2.2 *Beperkte inligting*

Volgens die tematiese ontleding het deelnemers ook uitdagings met betrekking tot inligtingsondersteuning ervaar. Volgens agt van die deelnemers aan hierdie studie is daar slegs 'n sekere aantal lede wat aktief by die groep betrokke is en antwoord op vrae wat in die groep gevra word. Die meerderheid van die groeplede is onaktief en neem net waar wat in die groep gebeur. Dit bring mee dat 'n nog kleiner aantal mense inligting, raad en opinies verskaf. Die volgende aanhaling vat hierdie sentiment saam:

Ek dink die groep moet groter wees om die ware potensiaal te bereik. Dit is omdat jy 'n beperkte aantal mense het wat aktief betrokke is, wat kommentaar lewer en insette gee. Die diepte van die insette is beperk deur die aantal mense wat bydra. (Deelnemer 10)

Die deelnemers vind soms 'n gebrek aan inligting of beperkte inligting frustrerend.

3.2.3 *Onderlinge vergelyking*

Hierdie tema hou verband met uitdagings op die gebied van waarderingsondersteuning, wat verwys na raad of inligting wat die individu help met self-evaluasie. Met die tematiese ontleding wat uitgevoer is, was dit duidelik dat onderlinge vergelyking 'n uitdaging vir nege van die deelnemers was. Die deelnemers het gerapporteer dat, omdat al die groeplede met MS gediagnoseer is, en MS 'n degeneratiewe toestand is, hulle mekaar se progressie kan waarneem. Groeplede sal dikwels agteruitgang rapporteer, of dit kan selfs op foto's waargeneem word. Een deelnemer se opmerking was:

Die enigste nadeel is dat, as dit sleg gaan met iemand in die groep, ek weet daar is baie jong mense in die groep waarmee dit ook sleg gaan, maar daar is mense wat ouer is as ek en dan wonder ek altyd of dit ek is oor 'n paar jaar. So, wanneer hulle deur hierdie slegte goed gaan, dan wonder jy of dit jy gaan wees. Jy wonder oor die toekoms en wonder of jy ook in daardie posisie gaan wees. (Deelnemer 2)

3.2.4 *Behoefte aan persoonlike interaksie*

Hierdie tema verwys na uitdagings met betrekking tot sosiale kameraadskap. Alhoewel mense aanlyn met ander mense in kontak is, voel ses van die deelnemers dat hulle steeds die persoonlike kontak met ander mis. Hierdie deelnemers voel soms geïsoleerd en het 'n behoefte aan aangesig-tot-aangesig-kontak en interaksie. Dit word geïllustreer deur die volgende aanhalings:

Ek dink dit is 'n uitdaging dat daar geen fisiese kontak in die aanlyn ondersteuningsgroep is nie. (Deelnemer 6)

Ek is baie geïsoleerd hier waar ek woon. Ek sal baie daarvan hou om saam met die ander lede van die groep te gaan koffie drink. Ek wens ons het meer bymekaar gekom. (Deelnemer 8)

Dit blyk dat sommige van die deelnemers tog 'n behoefte het aan persoonlike interaksie, ten spyte van die voordele verbonde aan die aanlyn ondersteuningsgroep en die nadele verbonde aan aangesig-tot-aangesig ontmoetings.

4. **BESPREKING**

Die doel van die studie was om die ervarings van aktiewe betrokkenheid by 'n aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep vir individue wat met MS gediagnoseer is, te ondersoek met 'n spesifieke fokus op die hulpbronne, asook die uitdagings wat met hierdie groep verband hou. Uit sowel die literatuuroorsig as die resultate van hierdie ondersoek is dit duidelik dat MS 'n siekte is wat verskeie areas van 'n individu se lewe raak. Die ontwikkeling en progressie van MS is onvoorspelbaar en individue wat met MS lewe kan met 'n wye verskeidenheid simptome presenteer (Bhattacharya e.a. 2012). Dit is daarom nodig dat individue wat met hierdie siekte gediagnoseer is, ondersteuning kry om die siekte te hanteer (Pretorius & Joubert 2014).

Verskeie studies het bevind dat sosiale ondersteuning belangrik is vir MS-lyers omdat dit dikwels help met die hantering van die uitdagings wat daarmee geassosieer word (Malcomson e.a. 2008; Mohr e.a. 1999; Pretorius & Joubert 2014). Ondersteuningsgroepe, meer spesifiek 'n vorm van sosiale ondersteuning, is 'n voorbeeld van een van die ondersteuningsbronne wat MS-lyers gebruik (Mohr e.a. 1999), soos blyk uit die terugvoering van al tien die deelnemers aan hierdie studie. Hierdie bevinding weerspieël die bevindinge van vorige studies wat die impak van aanlyn ondersteuningsgroepe onder individue met ander kroniese siektes, soos kanker, artritis, fibromalgie, Parkinson se siekte, Huntington se siekte, prikkelbaredermsindroom en menslike immuuniteitsgebrekvirus/verworwe immuuniteitsgebreksindroom (MIV/VIGS) ondersoek het (Attard & Coulson 2012; Coulson 2005; Coulson e.a. 2007; Høybye e.a. 2010; Mo & Coulson 2010; Van Uden-Kraan e.a. 2008a). Alhoewel MS 'n unieke siekte is, onderskeibaar van ander kroniese siektes, blyk dit dat daar ooreenkomste bestaan met betrekking tot die behoefte aan sosiale ondersteuning onder individue met hierdie siektes.

Emosionele ondersteuning was een van die prominente temas en al tien die deelnemers was dit eens dat hulle die groep vir emosionele ondersteuning gebruik. Dit is belangrik vir die deelnemers om 'n plek te hê waar hulle hulself kan wees en 'n gevoel van behoort ervaar omdat die groeplede met mekaar se uitdagings en ervarings kan identifiseer. Dit stem ooreen met vorige navorsing wat daarop dui dat individue met verskeie kroniese siektetoestande by aanlyn ondersteuningsgroepe aansluit omdat hulle vertroosting ervaar in die kontak met mense met soortgelyke simptome en uitdagings. Emosionele ondersteuning word as een van die belangrikste vorms van ondersteuning gerapporteer (Coulson 2005; Ravert e.a. 2004; Van Uden-Kraan e.a. 2008a).

Die meeste van die deelnemers het ook genoem dat hulle emosioneel kan ontlaai in die groep. Van Uden-Kraan e.a. (2008a) het gevind dat die deel van gevoelens met ander, en die besef dat jy nie alleen deur die moeilike tyd gaan nie, 'n stresverligter is vir individue met kroniese siektetoestande. Hulle voel veilig om hulle werklike emosies bekend te maak omdat die ander groeplede dit verstaan en daarmee assosieer. 'n Studie oor ondersteuningsgroepe vir individue wat met MS gediagnoseer is, het getoon dat deelname aan die groep die individue kan help om proaktief op te tree wanneer hulle gemoedstoestand laag is (Holmes e.a. 2012). Daar moet in ag geneem word dat Holmes e.a. (2012) verwys na 'n aangesig-tot-aangesig ondersteuningsgroep en nie 'n aanlyn ondersteuningsgroep nie. Dit is egter moontlik dat deelname aan 'n aanlyn ondersteuningsgroep 'n soortgelyke impak kan hê, aangesien die deelnemers aan hierdie studie rapporteer dat die groep hulle geleentheid bied vir emosionele ontlasting. Weens die dikwels hoë

vlakke van depressie en angs onder MS-lyers (Winzelberg e.a. 2003) kan die emosionele ondersteuning van die aanlyn ondersteuningsgroep positief bydra tot hul emosionele welstand.

Alhoewel emosionele ondersteuning as 'n belangrike hulpbron geïdentifiseer is, het daar ook emosionele uitdagings na vore gekom. Diagnose met 'n kroniese siekte soos MS kan negatiewe emosies ontlok (Rao e.a. 1992). Omdat emosionele ontlading onder andere in die groep plaasvind, word ander groeplede daaraan blootgestel. Van die deelnemers het gerapporteer dat dit soms ontstellend is om te sien dat iemand deur 'n moeilike tyd gaan of sukkel om die siekte te hanteer. Groeplede kan dus ontsteld raak en ook negatiewe emosies ervaar (Van Uden-Kraan e.a. 2008b).

Aktiewe betrokkenheid by die aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep bied ook op verskeie maniere instrumentele ondersteuning aan MS-lyers. Die deelnemers aan hierdie studie was dit eens dat die gemak om vanuit 'n eie huis aan die groep te kan deelneem 'n baie belangrike diens is wat die groep bied. Dit stem ooreen met Finn (1999) se studie dat aanlyn ondersteuningsgroepe 'n belangrike hulpbron is omdat daar geen geografiese hindernisse is nie. Nog 'n aspek van hierdie gemaklikheid is dat die groep enige tyd beskikbaar is. MS-lyers werk dikwels nie en is baie tuis. Hulle kan dus 24 uur by die groep inskakel om nie alleen te voel nie. Dié aspek stem ooreen met vorige navorsing wat toon dat die 24-uur-beskikbaarheid van aanlyn ondersteuningsgroepe 'n groot voordeel vir groeplede is (Coulson e.a. 2007; Finn 1999).

MS-lyers ervaar dikwels kognitiewe inperkings soos geheue-, leer-, aandag- en inligtings-prosesseringsprobleme (Bagert e.a. 2002). Aanlyn ondersteuningsgroepe bied 'n ruimte waar individue op hulle eie tyd op boodskappe kan reageer of inligting kan plaas.

Inligtingsondersteuning is nog 'n prominente tema wat geïdentifiseer is. Die aanlyn ondersteuningsgroep voorsien 'n magdom inligting wat verband hou met onderwerpe soos die hantering van MS of die interpretasie van simptome, wat die deelnemers help om uitdagings geassosieer met MS te hanteer. Die meeste studies oor aanlyn ondersteuningsgroepe het vasgestel dat die groepe gereeld gebruik word as 'n bron van inligting oor aspekte rakende die siekte waarmee die individue gediagnoseer is (Coulson e.a. 2007; Finn 1999; Hay e.a. 2008; Malcomson e.a. 2008). Dit blyk dat aanlyn ondersteuningsgroepe 'n plek is waar al die nuutste vorderings met betrekking tot behandeling, simptome en hanteringsmeganismes geredelik beskikbaar is (Hay e.a. 2008). Hay e.a. (2008) het vasgestel dat mediese inligting een van die hoofredes is waarom individue wat met MS gediagnoseer is die Internet gebruik. Vorige navorsing toon dat individue wat toegerus is met die nuutste kennis van die siekte 'n gevoel van bemagtiging ervaar (Malcomson e.a. 2008). Deelnemers aan hierdie studie het dit bevestig. Volgens hulle lei die feit dat hulle ingelig is oor MS tot 'n afname in die vrese wat met die siekte geassosieer word. Deelnemers het verder aangedui dat die inligting wat op die groep beskikbaar is nie net hulself nie, maar hulle vriende en familie help om meer oor MS te leer. Dit bevestig die bevindinge van Coulson (2005) dat hierdie tipe ondersteuningsgroepe dikwels 'n opvoedkundige rol speel.

Inligtingsondersteuning het ook verskeie uitdagings opgelewer. Omdat die groep geslote is, het van die deelnemers gevind dat die inligting, perspektiewe en opinies in die groep beperk is. Dit is weens die beperkte getal mense wat aktief bydra tot die inligting op die groep teenoor die meerderheid wat onaktiewe waarnemers is. Hierdie verskynsel is in teenstelling met die bevindinge van Coulson e.a. (2007) en Finn (1999) wat bevind het dat daar in aanlyn ondersteuningsgroepe 'n wye verskeidenheid perspektiewe, ervarings, gedagtes en bronne van inligting beskikbaar is. Die rede vir hierdie kontrasterende bevindinge mag wees dat die studies waarna verwys word nie noodwendig oor geslote groepe gehandel het nie, en dat enige persoon dus by die groep mag aansluit of betrokke wees.

Die verskynsel dat inligting herhaal word, is ook in hierdie studie bevind. 'n Studie deur Van Uden-Kraan e.a. (2008a) toon dat van die lede van 'n aanlyn ondersteuningsgroep die groep

ontgroeï of nie meer daarby aanklank vind nie, omdat dieselfde temas herhaaldelik bespreek word. Omdat nuwe lede konstant deel van die groep word, word vroeë dikwels herhaal en kan dit 'n uitdaging wees vir die lede wat al langer deel van die groep is.

Wanneer na waarderingsondersteuning gekyk word, blyk dit dat die deelnemers dit insiggewend vind om te sien hoe ander mense die siekte hanteer en watter maniere hulle gebruik om die lede vir hulself makliker te maak. In 'n studie deur Uccelli e.a. (2004) is wel opgelet dat die lede van aangesig-tot-aangesig ondersteuningsgroepe die groep gebruik om nuwe hanteringsvaardighede of -tegnieke aan te leer. Holmes e.a. (2012) het ook gevind dat lede van 'n aangesig-tot-aangesig ondersteuningsgroep ander se opinies en benaderings tot die siekte sien as 'n bron wat vir hulle nuwe insigte oor MS bied. Dit is egter nie net aangesig-tot-aangesig ondersteuningsgroepe wat hierdie voordele bied nie, maar ook aanlyn ondersteuningsgroepe soos hierdie studie en Van Uden-Kraan e.a. (2008a) se resultate toon.

'n Interessante verskynsel wat onder waarderingsondersteuning opgemerk is, is dat groeplede hulself onderling met mekaar vergelyk. Sommige van die groeplede het aangedui dat hulle hierdie onderlinge vergelyking as 'n uitdaging ervaar. Dit gebeur soms dat van die groeplede se progressie baie vinniger is as dié van ander. Dit lei tot gevoelens van angstigheid by sommige groeplede wat hierdie simptome en agteruitgang in hulleself vooruitloop. Die resultate van hierdie studie stel dus voor dat, hoewel geen persoonlike kontak tussen die groeplede plaasvind nie, die swaarkry en uitdagings wat die groeplede ervaar en rapporteer wel 'n impak op hulle het.

Vir al die deelnemers aan die studie is sosiale kameraadskap ook baie belangrik. Holmes e.a. (2012) het gevind dat aangesig-tot-aangesig ondersteuningsgroepe 'n ruimte skep om vriendskappe te sluit wat voortduur, ongeag die groep. Hierdie verskynsel het ook uit die resultate van hierdie studie geblyk. Groeplede vorm naamlik 'n hegte band met ander lede wat buite die grense van die aanlyn ondersteuningsgroep beweeg. Hierdie bevinding word gekomplementeer deur en ondersteun die bevindinge van vorige studies dat die aanlyn ondersteuningsgroep 'n geslote en privaat groep is waar groeplede anoniem boodskappe kan plaas. Só kan hulle inligting deel wat hulle heel moontlik nie gemaklik sou voel om in 'n aangesig-tot-aangesig konteks te deel nie (Coulson e.a. 2007; Coulson 2005; Finn 1999; Van Uden-Kraan e.a. 2008a; Winzelberg e.a. 2003).

Die deelnemers aan hierdie studie sien verder interaksie met ander individue met dieselfde kroniese toestand as 'n groot hulpbron. Die aktiewe lidmaatskap aan die aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep dra daartoe by dat die lede nie eensaam of geïsoleerd voel nie. Verskeie studies beklemtoon die belangrikheid van sosiale interaksie vir individue wat met MS gediagnoseer is en die rol wat dit in die effektiewe hantering van die uitdagings verbonde aan hierdie siekte speel (Coenen e.a. 2011; Goretti e.a. 2009; Malcomson e.a. 2008; Mohr e.a. 1999). Verder gee die deel van ervarings (hetsy positief of negatief) aan die deelnemers die geleentheid om te sien dat daar ander in die groep is wat meer uitdagende omstandighede as hulself in die gesig staar. Dit help hulle om perspektief te kry oor hulle siekte en dra heel moontlik by tot aanvaarding van hulle siekte (Attard & Coulson 2012; Malcomson e.a. 2008). Die studie ondersteun ook die bevindinge van Høbye e.a. (2010) wat gevind het dat individue baie keer sosiale interaksie vind in aanlyn ondersteuningsgroepe wat nie noodwendig in die individue se onmiddellike omgewing beskikbaar is nie en só individue beskerm teen isolasie en eensaamheid.

Alhoewel sosiale interaksie as een van die hulpbronne van sosiale kameraadskap aangedui word, is daar tog 'n behoefte aan persoonlike kontak onder die deelnemers aan hierdie studie. Dit word ook gemeld in die studie van Uccelli e.a. (2004). Uccelli e.a. (2004) het gevind dat dit dalk 'n groter impak op individue mag hê wanneer hulle fisiek sien dat iemand dieselfde omstandighede en moeilikhede as hulle ervaar. In aanlyn ondersteuningsgroepe waar daar geen persoonlike en/of tasbare kontak is nie, kan dit nie gebeur nie. In die huidige studie het dit eerder daarvoor gegaan om uit die huis te kom en persoonlike kontak en sosiale interaksie met ander mense te hê.

5. TEKORTKOMINGS

Hierdie studie benut 'n kwalitatiewe metodologie om 'n grootliks onverkende onderwerp, nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd te ondersoek. Dit is potensieel voordelig in 'n konteks waar navorsingsbevindinge gewoonlik verkry word uit relatief oppervlakkige studie van ongeselekteerde pasiënt bevolkings. As gevolg van die klein steekproefgrootte is die bevindings voorlopig en kan nie veralgemeen word nie, maar die bevindinge kan wel waardevol wees deur 'n basis te voorsien aan grootskaalse studies in die toekoms.

Alhoewel dit nie die doelwit van die studie was nie, is dit moontlik dat die ervarings van die deelnemers aan hierdie studie nie verteenwoordigend is van die groter bevolking van MS-lyers wat aan aanlyn ondersteuningsgroepe behoort nie. Die doel was eerder om die individuele ervarings van aktiewe lede van 'n aanlyn Facebook ondersteuningsgroep vir MS-lyers te verstaan en om by te dra tot die beperkte en bestaande navorsing in die veld van aanlyn ondersteuningsgroepe en dit is bereik. Dit is belangrik om te noem dat hierdie studie 'n tekortkoming in vorige studies onder die loep neem deur te fokus op die persoonlike ervarings van individue teenoor bloot die ontleding van boodskappe wat geplaas word op aanlyn ondersteuningsgroepe (Coulson e.a. 2007; Finn 1999).

Verder het die tien deelnemers aan hierdie studie bestaan uit 'n heterogene groep in terme van, onder andere, ouderdom, tydperk van betrokkenheid by die aanlyn ondersteuningsgroep en tydsverloop sedert diagnose. Die insluiting van die ervarings van 'n heterogene groep MS-lyers is 'n poging om 'n meer verteenwoordigende beeld te kry van dié wat aktief betrokke is by 'n aanlyn ondersteuningsgroep as wat die geval sou wees met 'n homogene groep. Alhoewel daar gepoog is om die balans tussen reikwydte en diepte te bepaal met behulp van die grootte en variasie van die steekproef, is dit moontlik dat die diepte van die inligting in hierdie proses ondermyn is.

6. SAMEVATTING

Die doel van hierdie studie was 'n ondersoek na die impak van 'n aanlyn Facebook-ondersteuningsgroep op individue met MS op die aktiewe gebruikers van die groep met 'n spesifieke fokus op die ondersteuning en uitdagings verbonde aan lidmaatskap van hierdie groep. Verskeie hulpbronne wat in hierdie studie geïdentifiseer is, stem ooreen met die bevindinge van vorige studies oor aanlyn ondersteuningsgroepe en kroniese siektes.

In die eerste plek oorkom aanlyn ondersteuningsgroepe veral die spesifieke fisieke probleme van MS-lyers, soos moegheid en probleme met mobiliteit, aangesien hulle deel kan wees van 'n ondersteuningsgroep in die gemak van hulle eie huis, sonder enige geografiese hindernisse (instrumentele ondersteuning).

Lidmaatskap aan sodanige ondersteuningsgroep vir MS-lyers voorsien ook grootliks en effektief in die behoefte aan sosiale kameraadskap en emosionele ondersteuning wat hulle dikwels rapporteer. Nog 'n voordeel is dat dit hulle geleentheid gee om hul boodskappe te heroorweeg en teen hulle eie pas te skryf voordat dit in die groep geplaas word. Dit is 'n belangrike voordeel en 'n vorm van instrumentele ondersteuning omdat die kognitiewe funksionering, en spesifiek die prosesseringspoed van individue wat met MS gediagnoseer is, dikwels deur die siekte geaffekteer word.

'n Aantal uitdagings wat in dié studie na vore gekom het, soos die ontlokking van negatiewe emosies, beperkte inligting, irrelevante inligting en 'n behoefte aan persoonlike kontak, is ook al in vorige studies geïdentifiseer. Daar is egter uitdagings, soos onderlinge vergelyking, in hierdie studie geïdentifiseer wat nog nie voorheen in die literatuur gepubliseer is nie. Dit is moontlik dat hierdie uitdagings nie uniek is tot individue met MS nie, maar ook voorkom onder mense met ander kroniese siektetoestande en die omvang daarvan behoort in toekomstige studies ondersoek te word.

Hierdie studie voorsien 'n platform om MS-lyers se ervarings van aanlyn ondersteuningsgroepe te verstaan. Dit is duidelik uit die ervarings van die deelnemers aan hierdie studie dat MS-lyers op verskeie maniere ondersteuning uit die aanlyn ondersteuningsgroep put, veral in vandag se samelewing waar alles – te danke aan die vinnig groeiende tegnologie – elektronies gedoen kan word.

Die bevindinge van hierdie studie ondersteun oor die algemeen wat in bestaande literatuur rapporteer word oor die ervarings van mense met ander kroniese siektetoestande en dra dus by tot die beperkte navorsing wat tot op hede beskikbaar is oor hierdie onderwerp. Laasgenoemde kan heel moontlik gesien word as een van die belangrikste bydraes van hierdie studie, gegewe die eksponensiële groei in die wêreldwye gebruik van aanlyn ondersteuningsgroepe onder mense met verskillende kroniese siektetoestande.

Dit is my hoop dat die perspektiewe van die MS-lyers wat aangebied is in hierdie studie sal voortgaan om bewustheid te verhoog oor hierdie degeneratiewe toestand en verder 'n opvoedkundige bydrae sal lewer tot die medici, familie en vriende van diegene met MS. Op 'n praktiese vlak kan hierdie studie veral 'n bydrae lewer tot gesondheidsorgwerkers wat met MS-lyers werk, deur hulle in te lig oor die waarde wat hierdie tipe van aanlyn ondersteuningsgroep vir MS-lyers kan hê. Die gesondheidsorgwerkers kan weer mense met MS aanmoedig om deel te neem aan hierdie tipe aanlyn ondersteuningsgroepe en sodoende 'n positiewe bydrae maak tot die ondersteuning wat hulle ontvang.

EINDNOTA

Hiermee my dank en waardering aan Gerstin Roos vir die hulp met hierdie navorsingsprojek, veral met die insameling van die data wat in hierdie artikel gebruik is.

BIBLIOGRAFIE

- Attard, A. & N.S. Coulson. 2012. A thematic analysis of patient communication in Parkinson's disease online support group discussion forums. *Computers in Human Behaviour*, 28(2):500-6.
- Bagert, B., P. Camplair & D. Bourdette. 2002. Cognitive dysfunction in multiple sclerosis: Natural history, pathophysiology and management. *CNS Drugs*, 16(7):445-55.
- Barak, A., M. Boniel-Nissim & J. Suler. 2008. Fostering empowerment in online support groups. *Computers in Human Behaviour*, 24:1867-1993.
- Bhattacharya, A., R. Mishra, & P. Tiwari. 2012. Multiple sclerosis: An overview. *Asian Pacific Journal of Tropical Biomedicine*, 2(3):S1954-S1962.
- Bhigjee, A., K. Moodley & K. Ramkissoon. 2007. Multiple sclerosis in KwaZulu Natal, South Africa: An epidemiological and clinical study. *Multiple Sclerosis*, 13(9):1095-99.
- Braun, V. & V. Clarke. 2006. Using thematic analysis in psychology. *Qualitative Research in Psychology*, 3(2):77-100.
- Broadhead, W.E., S.H. Gehlbach, F.V. De Gruy & B.H. Kaplan. 1988. The Duke-UNC functional support questionnaire: Measurement of social support in family medicine patients. *Medical Care*, 26(7):709-23.
- Chalk, H. M. 2007. Mind over matter: Cognitive-behavioural determinants of emotional distress in multiple sclerosis patients. *Psychology, Health & Medicine*, 12:556-566.
- Coenen, M., B. Basedow-Rajwicz, N. König, J. Kesselring & A. Cieza. 2011. Functioning and disability in multiple sclerosis from the patient perspective. *Chronic Illness*, 7(4):291-310.
- Cohen, S. & S.L. Syme. 1985. Issues in the study and application of social support. *Social Support and Health*, 3:3-22.
- Cohen, S. & T. Wills. 1985. Stress, social support, and the buffering hypothesis. *Psychological Bulletin*, 98:310-357.

- Coulson, N.S. 2005. Receiving social support online: An analysis of computer-mediated support group for individuals living with irritable bowel syndrome. *CyberPsychology and Behaviour*, 8(6):580-84.
- Coulson, N.S., H. Buchanan & A. Aubeeluck. 2007. Social support in cyberspace: A content analysis of communication within a Huntington's disease online support group. *Patient Education and Counseling*, 68(2):173-8.
- Cross, A.H, K.A. Cross & L. Piccio. 2012. Update on multiple sclerosis, its diagnosis and treatments. *Clinical Chemistry and Laboratory Medicine*, 50(7):1203-10.
- Dean, G. 1967. Annual incidence, prevalence and mortality of multiple sclerosis in white South-African-born and in immigrants to South Africa. *British Medical Journal*, 2(5554):724-30.
- Droge, D., P. Arnston & R. Norton. 1986. The social support function in epilepsy self-help groups. *Small Group Research*, 17(2):139-61.
- Dua, T. & P. Romani. 2008. *Atlas of Multiple Sclerosis Resources in the World 2008*. http://www.who.int/mental_health/neurology/Atlas_MS_WEB.pdf [17 Junie 2013]
- Finn, J. 1999. An exploration of helping processes in an online self-help group focusing on issues of disability. *Health and Social Work*, 24(3):220-31.
- Goretti, B., E. Portaccio, V. Zipoli, B. Hakiki, G. Siracusa, S. Sorbi & M.P. Amato. 2009. Coping strategies, psychological variables and their relationship with quality of life in multiple sclerosis. *Neurological Science*, 30(1):15-20.
- Grytten, N. & P. Måseide. 2006. 'When I am together with them I feel more ill.' The stigma of multiple sclerosis experienced in social relationships. *Chronic Illness*, 2:195-208.
- Hay, M.C., C. Strathmann, E. Lieber, K. Wick & B. Giesser. 2008. Why patients go online: Multiple sclerosis, the Internet, and physician-patient communication. *The Neurologist*, 14(6):374-81.
- Holmes, J.M., E. Ford, F. Yuill, A.E.R. Drummond & N.B. Lincoln. 2012. Attendance at a psychological support group for people with multiple sclerosis and low mood. *Disability and Rehabilitation*, 34(15):1323-7.
- House, J. S. & R. Kahn. 1985. Measures and concepts of social support. In S. Cohen & S. L. Syme (eds). *Social support and health*. Orlando: Academic Press, pp. 83-108.
- Høybye, M.T., S. Dalton, I. Deltour, P. Bidstrup, K. Frederiksen & C. Johansen. 2010. Effect of Internet peer-support groups on psychosocial adjustment to cancer: A randomised study. *British Journal of Cancer*, 102(9):1348-54.
- Irvine, H., C. Davidson & A. Lowe-Strong. 2009. Psychosocial adjustment to multiple sclerosis: Exploration of identity redefinition. *Disability and Rehabilitation*, 31(8):599-606.
- Malcomson, K.S., A.S. Lowe-Strong & L. Dunwoody. 2008. What can we learn from the personal insights of individuals living and coping with multiple sclerosis? *Disability and Rehabilitation*, 30(9):662-7.
- Maloney-Krichmar D. & J.J. Preece. 2005. A multilevel analysis of sociability, usability and community dynamics in an online health community. *ACM Transactions on Computer-Human Interaction*, 12(2): 201-232.
- McCabe, M.P., S. McKern & E. McDonald. 2004. Coping and psychological adjustment among people with multiple sclerosis. *Journal of Psychosomatic Research*, 56(3):355-61.
- Mo, P.K.H. & N.S. Coulson 2010. Empowering processes in online support groups among people living with HIV/AIDS: A comparative analysis of 'lurkers' and 'posters'. *Computers in Human Behavior*, 26:1183-1193.
- Mohr, D.C., L.P. Dick, D. Russo, J. Pinn, A.C. Boudewyn, W. Likosky & D.E. Goodkin. 1999. The psychosocial impact of multiple sclerosis: Exploring the patient's perspective. *Health Psychology*, 18(4):376-82.
- Mozo-Dutton L., J. Simpson & J. Boot. 2012. MS and me: exploring the impact of multiple sclerosis on perceptions of self. *Disability & Rehabilitation*, 31:1208-1217.
- Nonneke, B. & J. Preece. 2001. Why lurkers lurk. *Paper presented at the Americas Conference on Information Systems*, Boston.
- Pretorius, C. & N. Joubert. 2014. The living experience of individuals with Multiple Sclerosis in the Western Cape, South Africa. *Health SA Gesondheid*. (Aanvaar vir publikasie in Vol. 19.)
- Rao, S.M., S.J. Huber & R.A. Bornstein. 1992. Emotional changes with multiple sclerosis and Parkinson's disease. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 60(3):369-78.

- Ravert R.D., M.D. Hancock & G.M. Ingersoll. 2004. Online forum messages posted by adolescents with type 1 diabetes. *Diabetes Education*, 30:827-834.
- Reipert, B. 2004. Multiple sclerosis: A short review of the disease and its differences between men and women. *Journal of Men's Health and Gender*, 1(4):334-40.
- Rumrill, P.D. 2009. Multiple sclerosis: Medical and psychosocial aspects, etiology, incidence and prevalence. *Journal of Vocational Rehabilitation*, 31(2):75-82.
- Schwartz, C. & R. Frohner. 2005. Contribution of demographic, medical, and social support variables in predicting the mental health dimension of quality of life among people with multiple sclerosis. *Health & Social Work*, 30:203-212.
- Schwarzer, R. & A. Leppin. 1988. Social support: The many faces of helpful social interactions. *International Journal of Educational Research*, 2:333-345.
- Sherbourne, C.D. & A.L. Stewart. 1991. The MOS social support survey. *Social Science and Medicine*, 32(6):705-14.
- Thoits, P.A. 1995. Stress, coping, and social support processes: Where are we? What next? *Journal of Health and Social Behaviour*, 35:53-79.
- Uccelli, M.M., L.M. Mohr, M. Battaglia, P. Zagami & M. Mohr. 2004. Peer support groups in multiple sclerosis: Current effectiveness and future directions. *Multiple Sclerosis*, 10(1):80-4.
- Van Uden-Kraan, C.F., C.H.C. Drossaert, E. Taal, B.R. Shaw, E.R. Seydel & M.A.F.J. Van De Laar. 2008a. Empowering processes and outcomes of participation in online support groups for patients with Breast Cancer, Arthritis, or Fibromyalgia. *Qualitative Health Research*, 18(3):405-17.
- Van Uden-Kraan, C.F., C.H.C. Drossaert, E. Taal, B.R. Shaw, E.R. Seydel & M.A.F.J. Van de Laar. 2008b. Self-reported differences in empowerment between lurkers and posters in online patient support groups. *Journal of Medical Internet Research*, 10(2):1-8.
- White, M. & S.M. Dorman. 2001. Receiving social support online: Implications for health education. *Health Education Resources*, 16:693-707.
- Winzelberg, A.J., C. Classen, G.W. Alpers, H. Roberts, C. Koopman, R.E.H. Adams, H. Ernst, P. Dev & C.B. Taylor. 2003. Evaluation of an internet support group for women with primary breast cancer. *Cancer*, 97(5):1164-73.

Histerie en Perversie (deel II): Slagofferskap in Der Nazi & der Friseur (Edgar Hilsenrath) en De joodse messias (Arnon Grunberg)

Hysteria and Perversion (Part 2): Victimhood in Der Nazi & der Friseur (Edgar Hilsenrath) and De joodse messias (Arnon Grunberg)

CILLIERS VAN DEN BERG

Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein

E-pos: vdbergjp@ufs.ac.za



Cilliers van den Berg

CILLIERS VAN DEN BERG is senior lektor in Duits letterkunde aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy het 'n PhD in Duits (2003) en Afrikaans & Nederlands (2009). Sy navorsingsfokus is hoofsaaklik vergelykend van aard en fokus op die interaksie tussen letterkunde en sosio-politieke konteks, asook die kulturele omgaan met “moeilike verledes”. Uitgebreide navorsingsbesoeke sluit besoeke aan die Universiteit van Augsburg (Duitsland), Leiden Universiteit (Nederland) en Cornell Universiteit (VSA) in.

CILLIERS VAN DEN BERG is senior lecturer in German literature at the University of the Free State. He has a PhD in German (2003) and Afrikaans & Dutch (2009). His research is mainly comparative in nature and has the interaction between literature and its socio-political context and the cultural coming to terms with “difficult pasts” as its focus. Extended research visits include research at the University of Augsburg (Germany), Leyden University (the Netherlands) and Cornell University (USA).

ABSTRACT

Hysteria and Perversion (Part 2): Victimhood in Der Nazi & der Friseur (Edgar Hilsenrath) and De joodse messias (Arnon Grunberg)

The first, theoretical part of this two-part study encompassed a short analysis of subjective identity and the dynamics of identity formation from a psychoanalytical point of view. Whereas the concept of “interpellation” was used to describe the signifier denoting the subject, the performative relation of the subject to its signifier (and the symbolic investiture it represents) was identified as that which posits the state of subjectivity. The focus was on two kinds of performative relations: hysteria, which describes the subject that challenges its interpellation; and perversion, which refers to the subject that completely submits to its pre-fixed meaning in the Symbolic Order. Victimhood, as identity marker, was used as a case in point to demonstrate hysterical and perverse subjectivity. With reference to LaCapra’s work on structural and historical trauma, the subject’s conflation of the two trauma registers was identified as being perverse, whereas the distinction

between trauma as ontological structure and trauma as historic event was read as being hysterical. In terms of victimhood the evolution of the Holocaust discourse seems to have shown a tendential development from hysteria to perversion, i.e. the universalisation of trauma discourse seems to have facilitated the easier appropriation of victimhood.

*In the second part of this study two novels are used to demonstrate the hysterical challenge directed at victimhood as identity marker, and the perverted appropriation of the same, respectively. Both *Der Nazi & der Friseur* by Edgar Hilsenrath and *De joodse messias* by Arnon Grunberg have identity formation as one of their main themes. The former novel tells the story of Max Schulz, a German SS-officer who survives the Second World War and decides to change his identity to that of a Jew. The novel relates his efforts to achieve this goal, which include his circumcision and his illegal emigration to Palestine, where he fights for the establishment of the state of Israel. But Max fails in his attempts in that he is unable to appropriate the one identity marker he considers to be the most important: Jewish victimhood. Because of his actions during the war as perpetrator he is unable to partake in what he sees as a Jewish tradition of suffering. Various motifs in the novel suggest that he is aware of the ontological trauma on which his identity is based, but again any efforts to map this onto the historical trauma of the Jews, specifically the Holocaust, are unsuccessful. His story, narrated from his point of view and relating all of his anxious attempts, demonstrates his hysterical relation to Jewish victimhood: appropriating all the identity markers he can identify, but realising that it is not enough.*

*Xavier Radek, protagonist of *De joodse messias*, is at the beginning of Grunberg's novel a teenager in the city of Basel. Like Max Schulz his grandfather was a SS-officer responsible for the death of many Jews. Xavier's fascination with his grandfather extends to his interest in Jewish suffering, resulting in his decision to set himself up as the great comforter who will rid the Jews of their suffering. In order for him to do that he decides, like Max Schulz, to take on the Jewish identity. He is ultimately successful, partly because of a botched circumcision, which for him establishes a link to Jewish suffering. From his perspective his partaking in Jewish victimhood makes his change of identity complete. This clearly represents a perverse appropriation of the identity marker of Jewish victimhood, a fact that explains his role in the anticipated nuclear destruction of the world at the end of the novel: because of what is in Xavier's case the conflation of structural and historical trauma, the only way to completely get rid of suffering, seen both as an ontological state and as historical event, is to destroy all of life.*

My hypothesis is that the respective hysterical and perverse reactions to the interpellation of victimhood as established in the two novels represent a shift in both the Holocaust discourse specifically and trauma discourses in general. The passing of time allows for historically specified traumas to become universalised in their mediated representation – this, along with the current culture of trauma (which often conflates structural and historical trauma) facilitates the perverse appropriation of victimhood. This trajectory from hysteria to perversion poses questions as to the ethics of victimhood: is not a hysterical coming to terms with historical trauma more acceptable than its perverse counterpart? This issue should be raised since the latter either results in potentially destructive fundamentalism or a trivialisation of historical victimhood.

KEY CONCEPTS: hysteria, perversion, victimhood, trauma, Lacan, Hilsenrath, Grunberg, Jewish identity, collective identity, Holocaust

TREFWOORDE: histerie, perversie, slagofferskap, trauma, Lacan, Hilsenrath, Grunberg, Joodse identiteit, kollektiewe identiteit, Holocaust

OPSOMMING

In deel II van hierdie studie word twee romans gebruik om die historiese bevraagtekening van slagofferskap as identiteitsmerker met die perverse appropriasie daarvan te kontrasteer. Waar identiteit in *Der Nazi & der Friseur* deur Edgar Hilsenrath na 'n historiese omgaan met Joodse identiteit herlei kan word, is dit in die geval van *De joodse messias* deur Arnon Grunberg eerder pervers van aard. In beide romans poog die hoofkarakter (Max Schulz in eersgenoemde en Xavier Radek in laasgenoemde) om die Joodse identiteit hulle eie te maak. Beide sien slagofferskap as hoekpilaar van die Joodse identiteit, maar hulle vermoë om dit toe te eien verskil: Max faal in sy pogings terwyl Xavier suksesvol is. Max se mislukking word performatief en histories in sy vertelling uitgespeel, terwyl Xavier as perverse subjek suksesvol is, maar tog die wêreld in die proses vernietig. Die hipotese van hierdie artikel is dat die twee reaksies bakens op die trajek van die Holocaust-narratief verteenwoordig, deurdat historiese universalisering van trauma (en dus slagofferskap) en die Holocaust perverse slagofferskap fasiliteer.

1. INLEIDING

In deel I van hierdie studie is op die Lacaniaanse begrippe *histerie* en *perverse* gefokus om die struktuur van die subjek, meer spesifiek die identiteitsvorming van die subjek in relasie tot die Groot Ander of Simboliese Orde, te ondersoek. Slagofferskap, as een van die integrale aktansiële posisies (of oriëntasies van waaruit gehandel word) binne enige en alle traumadiskoerse, is as interpellasie-voorbeeld gebruik om die subjek se historiese bevraagtekening of perverse verinnerliking van identiteitsmerkers te demonstreer. Die “keuse” tussen die historiese of perverse struktuur met betrekking tot slagofferskap is in verband gebring met die tweeledige aard van trauma, naamlik trauma as 'n strukturele, ontologiese gegewe, grondliggend tot identiteitsvorming as sodanig; en trauma as unieke ervaring, gespesifiseer in 'n historiese konteks. Die dialektiek tussen hierdie twee trauma-registers sou ook die subjek se relasie tot slagofferskap bepaal: indien 'n spesifieke, historiese trauma op die strukturele trauma ingeënt en die onderskeid tussen beide negeer word, sou die subjek se slagofferskap pervers wees; indien die twee daarenteen van mekaar onderskei word, sou die reaksie eerder histories van aard wees.

Historiese en perverse slagofferskap lig dus die dialektiek tussen trauma as strukturele gegewe en trauma as histories gekontekstualiseerde belewenis op 'n besondere manier toe. Die twee traumaregisters kan wel nie tot 'n binêre opposisiepaar gereduseer word nie en die dinamika tussen perverse en histerie kan vervolgens eerder as dialekties beskryf word. Tog is my hipotese dat historiese traumadiskoerse, byvoorbeeld dié van die Holocaust, 'n tendensieuse ontwikkeling van historiese na perverse slagofferskap daarstel. Daar is verskeie redes hiervoor, maar twee hiervan sluit die aanwesigheid van 'n trauma-meesternarratief of -“trope” in die hedendaagse kultuur in,¹ asook die normalisering van historiese trauma deur middel van 'n universalisering van slagofferskap.² Hierdie ontwikkeling kan enersyds tot 'n fundamentalistiese wêreldbeeld lei, andersyds tot 'n moreel verdagte verwatering van die historiese outentisiteit van spesifieke traumas.

Ten einde historiese en perverse slagofferskap te demonstreer, fokus hierdie artikel op twee romans: *Der Nazi & der Friseur* (1977) deur Edgar Hilsenrath en *De joodse messias* (2004) deur Arnon Grunberg. Beide is teen die agtergrond van die traumadiskoers rondom die Holocaust te lees en stel onderskeidelik 'n historiese distansie tot en perverse appropriasie van slagofferskap daar. Dit is nie om dowe neutte dat die Holocaust hier as verteenwoordigend van trauma-diskoerse

¹ Sien die bespreking van “trauma” in deel I in hierdie verband.

² Kyk byvoorbeeld Gavriel D. Rosenfeld se studie *Hi Hitler: How the Nazi Past is Being Normalized in Contemporary Culture* (2015), veral p. 14.

onder die loep geneem word nie – juis hierdie historiese gelokaliseerde trauma is tot so ’n mate van sy historiese merkers ontkoppel, dat dit ’n ikoniese simbool geword het, integraal tot die “social construction of moral universals” (Alexander 2009:3-102).³ Die ontwikkeling van historiese na perverse slagofferskap het betrekking op die wyse waarop die dialektiek tussen strukturele en die historiese Holocaust-trauma performatief in die romans uitgespeel word. Ná ’n opsomming van die romanhandeling fokus die analise van die tekste op een aspek, naamlik die hoofkarakters se onderskeie identiteitsmetamorfoses. Max Schulz (in *Der Nazi & der Friseur*) en Xavier Radek (in *De joodse messias*) poog beide om aansluiting te vind by ’n (of die) Joodse identiteit – deur middel van die (onetiese?) appropriasie, manipulasie, of kommodifisering van gekodifiseerde identiteitsmerkers, waaronder slagofferskap/lyding sentraal staan. Deur te fokus op laasgenoemde, kan heelwat oor die Holocaust-narratief en spesifiek die rol van slagofferskap gesê word.

2. DER NAZI & DER FRISEUR

Der Nazi & der Friseur, die tweede roman deur Edgar Hilsenrath, word in 1977, ses jaar na die oorspronklike Amerikaanse vertaling daarvan as *The Nazi & the Barber* (1971), in Duitsland gepubliseer. Waarom het die verskyning van die Duitse weergawe van ’n roman, wat teen daardie tyd saam met sy voorganger (*Nacht*, 1965) 2 000 000 eksemplare in verskeie vertalings verkoop het, so lank geneem? (Möller 1996:103-116). Hilsenrath se eventuele Duitse uitgewer, Helmut Braun, verwys na die destydse “morele” en “politieke” taboes wat hierdie roman se groteske en satiriese aanslag sonder skroom platgeloop het: “So kann und darf man über das Thema Holocaust nicht publizieren” (2006:190).⁴ Veral die roman as ek-vertelling vanuit ’n dadersperspektief⁵ en die so gewaande gelykstelling van die Nasionaal-Sosialistiese en Sionistiese kontekste (Kreutz 1996:127-134), sou die filosemities-gegronde ikonisering van “Die Jood” na 1945 relatiewe (Braun 2006:195). Reeds die publikasiegeskiedenis van die roman demonstreer indirek die problematisering van slagofferskap binne ’n historiese traumadiskoers.

2.1. Opsomming van handeling

Der Nazi & der Friseur vertel die verhaal van Max Schulz – ’n Duitser van suiwer Ariese afkoms (soos die leser met die roman se eerste sin ingelig word), in 1907 in Wieshalle gebore – en is ’n narratief wat grootliks vanuit die ek-perspektief ’n groteske lewe onder woorde bring. Met sy geboorte lyk Max eenduidig op die Joodse stereotipe soos vergestalt in die Nazi-propaganda van die dag, iets wat reeds Hilsenrath se spel met identiteit regdeur die roman suggereer: in die roman word identiteit iets wat telkens weer alle pogings tot vaslegging ontglip. Max deel sy geboortedag met sy buurman, die Jood Itzig Finkelstein, wat in die roman fungeer as Max se “Ander”, vernaam omdat Itzig presies soos ’n blonde en blou-oog Duitser lyk. Max word sonder sy biologiese pa groot, word die eerste keer as baba en daarna as jong seun dikwels deur sy haarkapper-stiefpa (wat oor ’n enorme geslagsdeel beskik) verkrag en mishandel, maar word vriende met Itzig, wie se pa eweneens haarkapper is. Om verskeie redes word Max met Hitler se magsoorname deel van

³ Kyk onder meer die nou klassieke werk deur Levy en Sznajder: *The Holocaust and Memory in the Global Age* (2006). Kyk ook Rothberg (2009) se *Multidirectional Memory: Remembering the Holocaust in the Age of Decolonization* vir die sentraliteit van die Holocaust-diskoers in die dialektiek met ander historiese traumadiskoerse.

⁴ Kyk Braun (2006:174-175, 190, 195, 197-198); kyk ook Rumler (1996:69-71).

⁵ Kyk Graf (1996:135-148); kyk ook Torberg (1996:72-75).

die SS en is tydens die oorlog direk verantwoordelik vir die moord op honderde Jode, insluitende die hele Finkelstein-familie. Teen die einde van die oorlog word die Laubwalde-konsentrasiekamp ontruim en Max vlug saam met sy SS-makkers voor die oprukkende Sowjettroepe. Hy is een van net twee oorlewendes na 'n aanval deur partysane in die Poolse woud, en Max oorleef die winter deur by 'n heksefiguur so reg uit die Grimm-sprokies weg te kruip (Arnds 2002:422-439). Hierna keer hy terug na Duitsland met 'n sak vol goue Joodse tande, oorleef deur smokkelhandel op die na-oorlogse swartmark en het 'n intense erotiese verhouding met 'n Duitse gravin.

Hoe kry hy dit reg? Max het 'n ander identiteit aangeneem: sy naam na "Itzig Finkelstein" verander, homself laat besny en 'n Auschwitz-kampnommer op sy arm laat tatoeër, alles gekroon deur sy gesig wat tipies Joods sou lyk (Gilman 1996:119-126). Max besluit om na oorreding deur 'n ander Jood, Max Richter, onwettig na Palestina te emigreer, waar hy nie net in naam die Sionistiese stryd teen die Britte opneem nie – hy word 'n Joodse terroris wat selfs na die totstandkoming van die Joodse staat soldaat word in die stryd teen die Arabiese vyand. In Israel word Max haarkapper van beroep asook 'n gerespekteerde lid van die Israelse samelewing. In 'n laaste ontmoeting met Max Richter word Max Schulz, nou Itzig Finkelstein, se gunsteling gesprekstema weer opgerakel: wat het van Max Schulz geword? Max erken aan Richter dat hy in werklikheid Max Schulz is, maar word natuurlik nie deur Richter geglo nie. Die einde van die roman is baie ambivalent: Max het 'n droom dat hy 'n hartaanval kry ('n motief regdeur die roman), maar selfs 'n hartoorplanting is nie suksesvol nie – in die woorde van Max Richter "sterf" Max met die ang van "hulle" – Max en die Duitsers se slagoffers. Hy word in die laaste paragraaf van die roman weggevoer deur die wind wat uit die woud van 6 000 000 slagoffers waai – 'n plantasie wat in Israel aangelê is om die 6 000 000 Joodse Holocaust-slagoffers te herdenk. En waarheen dra die wind hom weg? Daarheen...

2.2 Identiteitsverandering

Max Schulz se identiteitsverandering – 'n/die Duitse dader wat 'n/die Joodse slagoffer word – neem 'n sentrale posisie in Hilsenrath se roman in. Reeds in die eerste paragraaf word *identiteit* deur ek-verteller Max getematiseer, deur die noem van enkele merkers wat as potensieële bakens in die vaslegging van subjektiewe, historiese identiteit sou geld.⁶ Max problematiseer by geleentheid ook direk (en histories) die kwessie van sy eie identiteit: "[...] Denn was ist schon sicher in diesem Leben? Bin ich etwa ich? Ist das sicher? [...]" (Hilsenrath 2004:231; kyk ook 34, 42, 227). Die wyse waarop identiteit oor die algemeen in die roman vorm aanneem, berus grootliks op 'n dialektiese struktuur: haas geen identiteit het betekenis gesetel in die inherente integriteit van die identiteitsmerkers wat dit bepaal nie, maar manifesteer eerder in relasie/opposisie tot die teendeel daarvan. Dikwels manifesteer hierdie dialektiek baie prakties: die slagoffer word dader, filosemitisme word omgekeer in antisemitisme, of Nazisme word die negatiewe spieëlbeeld van Sionisme.⁷ Midde-in hierdie relativerende dialektiek poog Max om desnieteenstaande die Joodse identiteit vas te stel en aan te neem. Hy moet Jood word om as SS-dader aan die geregtigheid te ontsnap, wat beteken dat hy die Joodse "Seelengeruch" (*ibid*:226) moet identifiseer en dit sy eie

⁶ "Ich bin Max Schulz, unehelicher, wenn auch rein arischer Sohn der Minna Schulz... zur Zeit meiner Geburt Dienstmädchen im Hause des jüdischen Pelzhändlers Abramowitz. An meiner rein arischen Herkunft ist nicht zu zweifeln, da der Stammbaum meiner Mutter, also der Minna Schulz, zwar nicht bis zur Schlacht im Teutoburger Walde, aber immerhin bis zu Friedrich dem Großen verfolgt werden kann [...]" (Hilsenrath 2004:7; my beklemtoning).

⁷ Kyk byvoorbeeld Hilsenrath (2004:31-32, 36, 149, 181, 231-232, 251, 365).

maak. En dit doen hy op verhaalvlak deur middel van die appropriasie van verskeie identiteitsmerkers.⁸

Hierbo is reeds daarna verwys dat Max fisies soos ’n stereotipiese Jood daar sou uitsien (*ibid*:31-32, 227), maar die *fisiese* identiteitsmerker is nie genoeg nie – dit gaan ook oor die bewustelike appropriasie van ’n verskeidenheid ander aspekte, waaronder *tradisie* (*ibid*:320, 350) waarskynlik die belangrikste is: Max laat homself onder meer besny, om daardeur in naam ’n verbond met God aan te gaan, prakties gesproke egter simbolies tot Jood gekasteer te word (*ibid*:10, 191). Hy poog ook om met *fisiese tekens* identiteit op sy liggaam te skryf, deur ’n Auschwitz-kampnommer op sy arm te tatoeër (*ibid*:190-191, 276-277). Hiermee saam gaan sy flirtasie met *religie* (*ibid*:278); sy kennis, trots en bewustelike uitlewing van ’n Joodse *historiese* tradisie (*ibid*:213-214, 339-341); sy vereenselwiging met die *politieke ideologie* van Sionisme (*ibid*:217-218); sy *militêre diens* as Joodse vryheidsvegter en Israelse soldaat (*ibid*:408, 411) en sy kennis van die *taal* Jiddish (*ibid*:361). Die Joodse identiteit word ook met *geografiese plek* (*ibid*:301, 304) verbind en die *burokratiese* verordening van identiteitsdokumentasie.⁹ Laastens identifiseer hy met iets in die *kollektiewe Joodse psige* wat sy dialektiese spieëlbeeld in die kollektiewe Duitse psige vind: ’n ontevredenheid of minderwaardigheidsgevoel, wat resoneer met ’n gevoel van verlies en wat lei na ’n drang tot selfgeldig (en dus Nazisme en Sionisme).¹⁰

Dit is egter nie net op verhaalvlak waar Max poog om ’n geëssensialiseerde Joodse subjektiwiteit inhoudelik met identiteitsmerkers in te klee nie: soos in deel I verwys, is identiteit ook ’n performatiewe aksie, die iteratiewe presentering van die self as self. Dit gebeur dan deur die narratiewe modus van Max se vertelling.¹¹ Met die ek-vertelling, aangebied met horte en stote, poog Max om sy identiteit narratiewelik vas te lê. Identiteit as narratief spruit in die eerste instansie uit die feit dat hierdie roman ’n getuienis oor die self is – hoewel die integriteit van sy narratief telkens weer (histeries?) gedestabiliseer word. Só is daar van sekere insidente meer as een weergawe;¹² word van hierdie weergawes té bewustelik tot naatlose narratief gemanipuleer;¹³ word die self-refleksiewe herhaling van sy identiteit (as Max of Itzig) ’n opmerklike “acting out” as poging om homself (of die leser?) daarvan te oortuig;¹⁴ word die waarskynlikheid dat sekere insidente plaasgevind het, bewustelik met self-refleksiewe kommentaar ondergrawe (*ibid*:14, 23); en is daar selfs ’n gedeelte in die teks wat nie uit die eerste persoonsperspektief vertel word nie (ironies genoeg behels dit die inkubasieperiode waartydens Max van Duitser na Jood transformeer).

⁸ Kyk Hilsenrath (2004:212): “Was du ererbt von deinen Vätern hast, erwirb es, um es zu besitzen [...]”.

⁹ Kyk Hilsenrath (2004:307). Ander generiese identiteitsmerkers word ook genoem, nie alles egter spesifiek met betrekking tot Joodse identiteit nie: ideologiese oortuiging (44); die imperatief van ’n formele uniform (48); “Blut und die Gesinnung” (45); familie (274-275); of die opneem van die fallus as patriargale meesterbetekenaar (16-17, 33).

¹⁰ Kyk Hilsenrath (2004:50, 152, 244-245). Duidelik is hier op kollektiewe vlak tekens van die LaCapriaanse “absence” en “loss” wat vervloei: die “strukturele trauma” moet op ’n perverse wyse met die fetisj van historiese maatreëls geïnsuleer word.

¹¹ Die vertelmodus fasiliteer Max se onbetroubaarheid as verteller, aangesien geargumenteer sou kon word dat Max sy lewensverhaal as Itzig Finkelstein, en die vertelling as bekentenis, manipuleer. Dit op sigself verteenwoordig egter ’n performatiewe aksie as poging om die integriteit van die subjek te stabiliseer.

¹² Wat byvoorbeeld presies met die werklike Itzig en sy familie gebeur het (kyk byvoorbeeld sy apostroof aan Itzig, Hilsenrath, 2004:246ff).

¹³ Kyk byvoorbeeld Hilsenrath (2004:193ff): “Meine Geschichte ist einfach”.

¹⁴ Die mantra “ich, Max Schulz” word trouens meer dikwels in die vertelling herhaal as “ich, Itzig Finkelstein”, hoewel die verteller beide ook afwissel.

Die belangrikste vraag is egter of Max, ten spyte van hierdie diskrepanσίες, in staat is om homself in die simboliese register van Joodse identiteit te inskryf – om te voldoen aan dít wat hy as “Joods” sien, wat dit ook mag behels in sy historiese konteks? Die antwoord is *nee*, want Max is nie by magte om die één Joodse identiteitsmerker, wat deur die kollektiewe Holocaust-trauma bevestig word, te approprieer nie: die historiese en kollektiewe *Joodse* slagofferstatus. Die teks bevat verskeie verwysings na ’n algemene Joodse tradisie van lyding (en dus slagofferskap; *ibid*:9) of spesifiek slagofferskap ná die Holocaust,¹⁵ alles vir Max onbereikbaar. Hoe meer hy demonstratief op verhaalvlak en performatief as verteller poog om die (self-gestelde) appèl van Joodsheid met die simboliese vergestaltung van sy gekonstrueerde identiteit te beantwoord, hoe duideliker word die ontoereikendheid van sy pogings en hoe meer is laasgenoemde uit die staanspoor verdoem tot “acting out”.

Daar kan veral twee voorbeelde genoem word om sy mislukking te demonstreer: die afwysing van die 6 000 000 Holocaust-slagoffers en die mislukte hartoorplanting van Max. Reeds met sy aankoms in Palestina verwys Max na die plantasie van bome ter nagedagtenis van die Holocaust-slagoffers (*ibid*:323), die “Wald der 6 Millionen” (*ibid*:393-394, 422). Wanneer hy homself later in die woud bevind, voel hy besonder ongemaklik, totdat hy op ’n nog later stadium direk deur die stemme van hierdie woud gekonfronteer word. Hy word nie as Jood aangeneem nie, “Weil du dich nicht bekennt! Weil du verleugnest! Und dich versteckst! Und noch dazu: hinter den Opfern... den toten und denen, die überlebt haben!” (*ibid*:433; kyk ook 458-461). Die bome en die wind in die bome word die teenstemme om Max, al is dit net vir en aan homself, te ontmasker. As slagofferskap sou geld as seminale identiteitsmerker in die teks, is dit juis hier waar Max se ontoereikendheid geïllustreer word. As dader is sy relasie tot die kollektiewe lyding van die Jode (hul aanwesigheid hier vergestalt in die bome) eties en ontologies gekompromiteer.

Dieselfde word deur Max se mislukte hartoorplanting gesuggereer – die laaste hoofstuk van die roman behels óf Max se visioen van sy eie dood, óf sy daadwerklike belewenis daarvan. Na ’n vermoedelike hartaanval moet hy ’n hartoorplanting kry en dring hy daarop aan om die hart van ’n Joodse rabbi te ontvang. Maar die operasie is onsuksesvol en Max sterf¹⁶ word weggevoer deur ’n stormwind vanuit die “Wald der 6 Millionen” – hy sterf met die angste wat hierdie slagoffers ervaar het, maar sonder om hiermee hulle Joodse slagofferstatus te verwerp. Die Joodse hart as simboliese kern van lewe en identiteit word deur Max verwerp – of eerder word Max se liggaam deur dié hart, wat eersgenoemde biologies en simbolies aan die lewe moet hou, verwerp.

2.3 Trauma, slagofferskap en histerie

In deel I is daarna verwys dat die subjek se identiteit reeds ’n proses van histerisering veronderstel, oorgeset synde dat die keuse vir betekenis struktureel ’n historiese reaksie fasiliteer. Dit is die gevolg van die simboliese kastrasie wat plaasvind, waardeur die begeerte (“desire”) na heelheid met die Ander manifesteer. Histerie beteken enersyds dat die simboliese “investiture” of interpellasie van die Simboliese Orde bevrage word, deurdat die subjek sigself as *objet petit a* teenoor die Ander opstel in ’n poging om die begeerte van die Ander te peil: daar word ’n simboliese mandaat deur die subjek vereis, maar enige respons in dié verband word deur die historiese subjek bevrage. Andersyds kan dit ook gebeur dat die meesterbetekenaar relevansie verloor, wat dan die duidelikheid van ’n interpellasie in gedrang bring en die historiese onsekerheid

¹⁵ Kyk Hilsenrath (2004:196-198, 254, 295, 324, 341-343, 432-433, 456).

¹⁶ “Wird er am Leben bleiben?” / ‘Ich glaube nicht. Irgendwas hat nicht geklappt.’ / ‘Er liegt also... wieder im Sterben?’ / ‘Ja.’” (Hilsenrath 2004:463).

oor plek en funksie van die subjek vermeerder. In terme van trauma word die interpellasie van slagoffer in verband gebring met beide ’n noodwendige strukturele afwesigheid of leemte, as gevolg van die skeiding en vervreemding wat die identiteitsvormingsproses voorafgaan, én ’n historiese verlies wat histories gekontekstualiseer en as sodanig diskursief verdiskonteer word. Eersgenoemde verwys na die relasie “strukturele trauma – leemte” en laasgenoemde na die relasie “historiese trauma – verlies”. Wanneer die twee deur die subjek onderskei word, is die resultaat eerder histories; indien dit met mekaar vervloei, is die gevolg ’n perverse reaksie.

Der Nazi & der Friseur tematiseer slagofferskap as identiteitsmerker, spesifiek Joodse slagofferskap as Max se onbereikbare *objet petit a* (of oorsaak van sy begeerte). Max is dalk slagoffer, maar nie Joodse slagoffer nie, en sy insig hierin is dit wat sy Joodse identiteitsoeke op vertel- en handelingsvlak die allure van histerie verleen. Buiten sy persoonlike (historiese) trauma as kind¹⁷ en moontlike “daderstrauma” as massamoordenaar,¹⁸ word ook die ontologiese trauma waarin elke individu se subjektiewe identiteit gegrond is, bewustelik deur hom beskryf. Daar is oomblikke waar hy homself in die spieël bestudeer, wat bykans die pervertering van die Lacaniaanse spieëlfase word, deurdat hy nie sy identiteit imaginêr vaslê nie, maar eerder sien hoe dit uiteenvallend (*ibid*:41-42, 228). Max beleef hier onder meer die suggestie van ’n “sensate self”, nog nie simbolies gekastreer deur skeiding en verveemding nie (en dus, onmoontlik, in die “Reële” gelokaliseer sou wees). Hierdie ervaring is dus ook sy belewenis van homself as (getraumatiseerde) teenswoordige, Žizekiaanse “void”.

Die ervaring van strukturele trauma word gekomplementeer deur sy belewenis van die Nazi-ideologie: onder die vaandel “Ich wollte ein Opfer für jede Wunde” (*ibid*:60), word ideologie in hierdie fase van sy identiteitsevolusie die fetisj om sy ontologiese leemte te vul. Die strukturele leemte word trouens pervers na buite geprojekteer om sodoende eventueel van die Jode (as metonimiese, historiese objek) slagoffers te maak. En hoewel dit sekerlik vir ’n tyd funksioneel was, beteken die Duitse nederlaag dat die Nazi-meesterbetekenaar verdwyn en ook die tentatiewe passing van historiese op strukturele trauma vir Max verval. Die gevolg is ’n historiese soeke na ’n nuwe identiteit, maar in sy geval ’n Joodse identiteit wat weens die identiteitsmerker van gespesifiseerde, historiese slagofferskap, nie vir hom realiseerbaar is nie.¹⁹ In effek beteken dit vir Max dat die historiese trauma van die Jode nie gebruik kan word as verseëling van die strukturele trauma fundamenteel tot sy identiteit nie en dat hy verplig is om ’n dialektiese houding te handhaaf jens die simboliese mandaat wat Joodse slagofferstatus van hom verwag.

3. DE JOODSE MESSIAS

Arnon Grunberg bemoei hom reeds met die publikasie van sy debuutroman, *Blauwe Maandagen* (1994), met die problematisering van die Joodse identiteit. As seun van ’n KZ-oorlewende (sy ma was onder meer in Westerbork, Theresienstadt en Auschwitz; Borchardt 2013:102), gaan dit in sy werk onder andere oor die rol van (Holocaust-)slagofferskap as stramien vir individuele en kollektiewe identiteit. In *De joodse messias* (2004) neem *lyding*, en per implikasie die slagoffers-

¹⁷ Hieronder geld die oorspronklike verkragting (as baba) deur sy stiefpa, asook sy latere verkragtings en mishandeling (Hilsenrath 2004:14, 23-24, 28).

¹⁸ Hierdie word in verband gebring met sy hartprobleme, wat ook vervleg is met sy skuldgevoelens en stres (Hilsenrath 2004:78, 113, 122, 158-159, 205, 407).

¹⁹ Een van die belangrikste motiewe in die roman is dié van oë – Max voel homself die heelyd as objek, waargeneem deur die Ander (Lacaniaanse “gaze”): Hilsenrath (2004:121, 158, 249, 388, 433, 441). Die oë, as vergestaltung van die “gaze”, maar ook sy skuldgevoelens, verteenwoordig een impetus wat maak dat hy die Joodse slagofferskap/lyding nie kan appropieer nie.

motief, ’n sentrale posisie in. Die roman leun beide wat handeling en tematiese fokus betref sterk aan *Die Nazi & der Friseur*,²⁰ hoewel dit veral die groteske aanslag van laasgenoemde is, wat bykans in oortreffende trap in Grunberg se roman voorkom. Reeds die bekendstelling van die roman op Rosj Hasjana in ’n Amsterdamse shoarmatent (2004) speel op hierdie groteske aspek in²¹ – ’n gegewe trouens, wat die Duitse vertaling van sy roman met jare vertraag.²² Want soos in Hilsenrath se geval is die roman se groteske elemente as problematies vir die Duitse resepsie geantisipeer. Tog sinjaleer Grunberg se roman myns insiens ’n tendensverandering binne die Holocaust-/traumadiskoers – iets wat deur die “perverse” fokus van die teks gedemonstreer word.

3.1 Opsomming van handeling

De joodse messias (2004), ’n teks wat satire en elemente van die groteske- en die skelmroman-tradisie (Behrend 2013:96) met politieke kommentaar vermeng, vertel die verhaal van protagonist Xavier Radek, aan die begin van die roman ’n Switserse tiener in Basel.²³ As enigste kind kom Xavier onder die indruk van sy gestorwe oupa, ’n voormalige SS-offisier wat (soos Max Schulz) skuld het aan die moord op talle Joodse slagoffers ten tyde van die Tweede Wêreldoorlog.²⁴ Xavier identifiseer met sy grootvader, maar die besluit om in sy voetspore te volg,²⁵ neem ’n vreemde roete: in stede van antisemitiese optrede, besluit hy juis om die “trooster” van die Jode te word, om wat hy noem die “vyande van die geluk” van hulle lyding te verlos.²⁶ Die rede waarom juis Jode deur Xavier uitverkies word, is dat hy hulle as die vernaamste eksistensiële en tradisionele draers van menslike lyding beoordeel.²⁷ En lyding is dié aspek van die menslike bestaan waaroor hy ’n obsessie ontwikkel: sy pogings om lyding te verstaan,²⁸ dit te omskryf en veral die instansie te wees om dit te versag (dus die groot vertrooster of messiasfiguur te wees)²⁹ vorm die tematiese- en handelingsfokus van die roman.

Om hierdie selfopdrag te realiseer, poog Xavier om self die Joodse identiteit aan te neem: hy besoek die sinagoge, leer oor Joodse tradisies en word vriende met Awromele, die seun van ’n rabbi (wat later ook geen rabbi blyk te wees nie). Die seksuele-/liefdesverhouding tussen Xavier en Awromele is die belangrikste in Xavier se lewe – deels ook omdat Awromele vir Xavier inkarnasie word van *Die Jood* wat hy wil troos.³⁰ Dit is ook hy wat Xavier aanmoedig om besny

²⁰ Kyk Friedman (2004); Van Dijk (2010a:236-237). Grunberg self skryf oor Hilsenrath, hoewel hy laasgenoemde se *Nacht* (1964) as ’n beter roman as *Der Nazi & der Friseur* beskou (1997).

²¹ Kyk Kok (2006:5); ETTY (2004).

²² Kyk Von Trotha (2013); Behrend (2013).

²³ Kyk Grunberg in Borchardt (2013) oor die keuse vir Basel.

²⁴ Dit maak van Xavier ’n “derdegenerasie vader”, hoewel sy ma se oorlogservaring ook kortliks vermeld word (Grunberg 2004:14). Die psigologiese probleme van Xavier se ma verteenwoordig ’n nuwe-verhaallyn (kyk bv. *ibid*:177-179, 183-187).

²⁵ Kyk Grunberg (2004:10-11, 22, 44, 51-56, 64, 88, 91, 115).

²⁶ Die dialektiek tussen filosemitisme en antisemitisme, liefde en vernietiging (en dialektiek binne identiteitsvorming oor die algemeen) is ’n belangrike motief in die roman (kyk byvoorbeeld Grunberg 2004:15, 22-23, 127, 129, 321-322, 341, 355, 481; Van Dijk 2010b).

²⁷ Kyk Sabbe (2004); Grunberg (2004:9, 18, 29, 153).

²⁸ Kyk Grunberg (2004:8, 9, 11, 18, 25, 28, 37, 39, 43, 56, 93-94, 101, 121, 178, 184, 206-207, 215, 232, 430, 436, 447, 450, 458, 461, 470, 486, 492).

²⁹ Vir die troosmotief, kyk Kok (2006:57); kyk ook Grunberg (2004:28, 30, 41, 43, 61-62, 79, 161, 182, 204, 222-223, 243, 285-286, 324-325, 348, 389-390, 396, 401, 404, 407, 410-411, 441, 447, 449, 462-463, 479, 483, 485, 493).

³⁰ Kyk Grunberg (2004:60, 203-210, 212, 222-223).

te word, as teken van die Joodse verbond met God. Xavier se besnydenis (Grunberg 2004:89-108) word ’n kernoomblik in die roman, deurdat dit heeltemal misluk en hy eventueel een van sy testikels verloor (*ibid*:147). Dié word deur hom in ’n botteltjie sterkwater bewaar en tot “koning Dawid” gedoop – die testikel wen só aan simboliese betekenis, dat dit uiteindelik ’n verlosserstatus verkry.³¹ Dit is egter die gebottelde testikel as simbool van Xavier se fisiese pyn en lyding (dit wat hyself sien as die persoonlike “founding trauma” van sy “Joodse” identiteit) wat hier belangrik is (*ibid*:153). Na sy besnydenis poog Xavier om die Jode verder te troos – enersyds deur kuns te skep as skilder en tweedens werk hy en Awromele aan ’n vertaling van Hitler se *Mein Kampf* in Jiddish.³²

Maar uiteindelik skiet die estetiese tekort – om werklik te kan troos, glo Xavier, moet mens mag hê (*ibid*:447, 458), en saam met Awromele emigreer Xavier soos Max na Israel.³³ Hy betree die politiek en vorder met sy nuutverkose Hebreeuse naam, ha-Radek, vinnig tot leier van die staat Israel (*ibid*:449, 454). Maar ook magspolitiek bring nie die gewenste vertroosting nie (*ibid*:457-470) en met die insig in sy faling as messiaanse trooster (*ibid*:473), verkoop hy kernwapens aan verskeie lande, om sodoende politieke vyandskap, uiteindelik militêre aggressie jeens die staat Israel en sy Joodse bevolking te manipuleer. Want hy besef dat die enigste wyse om finaal te “troos” totale (self-)vernietiging is – dit verklaar die eskalاسie na die kernoorlog aan die einde van die roman. Die roman is sodoende ’n tematiese ontwikkeling vanaf die motto (“Het laatste wat sterf is hoop”, *ibid*:5) na die slot (“Ik ben gekomen om te troosten. Maar jullie enige troost is vernietiging”, *ibid*:493).³⁴ Hoop om lyding/trauma te verwerk eindig in wanhoop en die insig dat slegs totale vernietiging lyding sal wegneem.

3.2 Identiteitsverandering

Identiteit berus in *De joodse messias* net soos in *Der Nazi & der Friseur* op die beginsel van dialektiese uitwisselbaarheid (Van Dijk 2010b): slagoffers word daders (Grunberg 2004:321-322), hedendaagse Duitsers verkry dieselfde sosiale status as die Jode van destyds (*ibid*:15), die grondslag van Fascisme resoneer met moderne Sionisme (*ibid*:341), haat word liefde, antisemitisme word filosemitisme (*ibid*:355, 481), troos word vernietiging, ens. Soos in laasgenoemde roman skyn daar in *De joodse messias* nie inherente kernbetekenis in identiteitsmerkers te wees nie – betekenis behels veel eerder gegewe sosiale strukture wat na gelang van historiese dialektiek inhoudelik ingeklee word. Midde-in die gevolglike uitwisselbaarheid van identiteit (Cloostermans 2004) poog Xavier desnieteenstaande om sy identiteit bewustelik vas te stel en te anker.³⁵ Hy wil eerstens eksistensiële vertrooster word,³⁶ maar omrede Jode die empiriese kernteiken in hierdie selfopdrag verteenwoordig, wil hy ook Joods word (Sabbe 2004). Waar hy sy identiteit aan die begin van

³¹ Kyk Grunberg (2004:147, 156, 159, 161, 231, 249, 322, 361, 385, 397, 407, 443, 445, 454-456, 459, 465, 471, 491).

³² Oor die motief “kuns/skoonheid-lyding”, kyk De Jonge (2004); kyk ook Grunberg (2004:9, 12-13, 27, 39, 80, 96, 180-182, 323, 400, 458, 462-463, 473, 487).

³³ Kyk Grunberg (2004:399, 441) oor die keuse vir Israel.

³⁴ Uit ’n Lacaniaanse optiek is reeds die motto van die roman veelbetekend: binne die konteks van die roman word “hoop” hier niks anders as die “drive” om die leemte wat die ontologiese *objet petit a* daarstel, te vul en heelheid te verkry nie. Inersie vind plaas in die dood, wanneer die hoop”drive” eventueel stilgelê word (soos ook deur Freud beskryf in *Beyond the Pleasure Principle*) – dus moet alles vernietig word.

³⁵ Kyk Grunberg (2004:230): “Wat het is, niet alleen met seksuele identiteit, met alle identiteit: je wordt er niet mee geboren, je moet haar langzaam vinden”.

³⁶ Kyk Grunberg (2004:62, 79, 222-223, 285-286, 348, 449, 493).

die roman oriënteer na gelang van die familietradisie soos verpersoonlik in die figuur van sy oupa (Grunberg 2004:7, 10-11, 88), is sy identiteitsmetamorfose wat volg die bewustelike appropriasie van Joodse identiteitsmerkers.³⁷ Hierdie sluit in sy aansluiting by 'n Joodse jeugvereniging (*ibid*:12), sy belangstelling in die Joodse religie en gevolglike besoek aan die sinagoge (*ibid*:15), sy navors van Joodse tradisies (*ibid*:17), sy pogings om Jiddish en Hebreeus te leer (*ibid*:18, 41), sy Sionistiese oortuigings en sy besnydenis. Die punt is dat hierdie alles gekodifiseerde identiteitsmerkers is, ofte wel die geobjektiveerde stereotipes van die kollektiewe Joodse identiteit. Die kulminasie van sy suksesvolle identiteitsmetamorfose is sy magsoorname as ha-Radek, die nuwe leier van die staat Israel.

Maar die belangrikste identiteitsmerker van alles, trouens die rede waarom hy uit die staanspoor die Joodse identiteit verkies, is belyn met dit wat Xavier as *lyding* identifiseer. Die “Joodse volk” sou tradisioneel gesproke lyding verteenwoordig en hierdie historiese slagofferskap sou juis in die twintigste eeu deur die Holocaust bevestig word. Laasgenoemde kollektiewe trauma word 'n historiese vergestaltung in 'n ketting van slagofferskap en om lyding in die ontologiese sin van die woord te begryp, word hierdie historiese tradisie vir Xavier die logiese model om onder die loep te neem. Dit is so dat Xavier lyding oorspronklik as wetenskaplike objek benader om dit epistemologies te verstaan (*ibid*:16); dit is egter óók so, dat sy mislukte besnydenis vir hom 'n deur oopmaak na dit wat hy as outentieke ervaring van ontologiese lyding sien. Hoewel die besnydenis (as een van die belangrikste Joodse identiteitsmerkers) skeefloop, is die onbedoelde gevolg daarvan sy oortuiging, dat hy Joodse lyding liggaamlik en eksistensiële ervaar het: “Xavier was nog geen jood, maar wel slachtoffer. Het begin was er” (*ibid*:153). Hierdie ervaring fasiliteer 'n gevoel van lotsverbondenheid, want: “Je moest niet als buitenstaander door het leven gaan. Dat was belangrijk. Op een gegeven moment moest je lotgenoten zoeken” (*ibid*:91).

Die gebottelde testikel, vernoem na koning Dawid, word simbool van hierdie traumatiese belewenis – maar ook meer as dit: oriëntasiepunt, rigtingwyser en singewende toeverlaat:

“Dit is Koning David, dit is de teelbal die ik verloren heb op mijn zestiende toen ek ontdekte wie ik was. Ik heb toen de consequenties getrokken uit wie ik was. Ik heb toen de consequenties getrokken uit wie ik ben. Ik heb toen de geschiedenis van mijn volk aanvaard. Ik heb me laten besnijden, Koning David heeft me naar dit land gebracht, Koning David heeft me de verkiezingen doen winnen. Koning David is mijn Koning, maar hij kan ook jullie Koning zijn”. (*ibid*:454-455; kyk ook 465, 471)

Koning Dawid neem hier die funksie van 'n fetisj aan, deur as simboliese konkretisering van Xavier se lydingservaring te dien. Daarmee is sy Joodse identiteit, in sy selfinskatting daarvan, voltrek. Die lyding/trauma word sodoende die belangrikste identiteitsmerker en stel vir hom vir alle praktiese doeleindes die hoogtemerk van Joodse identiteit daar. Want Xavier is na sy suksesvolle appropriasie daarvan in staat om 'n selfs suiwerder Joodse identiteit te konseptualiseer, as wat empiries te vinde is. En dit is simptome van sy perverse verhouding tot Joodse slagofferskap.

3.3 Trauma, slagofferskap en perversie

Die vraag is of Xavier in sy appropriasie van Joodse identiteit daadwerklik slagoffer van trauma is? Hoewel trauma as sodanig nie in die roman getematiseer word nie, kan sy begrip van lyding, beide as ontologiese bestaansgegewe en histories gespesifiseerde ervaring eenduidig daarmee in

³⁷ Kyk Kok (2006:70, 86). Ironies genoeg word Xavier die dialektiese teenspeler van Adolf Hitler – daar is baie ooreenkomste tussen die lewensverhale van beide (skilders, fascistiese oortuigings, dood in bunker, ens.).

verband gebring word. Die antwoord is gevolglik ja *en* nee: binne die konteks van strukturele (ontologiese) trauma/lyding is Xavier ’n slagoffer, as slagoffer van ’n histories-gespesifiseerde insident óf tradisie, by name iets te make met Joodse slagofferskap, natuurlik nie.³⁸ Tog klee hy sy ontologiese trauma histories in, oorgeset synde vind hy ’n naatlose passing tussen verlies en leemte. Dit doen hy via sy besnydenis-ervaring: hy ekstrapoleer sy instinkiewe sensitiwiteit vir ontologiese trauma, konkretiseer dit deur dit in verband te bring met sy besnydenis (en per implikasie Koning Dawid) en projekteer dit op ’n gekodifiseerde, tradisionele traumanarratief: Joodse lyding/slagofferskap. Die gevolg is ’n orgasmiese eenwording met die appèl (interpellasie) van Joodse slagofferskap: “‘Ik ben een jood,’ schreeuwde Xavier door zijn kamer. Zijn vreugde kon orgastisch genoemd worden” (*ibid*:44). Perversie in die konteks van slagofferskap beteken dat die strukturele trauma van identiteitsvorming toegeskroei (“gekouteriseer”) word deur die fetisj van ’n historiese trauma – iets waaraan Xavier se suksesvolle identiteitsverandering voldoen.

Op verhaalvlak het dit ’n vierledige gevolg: 1) Xavier presenteer homself as die kulminasie van perversiteit – ’n messiasfiguur wat alles weet: “Die messias” as “trope” verteenwoordig ooglopend ’n kulminasie van ’n perverse verinnerliking van die vertrooster-interpellasie (hier gegrond in slagofferskap). Dit manifesteer in die subjek wat ’n pretensie tot ’n allesomvattende insig het, wat weet hoe om lyding (as “lack” / leemte en “loss” / verlies) te vertroos en vervolgens die finale oplossing hiervoor in die vernietiging van ’n inherent gebroke wêreld sien.³⁹ 2) Xavier gebruik ’n fetisj om die ontologiese leemte histories in te klee, dit hiervolgens te konkretiseer en dus te verdring, of dan “weg te troos”. Pyn en lyding word in die roman as chaotiese betekenisloosheid omskryf (*ibid*:224), en dus is Xavier se selfopdrag om hierdie ontologiese onrepresenteerbare histories te vergestalt (*ibid*:204, 440, 455, 491). Hy doen dit deur die daarstel van ’n narratief wat as singewende fantasie funksioneer, alternatiewelik ’n simboliese fetisj (Koning Dawid; kyk Kok 2006:9-11) wat dieselfde funksie vervul. Sy troos sluit hiervolgens onder meer die skep van kuns (gee van estetiese betekenis) en sosio-politieke optrede (gee van politieke / ideologiese betekenis) in. Hierdeur word ontologiese trauma (eventueel onsuksesvol) na historiese trauma herlei, om die moontlikheid van troos te fasiliteer. 3) Hy stel ’n beeld van die Joodse slagoffer vas, waaraan alle Jode moet konformeer. Dit manifesteer vernaam in Xavier se siening van Awromele as tekenend van Die Jood wat vertroos moet word.⁴⁰ 4) Met die falings van sy pogings om te troos, is sy finale oordeel om die ontologiese leemte permanent te verwyder deur (self-)vernietiging. Want alle betekenis, alle pogings om die strukturele trauma en slagofferskap sinvol en histories te verklaar en dus vervolgens heling te bring, is ’n illusie, ’n fiksie. Lyding kan slegs op een manier vertroos word – deur dit eens en vir altyd met wortel en tak uit te roei, deur die lewe self te vernietig (Grunberg 2004:86, 493).⁴¹

Die gevaar van die perverse struktuur is juis dat die ontologiese leemte nie van die historiese verlies onderskei word nie, en historiese ingrepe om lyding minder te maak, uit die staanspoor

³⁸ Kyk De Ruyck (2004), Franklin (2008), Cloostermans (2004).

³⁹ Daarom word Xavier met die Christus-figuur geassosieer; kyk Grunberg (2004:128, 138, 328).

⁴⁰ Kyk Grunberg (2004:69,204, 390, 403-404). Die misplaasheid van Xavier se perverse aanname word gedemonstreer in ’n toneel waar Awromele se *jouissance* daargestel word: laasgenoemde se oorweldigende ervaring van bandelose plesier kan duidelik nie (simbolies) deur die perverse subjek gekastreer word nie. Kyk *ibid* (209; kyk ook 201-202).

⁴¹ Kyk Grunberg (2004:86). Die ontologiese trauma word in die roman interessant genoeg met ’n liggaamsdeel in verband gebring, wat in die konteks van die roman ’n leemte daarstel, wat deur die vrugbaarheid daarvan juis ook geboorte gee aan lyding: die vagina. (Freud skryf natuurlik breedvoerig hieroor.) Dus moet Xavier as vertrooster ook hier ingryp: “‘Ik ben de trooster van de joden,’ zei hij. Daarom metsel ik de kut dicht” (*ibid*:438; kyk ook 424-425, 434). Nie om dowe neutte is Xavier in ’n homoseksuele verhouding betrokke nie.

verdoem is omdat dit altyd tekort sal skiet. Xavier trap in hierdie slagyster, ’n misstap wat reeds deur sy perverse appropiasie van slagofferskap voorspel word.

4. GEVOLGTREKKING

Der Nazi & der Friseur en *De joodse messias* stel onderskeidelik ’n historiese en ’n perverse relasie van die subjek tot die interpellasie van slagofferskap binne die Holocaust-traumadiskoers daar (in beide tekste vergestalt in die identiteitsmetamorfoses van die protagonis). Waar die *historiese* identiteitstruktuur “onsuksesvol” is, deurdat Max se Joodse identiteit gedestabiliseer word deur die diskrepansie tussen strukturele en historiese trauma, is Xavier se “suksesvolle” perverse identiteitstruktuur tekenend van ’n verdringing van die ontologiese leemte en eksterne projektering daarvan op ’n histories gekontekstualiseerde verlies. Twee aspekte van die romans ondersteun hierdie interpretasie: op handelingsvlak word die trauma of “trauma” van beide liggaamlik getranskribeer. Max is nie in staat om ’n Joodse hart aan te neem nie en sterf: die hart as integrale en inherente simbool van lewe en die sentrum van die individu se bestaan, word verwerp. Xavier se verlore testikel word in ’n bottel bewaar: in sy geval verteenwoordig dit eweneens iets wat in verband gebring word met ’n traumatiese ervaring, maar wat hier dan geobjektiveer, bykans gekommodifiseer en as middel tot manipulasie aangewend word. Die vertellersperspektief sluit hierby aan: waar Max se storie grootliks ’n performatiewe demonstrasie van sy histerie vanuit die ek-perspektief daarstel, word Xavier se verhaal vanuit die perspektief van die alwetende verteller vertel. In sy geval is trauma ’n reeds gekodifiseerde identiteitsmerker wat objektief verken, geapproprieer en gemanipuleer kan word. Hier is dus ’n ontwikkeling vanaf subjektiewe belewenis na objektiewe distansie.

Hang dit saam met die feit dat Xavier uit ’n latere generasie kom? En wat sê dit oor die trajek van die Holocaust-narratief, overgeset synde traumadiskoerse oor die algemeen? Wat ’n vergelyking tussen die twee romans in breë trekke illustreer, is sekerlik niks nuuts nie: die diachroniese evolusie van die Holocaust-narratief verreken noodwendig ’n tendensieuse klemverskuiwing wat plaasvind. Lyding of historiese trauma kan gekodifiseer en gekommodifiseer word, ook die Joodse narratief kan omskep word in ’n Holocaust-trope. Daardeur word die unieke traumatiese ervarings gekonsolideer, gesublimeer en as ’n kollektief-gerepresenteerde ervaring gemedieer. Soos soveel ander dinge blyk dat ook die ontologie van pyn (egter duidelik te kwalifiseer in terme van die historiese bepaaldheid daarvan) ’n rakleef tydperk het. Wat Xavier kan doen (om die historiese trauma funksioneel as kommoditeit te gebruik), kan Max nie – omdat die historiese trauma in sy geval nie bykans uitsluitlik as gemedieerde representasie bestaan nie.

Dieselfde is van toepassing met betrekking tot die diskoers rondom slagofferskap. In deel I van hierdie studie is verwys na die globalisering van hierdie diskoers, wat noodwendig die wegvaag van historiese spesifisiteit tot gevolg het. Die eertydse imaginêre vergestaltung van die historiese slagoffer word ge-universaliseer en neem generiese kontoere aan, wat dit moontlik maak om makliker geapproprieer te word. Dit maak die perverse verinnerliking van hierdie gegewens makliker. My hipotese is dat die diachroniese ontwikkeling van enige traumadiskoers met die verloop van tyd noodwendig ’n perverse omgaan met slagofferskap fasiliteer. Perversie behoort nie uitsluitlik gesien te word in terme van (self)vernietigende optrede nie – die moontlikheid vir die banalisering van perversie bestaan altyd. Waar almal as slagoffers geteken is en dalk selfs pervers hiervan oortuig is, is niemand slagoffers nie. Die etiek van ’n genuanseerde omgang met (historiese) slagofferskap word hier belangrik: tussen fundamentalisme en die banalisierende simulakrum van perverse slagofferskap, is dit dalk net ’n historiese bevraagtekening wat die etiese middeweg vorm.

BIBLIOGRAFIE

- Alexander, Jeffrey C. 2009. *Remembering the Holocaust: A Debate*. Oxford: Oxford University Press.
- Arnds, P. 2002. On the awful German fairy tale: breaking taboos in representations of Nazi euthanasia and the Holocaust in Gunter Grass's *Die Blechtrommel*, Edgar Hilsenrath's *Der Nazi & der Friseur*, and Anselm Kiefer's visual art. *The German Quarterly*, 75(4):422-439.
- Behrend, Brigitte. 2013. "Mit der politischen Korrektheit spielen". *Jüdische Allgemeine*, 23 Mei. <http://www.juedische-allgemeine.de/article/view/id/15978> [4 September 2015].
- Borchardt, Katharina. 2013. "Das Grotteske liegt in der Familie". *Die Taz*, 12 Augustus. <http://www.taz.de/15061398/>[4 September 2015].
- Braun, Helmut. 2006. *Ich bin nicht Ranek: Annäherungen an Edgar Hilsenrath*. Berlin: Dittrich Verlag.
- Cloostermans, Mark. 2004. "Hitler was een idealist". Interview: Het masochistische universum van Arnon Grunberg. *De Standaard*, 23 September. <http://www.standaard.be/cnt/gei90ei9> [4 September 2015].
- De Jonge, Stefanie. 2004. Soms vraag ik me af: zou ik me aangetrokken kunnen voelen tot iemand zoals ik? *Humo*, 28 September. <http://www.arnongrunberg.com/review/567> [4 September 2015].
- De Ruyck, Jo. 2004. Arnon Grunberg in 'De joodse messias' groots voor wie niet kleinzerig is; 'Geluk is een sadist'. *Het Nieuwsblad*, 21 Oktober. <http://www.arnongrunberg.com/review/196> [4 September 2015].
- Etty, Elsbeth. 2004. Identiteit is een waanidee ; Arnon Grunberg accepteert niet dat sommige dingen heilig zijn. *NRC Handelsblad*, 17 September. <http://www.arnongrunberg.com/review/194> [4 September 2015].
- Franklin, Ruth. 2008. Agent Provocateur: In Arnon Grunberg's fiction, there are no unmentionables. *Tablet*, 5 Februarie. <http://www.tabletmag.com/jewish-arts-and-culture/books/968/agent-provocateur> [4 September 2015].
- Friedman, Carl. 2004. Deze messias is tweedehands. *Trouw*, 18 September. <http://www.trouw.nl/tr/nl/4512/Cultuur/article/detail/1744611/2004/09/18/Deze-messias-is-tweedehands.dhtml> [4 September 2015].
- Gilman, Sander L. 1996. Hilsenrath and Grass Redivivus. In Kraft, Thomas (Hrsg.). *Das Unerzählbare erzählen*. München & Zürich: Piper, pp. 119-126.
- Graf, Andreas. 1996. Mörderisches Ich. Zur Pathologie der Erzählperspektive in *Der Nazi & der Friseur*. In Kraft, Thomas (Hrsg.). *Das Unerzählbare erzählen*. München & Zürich: Piper, pp. 135-149.
- Grunberg, Arnon. [1997]. You need a little luck. *NRC Handelsblad*, 8 Augustus. <http://www.arnongrunberg.com/chapters/353/>[4 September 2015].
- Grunberg, Arnon. 2004. *De joodse messias*. Amsterdam: Vassallucci.
- Hilsenrath, Edgar. 2004. *Der Nazi & der Friseur*. München: Deutscher Taschenbuch Verlag.
- Kok, Kees. 2006. *Pijn als opluchting: Een structuuranalyse van Arnon Grunbergs De joodse messias*. Utrecht: Universiteit Utrecht: ongepubliceerde doktoraalskripsie.
- Kreutz, Marika. 1996. Täter und Opfer. Das Bild des Juden in den Romanen *Nacht* und *Der Nazi & der Friseur*. In Kraft, Thomas (Hrsg.). *Das Unerzählbare erzählen*. München & Zürich: Piper, pp. 127-134.
- Levy, Daniel & Natan Sznaider. 2006. *The Holocaust and Memory in the Global Age*. Philadelphia: Temple University Press.
- Möller, Susann. 1996. Zur Rezeption: Philosemiten und andere – die Verlagsstationen Edgar Hilsenraths. In Kraft, Thomas (Hrsg.). *Das Unerzählbare erzählen*. München & Zürich: Piper, pp. 103-116.
- Rosenfeld, Gavriel D. 2015. *Hi Hitler! How the Nazi Past is Being Normalized in Contemporary Culture*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Rothberg, Michael. 2009. *Multidirectional Memory: Remembering the Holocaust in the Age of Decolonization*. Stanford: Stanford University Press.
- Rumler, Fritz. 1996. Max & Itzig. In Kraft, Thomas (Hrsg.). *Das Unerzählbare erzählen*. München & Zürich: Piper, pp. 69-71.
- Sabbe, Fien. 2004. De enige troost is de vernietiging. *De Morgen*, 22 September. <http://www.arnongrunberg.com/review/570> [4 September 2015].
- Torberg, Friedrich. 1996. Ein Freispruch, der keiner ist. In Kraft, Thomas (Hrsg.). *Das Unerzählbare erzählen*. München & Zürich: Piper, pp. 72-75.
- Van Dijk, Yra. 2010a. "Op inspiratie wacht je niet". Plagiaat, imitatie en 're-enactment' in de romans van Arnon Grunberg. *Tijdschrift voor Nederlandse Taal- en Letterkunde*, 126:228-241.

- Van Dijk, Yra. 2010b. Uitblinken in overleven. De erfenis van de Shoah bij Arnon Grunberg. In Goud, Johan (red.). 2010. *De wereld als poppenkast. Het leven volgens Arnon Grunberg*. Kampen: Klements.
- Von Trotha, Hans. 2013. Sex, Gewalt und Perversionen aller Art. *Deutschlandradio Kultur*, 3 Julie. http://www.deutschlandradiokultur.de/sex-gewalt-und-perversionen-aller-art.950.de.html?dram:article_id=251669 [4 September 2015].

Deiktiese patrone in die verfilming van J.M. Coetzee se *Disgrace* (2008). Deel 2

Deictical patterns in the film version of J.M. Coetzee's Disgrace (2008). Part 2

H.P. VAN COLLER

Skool vir Tale

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

E-pos: vcollerh@ufs.ac.za



ANTHEA VAN JAARSVELD

Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans

Universiteit van die Vrystaat

E-pos: vjaarsa@ufs.ac.za

Hennie van Coller Anthea van Jaarsveld

HENDRIK PETRUS (HENNIE) VAN COLLER, navorsingsgenoot van die Universiteit van die Vrystaat en die Noordwes-Universiteit is redakteur van die nuwe driedelige *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Hy is 'n poësievertaler (*Bandelose gedigte* van Luuk Gruwez, 2007) en 'n gepubliseerde digter (*Soom*, 2012). Sy belangrikste publikasies is die bundels opstelle, *Tussenkoms* en *Tussenstand*. Hy publiseer veral oor literêre geskiedenis, o.a. 'n hoofstuk in die *Cambridge South African Literary History*. Hy is tans voorsitter van die Letterkundekommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 'n vorige voorsitter van dié akademie en ook lid van ASSAf.

HENDRIK PETRUS (HENNIE) VAN COLLER, a research fellow of the University of the Free State and the Northwest University is the editor of *Perspektief en Profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. He is a translator of poetry (*Bandelose gedigte* by Luuk Gruwez, 2007) and a published poet (*Soom*, 2012). His most important publications are two compilations of literary criticism, *Tussenkoms* and *Tussenstand*. His numerous publications on literary history include a chapter in the *Cambridge South African Literary History*. Currently he chairs the literary commission of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns and is a former president of this academy. He is also a member of ASSAf.

ANTHEA VAN JAARSVELD is senior lektor in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat. Haar Magistergraad en proefskrif handel oor referensialiteit. Sy doseer en publiseer veral oor drama en film en is besig met 'n groter projek oor die indeksing van Afrikaanse speelfilms.

ANTHEA VAN JAARSVELD is senior lecturer in the Department Afrikaans and Dutch, French and German at the University of the Free State. Her Master's degree and dissertation are about referentialism. She lectures and publishes especially on drama and film and is working on a more substantial project on the indexing of Afrikaans films.

ABSTRACT

Deictical patterns in the film version of J.M. Coetzee's Disgrace (2008)

In this second part of the article, the focus will be on the film version of Disgrace (2008). The narrative situation in the Afrikaans traditional farm novel is that of an omniscient narrator. In the novel Disgrace the narration is that of figural narration in the sense that the perspective is that of the main character, David Lurie. The filmic version of Disgrace is also in the main the subjective perspective of David Lurie. Through this perspective the spectator becomes part of Lurie's chaotic universe and thus shares the main character's traumatic personal experiences charged with existential anguish. In the older farm novel and film it is usually suggested that the farm is the centre of the universe, from which a son or daughter leaves for the city in search of a better life. Yet the farm is also the place to which one may return; the narrative structure is therefore cyclical and typical of this archetypal structure of becoming, evolution and acquisition. In Disgrace one finds exactly the opposite: the narrative structure is indicative of devolution: Paradise Lost, degeneration, devolution and loss. (This can include material things like status, position and affluence but also pride, love, happiness and security). The farm is no longer a safe, impenetrable haven; it is a place of departure rather than sojourn. In this second part of the article we will emphasise the way in which the cinematic elements of the film convey these different messages, not only by focussing, for example, on the interaction of characters, but rather the manner in which the camera can be manipulated.

OPSOMMING

In hierdie tweede deel van die artikel staan die verfilming van J.M. Coetzee se gelyknamige roman sentraal. Die vertelsituasie in die tradisionele Afrikaanse plaasroman is die oukatoriële (ook bekend as die alwetende) verteller. In die verfilming van *Disgrace* word telkemale gefokus uit die subjektiewe perspektief (in die prosa-teorie staan dit bekend as die *personale* vertelwyse) van David Lurie. Daardeur staan die gebrek aan logika voorop; die traumatiese persoonlike ervarings van 'n buitestaander- individu belas met eksistensiële angs. In die ouer plaasroman en film word gewoonlik gesuggereer dat die plaas die sentrum van die universum is: daarvandaan word vertrek (gewoonlik deur 'n seun of dogter wat hulle heil in die stad gaan soek), maar daarheen sal ook teruggekeer word; die narratologiese struktuur is daarom ook siklies en tipies van hierdie grondpatroon van *wording, evolusie en verkryging*. In *Disgrace* vind presies die teenoorgestelde plaas: die narratologiese struktuur dui eerder op *devolusie: Paradise Lost, verwording, devolusie en verlies* staan voorop (hier van materiële dinge soos status, posisie, maar ook van trots, liefdesgeluk én geborgenheid). Die plaas is geen veilige ruimte meer nie; dit word plek van *vertrek* eerder as *verblyf*; die lokale word omvorm en wyk voor die **universele waarheid**. In die artikel sal gekonsentreer word op die wyse waarop die kinematografiese elemente van die film hierdie onderskeie boodskappe tuisbring, nie net deur handelingspatrone nie, maar veral deur die wyse waarop die kamera gemanipuleer word.

DIE OMVERWERPING VAN KOLONIALE MAGSVERHOUDINGS IN *DISGRACE*

In die tradisionele plaasroman is daar bepaalde “koloniale” magsverhoudings aanwesig: die eienaar het die land “makgemaak” en ruimte tot “plek” verander en op tasbare wyse sy merke op hierdie ruimte geplaas, byvoorbeeld deur die aanlê van 'n bos,¹ 'n element wat in byna elke tradisionele

¹ Die naam van die plaas in *Laat vrugte* is nie verniet “Boskloof” nie. Oom Sybrand se oupa het reeds die populiere geplant wat steeds met die seisoene verander van kleur (p.156).

plaasroman voorkom. Op die plaas is hy die baas en al die ander (sy vrou, kinders, bywoners, knegte en arbeiders) neem hiërargies ’n ondergeskikte plek in. In *Disgrace* word die hiërargie omgekeer: Petrus wat aanvanklik arbeider was, ontwikkel tot bywoner, buurman en later die effektiewe eienaar van die kleinhoeve. Die ommekeer geskied in terme van postkoloniale magsverhoudings waar die vroeëre maghebbers van alles gestroop word. Silverstein (2011:95) se opmerking “the true *coupe de grace* to the ideological structure of the *plaasroman* is in Coetzee’s replacing of the pastoral novel’s white male patriarchal father with the Jewish other” is vreemd. Die *coupe de grace* is eintlik dat die tradisionele blanke patriarg eers vervang word deur ’n vrou (Lucy) en daarna deur Petrus, ’n swart man. Ook sy slotsom “The Jew’s ambivalent whiteness permits him to stand in for the white South African”, kan bevraagteken word. ’n Mens sou eerder kon opmerk dat selfs die argetipiese sondebok, die Jood, David Lurie (én sy dogter) se “offer” (haar verkragting en sy vernedering) nie voldoende is om hulle toekoms te verseker nie. Indien ’n mens hulle (soos Silverstein) sien as simbolies van die blanke in Suid-Afrika, sê die roman dat slegs totale prysgawe (ook van eiendom) as voldoende boetedoening beskou sal word.

In die tradisionele plaasroman word die siening gehuldig dat die oorspronklike eienaars van die plaas hul eiendomsreg verwerf het deur hul pioniersarbeid: “those deserve to inherit the earth who make best use of it.” (Coetzee 1988:3). Die nageslag moet telkens as’t ware die grond verdien deur te boer soos hul voorouers, met kundigheid, liefde en deur te vergroei met die plaas en die voorgeslag. Boersema (2002:7) haal Coetzee aan wat sê dat hy nie daarvan bewus is dat die tradisionele plaasroman ooit vra “whether it is possible to establish natural right over a farm against his will (as, for example, in enforced settlement of a debt) from a dispossessed ‘natural’ owner.” Hierdie vraag staan sentraal in *Disgrace*. Eers is dit Lucy wat ’n plaas bekom waarvan die oorspronklike bewoners lank reeds stad toe verhuis het. Later word Petrus effektief die nuwe eienaar en is hy inderdaad “forward-looking” (p.136), ’n vertaling van “vooruitboer” wat Coetzee² (1988) gebruik (Boersema 2002:7). Dit is asof geïmpliseer word dat ook sy arbeid hom nou ’n aanspraak op die grond gee. Só kom ’n totale ommekeer tot stand, ook wat die erfopvolging betref: “So it will go on, a line of existences in which his share, his gift, will grow inexorably less and less, till it may as well be forgotten” (p.217).

In ’n artikel oor postkoloniale aspekte van die Afrikaanse plaasroman, beweer Wasserman (2000:35) dat poststrukuralistiese teorieë oor (nie)referensialiteit meegebring het dat die plase waarna teruggekeer word, nie altyd gesien kan word as werklike plase wat buite die taal sou bestaan nie, maar as talige konstruksies wat deur ideologie beïnvloed is. Die plaasruimte word deur intertekstuele verwysings “gemaak tot betekenaar tussen ander betekenaars wat gedekonstrueer kan word, wat ’n ontmitologisering van plaasvoorstellings in die vroeë plaasromans moontlik maak.”³

Reeds vyftien jaar gelede het Coetzee (1988:88) hom uitgelaat oor die narratologiese probleem inherent aan die plaasroman. Die boer is ’n natuurmens en sodra hy in staat is om sy essensie in taal te artikuleer, raak hy verwyderd van die sfeer van die natuur. “Hence the marriage between farmer and farm must remain an unarticulated one, a blood-marriage too deep for words. Yet the

² In die ommekeer van hiërargiese verhoudings sal ook gewys kon word op die verhouding mens-dier op die tradisionele plaas wat in hierdie roman omgekeer word “This is the only life there is. Which we share with animals” (p.74).

³ Die sambreel-begrip poststrukuralisme soos Wasserman dit hanteer, is problematies omdat daar onderlinge verskille bestaan tussen poststrukuraliste. Dit is ook nie so dat hulle eensydig sogenaamde objektiewe kennis ontken nie; wel het hulle een aspek met mekaar gemeen dat hulle ’n logika van “beide ... én” hanteer: in hulle denke is daar ’n kombinasie van “objektiewe, en vryspel-interpretasies”.

paradox is that until this marriage is brought to consciousness the *plaasroman* cannot articulate itself.” In die era waartydens poststrukuralistiese teoretiese toeëiening onherroeplik verander het, is die begrip betekenis geproblematiseer. Boersema (2002) toon oortuigend aan dat Lurie (en Coetzee self in sy rol as implisiete outeur) in *Disgrace* hom deurgaans bewus is van die feit dat die taal tot sy beskikking in wese ontoereikend is om situasies onder woorde te bring: “(t)he language he draws on with such aplomb is [...] tired, friable, eaten from the inside as if by termites. Only the monosyllables can still be relied on, and not even all of them.” Wat gedoen moet word, is dat die groot woorde geherkonstrueer moet word “purified, fit to be trusted once more” (p. 129).

DIE PLAAS AS BASTION

Wanneer die werke van die belangrikste Afrikaanse skrywers van plaasromans (soos C.M. van den Heever) as ’n geheel bekyk word, blyk dat die plaas vir die Afrikaner ’n skuilplek is teen die magte daarbuite. Hierdie bedreiging is soms gekonkretiseer in die figure van spekulante en geldskieters wat dikwels Jode is (kyk Silverstein 2011:87); soms is die stryd teen kosmiese magte soos hael en veral droogte, maar daar is altyd ook die stad en dit wat daardeur verteenwoordig word: sedelike verval, armoede, oneerlikheid en volksvreemdheid. Van den Heever as romanskrywer pleit byvoorbeeld deurgaans vir ’n terugkeer na die plaas, sonder om werklik antwoorde te verskaf oor hoe oorleef moet word (bv. in *Groei*). Dit is nie slegs ’n onrealistiese idealisme wat hier na vore kom nie; ’n sentrale opvatting van die romantiek is die vryheidsdrang. Van den Heever skyn te impliseer dat dit beter is om onder te gaan op jou eie stuk grond, met jou trots en onafhanklikheid intact, as hulpbehoewende en verknegte in die stad (Kyk Van Coller 2009:108 e.v.).

In *Disgrace* vind presies die teenoorgestelde plaas en die plaas as ’n stukkie Suid-Afrika gaan verlore; besit- en eiendomsreg word onherroeplik prysgegee. Prysgawe neem nou ’n materiële vorm aan; nie net figuurlike elemente soos status, posisie, trots, liefdesgeluk gaan verlore nie, maar ook fisiese geborgenheid. ’n Bekende topos van bykans alle tradisionele Afrikaanse plaasromans is die plaas as ’n idilliese en veilige ruimte, die sogenaamde *locus amoenus* of “lieflike plek”. In *Disgrace* word die plaas ’n ruimte van *vertrek* eerder as *verblyf*. Teenoor die tradisionele opvatting in die plaasroman dat die lokale standhou teen die aanslag van die globale (of “universele”) soos die stad, daag die besef nou dat dit ’n illusie was; die universele waarheid dat die oorwinnaar van alles besit neem (ook die mees intieme liggaamlike) word ook hier versigbaar. Die *locus amoenus* hou ook verband met ’n ewe bekende topos, dié van die *hortus conclusus* of ommuurde tuin. Die plaas is nie net idilliese ruimte nie, maar inderwaarheid ook ’n ommuurde, veilige en ontoeganklike ruimte. Hierdie laasgenoemde topos is ook in Middeleeuse literatuur in verband gebring met ’n maagdelike vrou: die skending van die vrou (Lucy) én die plaas in *Disgrace* is derhalwe ’n dubbele verkracting.

As ’n mens kyk na Coetzee (1988:49-75) se eie interpretasie van die tradisionele Afrikaanse plaasroman, sien hy die plaas nie net as ’n ruimte waarbinne die karakters toevallig leef nie. Die plaas word geteken as ’n mitiese ruimte en die verband tussen boer en kosmos is nie bloot ’n romantiese identifikasie nie; in die prototipiese plaasroman is daar ’n beweging na die openbaring van die plaas as bron van betekenis: “The movement of the prototypical *plaasroman* is steadily towards the revelation of the farm as source of meaning. (The city, by contrast, steadfastly refuses to reveal any meaning to the questing pilgrim from the countryside: the implication is that it has none.)” Deur die plaas word die Afrikaner geheg aan die aarde en sy geskiedenis en kan hy as ’t ware sy aanspraak op die land bevestig. Daarom mag die plaas nooit verlore gaan nie, moet erfopvolging bestendig word, is die plaas in alle opsigte oppermagtig aan die stad. Vir Coetzee

bestaan daar nie werklik ’n dualiteit tussen realisme en romantiek in Van den Heever se werk nie: ervaring van die realiteit gee aanleiding tot interpretasie daarvan.⁴

Terwyl ’n oorkoepelende interpretasie van *Disgrace* mens steeds ontwyk, wil dit lyk asof die roman ook iets wil sê oor prysgawe: van jou onafhanklikheid, jou voorregte, jou identiteit. Prys-gawe van die plaas, daardie stukkie onvervreembare grondgebied, is hiervan net ’n geringe onderdeel. Anders as by Van den Heever is daar geen plek meer waar die blanke homself kan verskans en sy mag kan behou nie.

Northop Frye (1957) se bekende taksonomie vir narratiewe vorme (later ook deur Hayden White (1973) beskou as sentraal tot historiese begrip) behels vier moontlike visies onderliggend aan narratiewe: tragedie, komedie, “romance” (romanse, liefdesverhaal) en die klug. Een van die redes waarom kritici geworstel het om *Disgrace* te interpreteer,⁵ is omdat dit ook nie maklik val binne een van die vier modi nie. Op die oog af lyk dit na ’n tragedie met die mens wat te staan kom teen magte wat menslikheid bedreig. Uiteindelik is die ontvanger getuie van “the supremacy of impersonal power and [...] the limitation of human effort” (Frye 1957:208). Tog bedrieg die skyn waarskynlik. Beide die tragiese en komiese modus beoog “closure”, terwyl die ander twee eerder na oop eindes neig. In die klugtige modus (waaronder die pikareske) oorheers die chaotiese en die heroïese is by voorbaat gedoem en ’n neerlaag staan vas. As ’n parodie van die romantiese, herinner *Disgrace* voortdurend aan “the ultimate inadequacy of consciousness to live in the world or to comprehend it fully” (White 1973:10).

Lucy is aanvanklik duidelik verwant aan die tradisionele pioniersvrou wat onafhanklik boer en haar nie van haar plisie wil laat verdryf nie. Tog is sy bereid om haar verkragting te sien as die betaling (van skuld) aan die nuwe maghebbers en as wyse om haar verblyfsvergunning te verdien. Oplaas leef sy as lesbiër voort in onderdanigheid aan haar nuwe “man”. In ’n sin word die ou patriargie daardeur weer herskep en bykans gesuggereer dat ook vroue onderhorig sal bly binne die nuwe bedeling. Ten minste was C.M. van den Heever duideliker aan die kant van die onderdrukte vroue wat hy beskrywe het (kyk ook Van Collier 1987:30).

KANONISERING AS IDEOLOGIESE SPEL EN POËTIKALE VORKEURE

Rondom die verskyning van Coetzee se *Disgrace* het daar ’n hewige polemiekie gewoed en beskuldigings van rassisme en pessimisme het byna daaglik opgeklink in die openbare pers. Dit was eers nadat die Nobelprys aan hom toegeken is, dat hierdie roman skynbaar aanvaarbaar gevind is en Coetzee by wyse van spreke aan die boesem vasgedruk is.

Beoordeling van literêre werke en rangordening van skrywers is kanoniseringspraktyke, wat ’n onderdeel vorm van die kanoniseringsprosesse binne ’n literêre sisteem of literêre veld. En soos telkemale reeds aangedui is (Kyk Altieri 1984; Mooij 1985; Lauter 1990; Moerbeek 1992 en Fokkema & Ibsch 1992) is kanoniserings nooit objektief of ideologies neutraal nie. Literêre kritiek op sy beurt veronderstel ook objektiewe beoordeling, maar berus in feite op poëtikale oorwegings; dit is die literatuuroppattings van kritici wat in die laaste instansie hul oordele bepaal. Dit is daarom nie vreemd nie dat prystoekennings of ander vorme van duidelike kanoniserings/literêre evaluering telkens gemoedere hoog laat loop.

⁴ Elize Botha (1983) lees C.M. van den Heever se roman *Kromburg* (1937) as “’n stofbewerking wat onweerlegbaar stam uit die romantiek – ’n stelling waarmee ek bewustelik ingaan teen die standaardopvatting van bv. Antonissen en Kannemeyer dat *Kromburg* in die realistiese tradisie gesien moet word” (Antonissen 1965: 224, 225; Kannemeyer 1978: 304).

⁵ O’Hehir (1999) sien die roman “as an almost metaphysical journey from this Romantic variety of love to the harsher, leaner strain David eventually learns from life on and around Lucy’s farm”.

In Suid-Afrika word daar nog te dikwels op naïewe wyse implisiet veronderstel dat alle resesente dieselfde literatuursiening (of poëtika) huldig. Daarom (soos in die debat rondom *Disgrace*) word eerder vasgekyk teen verskillende evalueringe van die betrokke teks, terwyl op wetenskaplike wyse veel eerder gefokus moet word op die onderliggende literatuursienings en (kontekstuele) verbandleggings op grond waarvan verskillend geoordeel is. Wat ter diskussie gebring word in openbare debatte is telkemale ook die verskillende (subjektiewe) lesings van ’n teks, sonder dat die onderliggende literatuursienings en metodologiese veronderstellings krities beoordeel word.

Al het die verhaal ’n spesifieke historiese Suid-Afrikaanse konteks, beskryf die FIPRESCI-kritici die film as verteenwoordigend van ’n universele “inner hurricane” (Haralambous 2008). Die roman word, soos gesê, persoonlik vertel anders as wat Smit-Marais en Wenzel (2006:24) beweer dat: “The plot is focalized through the consciousness of the authorial narrator”. In die film kry ons van hierdie vertelperspektief ’n kinematografiese pendant deurdat die fokus deurgaans val op die gedagtes en gevoelens van David Lurie wat dit dieselfde gedraenheid gee as die roman met sy fokus op die prominente innerlike stryd van die hoofkarakter. Die feit dat die roman vanuit ’n persoonlike perspektief vertel word en die film met sy doelbewuste “point-of-view editing” juis vanuit Lurie se perspektief “bekyk” word, hef in ’n groot mate ’n belangrike eienskap van die tradisionele plaasroman op, naamlik die oukatoriële (“alomteenwoordige”) vertelperspektief (Van Coller 1987). Die kyker kry hier te make met die sogenaamde “Editorial Omniscience”, wat Burroway beskryf as: “the practice of the writer to consistently choose to ‘editorialize’ and display this power by going into the minds of characters, by telling us what things mean, by moving anywhere with any characters or things, through time and space, and, in addition, making all sorts of judgments along the way” (Burroway 2014:199). In die openingstoneel word die kyker geleidelik bekendgestel aan en deelgemaak van Lurie se gedagtegang maar ook gelei om die wêreld te bekyk deur die oë van Lurie. Dit word moontlik gemaak deur ’n volskerm-beeld van Venesiese blindings wat stadig oopgetrek word. Onbewustelik word die oë van die kyker ook geopen vir Lurie se perspektief om vanuit daardie gedagtegang terug te kyk na die wêreld daarbuite. Dis as’t ware ’n kyk deur die oë van die karakter wat verplaas word na die kyk deur die oë van die kyker. Ons het hier duidelik te make met manipulerings van fokuspunte. Wat die roman betref, word hierdie effek verkry deur die gebruik van interferensietekste. Die besondere vermenging van die perspektiewe van karakters en verteller betrek so die leser uiteindelik by die geskrewe teks.

Visueel 1: (Blindingstoneel)

(Sien skakel: <https://mycloud.ufs.ac.za/public.php?service=files&t=24e43154e8d320e570af80bd1f4bdb82>)

In die verfilming van *Disgrace* word telkemale gefokus uit die subjektiewe (ek-) perspektief van David Lurie. Daardeer staan die traumatiese persoonlike ervarings van ’n buitestaander-individu, belas met eksistensiële angste voorop. Reeds vanaf die openingstoneel maak die regisseur van filmiese rame gebruik, byvoorbeeld visuele beelde deur vensterrame, deurrame en spesifieke kameraskoot-omramings om die leser subtiel bloot te stel aan ’n spel van begrensing of omraming asook die deurbreking van grense wanneer dit kom by die interpretasie van hierdie visuele beelde. Hierdie besondere aanbieding van *mis-en-scène*, is ’n verdere voorbeeld van die manipulerings van fokuspunte. Die regisseur skiet die meeste van die materiaal in goedgestruktureerde medium-wyehoek skote sodat die omramings en die karakters daarbinne nie ingeperk word nie – ook weer ’n doelbewuste toespeling op vorige genoemde persoonlike ideologiese oortuigings van die implisiete outeur. Die kyker kry die geleentheid om hom-/haarself saam met die karakters of teenoor die karakters binne of buite die rame te posisioneer ter wille van sy/haar eie interpretasie van die visuele teks. Deurlopend word die kinematografiese aanbieding ’n medium waardeur die

regisseur sy gehoor lei om op 'n sekere manier na die visuele te kyk, daarvan deel te word en dit dan te kan interpreteer en evalueer. Die regisseur gebruik dus in die film elemente van optiese manipulerings om die kyker na iets buite die beperkende Suid-Afrikaanse werklikheid te lei in sy dekodering en uiteindelijke resepsie van die visuele onderliggende narratiewe.

In hierdie film word die sogenaamde “point-of-view editing” suksesvol gebruik om die interpretatiewe moontlikhede van die visuele omramings uit te beeld. Binne- of buitewêreld word vernuftig vanuit, of van buite vensterrame geprojekteer om 'n bepaalde kyk op die moontlike wêreld op daardie oomblik vir die kyker te wys. Iets wat die roman duidelik nie op daardie manier kan doen nie. Op gegewe oomblikke draai die hoofkarakter doelbewus sy rug op die wêreld buite die raam. Die eerste keer is in die toneel met sy aankoms op die plaas. Deur die gebruik van hierdie slim omramings word die visuele in die film, soos taal in die roman, 'n bestudeerbare diskoers. As gevolg van die bepaalde ideologiese interpretatiewe dimensies wat hierdie visuele omramings tot gevolg het, word die film, soos reeds gesê, nie net representasie nie, maar ook resepsie van 'n werklikheid of realiteit in die eerste plek deur die regisseur, en in die tweede plek deur die kyker. Wanneer David Lurie homself byvoorbeeld telkens agter rame isoleer, word dit in feite indeksikaal van sy eie posisionering ten opsigte van die werklikheid. Op 'n visuele manier isoleer hy hom van die werklikheid waarbinne hy homself dan nie meer kan of wil posisioneer nie. So word die kyker ook gemanipuleer om homself te herevalueer of te posisioneer binne sy eie nuwe werklikheid in 'n nuwe Suid-Afrika. Die tradisionele word teenoor die huidige, duskant die raam geplaas, en die kyker moet besluit of hy/sy die sprong na die anderkant wil maak. Dit ondermyn grootliks die voortbestaan van die tradisionele deur die uitdaginge hede en toekoms deurgaans daarteenoor te stel.

In die toneel in die toilet, nadat Lucy verkrag word, word die rame om Lurie, die vensterraam en deurraam vanuit die toilet na buite, 'n bedreiging vir sy identiteit en mag. Die een raam met 'n soliede toegesluite houtdeur daarbinne en die ander 'n toe venster in 'n raam waardeur hy net passief die rol van toeskouer kan speel, impliseer 'n bepaalde dimensie van ondeurdringbaarheid. Vandaar dat hy hulpeloos wegkruip onder die raam, as uitdrukking daarvan dat hy magteloos is om dit wat daarbuite plaasvind, te verander.

Visueel 2 (Toiletstoneel)

(Sien skakel: <https://mycloud.ufs.ac.za/public.php?service=files&t=24e43154e8d320e570af80bd1f4bdb82>)

In *Disgrace* het die bepaalde kameraskoot-invalshoeke dus ook 'n soort ikoniese of beeldbeskrywende funksie. Direk na die verkratingstoneel lê die beheer in die hande van die swart verkragters, en die witman wat nog altyd die beheer in eie hand gehad het, moet nou toekyk hoe sy dogter verkrag word. Die bekende verlede maak in hierdie toneel plek vir 'n ander toekoms. Lurie bevind hom in hierdie toneel (na sy aanvanklike ontvlugting na die plaas), in 'n ruimte waarin hy homself, selfs meer as in die stad, vreemd en verwyderd voel. Hierdie verkratingstoneel bring op 'n kragtige wyse vir die kyker die besef dat 'n “ou” orde (en daarmee ook sentrale aspekte van die tradisionele plaasroman) finaal ondermyn word.

In 'n artikel (Venter 1984) het hy dit oor “topologiese verhaalruimte” waar dit nie gaan oor die ruimte binne die storie nie, maar “die patroon wat hierdie sake vorm”. Die patrone waarop hy wys is die van konsentriese sirkels; naby/ver, en dergelike wat in feite deiktiese patrone is. 'n Mens sou in terme van die filmiese teks kon sê dat soos Venter dit stel: “[...]die topologiese struktuur daarvan nie 'n konstruksie agteraf is nie, dit ontstaan al lesende aan die teks [kykende na die film]. Dit is met ander woorde 'n dinamiese en nie 'n statiese begrip nie” (Venter 1984:181). In *Disgrace* is daar dus ook gedurige beweging vanaf die lokale na die universele en terug; vanaf verlede na hede; die statiese en dinamiese.

Dan is die woorde van Speary (2008:66) ook belangrik in hierdie verband. Sy praat oor die WVK-verhore en veral oor die wyse waarop die getuies se stories 'n sogenaamde “remapping of national history and consciousness” word. Nuwe narratiewe word soos sy dit stel, “psychological realignments”. Die manier waarop trauma-hantering manifesteer in die verfilming van *Disgrace* word ook duidelik in die talle fisiese posisionerings van die karakters teenoor elemente van ruimte, veral in die verkragtingstoneel maar ook in die daaropvolgende toneel waar Lurie toegesluit is in die toilet.

Een van die visueel sterkste voorbeelde van kinematografiese manipulerings deur die sogenaamde “point-of-view editing” is die toneel waar Lurie na Petrus toe stap waar laasgenoemde besig is om sy nuwe huis te bou. Die kyker staan as beoordelaar en kyk deur die nuwe venster raam na wit en swart in 'n bepaalde verhouding tot mekaar, maar ook na 'n dinamiese proses van toenemende swart dinamiek teen die agtergrond van 'n historiese gegewe waar Lucy se plaashuis steeds vaagweg sigbaar bly deur die nuwe raam van Petrus se nuutgeboude huis. Die kyker word as't ware gelei om te kyk deur 'n nuwe ideologiese raam uit die huis van die nuwe plaaseienaar. Hierdie beeld is 'n algehele ondermyning van die tradisionele plaasroman-konteks waarbinne swart werkers ondergeskik was aan die blanke eienaars. In hierdie toneel is die subjektiewe kameraskoot-invalshoek ook nie toevallig nie. Die prominensie van die nuwe huis lei juis 'n nuwe era in en wanneer Lurie dit simbolies binnetree, word dit ook 'n ideologiese tree na 'n moontlike ander toekoms.

In die film manipuleer die regisseur in die laaste toneel die kyker deur die visuele aanbod tot 'n dwingende interpretasie van die film. Omdat die visuele op die voorgrond staan, vervaag die krag van die woord in 'n mate. In hierdie laaste toneel van die film word die “oue” bewustelik uitgedoof om stelselmatig ruimte te maak vir die “nuwe” in 'n uiters slim kinematografiese spel.

Sonder woorde word suggestie omvorm tot 'n sigbare werklikheid, kyk byvoorbeeld na die finale skoot van die plaasopset in 'n omgewing in die Oos-Kaap. Hier raak gehoor en karakters deelgenote van 'n kragtige liefde vir 'n visueel bekende land. Die kamerabeweging wat gedurige opposisies van nader en verder, heen en weer beklemtoon, sleur kyker en karakter saam in 'n proses waarvoor beide geen beheer kan of wil uitoefen nie, sodat hulle uiteindelik hulself binne hierdie nuwe werklikheid kan posisioneer.

Visueel 3 (Petrus se huistoneel)

(Sien skakel: <https://mycloud.ufs.ac.za/public.php?service=files&t=24e43154e8d320e570af80bd1f4bdb82>)

Een van die funksies van die filmnarratief sou verder kon wees om een of twee historiese tydperke simultaan in 'n enkele beeld aan te bied. Hierdie moontlikheid tot veelvuldige simultane narratiewe kan sig op vele maniere in die film manifesteer, soos byvoorbeeld deur gebruik te maak van die “one-shot sequence” of vriesoomblikke, die sogenaamde “point-of-view editing”, subjektiewe kameraskoot-invalshoeke, klank, kleur en ruimte. Vervolgens word enkele van hierdie elemente aan die hand van *Disgrace* gedemonstreer aangesien dit kinematografies ook kan bydra tot die dinamiese proses van beweging wat betref die lokale na die universele vanaf verlede na hede, hier en daar, die statiese en dinamiese, almal in 'n sekere sin vorme van deiktiese patrone. Die grootste beswaar teen die filmverwerking van *Disgrace* was teen die Australiese regisseur, Jacobs en die draaiboekskrywer, Jacobs se Marokkaans-gebore vrou Monticelli, en dit boonop met John Malkovich, 'n Amerikaanse akteur in die hoofrol – almal betrokke by die poging om 'n Suid-Afrikaanse verhaal op die silwerdoek vas te lê. Die beswaar was dan ook dat die Suid-Afrikaansheid daarmee ontken word. Volgens die filmresensent Peter Rainer lê die krag van die film, maar ook van die boek, egter juis in die feit dat beide nie ideologies beperk kán of wil word nie (2009:17).

Disgrace laat wel die leser, maar ook die kyker, met geen onsekerheid dat die verhaal 'n allegorie word vir die kwessies waarmee 'n multi-rassige Suid-Afrika, na 1994 gekonfronteer word nie. Dit is egter op 'n persoonlike vlak waar die film se krag verdiep met die aansny van temas soos vernedering, lyding, seksualiteit en bestaan, met die fokus op 'n universalistiese interpretasie daarvan. Omdat die storie ruimte laat vir vele uiteenlopende ideologiese interpretasies transponeer die plaaslike ewe maklik na 'n universele toepassing. Dit herinner 'n mens aan die argument van Cloete (1953) wat impliseer dat *Trekkerswee* deur Totius 'n belangrike deel van die Afrikaner-geskiedenis behandel, maar vassteek in die lokale, terwyl *Joernaal van Jorik* deur D. J. Opperman, dieselfde geskiedenis behandel maar met 'n universele verruiming. In 'n sekere sin is dit waar van *Disgrace* ook: dit gebruik 'n herkenbare Suid-Afrikaanse situasie en ruimte, maar skryf eintlik oor hoe die *mens* moet reageer op verlies, “disgrace” (vernedering en smaad) en lyding. Hier moet 'n belangrike prinsipiële uitspraak gemaak word: Die uitbeelding van “klein” en “lokale” geskiedenis beteken nie dat in die lokale vasgesteek word nie; die mees lokale, byvoorbeeld volkspoësie, kan ook universele temas herberg. Van Wyk Louw besin in sy radiopraatjies (gebundel in *Rondom eie werk*) oor die aard van volkspoësie en in die proses reken hy af met baie stereotipe opvattinge: soos dat poësie 'n bepaalde lengte moet hê, dat poësie net mag handel oor “ernstige” temas, dat volkspoësie “propaganda-verse” sou wees – en by implikasie – dat dit tematies en wat die diepgang betref, beperk sou wees.

Louw (1970: 41): “Ek het begin nadink oor dié stuk van ons wêreld wat ek die intiemste geken het. Ek het begin beseef dat dit ryker is as 'n hele groot literatuur. En ek het ingesien dat wat ons eie literatuur van hierdie wêreld in woorde gebring het, nie die ‘helfte van haar skoonheid’ vertel nie. En ek kon 'n eie nuanse sien wat ek uit geen wêreldletterkunde leer ken het nie”: overgesetsynde, in die lokale kan die mees universele hom skuilhou.

Alhoewel die film 'n herkenbare Suid-Afrikaanse werklikheid uitbeeld, kan die storie maklik uit die ideologiese sub-tekse na ander kontinente en kulture vertaal word. Soos blyk uit die eksterne eksplisiete poëtikale uitsprake van die regisseur (In Tait 2009:7), was dit vir hom belangrik om die film nie net te verfilm in die Oos-Kaap waar die plaas in die roman gesitueer is nie. Baie van die tonele is in die Wes-kaap geskiet wat die ruimtelike beperkings op 'n tegniese vlak vir 'n ingeligte kyker ook ophef en die interpretasiemoontlikhede verruim.

In die roman word die wêreld van David Lurie onder meer gekoppel aan musiek, aangesien kommunikasie vir Lurie begin en eindig in musiek en spesifiek die opera. Vir Lurie het taal sy mistieke krag verloor in sy eie verlies van sy menslike siel. Die poging van Lurie om iets te skep, 'n volwaardige opera, geïnspireer deur Lord Byron, waarin hy 'n uiteindelijke balans probeer vind in woord en musiek in 'n poging om sy eie menslike siel terug te vind, misluk, en al wat in die film oorbly vir Lurie – maar ook in die oor van die kyker – is enkelvoudige klanke van die banjo waarop hy tokkel. Die onverwerping van die “droomtopografie” soos Smit-Marais en Wenzel dit noem, word verder deur die “fantastic simultaneousness” van Stam (1985:85) opgehef. Die droom-opera wat Lurie laat leef in 'n tyd toe hy nog 'n suksesvolle akademikus was, het hom terselfdertyd vasgevang in 'n toneel waar sy enigste gehoor 'n paar swart kindertjies is wat oor die muur vir hom lag en die hond wat noodgedwonge maar daarna moet luister.

Die opera, geïnspireer deur Lord Byron, een van die grootste en belangrikste Romantiese digters van sy tyd, word verskraal tot hierdie toneel waar Lurie op die banjo sy eenvoudige deuntjie speel. Dit is geïsoleerde klanke wat sonder woorde die buitestandskap van Lurie se totale bestaan laat klink. Hierdie gestroopte klanke in kontras met die opera wat hy graag sou wou laat klink, word in 'n slim kinematografiese spel gebruik om juis verlies suksesvol uit te beeld.

Visueel 4 (Banjo-toneel)

(Sien skakel: <https://mycloud.ufs.ac.za/public.php?service=files&t=24e43154e8d320e570af80bd1f4bdb82>)

Die gedig “She walks in Beauty”, wat aanvanklik Lurie se inspirasie was vir die skryf van die opera is geskryf deur Lord Byron en gepubliseer in 1815. Dit word gereken as een van sy bekendste gedigte. “She walks in Beauty” is ’n narratiewe gedig wat ’n beeldskone elegante vrou beskryf. Daar word beweer dat die gedig geïnspireer is deur ’n droombeeld van sy niggie by ’n partytjie terwyl sy geklee was in ’n roukleed. Hy was begeester deur haar donker hare en ligte gelaat, die vermenging van lig en donker. Die spel met lig was uiteindelik die essensie van hierdie gedig (Gamber 2005). Hierdie spel met kleur word uiteindelik ook ’n ideologiese spel met kontraste in die verhaal van David Lurie: van verlede en toekoms, lig en duisternis, liefde en haat, die bereikbare en die onbereikbare, waarmee nie net Lurie en die ander karakters nie, maar ook die kyker uiteindelik gelaat word. Kyker en karakter moet self hul balans hierbinne vind – hul posisionering ten opsigte van die tradisionele, maar ook hul houding teenoor ’n toekoms. David Lurie doseer romantiese poësie. Dit beteken dus dat hy onder meer geboei word deur die gemoeidheid met artistieke vryheid. Volgens Garlitz (2000) het die Romantiek die weg gebaan vir hierdie artistieke vryheid: “In Romantic art, nature – with its uncontrollable power, unpredictability, and potential for cataclysmic extremes – offered an alternative to the ordered world of Enlightenment thought”; (Kyk ook De Deugd, 1966). Lurie se belangstelling in Byron, is egter nie net op grond van sy gedigte self nie, maar ook in die feit dat Byron die vergestaltung is van die Romantiek se warsheid van alle konvensies – ook die seksuele – en hul beklemtoning van individuele vryheid. In die *Columbia Electronic Encyclopaedia* van 2012 word Byron beskryf as “...the prototypical romantic hero, the envy and scandal of the age. He has been continually identified with his own characters, particularly the rebellious, irreverent, erotically inclined Don Juan” (p10).

Volgens James Naremore kan die ambivalente aard van film as ’n multivlakkige onderhandelings van intertekste beskou word (Naremore, In: Lhermitte 2005:99). Hierdie standpunt word ’n vertrekpunt vir die totstandkoming van ’n estetika gebaseer op die dialektiese ruiltransaksie tussen literatuur en film. Gegewe die feit dat die term “verwerking” in die linguïstiek al lank reeds vanaf Plato tot Derrida gebruik is om ’n bepaalde vorm van vertaling te beskryf (Kyk Barthes 1974; Derrida 1982; Eco 1992; Foucault 1977) nog lank voor dit vir filmstudie gebruik is, kan seker aanvaar word dat veral in hierdie tydperk van die ontwikkeling van ’n relevante filmteorie, dit as belangrike bousteen gereken is. Sodra die kognitiewe narratologie met sy spesifieke denkmodusse hierby gereken word, vorm dit ’n goeie basis vir die hernude teoretisering oor die ikoniese en mimetiese aard van visuele tekens in ’n poging om filmteorie meer sensitief te maak vir die unieke saamgestelde aard van die visuele tekenbeeld teenoor die linguïstiese kommunikasiemodus. Om Speary aan te haal: “The act of narration [in hierdie geval verfilming] translates and resituates the moment of violation or trauma; in the process of its re-externalization and transmission to another, the event traverses the boundary between the victim’s “self” and the world at large, re-defining the relationship between the two” (Speary 2008:71). Later sê sy dat die herinnering aan die skending die vorm van stilte aanneem; dit impliseer “finding a language and topography of transcendence which enables the victim to ‘re-establish a fuller self over the [relatively powerless and violated] survivor self”” (bl. 72). In *Disgrace* word taal, mag en stilte deurgaans vertaal in terme van die verskraling van klank wanneer dit kom by die skryf van die opera, maar ook in die verkragtingstoneel en wat daarop volg. Dit is asof Lurie se onaantasbaarheid nou finaal geskend word en hierdie skending vernietig eintlik al sy “onskendbaarheid”: sy opvatting oor die kuns, die land, die geskiedenis; die sienings van homself... Dit word alles onder die kyker se aandag gebring deur die manipulering van die deiktiese patrone, maar ook deur klank

– die kernbestanddele van die kinematografiese taal. In hierdie verband is die slot belangrik. Die kyker het reeds kennis geneem van die feit dat Lurie nie in staat is om sy grootse opera te verwesenlik nie en dat daar van die opera slegs 'n banjo-geluid oorbly. Tog hoor die kyker die opera opklink in die filmteater na afloop van die film. Dit is asof daardeur gesuggereer word dat Lurie se uiteindelijke aanvaarding van die nuwe werklikheid waarin hy moet bestaan tesame met sy nuwe menslikheid, 'n situasie van harmonie daarstel.

BIBLIOGRAFIE

- Altieri, C. 1984. "An idea and ideal of a literary canon". In: Von Hallberg (1984).
- Antonissen, Rob. s.d. (tweede druk) [1965]. *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg; Nasou.
- Barthes, R. 1974. *SZ*. Translated by R. Miller. Oxford: Blackwell.
- Boersema, D. 2002. *Disgrace as moderne plaasroman*. Ongepubliseerde honneurswerkstuk. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Botha, E. 1983. *Verskyningsvorme van die Romantiek in die Afrikaanse prosa*: D.F. Malherbe en daarna. D.F. Malherbe-gedenklesing no. 2: Bloemfontein. Universiteit van die Oranje Vrystaat.
- Burroway, J. 2014 (9de uitgawe). *Writing Fiction: A Guide to Narrative Craft*. London: Longman.
- Cloete, T.T. 1953. *Trekkerswee en Joernaal van Jorik*. (Proefskrif aan die Universiteit van Amsterdam). Amsterdam: C.V. Swets & Zeilinger.
- Coetzee, J.M. 1988. *White writing: on the culture of letters in South Africa*. New Haven: Yale University Press.
- De Deugd, C. 1966. *Het metafysisch grondpatroon van het romantische literaire denken*. Groningen: Wolters.
- Derrida, J. 1982. *Margins of philosophy*. Translated by A. Bass. Chicago: University of Chicago.
- Eco, U. 1992. *Interpretation and overinterpretation*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Fokkema, D.W. en Ibsch, Elrud. 1992. *Literatuurwetenschap & cultuuroverdracht*. Muiderberg: Dick Coutinho.
- Foucault, Michel. 1970. *The order of things: An Archaeology of the Human sciences*. London: Tavistock.
- Foucault, M. 1977. *Language, counter-memory, practice*. Ithaca: Cornell University Press.
- Frye, N. 1957. *Anatomy of Criticism. Four Essays*. Princeton: Princeton University Press.
- Galitz, Kathryn Calley. 2000. "Romanticism". In *Heilbrunn Timeline of Art History*. New York: The Metropolitan Museum of Art, 2000 –. http://www.metmuseum.org/toah/hd/roma/hd_roma.htm
- Gamber, G. 2005. Lord Byron's she walks in beauty. 3 Junie. <http://www.cummingsstudyguides.html> (23 Julie 2015 geraadpleeg).
- Haralambous, Nic. 2008. *Disgrace wins international film award*. 22 Oktober. www.sarocks.co.za (10 Julie 2015 geraadpleeg).
- Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*, Band 1. Kaapstad & Pretoria: Academica.
- Kannemeyer, J.C. 1983. *Die geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*, Band 2. Pretoria, Kaapstad & Johannesburg: Academica.
- Lauter, P. 1990. *Canons and Contexts*. New York: Oxford University Press.
- Lhermitte, C. 2005. "A Jakobsonian approach to film adaptation". *Nebula*, 2(1):97-107.
- Louw, N.P. van Wyk. 1970. *Rondom eie werk*. Kaapstad: Tafelberg.
- Moerbeek, J. 1992. "Hoe elastisch is de canon?". *Spiegel der Letteren* 34(3/4):333-357.
- Mooij, J.J.A. 1985. "Noodzaak en mogelijkheden van canonvorming." *Spektator* 15:23-31.
- Naremore, J. 2005. *Film adaptation*. New Brunswick: Rutgers University Press. In Lhermitte (2005:99).
- O'Hehir, Andrew. 1999. "Disgrace by J.M. Coetzee". *San Francisco Chronicle*. 28 November.
- Rainer, P. 2009. "Disgrace, A spare, chilling post-apartheid tale of retribution that morphs into something more complex". *The Christian science monitor*: 17
- Segers, Rien. 1985. *Vormen van literatuurwetenschap. Moderne richtingen en hun mogelijkheden voor tekstinterpretatie*. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Silverstein, Stephen. 2011. "The discourse of Jewish difference in J.M. Coetzee's *Disgrace*". *Jewish Social Studies*. 17(2):80-100.

- Smit-Marais, S. en Wenzel, M. 2006. "Subverting the pastoral: the transcendence of space and place in J.M. Coetzee's *Disgrace*". *Literator*. 27(1) April: 23-38.
- Speary, Susan. 2008. "Displacement, dispossession and conciliation: the politics and poetics of homecoming in Antjie Krog's *Country of my skull*". *Scrutiny2: Issues in English Studies in Southern Africa*. 5(1):64-77.
- Stam, R. 1985. *Reflexivity in film and literature*. Ann Arbor, Michigan: UMI Research Press.
- Tait, T. 2009. "Is the film of J.M. Coetzee's Booker-winner *Disgrace* a success?" *The Guardian*, 28 November, p. 7.
- The Columbia Electronic Encyclopaedia*, 6th ed. 2012, Columbia University Press English literature: The Romantic Period – The Romantic Period At the turn of the century, fired by ideas of personal and political liberty. www.infoplease.com/.../english-literature-the-romantic-period.html
- Van Coller, H.P. 1987. "*Laat vrugte*" behandel deur prof. H.P. van Coller. Reuse-Blokboeke. Pretoria & Kaapstad: Academica.
- Van Coller, H.P. 2009. *Tussenkoms. Letterkundige Opstelle*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Van den Heever, C.M. 19 59. [1939]. *Laat vrugte*. In: *Versamelde Werke, deel iv*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Venter, L.S. 1984. "Die topologiese verhaalruimte in *Bart Nel*". In: Viljoen e.a. (1984:180-200).
- Viljoen, Hein, Gräbe, Ina, Jooste, Ena & Steenberg, Dawie (reds.) 1984. *In teen die groot vergeet. 'n Bundel opstelle opgedra aan T.T. Cloete by geleentheid van sy sestigste verjaarsdag op 31 Mei 1984*. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks A 44.
- Von Hallberg, Robert (Ed.). 1984. *Canons and Contexts*. Chicago & London: The University of Chicago Press.
- Wasserman, H. 2000. "Terug na die plaas- postkoloniale herskrywing in Etienne van Heerden se *Die stoetmeester*." *T.N.&A (Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans)*, 7(1):29-55.
- Wasserman, H. 2001. Gesprekke oor 'n distopie (Oor *Donkermaan* deur André P. Brink). <http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/donkermaan.asp>.
- White, Hayden. 1973. *Metahistory: The Historical Imagination in Nineteenth-Century Europe*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.

Die belang van mediavryheid in Suid-Afrika: Tweehonderd jaar, twee gevallestudies, van die Magna Carta tot die Muilbandwet

The importance of media freedom in South Africa: Two centuries, two case studies, from the Magna Carta to the Secrecy Bill

The past is not dead. In fact, it's not even past

William Faulkner

LIZETTE RABE

Departement Joernalistiek

Universiteit Stellenbosch

Stellenbosch

E-pos: LRABE@sun.ac.za



Lizette Rabe

LIZETTE RABE, professor en voorsitter van die Departement Joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch, het die grade BA Filosofie (*cum laude*), Hons B Joernalistiek (*cum laude*), M Joernalistiek (*cum laude*) en DPhil aan dieselfde universiteit verwerf. Sy het haar joernalistieke loopbaan by *Die Burger* begin en as redakteur van die tydskrif *Sarie* afgesluit, die eerste vrou wat as redakteur by 'n Afrikaanse Naspers-titel aangestel is. In 2001 het sy haar by die akademie aangesluit as hoof van die Joernalistiekdepartement aan die US. Sy het verskeie gekeurde joernaalartikels gelewer, skryf steeds vir die massamedia, en was skrywer, medeskrywer of redakteur van verskeie publikasies. Sy was onder andere raadslid van SANEF en stigter-beoordelaar van die Vodacom Joernalis van die Jaar-kompetisie. Rabe se navorsing fokus op mediageskiedenis en kultuurgeskiedenis. Benewens toekennings soos die Rektor se Toekenning vir Uitnemendheid in Onderlig, was sy ook lid van die US se lys van top 25 navorsers in alle fakulteite in 2013. In 2015 was sy die ontvanger van die Stalsmedalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, asook die US se Kanselierstoekenning.

LIZETTE RABE, professor and chair of the Department of Journalism at Stellenbosch University, obtained the degrees BA Philosophy (*cum laude*), Hons B Journalism (*cum laude*), M Journalism (*cum laude*) and DPhil from the same university. She began her journalistic career at *Die Burger* and ended it as editor of the magazine *Sarie*, the first woman to be appointed as editor of an Afrikaans publication at Naspers. In 2001 she joined academia when she was appointed as head of the Department of Journalism at SU. She has published numerous peer-reviewed articles, still writes for the mass media, and was author, co-author or editor of a number of publications. She was, among others, council member of SANEF and founder-judge of the Vodacom Journalist of the Year competition. Rabe's research foci are media history and cultural history. Besides awards such as the Rector's Award for Excellence in Teaching, she was also listed as one of SU's top 25 researchers across all faculties in 2013. In 2015 she was the recipient of the prestigious Stals Medal for communication and journalism from the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, as well as Stellenbosch University's Chancellor's Award.

ABSTRACT***The importance of media freedom in South Africa: Two centuries, two case studies, from the Magna Carta to the Secrecy Bill***

This article discusses the current threats to a free media in South Africa from a media historiographical point of view and argues that the role of a free media in South Africa is more important than ever. Media freedom as a concept is discussed, and a free media sector is discussed from a libertarian as well as the social responsibility theoretical point of departure. Although these two models can be regarded as almost prehistoric amidst a plethora of current, more abstract, media theories, these models encapsulate the role of the media within a functioning democracy. This is followed by a brief discussion of the case study as research design and the historical method as research tool, also referring to the fact that the historical method supports the view of the cyclical nature of history since antiquity; this entails that events occur in a cycle and that only names and dates may differ, but what has happened before will occur again. The importance of media freedom as “guardian and guide of all other liberties” is discussed, concluding that no single definition of media freedom can exist, as it is interpreted according to various relevant contexts. As such, no absolute freedom exists either, as it is always relative to and measured against other liberties and rights, as also illustrated by media freedom as enshrined in Article 16 in the South African Constitution’s Bill of Rights. This discussion is followed by two case studies in the struggle for media freedom against the government of the day over a time span of almost two hundred years in South Africa. The first is under authoritarian British colonial rule, and the second under a democratic dispensation under the ANC. In the first, at the beginning of the 1800s, the situation developed from no freedom of the press to so-called unconditional freedom. The press pioneers Fairbairn, Pringle and Greig secured press freedom for the time by standing up against a colonial governor who has been described as a despot and as authoritarian. They succeeded in obtaining freedom of the press in what was known as the Magna Carta of press freedom, namely Ordinance 60 of the Cape of Good Hope in 1829. It was regarded as a new era for the free press in South Africa, where it would be impossible to interfere with the press ever again. As context, examples of interference by the government of the day are discussed briefly to lead to the second case study, which is set in post-1994 South Africa. Despite constitutional guarantees, the proposed Media Appeals Tribunal (MAT), the Protection of State Information Bill (commonly referred to as the Secrecy Bill), the amendments to the Films and Publication Board (FPB) and the February 2015 jamming of cell phone signals in parliament, as well as undemocratic statements and actions by South Africa’s head of state and his Government, suggest serious dangers to media freedom. Experts are united on the issue that these aspects contain serious threats to media freedom. Within a democratic dispensation and because of the media’s function within the libertarian/social responsibility model, the system of self-regulation therefore is relevant and is discussed briefly. Such a self-regulation system – in this case, the South African Press Council, the Press Code and the Press Ombud system – is seen as vital for the functioning of an independent media sector. Despite this on-going review of self-regulation, the threats of the MAT, the Secrecy Bill, seemingly ad hoc decisions by the State’s security cluster, and the FPB and its amendments, as well as statements made by the South African president and his government, indicate that media freedom, despite its constitutional entrenchment, is not guaranteed. The article concludes that media freedom is always conditional, despite a pro tempore experience that it can be unconditional. Indeed, media freedom is as much an issue in a so-called liberal democratic dispensation as it was in a previous dictatorial colonial era.

KEYWORDS: Case study; colonialism; democracy; libertarian/social; responsibility role of the media; media freedom; media history; press freedom; self regulation; Zuma

TREFWOORDE: Demokrasie; gevallestudie; kolonialisme; libertaries/sosiaal-verantwoordelike rol van die media; mediageskiedenis; mediavryheid; persvryheid; self-regulering; Zuma

OPSOMMING

Hierdie artikel beskou die huidige bedreigings teen 'n vrye media in Suid-Afrika vanuit 'n mediahistoriografiese vertrekpunt en betoog dat die rol van 'n vrye media in Suid-Afrika belangriker is as ooit weens die bedreigings van die ANC-regering op die vrye vloei van inligting. Mediavryheid as konsep word bespreek, waarna 'n vrye media vanuit 'n libertaries-sosiaal verantwoordelike teoretiese vertrekpunt belig word. Dit word gevolg deur 'n kort bespreking van die gevallestudie as navorsingsontwerp en die historiese metode as navorsingsinstrument. Twee gevallestudies in die stryd om mediavryheid teen die regering van die dag oor byna tweehonderd jaar in Suid-Afrika volg: Die eerste onder 'n outoritêre Britse koloniale regering en die tweede onder 'n demokratiese bedeling onder die ANC. In die eerste word beweeg van geen persvryheid, na sogenaamde onvoorwaardelike vryheid. In die tweede hou die voorgestelde Media Appèl Tribunaal, sekere wetsontwerpe, sowel as ander bedreigings, asook die ondemokratiese uitsprake en optrede van Suid-Afrika se staatshoof en sy regering, ernstige gevare in vir mediavryheid, ondanks grondwetlike waarborge. Die stelsel van selfregulering is relevant en word kortliks bespreek. Die gevolgtrekking is dat mediavryheid altyd voorwaardelik is, ondanks 'n *pro tempore*-belewenis dat dit onvoorwaardelik kan wees, en dat mediavryheid eweseer 'n kwessie is in 'n sogenaamde liberaal-demokratiese bedeling as wat dit in 'n vorige diktatoriale koloniale era was.

1. INLEIDING

In hierdie artikel word vanuit 'n mediahistoriografiese vertrekpunt geargumenteer dat die rol van die vrye media om 'n demokrasie te verseker belangriker is as ooit in Suid-Afrika, soos vervolgens aangetoon sal word. Ondanks die feit dat mediavryheid gewaarborg is onder die Suid-Afrikaanse Grondwet, word dit op verskeie vlakke geërodeer. Verskeie kommentators het die afgelope tyd gewys op die outokratiese optrede en die ondermyning van die demokrasie deur Suid-Afrika se president, Jacob Zuma (Du Preez 2015; Gouws 2015; Hoofartikel 2015a; Jeffreys 2016; Joubert 2016; Lamprecht 2015; Malala 2015). Daar word selfs verwys na 'n "Zumakrasie" en hoe dit die regstaat verswak (Hoofartikel 2015b:4). Du Preez (2015) verwys byvoorbeeld na Zuma as "nog 'n Groot Man van Afrika. Die Grondwet is net 'n neoliberale lastigheidjie, die regbank 'n keffer om sy enkels en die staatskas iets wat hy die reg het om te plunder". Die inmenging in die redaksionele beleid en die sensurering van joernaliste by die SABC (wat 'n mandaat as openbare uitsaaier het, maar in effek weer 'n staatsuitsaaier is), is 'n verdere aanduiding van die toenemende druk op die vrye vloei van inligting onder die "Zumakrasie", soos ook opsommend saamgevat deur Jeffreys (2016:10) en Munusamy (2016). Politieke kommentators is dit eens dat die huidige staatshoof en sy regering al hoe meer outokraties optree en die hoekstene van 'n demokrasie ondermyn, waarvan een, mediavryheid, die waarborg vir alle ander vryhede is, soos in die woorde van 'n vroeë vegter om persvryheid: Dit is so belangrik omdat dit die "bewaker en gids van alle vryhede is" (Russell in Du Plessis (1943:13); hierdie en ander aanhalings waar nodig vertaal).

Benewens herhaalde stellings soos dat die ANC eerste kom, vóór Suid-Afrika, het Zuma reeds ook aan die regters van Suid-Afrika se konstitusionele hof gesê hý is deur die kiesers verkies, en hulle gevra wie hulle ingestem het “dat hulle dink hulle het seggenskap oor hom” (Du Preez 2015). Dié vraag is ook aan die media gestel.

Met bostaande as agtergrond, word in hierdie artikel geargumenteer dat ’n vrye media belangriker is as ooit in Suid-Afrika weens die huidige druk op die vrye vloei van inligting, en wel volgens die hipotese dat mediavryheid nooit gewaarborg is nie, maar in dispuut bly, soos uit die twee gevallestudies sal blyk.

Spanning tussen die media en die regering van die dag word deur dié gevallestudies oor byna twee eeue geïllustreer. In die eerste het die stryd ontstaan uit ’n situasie van geen persvryheid nie, wat gelei het tot wat bekend was as die Magna Carta¹ vir onvoorwaardelike persvryheid. Die eerste geval speel hom af aan die koloniale Kaap, lank voor die geopolitieke formasie wat vandag die Republiek van Suid-Afrika is. Die tweede gevallestudie bewys dat, ondanks die feit dat mediavryheid grondwetlik beskerm is, dit tog bedreig kan word. Bedreigings onder die ANC-regering sluit in die Media (Appèl) Tribunaal en die Beskerming van Staatsinligting-wetsontwerp, sowel as ander bedreigings, weens die toenemend outokratiese optrede van Suid-Afrika se staatshoof en sy regering.

Ten eerste word die begrip mediavryheid kortliks vir die doeleindes van hierdie artikel bespreek. Die teoretiese vertrekpunt asook die navorsingsbenadering word vervolgens bespreek, waarop die twee gevallestudies volg.

2. WAT IS MEDIAVRYHEID?

Hierdie artikel gebruik die term mediavryheid as sinoniem vir ’n vroeëre tegnologie se persvryheid, en sluit daarby in begrippe soos vryheid van spraak en vryheid van uitdrukking.

Relatief min studies spesifiek gefokus op pers- of mediavryheid is in Suid-Afrika gedoen, hoewel verskeie studies daarna verwys, ook wat betref spesifieke aspekte van mediavryheid.

Reeds in 1943 is daarop gewys dat min gebeurtenisse in die Suid-Afrikaanse geskiedenis meer aangrypend is as dié oor die stryd om persvryheid (Nienaber 1943:10). In ’n studie in 1969 is vanuit ’n Calvinisties-filosofiese punt geargumenteer dat persvryheid inderdaad ’n probleem meebring (Hattingh 1969).

Die konsep van vryheid van denke is in 1644 deur John Milton in sy *Aeropagitica* uitgespreek toe hy die begrip vryheid van spraak uit die klassieke Athene gehuldig het as reaksie op die godsdienstige sensuur van sy tyd (Cohen 2013). Die *Aeropagitica* word beskou as die eerste argument in die moderne tyd om godsdienstige en sekulêre tirannie teen te staan met onder meer die woorde, “Gee my die vryheid om te weet, om te uiter, en om vrylik volgens gewete te argumenteer bo alle vryhede”.

Die konsep van persvryheid *per se* is waarskynlik die eerste keer gestel in 1735 in New York (What is freedom of the Press, s.d.). Binne ’n meer onlangse konteks bevorder byvoorbeeld die Verenigde Nasies die konsep van ’n vrye media, hoewel ook dié liggaam erken dat geen universele definisie bestaan nie, en dat selfs binne Westerse demokrasieë geen ooreenstemming bestaan wat

¹ Die oorspronklike Magna Carta, waarna die Kaapse persvryheidsordonnansie genoem is, word beskou as een van die belangrikste wêrelddokumente en is in 1215 deur Johannes van Engeland opgetrek as ’n praktiese oplossing vir ’n politieke krisis. Van die 63 klousules daarin word vandag in talle grondwette erken. <http://www.bl.uk/magna-carta/articles/magna-carta-an-introduction> [26 Desember 2015].

mediavryheid betref nie. Die Universele Verklaring van Menseregte bevestig die regte van die individu, en dat elkeen die reg het “om te weet, te deel, en te bespreek” (Measuring Press Freedom 2004).

Mediavryheid word vandag gesien as ’n fundamentele reg, soos geargumenteer deur Oster (2015). ’n Mens kan aanvaar dat geen eenvormige definisie bestaan nie omdat mediavryheid so wyd geïnterpreteer kan word. In apartheid-Suid-Afrika is byvoorbeeld gesê die Suid-Afrikaanse media is die vryste onvrye media in Afrika (Rudolph 1981:86-87). Dit was ’n geval van “die koerante is vry om te publiseer wat hulle wil, solank hulle nie publiseer wat hulle gesê word om nie te publiseer nie”.

Een definisie lui (Measuring Press Freedom 2004):

Vryheid van die pers is die reg om uit te spreek, uit te saai, of te publiseer sonder selfsensuur of toestemming van ’n regering, maar met wetlike aanspreeklikheid ná publikasie vir verbreking van die wet.

Hoewel dus geen absolute mediavryheid bestaan nie, bestaan “grade van vryheid, met ingeboude wigte en teenwigte in die spesifieke stelsel” (Wigston 2001:69). Dit is onderhewig aan die grondwet van ’n land sowel as aan ander regte. Dit word ook opgeweeg teen die individu se reg op privaatheid en ’n land se sekuriteit (Measuring Press Freedom 2004). In ’n libertariese sin word mediavryheid gebalanseer deur die wigte en teenwigte van ’n samelewing as geheel, of diegene wat namens die samelewing optree (Diederichs & De Beer 1998:104).

’n Mens kan dus opsommend sê mediavryheid is ’n relatiewe konsep; dat ook in gevestigde demokrasieë dit onderhewig is aan sekere beperkinge; en dat soos met ander vryhede, dit onderhewig is aan sekere verantwoordelikhede.

In Suid-Afrika word mediavryheid sedert 1993 in die Handves van Menseregte beskerm, en is dit in 1996 in die Grondwet van Suid-Afrika vervat (Retief 2002:26). Dit is beskou as ongekende gewaarborgde mediavryheid – ’n aspek veral van belang vir die tweede gevallestudie waarin hedendaagse bedreigings teen mediavryheid ter sake is.

In die Suid-Afrikaanse Grondwet lui Artikel 16, soos deur die Grondwetlike Vergadering as Wet 108 van 1996 (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika) aanvaar, soos volg (Suid-Afrikaanse Grondwet):

16. (1) Elkeen het die reg op vryheid van uitdrukking, waarby inbegrepe is –
 - (a) die vryheid van die pers en ander media;
 - (b) die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra;
 - (c) die vryheid van artistieke kreatiwiteit; en
 - (d) akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing.
- (2) Die reg in subartikel (1) omvat nie –
 - (a) propaganda vir oorlog nie;
 - (b) die aanstigting van dreigende geweld nie; of
 - (c) die verkondiging van haat wat op ras, etnisiteit, geslagtelikheid of godsdiens gebaseer is en wat aanhitsing om leed te veroorsaak, uitmaak nie.

3. NAVORSINGSBENADERING: VERTREK PUNT EN METODE

Hierdie artikel se vertrekpunt is vanuit die veld van die mediageskiedskrywing, met die verdere doel om dié veld aan te vul, veral omdat die mediageskiedenis ’n onder-nagevorsde veld in Suid-Afrikaanse joernalistiek- en mediastudies is (Wigston 2007:5; Sonderling 1995:87). Wat betref ’n teoretiese begronding, word die konsep van mediavryheid vanuit die media se libertariese *cum*

sosiaal verantwoordelike rol in die samelewing beskou, wat kortliks daarop neerkom dat 'n demokratiese samelewing 'n vrye media voorveronderstel.²

Sedert die eerste akademiese besinnings oor die rol van kommunikasie (of die pers, of die media) in 'n samelewing, is massakommunikasie (of die massamedia) beskryf vanuit sy sosiale funksie (Fourie 2001:265-269), met sosioloë soos Durkheim wat dit vanuit sosiologiese paradigmas soos funksionalisme of strukturele funksionalisme beskryf het. Daarvolgens handhaaf alle dele van die samelewing 'n sekere ewilbrium, konsensus en sosiale orde wat ook van toepassing is op die mediastelsel in 'n spesifieke samelewing, insluitend die politieke funksies van die media. In terme van die normatiewe funksies van die pers (of media) word hoofsaaklik gefokus op die vryheid – of onvryheid – van die media. Dit was ook die vertrekpunt van een van die eerste studies wat globale mediastelsels gekategoriseer het, naamlik Siebert, Peterson en Schramm se Vier Teorieë van die Pers (1956).³

Vir hierdie artikel word twee van die oorspronklike vier modelle, die libertariese en sosiaal-verantwoordelike teorie, gesamentlik gebruik omdat dit steeds beskou kan word as die basiese vertrepunte vir die rol van die media in 'n vrye samelewing, gebaseer op die interpretasies van McQuail (1987). Hoewel dié oorspronklike Vier Teorieë amper as prehistories beskryf kan word in vergelyking met die huidige vloed van mediateorieë, en veral die veel meer abstrakte metateorieë wat aangehang word, kan mediavryheid steeds as fundamenteel binne die libertaries-sosiaal-verantwoordelike rol van die media beskou word.

Die twee gekose teorieë kan kortliks beskryf word as 'n samevloeiing van die begrip dat die media vry moet wees om 'n verskeidenheid van menings weer te gee, om as waghond te dien, dat elkeen die reg tot inligting het (hoofsaaklik die libertariese vertrekpunt) (McQuail 1987:114-115), en dat die media professionele standaarde volgens 'n gedragskode moet handhaaf met 'n sekere verantwoordbaarheid, maar vry van regeringsbeheer (hoofsaaklik die sosiaal-verantwoordelike vertrekpunt) (McQuail 1987:116-118).

Die regte van die individu, geloofsvryheid en ekonomiese vryheid word as vertrepunte aanvaar. Dit stam vanuit die Verligting se algemene filosofiese klimaat wat outoritarisme ondermyn het en wat tot 'n nuwe vertrekpunt vir die pers as massamedia gelei het (Fourie 2001:271).

Dié benadering aanvaar mense as rasonele wesens wat in staat is om tussen waarheid en onwaarheid te onderskei, en dat die soeke na waarheid 'n onvervreembare natuurlike reg is. Die media is daarom 'n “bron van inligting en 'n platform vir die uitdrukking van verskillende opinies wat mense inlig oor regerings- en ander sake en hulle help om die regering te monitor en hul eie idees oor beleid te vorm”. Dis belangrik dat die media “vry van regeringsbeheer en -invloed [is], en daar moet 'n vrye mark van idees en inligting wees” (Roelofse in Fourie 2007:192-193).

McQuail (1987:115-118) se basiese aannames vir 'n vrye media onderskryf bostaande; ondermeer:

- die media moet vry wees van eksterne sensuur,
- publikasie/verspreiding moet toeganklik vir enige groep of individu wees sonder 'n permit of lisensie,
- kritiek teen regerings, of politieke partye, mag nie strafbaar wees nie,

² Die ontwikkelingsrol van die media, wat deur sommige as die mees geskikte vir Suid-Afrika voorgelê word, word nie hier ondersteun nie omdat dit ander meer komplekse kwessies aan bod bring.

³ In 't kort was dit die eerste tipologie of klassifikasie van die rol van die joernalistiek in die samelewing, naamlik die outoritêre teorie, die libertariese, die sowjet-kommunistiese en die sosiaal-verantwoordelike teorie. Dit word beskou as die oer-vertrekpunt vir 'n kritiese besinning oor die media se rol in die samelewing.

- geen dwang om enigiets te publiseer, mag bestaan nie,
- daar mag geen beperking op die verkryging van inligting deur wetlike kanale wees nie,
- geen beperking op die vrye vloei van inligting oor grense nie,
- die media moet demokratiese politieke beginsels steun,
- aan sekere standaarde voldoen,
- daar moet regulatoriese liggame onafhanklik van die regering wees en
- die media moet die diversiteit van die samelewing weerspieël en 'n stem aan almal bied.

Binne dié benadering is die begrip van selfregulering van die media die ideale model waarvolgens die “waghond” bewaak kan word, soos gefraseer in die klassiek-geworde uitdrukking van Juvenal: *Qui custodiet ipsos custodes?* (Wie bewaak die wagters?) Dié element van 'n libertaries-sosiaal-verantwoordelike model, naamlik selfregulering – juis as maatreël sodat 'n regering nie mediavryheid beperk nie – word later bespreek.

Hierdie kort teoretiese basis word onderstreep deur 'n stelling in een van die eerste omvattende studies van die Suid-Afrikaanse persgeskiedenis, naamlik dat die pers geen alleenstaande instelling is nie en dat hy binne die groot sosiale verband funksioneer (Du Plessis 1943:i). Die media kan dus nie geïsoleer word nie, maar moet gesien word teen die agtergrond van 'n groter geheel waarvan hy so 'n onafskeidbare deel vorm.

Die onafhanklike moderne massamedia binne 'n demokratiese bestel kan dus nie 'n orgaan van 'n spesifieke regering (of denkrigting) wees nie, maar moet die openbare belang dien en dus na objektiwiteit streef. Laasgenoemde kan kortliks gedefinieer word as dat persoonlike oortuigings of menings nie die oorweging en verteenwoordiging van feite mag beïnvloed nie (Nel 2001:53).

'n Punt van kritiek wat hier slegs genoem word, is dat kommersiële oorwegings weens die media se eie kommersiële en strategiese belang tot selfsensuur kan lei. Dié aspek is egter nie die fokus van dié artikel nie.

Voorts word die metodologiese benadering kortliks bespreek.

Gevallestudie as navorsingsontwerp is gekies omdat dit individueel op die twee gevalle toegepas kan word, asook op die artikel as geheel. 'n Gevallestudie is 'n empiriese ondersoek wat 'n veelheid van bronne as bewyse gebruik, met die grense tussen verskynsel en konteks nie duidelik waarneembaar nie (Pitout 1997:122). Dit sluit in enkelgevalle, selfs individue, 'n groep, 'n instelling of 'n dokument, asook meervoudige gevalle, soos vergelykende gevallestudienavorsing.

Binne die gevallestudie-navorsingsontwerp is die historiese metode toegepas om data in te win. Hierdie metode word ook beskryf as 'n gespesialiseerde wetenskaplike ondersoek na die fenomene wat meer as 'n stel menslike aktEURS, aktiwiteite en gebeure is, wat op 'n spesifieke plek en 'n spesifieke tyd in die verlede plaasgevind het; en wat meer is as 'n lys van datums, name of feite (Sonderling 1995:89-90).

Dié bronne verskaf die rou data wat lei tot die studie van die geskiedenis (in hierdie geval mediageskiedskrywing), 'n spesifieke wetenskaplike veld van ondersoek wat in die mees algemene as 'n studie van die verlede gedefinieer kan word.

Opsommend kan dit gestel word dat die historiese metode die sikliese gang van die geskiedenis as een van die eerste teorieë van die geskiedenis sedert die antieke wêreld ondersteun, naamlik dat alle menslike gebeurtenisse [hulself] in terugkerende siklusse manifesteer (Sonderling 1995:92). In wese: Die geskiedenis herhaal homself, of soos dit gestel is: “Name, datums en mense mag verander, maar wat voorheen gebeur het, sal weer gebeur”, soos, in hierdie geval, twee gevallestudies rakend mediavryheid byna twee eeue uitmekaar. Data kan gevind word in bronne wat breedweg as primêr en sekondêr aangedui kan word (Sonderling 1995:90). Volgens Sonderling stam primêre bronne uit die historiese periode wat bestudeer word, byvoorbeeld oorspronklike dokumente, met sekondêre bronne wat verder verwyder is van die historiese gebeure wat bestudeer

word, soos boeke en artikels oor die onderwerp. Primêre bronne is voorts dit wat jy self kon versamel, of dit wat reeds bestaan, gewoonlik in een van twee vorms: teks-gebaseerde of numeriese inligting (Mouton 2001:69-71). Teks-voorbeelde sluit in dokumente, transkripsies, outobiografieë, dagboeke, briewe en jaarverslae. Vir Mouton (2001:71) is sekondêre bronne byvoorbeeld artikels, boeke en die internet wat die onderwerp bespreek, daarop kommentaar lewer, debattee, of primêre bronne interpreteer.

4. GEVALLESTUDIE 1 – PERSVRYHEID EN DIE KOLONIALE KAAP

As konteks eerste ’n oorsig oor die ontstaan van die pers aan die Kaap ná die Westerse besetting deur ’n Hollandse kommersiële mag, gevolg deur die Britse koloniale ryk.

Die Kaap is in 1652 deur die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie ingeneem as deel van sy merkantiele uitbreiding om sy vloot van vars produkte te voorsien. Gedurende die eerste 150 jaar van besetting was daar geen persvryheid nie, met letterlik geen pers nie (Muller 1990:1). Koerante kon selfs nie eens uit Nederland bestel word in “die hele lange Kompanjiesbewind” nie.

Gedurende die Hollandse besetting is dagboeke, briewe, wette en proklamasies met die hand gedupliseer (Nienaber 1943:3). Die Kompanjie-owerheid het gemeen ’n drukpers sou “’n instrument van revolusie” wees. Dokumente is in Nederland gedruk en aan die Kaap gekopieer (Muller 1990:2). Vir klagtes moes Burgers briewe na Nederland stuur (Fourie 1994:291).

Omdat die Kaap nie deur ’n staat nie, maar ’n maatskappy beset is, was alle koloniste in diens van die maatskappy. Onder die stelsel van Vryburgers kon vir eie gewin geboer word, maar alle produkte moes aan die maatskappy verkoop word. Die goewerneur en sy amptenare het ook geboer en had eerste opsie om te verkoop, wat tot wanpraktyke en korrupsie gelei het (Giliomee & Mbenga 2007:61).

’n Mens kan dit vandag stel dat die eerste stryd om vryheid van spraak in wat later Suid-Afrika sou word, aan die begin van die 1700’s was, toe Adam Tas, ’n Vryburger van Stellenbosch, teen dié korrupte bestel geprotesteer het. Die goewerneur is van sy posisie onthef, en Tas kan vandag as die eerste vegter vir vryheid van spraak beskou word, selfs nog voor ’n pers ’n werklikheid aan die Kaap was (soos aangevoer deur Rabe 2004).

Versoeke vir ’n eie Kaapse drukpers is teen die einde van die 1700’s twee keer geweier (Du Plessis 1943:8). Tog het die Kaapse regering in 1793 besluit om sy eerste drukpers te begin, met die Duitser Johann Christian Ritter as die eerste drukker. Hoewel Ritter “die man [is] wat die drukkuns in Suid-Afrika en die Suidelike Halfmond sou invoer” (Nienaber 1943:3), kon hy slegs almanakke, strooibiljette en advertensie-vlugskrifte druk (Du Plessis 1943:8).

Met die Britse anneksasie van die Kaap in 1795 het ook meesterdrukker HH Smith gearriveer, en hoewel opponente, het Ritter en Smith dit hul gemene saak gemaak om as amptelike drukkers aangestel te word (Du Plessis 1929a). Hulle was suksesvol, maar kon slegs staatsdokumente druk.

In Februarie 1800 het Alexander Walker en John Robertson, twee invloedryke sakemanne en onder andere slawehandelaars (Timeline: History of, 2006) danksy hul bande met goewerneur sir George Yonge hul eie drukonderneming begin. (Hul een slaweboot, die *Lady Yonge*, is selfs na die goewerneur se vrou genoem – Matisonn 2015:35-36). Ritter en Smith het geprotesteer, maar in Julie 1800 is Walker en Robertson as enigste regeringsdrukkers geproklameer. ’n Boete en verbeurdverklaring van toerusting sou volg as enigiemand anders drukwerk doen (Du Plessis 1943:8; Nienaber 1943:6). Walker en Robertson het Suid-Afrika se eerste nuuspublikasie, hoewel onder regeringsbeheer, *The Cape Town Gazette, and African Advertiser/Het Kaapsche Stads Courant, en Afrikaansche Berichter*, op 16 Augustus 1800 gepubliseer. Dit het weekliks verskyn, alternatiewelik in Engels en Hollands.

Hoewel Suid-Afrika se eerste koerant, was dit weinig meer as 'n staatskoerant (Du Plessis 1943:9). In Oktober 1800 het die koerant inderwaarheid self aangekondig dis onbehoorlik en onreëlmatig om 'n "openbare blad" in die hande van private individue te laat (Muller 1990:5).

In 1803 is die Kaap weer deur Hollanders ingeneem en die staatskoerant het nou slegs in Hollands verskyn, met kennisgewings in Frans, Engels en Duits (Muller 1990:6).

Ná die tweede Britse besetting in 1806 was die koerant weer tweetalig.

Ter konteks: Teen 1806 het die Kaap 'n wit bevolking van 26 000 en altesame 30 000 slawe gehad, met ongeveer 20 000 KhoiKhoi en mense van gemengde afkoms wat vir die wit bevolking gewerk het (Matisonn 2015:36). Teen 1814 was daar 35 000 inwoners van Europese afkoms (Du Plessis 1943:306).

Nadat lord Charles Somerset in 1822 Engels as enigste amptelike taal geproklameer het, het die koerant teen 1828 slegs in Engels verskyn (Du Plessis 1943:10). Albei groeperings koloniste, die Hollanders en die Engelse, was ontevrede – 'n aanduiding van hul kritiek teen die Somerset-regering, beskryf as een van persoonlike vervolging en tirannie (Meurant 1885:6).

In Mei 1822 het Somerset ook 'n proklamasie uitgevaardig wat vryheid van spraak verbied het (Du Plessis 1943:10-11). John Fairbairn het geskryf Somerset het die koloniste behandel asof hulle minderwaardig en agterlik is (Fourie 1994:291).

Die gevolglike konfrontasie tussen Somerset en Fairbairn, Thomas Pringle en George Greig – saam die drie perspioniers in wat later Suid-Afrika sou word – vorm nou die eerste gevallestudie.

In Februarie 1823 het Pringle en die NG predikant Abraham Faure 'n prospektus vir 'n maandelikse tydskrif by Somerset ingedien (Du Plessis 1943:12). Die gevoel het "sterk begin posvat dat, al sou dit dan net 'n letterkundige en godsdienstige tydskrif wees, die koloniste hul eie blad moes hê". Somerset het die aansoek na Londen verwys, waar dit toegestaan is op voorwaarde dat "alle onderwerpe van politieke of persoonlike kontroversie" uitgesluit sou wees (Meurant 1885:14).

In Julie 1823 het Greig aansoek gedoen om 'n koerant te publiseer (Meurant 1885:14-17). Op 14 Augustus het die "despotiese goewerneur" geantwoord daar was reeds soveel aansoeke, dat die saak oorweeg sal word, en dat ander in elk geval voorkeur sal kry (Du Plessis 1943:11). Aan 'n vriend het Somerset geskryf:

Ek voorsien soveel boosheid van 'n onafhanklike Pers dat ek die saak uitgestel het om my tyd te gee, maar ... dit is een van daardie onderwerpe wat 'n persoon in my amp moeilik 'n antwoord op kan vind wat die publiek tevrede sal stel. (Du Plessis 1943:11)

Toe ontdek Greig in Desember 1823 daar was geen bestaande wet wat die publikasie van 'n koerant verbied het nie (Meurant 1885:19). Hy het dadelik aan Somerset geskryf om *The South African Commercial Advertiser* te begin met die onderneming dat hy baie deeglik alle persoonlike omstredenheid, maak nie saak hoe verbloemd nie, of die bespreking van onderwerpe wat enigszins verband hou met die beleid of administrasie van die koloniale regering, sal uitsluit (Du Plessis 1929b). Somerset kon nie verlof weier nie.

Die prospektus was gedateer 30 Desember 1823, en die adres "G Greig, Printer, 1 Longmarket Street". Die eerste werklik onafhanklike nuusblad in Suid-Afrika het op 7 Januarie 1824 verskyn. Die twee redakteurs, Pringle en Fairbairn, het ondanks Somerset se verengelsingspolitiek, samewerking met Hollandssprekendes probeer kry (Du Plessis 1943:15).

Die twee pioniers se leuse was "Mense sonder 'n Pers kan nie beskou word as beskaaf nie". Daarby (Du Plessis 1943:15):

"Laat ons nie kibbel oor woorde nie. Dit maak nie saak wie of wat ons is nie – hetsy Engels, Duits of Hollander – solank as wat ons hier woon, ons huise hier is, en solank as wat die

belang van die land waarin ons woon ons belang is, kan ons onself Afrikaans [African] noem.”

Hulle het die noodsaaklikheid van ’n vrye pers in elke uitgawe beklemtoon, onder meer met “die welbekende uitdrukking van Johnson”: “ ’n Volk moet barbaars wees waar daar geen drukkery is nie” (Nienaber 1943:10).

Meurant het later geskryf hy het hom dikwels afgevra hoekom persvryheid aan die Kaap onderdruk is, want sowel die Hollandse as die Engelse koloniste was afkomstig van twee vryheidliewende volkere (1885:5).

Wat betref die tydskrif, is die eerste Engelse uitgawe in Maart 1824 gepubliseer as *The South African Journal*, gevolg deur die Hollandse weergawe in April, *Het Zuid-Afrikaansch Tijdschrift*. Dis om die beurt in Engels en Hollands gepubliseer. Die tweede Engelse uitgawe in Mei het in onguns by die goewerneur gekom met sy verwysing na ’n arbitrêre regeringstelsel en sy gevolge (Du Plessis 1943:12). Ná regeringsinmenging het Pringle geweier om te publiseer sonder beskerming teen Somerset se despotiese optrede. Die Engelse weergawe is toe verbied, maar die Hollandse weergawe het as *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* voortgegaan.

Terselfdertyd het die *Commercial Advertiser* meer uitdagend geword. Beriggewing rondom die wanpraktyke van ’n belastingamptenaar, ’n vriend van die goewerneur, het daartoe gelei dat pleks dat die amptenaar ondersoek is, die klaer gedagvaar is vir laster (Du Plessis 1943:15). Die klaer is wel vrygespreek, maar Somerset se fiskaal moes voortaan namens hom alle proewe voor publikasie sien. Greig het geweier, en sy volgende uitgawe is gepubliseer met dié kennisgewing (Meurant 1885:52) (onvertaal gelaat):

His Majesty’s fiscal, having assumed the CENSORSHIP of the *South African Commercial Advertiser*, by an Official Order sent to the printing office by a messenger late in the evening before publication, we find it our duty as BRITISH SUBJECTS, under these circumstances, to discontinue the publication of the said paper *for the present*, in this Colony, until we have applied for redress and directions to His Excellency the Governor and the British Government (hoofletters en kursivering volgens bron).

Drie dae later is die pers verseël en op Greig ’n deportasiebevel bestel waarvolgens die

persoonlike gedrag van die genoemde George Greig bewys is as ondermynend teenoor dit wat volgens die regmatige wetgewing van die Owerheid in hierdie Kolonie verwag kan word en waarsonder vrede en rus nie ongestoord kan bly nie. (Meurant 1885:63)

Greig moes die Kaap binne ’n maand verlaat – “in versuim om so te doen, sou hy in hegtenis geneem word en met die eerste moontlike geleentheid gedeporteer word”.

Hoewel Greig se drukpers verseël is, was die drukpersletters nie, en kon hy op Maandag, 10 Mei 1824, die pamflet “Facts connected with the stoppage of the *South African Commercial Advertiser*” publiseer (Meurant 1885:65). Teen die middag was duisende daarvan versprei (Nienaber 1943:10).

Greig het na Engeland vertrek, waar hy nie alleen die reg verkry het om na die Kaap terug te keer nie, maar ook om sy koerant te publiseer. Die volgende uitgawe het op 31 Augustus 1824 verskyn. Meurant het jare later geskryf (1885:64):

Hoeveel dank is hedendaagse redakteurs en die publiek nie verskuldig aan die dapper manne wat so manhaftig en onwrikbaar gestry het vir die uiteindelijke onberekenbare oorwinning van die “Vrye Pers” in Suid-Afrika nie!

Dit was dus die eerste amptelike stryd tussen ’n koerant en ’n Suid-Afrikaanse regering (Claassen 1998:122). Dié oorwinning is op 30 April 1829 in die sogenaamde Magna Carta vir persvryheid in Ordonnansie 60 van die Kaap die Goeie Hoop vervat (De Kock in Claassen 1998:122).

Dit het, om na die aanhaling van Lord Russell te verwys, ook ander vryhede meegebring, want “die Ster van demokrasie het opgekom en dié van outokrasie was vinnig op pad na sy ondergang” (Du Plessis 1929b).

Die jaar 1829 het dus ’n nuwe era vir die Suid-Afrikaanse media ingelui (Muller 1990:7). In 1943 is dit selfs gestel dat vanaf 1829 dit onmoontlik was vir bewindhebbers om die evolusie van die pers te stuit (Du Plessis 1943:19).

Dié Magna Carta as waarborg vir persvryheid was natuurlik relatief. As voorbeeld uit die latere negentiende eeu: In 1886, in die Zuid-Afrikaansche Republiek, het president Paul Kruger ’n wet uitgevaardig wat hom die mag gegee het om koerante te verbied indien hulle teen goeie waardes was, of “’n gevaar was vir die veiligheid en sekuriteit van die Republiek” (Hachten & Giffard 1984:xiii). ’n Jaar later het Kruger *The Star* vir drie maande verbied (Yutar 1995:4). Met die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog in 1899 het Kruger die “buitelandse” (Engelse) pers in sy geheel verbied.

6. DIE TWINTIGSTE EEU

As oorgang na die tweede gevallestudie, die volgende as konteks: Die eerste halfeeu van die twintigste eeu is beïnvloed deur die sosiale norme van kolonialisme (Merrett 1994:9), met die enigste mening wat gegeld het, dié van die wit bevolking. Hoewel die sogenaamde swart pers toe reeds sedert die 1830’s ontwikkel het (Wigston 2007:36), kan ’n mens met veiligheid die stelling maak dat dit nie as hoofstroommedia beskou is nie. Nog ’n kenmerk was die opkoms van die Afrikaner nasionale pers, onder meer as reaksie op die Suid-Afrikaanse Oorlog (Rabe 2015).

Die tweede helfte van die eeu is gekenmerk deur uiters beperkende persregulasies onder die Afrikaner nasionale regering van 1948 tot 1994. Malan, eerste apartheid eerste minister, het die Engelse pers beskryf as die mees ongedissiplineerde ter wêreld en het voorgestel dat joernaliste, soos dokters, moet registreer (Hepple in Nanny 2004:2). Sy opvolger, Strijdom, het die Engelse pers beskryf as Suid-Afrika se grootste vyand. Verwoerd, Strijdom se opvolger, het op sy beurt die ekonomiese depressie toegeskryf aan die onverantwoorde en onpatriotiese gedrag van die Engelse pers (Yutar 1995:4).

Die onderdrukkende perswette ná 1948 is beskryf as ’n “lawine” van veiligheidswetgewing wat tot ’n massiewe struktuur van sensuur en selfsensuur gelei het (Merrett 1994:21). Hierdie tydperk is egter nie die fokus van die artikel nie, en is slegs konteks vir die tweede gevallestudie, naamlik mediavryheid in ’n demokratiese Suid-Afrika.

7. GEVALLESTUDIE 2 – MEDIAVRYHEID EN DEMOKRATIESE SUID-AFRIKA

Dit word aanvaar dat apartheid-era mediawetgewing op 2 Februarie 1990 opgehef is met die afskaf van die laaste noodtoestand, saam met die ontbaning van die ANC en vrylating van Nelson Mandela. Egter, in die sogenaamde nuwe Suid-Afrika is nie alle apartheid-mediawetgewing afgeskaf nie. Toewyding tot mediavryheid sou slegs geld solank dit die ANC pas, hoewel mediavryheid onder die Grondwet verskans is, soos voorheen bespreek. Dit lei tot die tweede gevallestudie in hierdie kort geskiedenis van mediavryheid in Suid-Afrika.

Die 1994-verkiesing en 1996-Grondwet het ’n nuwe era vir mediavryheid ingelui. Dit het ook meegebring dat die regerende party die media voortdurend gekasty het dat hy te krities is.

Met apartheid-era-wetgewing steeds geldig, was daar teen 2013 'n aantal wette wat 'n ernstige impak spesifiek op mediavryheid kon hê, met minstens tien wat dringend hersien moes word omdat hulle lynreg teen die Grondwet was (Louw 2013:10).

Van die waghonde teen die erodering van mediavryheid is die Suid-Afrikaanse Nasionale Redakteursforum (Sanef) wat in 1997 gevorm is deur redakteurs sodat met een sterk stem tot media-eienaars en die regering gespreek kon word (Barratt 2003:n.p.). Die debat tussen die media en die regering oor wat in die openbare of die nasionale belang is, het al hoe feller geword. In 2001 het die media en president Thabo Mbeki mekaar ontmoet in 'n geslote twee-dag-konferensie om “die vyandigheid en wantroue wat ontstaan het en wat bedreig het om die vrye vloei van inligting te bedreig, te herstel”.

Die verhouding tussen die regering en die media het egter algaande versleg, in só 'n mate dat die huidige president die media gekritiseer het as synde “ideologies uit ritme met die samelewing waarin dit bestaan” (Daniels 2013:18), maar waaroor hy eintlik ongelukkig is, is dat dit uit ritme met hom en die ANC is.

Dié verskille kan beskryf word as dat die media die openbare belang wil dien teenoor die spesifieke belange van die politieke party en dus ANC-regering. Dié verskille is só opgesom deur Mathatha Tsedu, oudredakteur, oud-Sanef-voorsitter en tans die uitvoerende direkteur van Sanef (2001:3):

Ons as die media meen dat nasionale belang vervat is in die Grondwet, en enigiemand wat dit nakom, gee terselfdertyd gehoor aan nasionale belang Maar dit lyk of die regering meen nasionale belang is iets anders, iets buite die Grondwet. Ons handhaaf die posisie van waghonde van die gemeenskap en vir die gemeenskap, en ons werk in die belang van die groter samelewing.

Een van die kenmerke van die media in post-apartheid Suid-Afrika was dat koerante van voorheen opponerende gesigspunte saam geprotesteer het teen bedreigings, soos die toepassing van die berugte Afdeling 205 van die Strafproseswet (Diederichs & De Beer 1998:103). Hiervolgens kan joernaliste gedwing word om bronne bekend te maak, en dit kan lei tot tronkstraf, beskryf as 'n skokkende skending van vryheid van uitdrukking (Sanef 2005).

Ongeveer 80 apartheid-Suid-Afrika-wette is steeds op die wetboek. Verskeie daarvan is deur die sekurokratiese regering gepromulgeer om die media te verhinder om oor verdediging of polisie-aktiwiteite te skryf (Louw 2013:10). Die Nasionale Sleutelpunte-wet is reeds op beriggewing oor die Nkandla-woonkompleks toegepas.

Met die ANC se 2007-konferensie is 'n Media Tribunaal vir die eerste keer genoem (Rabe 2007). Dié Media Appèl Tribunaal (MAT), soos dit sedertdien genoem is, asook die sogenaamde Muilbandwet, die sein-skandaal en die amendement van die Film-en Publikasiewet sal voorts bespreek word in die konteks van die reeds genoemde media-vyandigheid van die staatshoof. Daarna volg 'n bespreking van die Suid-Afrikaanse Persraad as selfregulerende liggaam.

7.1 Die Media Appèl Tribunaal (MAT)

Die MAT is as 'n moontlike statutêre liggaam by die ANC se 2007-konferensie bespreek en daarna weer by sy nasionale algemene raad in Durban in 2010 (Guarding the guardians 2011). In kort behels dit 'n liggaam wat deur die regering tot stand gebring sal word wat ten doel het om die media te reguleer.

Hoewel die MAT steeds net resoluasiestatus het, word dit beskou as 'n ernstige bedreiging teen mediavryheid omdat dit reeds inhiberend werk. Konsensus bestaan dat, indien dit aanvaar word, dit tot 'n stryd in die Grondwetlike Hof sal lei – tog bly dit op die ANC se agenda (Media

Tribunal Unlikely 2013).

Die voorstel is beskryf as “koppig, selfdienend, uiters reaksionêr en onnodig” (De Vos 2015). Zuma wil daarmee ook die “ideologiese media [wat] uit tandem” met die samelewing is, beperk (Guarding the guardians 2011) en wil “duidelik ’n meer simpatieke en minder kritiese media” hê. Volgens dié bron sal die MAT ’n einde bring aan mediavryheid, en dus demokrasie, “soos dit in ’n aantal post-koloniale Afrikalande gebeur het”.

Die MAT bly egter op die regering se agenda, soos blyk uit die minister van kommunikasie se verslag aan die portefeuljekomitee in April 2015, naamlik dat ’n parlementêre ondersoek heringestel moet word “vir ’n gebalanseerde en bevredigende regime in hierdie (drukmedia) bedryf” (Gerber 2015a:2).

7.2 Die Beskerming van Staatsinligingwetsontwerp

Vervolgens die Beskerming van Staatsinligingwetsontwerp van 2010 (Republic of South 2010). Dit is so te sê dadelik die Muilbandwet gedoop weens die moontlikheid dat dit die staat se belange wat betref die klassifikasie, beskerming en verspreiding van inligting voorop sal stel teenoor deursigtigheid en meningsvryheid, en in effek tot sensuur sal lei. Selfs ná verskeie hersienings kan die wet steeds tot misbruik lei (Bhardwaj 2013:37), en onder meer 25 jaar gevangenisstraf vir navorsers, aktiviste, fluitjieblasers en joernaliste beteken. Dit is ook lynreg teen die Grondwet, en sal dus ook in die Grondwetlike Hof teengestaan kan word (Van Rooyen 2014:17).

Dié wetsontwerp word beskou as deel van ’n groter onbehae in die Suid-Afrikaanse samelewing en politiek, naamlik die feit dat “die huidige regerende elite die dwangmoontlikheid van die staat” versterk (Guarding the guardians 2011). In die proses sentraliseer dit mag in die sekuriteitskluster wat toenemend nie verantwoording hoef te doen nie.

Hoewel dié vyandigheid niks nuuts is nie, en hoewel die media en die regerende party van tyd tot tyd mekaar ontmoet, blyk dit dat verdraagsaamheid minder word (Krüger 2012:34). Volgens Krüger word die wetsontwerp ook beskou as die “mees substansiële aantasting van mediavryheid wat ons nog gesien het” en dat die MAT wel daaruit sal vloei.

Die wetsontwerp is reeds in 2011 deur die parlement aanvaar, maar is steeds nie deur die president onderteken nie (Joubert 2016:2). Sou dit gepromulgeer word, sal dit deel wees van ’n “verhoogde sekuritering van die staat en oorskryding van intelligensie-aktiwiteite” (Rajuli 2015). Dit is ook beskryf as “sonder twyfel die mees drakoniëse formele bedreiging vir mediavryheid sedert demokratisering in 1994” (Joubert 2016:2). Volgens Joubert is die “kern van die probleem ... dat die besluite oor wat ons regering geheim kan verklaar en dus kan wegsteek ... bepaal sal word deur presies dieselfde lede van die staatsveiligheidsapparaat wat dit in die eerste plek versteek het”.

7.3 Die sein-skandaal

Vervolgens die sein-skandaal gedurende die Staatsrede op 12 Februarie 2015 toe selfoonseine vir ’n sekere tydperk geblokkeer is en geen inligting dus vanuit die Parlement gestuur of ontvang kon word nie.

Ná dae se beriggewing ná dié eerste chaotiese Staatsrede het dit geblyk dat individue van die departement van Staatsveiligheid, of die departement as geheel, verantwoordelik was vir die aantasting van die Grondwet.⁴ Een mediahuis se parlementêre redakteur het die chaos in ’n

⁴ Sien internet/koerantberigte, bv. News24, Netwerk24, *Die Burger*, *The Cape Times* en ander oor die gebeure vanaf 12 Februarie 2015.

“disfunksionele Parlement” beskryf as ’n uur “wat Suid-Afrika in die skande gesteek het” (Heard 2015:9).

Dit het geblyk dat die staatsveiligheidsagentskap verantwoordelik was vir die blokkering van die sein (Lamprecht & Breytenbach 2015:1).

Daarop het onder meer die 24 Februarie-fiasko by die Gautengse Wetgewer gevolg toe aangegee is die persgalery is te klein en dat belangrike gaste geakkommodeer moes word toe die media die geleentheid in ’n aparte kamer op TV moes volg (GPL’s joint statement 2015).

Sedertdien was daar verskeie aanvalle op joernaliste, soos op 11 Maart 2015 toe polisielede ’n joernalis voor die parlement aangerand het in wat Sanef as boefagtige gedrag beskryf het (Sanef condemns thuggish 2015).

7.4 Die Rolprent- en Publikasieraad

Die laaste voorbeeld van hoe mediavryheid geërodeer word, is die amendemente aan die Rolprent- en Publikasieraad (FPB), met sittings wat op ’n amper agterbakse manier gelei word sonder genoegsame openbare kennisgewings. Die sittings in Durban was byvoorbeeld op 10 en 11 April 2015. ’n Mediaverklaring om dit aan te kondig, was gedateer 18 April – ondanks versekering dat daar geleentheid sal wees om die beleidsdokument te bespreek en te verander (Rajuili 2015).

Rajuili beskryf dié fundamenteel-foutiewe beleid as ’n wolf in skaapsklere en dat, onder die voorwendsel dat die publiek beskerm word, veral kinders, dit ’n nuwe stel ondeurdagte hardhandige regulasies bevat. In effek beteken dit staatsgedrewe pre-publikasiesensuur, insluitend ’n infrastruktuur vir die effektiewe beheer van die internet. Die oorspronklike wet is reeds in 2012 deur die Grondwetlike Hof beskryf as dat daar groot dele is wat ongrondwetlik is. Die FPB het sy mandaat oorskry deur regter, jurie en teregsteller te wees (Rajuili 2015).

Saam met hierdie bedreigings tree die Suid-Afrikaanse staatspresident toenemend outoritêr op, soos deur verskeie kommentators uitgewys is en reeds bespreek is. Die toenemende aanslag op mediavryheid binne die SABC is ’n verdere aanduiding van die ernstige krisis waarin Suid-Afrika beweeg wat betref die ontwikkeling van die “Zumakrasie” en dat die “Vierde Stand” (die onafhanklike media) meer belangrik is as ooit (Bell 2016).

7.5 Selfregulasie

Vervolgens word selfregulasie as noodsaaklike aspek van die media se rol in ’n demokratiese samelewing bespreek.

Soos per die Declaration of Principles on Freedom of Expression deur die Afrika-Kommissie vir Menseregte is effektiewe selfregulering die beste stelsel om hoë standaarde in die media te bevorder (Guarding the guardians 2011). Dit word beskryf as die beste manier

om die rol, aanspreeklikheid en verantwoordelikheid van die pers in die bevordering van die waardes van ’n vrye en demokratiese Suid-Afrika te verbeter, en in die handhawing van mense se regte, waardigheid en regmatige belange. (Rajuili 2015)

Selfregulering is gebaseer op twee pilare: Toewyding tot mediavryheid, insluitend persvryheid, en tot uitnemendheid in joernalistiekpraktyk en etiek (South African Press 2015). Meer as 640 publikasies onderskryf die Perskode, die meeste van hulle as lid van Druk en Digitale Media Suid-Afrika (wat in Desember aangekondig het dat hy homself herstruktureer en onder ’n nog onaangekondigde naam die bedryf verder sal dien – Nomudu 2015).

Die Suid-Afrikaanse Persraad, Perskode en Ombud-stelsel is hersien en herbekendgestel op 1 Februarie 2013 (Thloloe 2015), en weer in Desember 2015 (Phakathi 2015). Selfregulering is

voortdurend diepgaande aangepas, soos die stelsel wat klaers verhinder het om ander maniere van sanksie te vind indien hulle nie tevrede was met die uitspraak nie (Berger 2011:36-57). Só word die verpligtinge en verantwoordbaarheid teenoor die publiek beter nagekom (Krüger 2009).

Terwyl aanvaar word dat 'n selfreguleringsstelsel nie perfek is nie, en dat die media foute maak, is dit 'n gegewe dat staatsbeheer oneindig erger sal wees (Guarding the Guardians 2011). Die MAT sal byvoorbeeld totale politieke beheer van die media meebring, asook dat joernaliste selfsensuur sal toepas om vir die MAT te voorsien.

William Bird van Media Monitoring Africa het in Desember 2015 gesê die hersiening van die selfreguleringsstelsel is 'n stap in die regte rigting en dat dit die stryd teen die MAT versterk (Phakathi 2015).

Ondanks hierdie voortdurende hersiening van selfregulering beteken die bedreigings van die MAT, die Muilbandwet, skynbare *ad hoc* besluite deur die staat se sekuriteitskluster, en die FPB en sy amendemente, asook uitsprake van Suid-Afrika se staatshoof, dat mediavryheid ondanks sy grondwetlike verskansing nie 'n gegewe is nie. 'n Vooraanstaande redakteur, Ferial Haffajee, het reeds aan die begin van 2015 gesê die chaotiese Staatsrede was die begin van 'n nuwe era in Suid-Afrika: die begin van 'n polisiestaat (Gerber 2015b:4).

Sanef-voorsitter Mpumelelo Mkhabela⁵ het beklemtoon dat nie aanvaar moet word “omdat ons vryheid van spraak in Suid-Afrika het, daar nie bedreigings sal wees nie. Nee, ons moet daarvoor baklei” (2015). Suid-Afrika se regstelsel moet gebruik word om mediavryheid te verseker, maar dis ook “noodsaaklik ... om aan alle burgers te verduidelik wat mediavryheid beteken ... [Mediavryheid] het niks met die media te doen nie, maar met die vryheid van die burgers.”

Dié bedreigings teen mediavryheid sowel as direkte politieke invloed oor redaksionele besluite in sekere mediahuise het DA-politikus Helen Zille laat sê dat dit staatsoorname van die media meebring. Volgens haar neem die magtige regerende elite onafhanklike entiteite een vir een oor as 'n verlengstuk van die regering (Zille 2015).

Die ondemokratiese uitsprake en optrede van Suid-Afrika se staatspresident – onder meer dat die regerende party eerste kom, voor Suid-Afrika, en sy optrede rondom die sogenaamde FinMin-fiasko⁶ – het een binnekring-komentator, Trevor Manuel, onder meer laat sê “dat dit moontlik is vir outokrate om te heers, maar nie vir demokrate om te regeer sonder die noodsaaklike bestanddeel vertroue nie” (Lamprecht 2015).

8. TER AFSLUITING

In die lig van hierdie kort mediahistoriografiese oorsig van twee gevallestudies van mediavryheid in Suid-Afrika is dit duidelik dat mediavryheid konstante waaksaamheid benodig, want inderdaad, soos per die vertrekpunt van hierdie artikel, herhaal die geskiedenis homself, soos in die klassieke stelling oor die sikliese aard van die geskiedenis. Die twee gevallestudies het naamlik aangetoon dat name, datums en mense kan verander (Sonderling 1995:92), maar wat voorheen gebeur het, sal weer gebeur.

In 2002 was Suid-Afrika 26^{ste} op die eerste Wêreldpersvryheidsindeks (Rabe 2004). Twintig jaar ná demokrasie, en ná 'n litanie van mediavryheidsaantastings, is Suid-Afrika afgegradeer na 42^{ste} (Reporters without Borders). 'n Ander liggaam wat mediavryheid meet, het Suid-Afrika as gedeeltelik vry geklassifiseer en binne een jaar verder afgradeer van 33 na 37 op sy 2015-indeks (Freedom House). Dit was die grootste afgradering (October 2015:2).

⁵ Mkhabela het intussen uitgetree as Sanef-voorsitter.

⁶ Die kortstondige aanstelling einde 2015 van Des van Rooyen as minister van finansies vir slegs enkele dae, waarna Pravin Gordhan aangestel is om die tuimelende ekonomie te red.

In terme van Suid-Afrika se grondwetlik verskanste mediavryheid, en uit hoofde van 'n vertrekpunt gebaseer op die liberaal-sosiale verantwoordelike rol van die media in 'n samelewing, is mediavryheid in Suid-Afrika onder geweldige potensiele druk.

Die woorde van Nelson Mandela moet in herinnering geroep word: "'n Kritiese, onafhanklike en ondersoekende pers is die lewensbloed van 'n demokrasie'" (Mandela 1994). Suid-Afrika het 'n lang reis gehad tot by sy grondwetlik-verskanste mediavryheid, maar die reis het duidelik nog lank nie geëindig nie. Soos dit gestel is: "Ons het voortgaande, verenigde aksie nodig om 'n groeiende kultuur van geheimhouding en outoritarisme te weerstaan" (Hunter 2014:27).

Dit is daarom ook duidelik uit die hipotese vir die twee gevallestudies dat mediavryheid altyd voorwaardelik is, nooit gewaarborg of afgehandel nie, ondanks 'n *pro tempore*-geloof dat dit die geval kan wees. Mediavryheid, as 'n konstante dispuut, bly dus eweseer 'n kwessie in 'n liberaal-demokratiese dispensasie as wat dit in 'n vroeë diktatoriale koloniale era was. Konstante waaksaamheid moet steeds die vertrekpunt wees indien die media sy liberaal-sosiaal-verantwoordelike rol moet kan vervul, soos aangebied as teoretiese vertrekpunt vir hierdie artikel.

BIBLIOGRAFIE

- Barratt, E. 2003. History of the South African National Editors' Forum. Ongepubliseerde dokument, Johannesburg.
- Bell, T. 2016. Inside Labour: A prescription to end the info muddle. <http://www.fin24.com/Economy/Labour/InsideLabour/inside-labour-a-prescription-to-end-the-info-muddle-20160708> [11 Julie 2016].
- Berger, G. 2011. Best Practice in Media Self-regulation. *Ecquid Novi: African Journalism Studies* 32 (2):36-57.
- Bhardwaj, V. 2013. The Good and the Bad of the 'Better' Secrecy Bill. *Mail & Guardian*, 25-31/10/2013.
- Claassen, G. 1998. Magazines. Life's Own Story. In A.S. de Beer (red). *Mass Communication Towards the Millennium*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Cohen, N. 2013. *You can't read this book: Censorship in an age of freedom*. Londen: Fourth Estate (e-boek): lokasies 1956, 1987, 1996.
- Daniels, G. 2013. The ANC's Hysterical Gaze on the Media. *The Media*, Januarie 2013.
- De Vos, P. 2015. Would Media Appeals Tribunal be constitutional? www.constitutionallyspeaking.co.za [7 April 2015].
- Diederichs, P. & De Beer, A.S. 1998. Newspapers. The Fourth Estate: A Cornerstone of Democracy. In A.S. de Beer (red). *Mass Communication Towards the Millennium*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Du Plessis, J.H.O. 1929a. The Rise of the Press in South Africa. *Cape Times*. 9/5/1929.
- Du Plessis, J.H.O. 1929b. Lord Charles Somerset and the Press. *Cape Times*. 10/5/1929.
- Du Plessis, J.H.O. 1943. Die Afrikaanse Pers. 'n Studie van die Ontstaan, Ontwikkeling en Rol van die Hollands-Afrikaanse Pers as Sosiale Instelling. Ongepubliseerde doktorsale verhandeling: Universiteit Stellenbosch.
- Du Preez, M. 2015. Ja, dit is die ware Jacob. *Netwerk24*. <http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/max-du-preez-ja-dit-is-die-ware-jacob-20151212> [15 Desember 2015].
- Fourie, P.J. 1994. *Nederlandstalige en Afrikaanstalige Media*. Internasionale Colloquium Nederlands in de Wereld. Brussel: Vrije Universiteit Brussel Press.
- Fourie, P.J. 2001. The Role and Functions of the Media: Functionalism. In P.J. Fourie (red). *Media Studies. Volume One: Institutions, Theories and Issues*. Lansdowne: Juta.
- Fourie, P.J. 2007. The Role and Functions of the Media in Society. In P.J. Fourie (red). *Media Studies. Media History, Media and Society. Volume 1 (2de Uitg)*. Wetton: Juta.
- Freedom of the Press. 2015. <https://freedomhouse.org/report/freedom-press/freedom-press-2015> [1 Mei 2015].
- Gerber, J. 2015a. Reguleer gedrukte media, vra minister. *Die Burger*. 22/4/2015.
- Gerber, J. 2015b. Gewone mense moet betoog. *Die Burger*. 18/2/2015.
- Giliomee, H. & Mbenga, B. 2007. *New History of South Africa*. Kaapstad: Tafelberg.
- Gouws, A. 2015. Gaan protesteer tot Zuma val. *Die Burger*. 15/12/2015.

- GPL's joint statement with Sanef regarding challenges experienced by the media at the 2015 opening of the Legislature. 2015. Sanef-mediaverklaring. 24/2/2015.
- Guarding the guardians: A Media Appeals Tribunal? 2011. A Right2Know Campaign Discussion Document. September 2011, http://www.r2k.org.za/wp-content/uploads/2012/12/R2K_Media_Freedom_disDoc.pdf [7 April 2015].
- Hachten, W.A. & Giffard, C.A. 1984. *Total Onslaught: The South African Press Under Attack*. Johannesburg: McMillan.
- Hattingh, D.J. 1969. 'n Wysgerige Ondersoek na die Probleem van Persvryheid. Ongepubliseerde doktrale verhandeling: Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Heard, J. 2015. 'n Uur wat Suid-Afrika in die skande steek. *Die Burger*. 17/2/2015.
- Hoofartikel. 2015a. Gordhan se werk makliker as Zuma loop. *Die Burger*. 15/12/2015.
- Hoofartikel. 2015b. Die Zumakrasie versterk en die regstaat verswak. *Die Burger*. 5/11/2015.
- Hunter, M. 2014. Securocrats Choke Flow of Information. *Mail&Guardian*. 12-18/9/2014.
- Jeffreys, H. 2016. ANC-ingryping = Trojaanse perd. *Die Burger*. 13/7/2016.
- Joubert, J.J. 2016. Huidige bedreigings vir en toekomsplanne ter beskerming van persvryheid. Geskiedenis-simposium, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria, 29 Januarie 2016.
- Krüger, F. 2009. Media Courts of Honour: Self-regulatory councils in Southern Africa and elsewhere. FES Media Africa Series.
- Krüger, F. 2012. The only guarantee of freedom is freedom. *Mail&Guardian*. 2-8/11/2012.
- Lamprecht, M. 2015. Minister kap vir Trevor oor FinMin. *Die Burger*. 21/12/2015.
- Lamprecht, M. & Breytenbach, J. 2015. Spioene woel in parlement. *Die Burger*. 18/2/2015.
- Louw, R. 2013. Scrap Apartheid-era Laws! *The Media*. Januarie 2013.
- Malala, J. 2015. *We have now begun our descent. How to stop South Africa losing its way*. Johannesburg & Kaapstad: Jonathan Ball.
- Mandela, N. 1994. Toespraak by die International Press Institute-konferensie, Kaapstad. 14 Februarie 1994. Die webwerf waarop die toespraak was, www.anc.org.za/ancdocs/history/mandela/1994/sp940214.html is nie meer beskikbaar nie. Daar is egter verwysings na die toespraak op <http://ipi.freemedia.at/newssview/article/update-nelson-mandela-an-eloquent-defender-of-press-freedom.html> en op https://www.nelsonmandela.org/images/uploads/Madiba_Prize_Acceptance_Address.pdf [5 Julie 2016].
- Matisson, J. 2015. *God, Spies and Lies*. Vlaeberg: Missing Ink.
- McQuail, D. 1987. *Theories of Mass Communication*. 2de Uitgawe. London: Sage.
- Measuring Press Freedom. 2004. Definition by Prof Robert L Stevenson, Research and Library Services Division, Provisional Legislative Council Secretariat. http://www.legco.gov.hk/yr97-98/english/sec/library/in3_plc.pdf [3 Oktober 2004].
- Media Tribunal Unlikely: Press Council. 2013. <http://www.bizcommunity.com/Article/196/466/88897.html> [7 Februarie 2013].
- Merrett, C. 1994. *A Culture of Censorship. Secrecy and Intellectual Repression in South Africa*. Kaapstad: David Phillip.
- Meurant, L.H. 1885. *Sixty Years Ago, or Reminiscences of the Struggle for the Freedom of the Press in South Africa and the Establishment of the First Newspaper in the Eastern Provinces*. Kaapstad: Saul Solomon & Co (Faksimilee-uitgawe Africana Connoisseurs Press, 1963).
- Mhkabela, M. 2015. Sleuteltoespraak. The Decriminalisation of Freedom of Expression in Africa: How Self-Regulation of the Media can Assist. Seminaar van die Organisation of News Ombudsmen: The Decriminalisation of Freedom of Expression in Africa, STIAS, Stellenbosch. 23 April 2015.
- Mouton, J. 2001. *How to succeed in your master's or doctoral studies. A South African guide and resource book*. Pretoria: Van Schaik.
- Munusamy, R. 2016. His Master's Voice: Why Hlaudi Motsoeneng is democratic SA's biggest threat. <http://www.dailymaverick.co.za/article/2016-07-01-his-masters-voice-why-hlaudi-motsoeneng-is-democratic-sas-biggest-threat/#.V3oLyk1-OJB> [1 Julie 2016].
- Nomodu, N. 2015. DDMSA-Mediaverklaring. 15/12/2015.
- Muller, C.F.J. 1990. *Sonop in die Suide. Geboorte en Groei van die Nasionale Pers 1915-1948*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Nanny, P. 2004. History of Censorship in South Africa. MPhil-werkstuk, Universiteit Stellenbosch.
- Nel, F. 2001. *Writing for the Media in Southern Africa*. Kaapstad: Oxford University Press Southern Africa.

- Nienaber, P.J. 1943. 'n *Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika*. Die Tweede Trek-reeks, nr. XXV. Bloemfontein, Kaapstad & Port Elizabeth: Nasionale Pers Beperk.
- October, A. 2015. Kommer in Amerika uitgespreek oor persvryheid in SA. *Die Burger*. 1/5/2015.
- Oster, J. 2015. *Media Freedom as a Fundamental Right*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Phakathi, B. 2015. New Press Council system includes online publications. Bizcommunity. 17/12/2015.
- Pitout, M. 1997. Field Research in Communication. In G.M. du Plooy (red). *Introduction to Communication. Coursebook 2*. Kenwyn: Juta.
- Rabe, L. 2004. Ten Years into Democracy – Media Freedom in South Africa. Ongepubliseerde seminaarreeks, Department of Media and Communication, Universiteit Oslo & Freedom of Speech Foundation Fritt Ord.
- Rabe, L. 2007. Media Freedom, Black Wednesday and 30 Years On: Realities and Illusions. Ongepubliseerde voordrag, Mediavryheidsdag-seminaar, Kaapstad. 18 Oktober 2007.
- Rabe, L. (red). 2015. 'n *Konstante revolusie. Naspers, Media24 en Oorgange*. Kaapstad: Tafelberg.
- Rajuli, K. 2015. The Decriminalisation of Freedom of Expression in Africa: How Self-Regulation of the Media can Assist. amaBhungane/Right to Know Campaign. Seminaar van die Organisation of News Ombudsmen: The Decriminalisation of Freedom of Expression in Africa, STIAS, Stellenbosch. 23 April 2015.
- Reporters Without Borders. 2015. <http://en.rsf.org/> [2 Januarie 2015].
- Republic of South Africa. 2010. Protection of State Information Bill. As presented by the Ad Hoc Committee on Protection of Information Bill (National Assembly) (voorgestel as die Protection of Information Bill [B6-21010]) deur die Minister van Staatsveiligheid. B6B-210. http://www.parliament.gov.za/live/commonrepository/Processed/20111125/384294_1.pdf [7 April 2015].
- Retief, J. 2002. *Media Ethics. An Introduction to Responsible Journalism*. Kaapstad & Oxford: Oxford University Press
- Rudolph, H.G. 1981. Freedom of the Press or the Right to Know. *South African Law Journal* 81(1):81-88.
- Sanef. 2005. Amendments to Section 205 of the Criminal Procedure Act. 2005. Verslag aan die Sanef-raad, Grahamstad. September 2005.
- Sanef condemns thuggish behaviour by Police at Parliament. Sanef-mediaverklaring. 11/3/2015.
- Siebert, F., Peterson, T., & Schramm, W. 1956. *The Four Theories of the Press*. Urbana-Champaign: University of Illinois Press.
- Sonderling, S. 1995. Historical Research in Communication. In G.M. du Plooy (red). *Introduction to Communication*. Kaapstad: Juta.
- South African Press Council. 2015. <http://www.presscouncil.org.za/>[7April 2015].
- Suid-Afrikaanse Grondwet, Wet No 108 van 1996, Afdeling 16, Handves van Regte, <http://www.gov.za/documents/constitution/constitution-republic-south-africa-1996-1> [2 Januarie 2015].
- Thloloe, J. 2015. Paneelbespreking. The Decriminalisation of Freedom of Expression in Africa: How Self-Regulation of the Media can Assist. Seminaar van die Organisation of News Ombudsmen: The Decriminalisation of Freedom of Expression in Africa, STIAS, Stellenbosch. 23 April 2015.
- Timeline: History of the SA Print & Advertising Industry. 2006. Drukmedia Suid-Afrika. Ontvang van DMSA.
- Tsedu, M. 2001. One Story Can Make All the Difference. *Media Tenor South Africa*. November 2001.
- Van Rooyen, K. 2014. Is Ons Dan Nog Vry? *Die Burger*. 20/2/2014.
- What is Freedom of the Press. s.d. <http://study.com/academy/lesson/what-is-freedom-of-the-press-definition-history-examples.html> [5 Julie 2016].
- Wigston, D. 2001. A South African Media Map. In P.J. Fourie (red). *Media Studies. Volume One: Institutions, Theories and Issues*. Lansdowne: Juta.
- Wigston, D. 2007. A History of South African Media. In P.J. Fourie (red). *Media Studies. Media History, Media and Society* (2^{de} Uitg.). Kenilworth: Juta, Kenilworth.
- Yutar, Y. 1995. *Freedom of the Press in a Post-Apartheid South Africa*. Oxford: Green College.
- Zille, H. 2015. Sleuteltoespraak. Jaarkongres van die Organisation of News Ombudsmen, Kaapstad. 20 April 2015.

Redakteursnota

In die Junie 2016-nommer van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* het Andries Raath (2016:573-591) in die volgende artikel 'n gesprek oor politokratiese kommunitarisme begin:

Politieke en regsfilosofiese perspektiewe op politokratiese kommunitarisme: 'n diskoers met Danie Goosen en Koos Malan

Die fokus val op politieke kommunitarisme wat, anders as die wye ondersteuning wat *Ubuntu*-kommunitarisme in die regsliteratuur geniet, volgens Raath beperk gebly het tot die Afrikaanse literatuur. Soos aangedui in die subtitel word meer spesifiek, in 'n diskoers met Danie Goosen en Koos Malan, gekyk na die politieke en regsfilosofiese implikasies van politieke kommunitarisme. Volgens Raath (2016:574) het “die filosofiese hiate in die staats- en regsdenke van politokratiese kommunitarisme belangrike implikasies”, omdat kommunitiese politokrate nie daarin slaag om “die statisme van die liberale individualisme te oorkom en 'n normatiewe alternatief vir statisme, politieke universalisme en die absolutistiese staat te stel nie” (ibid.).

In hierdie rubriek tree Danie Strauss toe tot die “Debat oor die moderne staat” deur aan te voer dat die tekortkominge van sowel individualistiese (atomistiese) as universalistiese (holistiese) benaderings ondervang kan word “indien erns gemaak word met die ontiese beginsels van *soewereiniteit-in-eie-kring* en *universaliteit-in-eie-kring*”.

Sowel Danie Goosen as Koos Malan is van plan om repliek te lewer en hul toetrede tot die gesprek sal hopelik in die Desemberuitgawe geplaas word. Alle lesers van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word hartlik uitgenooi om deel te neem aan die debat. Beperk u debatsbydraes tot hoogstens 2 000 woorde. Indien u sou verkies om liewer uitvoeriger by wyse van 'n navorsingsartikel te reageer sal dergelike bydraes aan die gewone prosedure van keuring onderhewig wees.

Ina Wolfaardt-Gräbe

Augustus 2016

Die debat oor die moderne staat

The debate on the modern state

DANIE STRAUSS

Skool vir Filosofie

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom Kampus

E-pos: dfms@cknet.co.za

ABSTRACT

The debate on the modern state

This brief partaking in the debate about law and state focuses on a number of deepening philosophical insights, inter alia regarding the difference between aspects and entities, the distinction between modal laws and type laws, and the nature of modal universality and typically specified universality. Succinct attention is also given to the one-sidedness of both individualistic (atomistic) and universalistic (holistic) approaches – shortcomings that could be transcended if the ontic principles of sphere-sovereignty and sphere-universality are taken seriously.

OPSOMMING

In hierdie saaklike toetreding tot die debat oor reg en staat word aandag geskenk aan enkele verdiepende wysgerige insigte, waaronder die verskil tussen aspekte en entiteite en die onderskeiding tussen modale wette en tipiese wette, tussen modale universaliteit en tipe-gespesifiseerde universaliteit. Aandag word ook kortliks aan die eensydigheid van beide individualistiese (atomistiese) en universalistiese (holistiese) benaderings gegee – tekortkominge wat te bowe gekom kan word indien erns gemaak word met die ontiese beginsels van *soewereiniteit-in-eie-kring* en *universaliteit-in-eie-kring*.

Koos Malan en Danie Goosen ontwikkel hul samelewingsbeskouing teen die agtergrond van kommunitêre denkers soos Michael Sandel, Charles Taylor, Alisdair MacIntyre, Michael Walzer en Vernon van Dyke.¹ Hierdie bydrae tot die gesprek wil die aandag vestig op enkele onderliggende wysgerige onderskeidings en insigte wat die debat moontlik kan verruim.

Teenoor die Griekse gemeenskapsidee, soos vergestalt in die *polis* (stadstaat)² en wysgerig geartikuleer in die denke van Aristoteles, stel Malan en Goosen die moderne territoriale staat wat soms (negatief) met “staatligheid” of die *ideologie van die staat* gelykgestel word. Dit hang saam met die gegewe dat verskeie negatiewe trekke in die staatsfilosofiese denke van Hobbes, Locke en Rousseau volgens hierdie denkers in die moderne staat teruggevind word.

Na aanleiding van juridies geïnspireerde definisies van die staat skryf Malan byvoorbeeld dat hulle almal “die staatsteorie van Hobbes en nog meer van Locke” reflekteer: “Die staats-

¹ Die regsosioloog Robert A. Nisbet kan ook in hierdie konteks vermeld word. In sy gesprek met Pieter Duvenhage praat Goosen van ’n herontdekking van die “tradisionele Westerse metafisiese en politieke denke” – en dan vermeld hy figure soos Plato, Aristoteles, Cicero, Plotinus, Proclus, Dionysius die Areopagiet asook meer resente denkers soos Alasdair MacIntyre, Robert Spaeman, Josef Pieper, Hans Urs von Balthasar, John Milbank en Michael Sandel (sien Goosen 2016:242).

² ’n Kritiese ontleding van die Griekse stadstaat kan nagelees word by Raath (2016a:575 en verder). Vergelyk Strauss (2014) oor die plek van die staat in ’n gedifferensieerde samelewing.

definisies is deurlopend geskoei op 'n atomisties-liberale grondslag en neig sterk anti-kommunitêr” (Malan 2011:107). Die moderne staat, wat in abstrak-individualistiese terme beskryf word, huisves volgens Malan tewens geen egte *gemeenskap* nie.

Gunnar Myrdal openbaar reeds in 1932 'n goeie insig in die aard van individualistiese (atomistiese) en universalistiese (holistiese) benaderings waarmee die “politieke ekonomie” gekonfronteer word: die utilitaries-liberalistiese atomisme aan die een kant en die toenemend heterogeen-organiese benadering aan die ander kant (Myrdal 1932:87).

As alternatief word daar dan teenoor dergelike individualisties-atomistiese sienings prominensie aan die (organiese) geheel-dele relasie verleen – 'n benadering wat teruggryp na die denke van Aristoteles.

Agerliggend aan hierdie teëgestelde oriëntasies vind ons die algemeen-wysgerige probleem van eenheid en verskeidenheid. Goosen dui byvoorbeeld die “aard van die politieke werklikheid” aan “as die spel tussen eenheid en veelheid” (2016:223). In Engels word daar na die probleem van die *ene* en die *vele* verwys.³ Die primêre wysgerige vraag hier is tweevoudig. Eerstens gaan dit oor die vraag na die “oorspronklike tuiste” van die terme “eenheid” en “veelheid” en in die tweede plek verwys dit na die vraag hoeveel “tuistes” daar in die werklikheid aanwesig is. Ons begin met 'n verduideliking van wat met “oorspronklike tuiste” bedoel word.

Eenheid en veelheid appelleer allereers op *getalsverhoudinge*. Daarom kan gesê word dat die terme *eenheid* en *veelheid* oorspronklik in die *getalsaspek* van die werklikheid aangetref word, dat hul oorspronklike *modale* tuiste aritmeties van aard is. Die term *modaal* is van die Latynse frase *modus quo* afgelei en dit word hier aangewend om na die verskillende (“veelheid”) *bestaanswyses*, *aspekte* of *modaliteite* wat ons in die werklikheid aantref te verwys.⁴

Verskeie verdere oorwegings kom hier na vore, soos: Hoeveel modale aspekte is daar? Is die aspekte uniek? Indien wel, is die unieke sin van die aspekte definieerbaar? Staan die verskillende aspekte in relasie tot mekaar (hang hulle wederkerig saam)?

Sonder om dit uitvoerig te verduidelik kan vermeld word dat daar voorlopig vyftien werklikheidsaspekte onderskei kan word,⁵ dat elkeen inderdaad uniek en ondefinieerbaar is en dat die verskeidenheid modale aspekte onverbreeklik saamhang. Hierdie “uniekeheid in samehang” beliggaam twee fundamentele ontiese beginsels, te wete die beginsel van *soewereiniteit-in-eie-kring* en die beginsel van *universaliteit-in-eie-kring*.

Natuurlik moet ook rekenskap gegee word van die verhouding tussen die pas vermelde verskeidenheid werklikheidsaspekte en die dimensie van konkrete (natuurlike) en samelewingsentiteite en prosesse. Alle entiteite en prosesse funksioneer in alle aspekte want die aspekte beliggaam immers die *wyses* waarop die verskillende dinge *bestaan* (dit is hul bestaanswyses).

Een implikasie van die onderskeiding tussen modaliteite en konkrete (aspek-veelsydige) entiteite is dat in alle wetenskaplike dissiplines tussen “aspek-begrippe” (modale begrippe/funksie-begrippe) enersyds en struktuur-tipiese “ding-begrippe” andersyds onderskei moet word.

In die fisika tref ons byvoorbeeld funksie-begrippe soos *massa*, *volume*, *beweging* en *krag* aan in onderskeiding van struktuur-tipiese ding-begrippe, waaronder *elementêre deeltjie*, *atoom*, *molekuul* en *makro-molekuul*. Binne die kultuur-historiese aspek, waarin ons *mag* of *beheersende vorming* in die oorspronklike sin daarvan kry, tref ons funksie-begrippe soos *historiese kontinuïteit*,

³ Joseph Bracken kontekstualiseer hierdie probleem deur God daarby te betrek – dan handel dit oor “The One in the Many” – (sien Bracken 2001).

⁴ Ons is ook vertrouwd met frases soos *modus vivendi* en *modus operandi*.

⁵ Met name getal, ruimte, beweging, die fisiese, biotiese, sensitief-psigiese, logies-analitiese, kultuur historiese, die teken-aspek, die sosiale aspek, ekonomiese aspek, estetiese aspek, juridiese aspek, etiese aspek en die geloofsaspek.

historiese kousaliteit, historiese ontwikkeling (differensiasie en integrasie) en *historiese toerekening* aan, in onderskeiding van uiteenlopende tipes kultuur-historiese magsvorming (waaronder die kapitaalmag van 'n ekonomiese bedryfsonderneming, die kennismag van 'n unversiteit, die swaardmag van die owerheid en die mag van die Woord in 'n kerklike denominasie). Die modale universaliteit van die juridiese aspek omvat die tipiese wyse waarop individue en samelewings-vorme binne hierdie aspek funksioneer. Met appèl op die regsaspek kom ons ook juridiese funksie-begrippe soos *regsorde* (die eenheid in die veelheid regsreëls), die *juridiese geldingsgebied* van 'n wet, die handeling van 'n *kompetente regsorgaan*, *juridiese wilsvorming*, *juridiese toereken(ingsvat)baarheid* en die *wering van juridiese eksesse* teen.

Vanuit 'n ontologiese perspektief gesien weerspieël hierdie onderskeiding tegelyk die verskil tussen *modale wette* en *tipiese wette*. Die modale aspekte besit 'n *ongespesifiseerde universaliteit* terwyl die aard van verskillende tipes entiteite 'n *gespesifiseerde universaliteit* vertoon. Modale universaliteit bring tot uitdrukking dat alle moontlike klasse van dinge in beginsel in alle aspekte funksioneer. Bepaalde tipes entiteite is daarenteen beperk tot 'n *gespesifiseerde klas* van entiteite. Alle fisiese entiteite is onderworpe aan universele modale wette asook aan tipe-wette wat slegs op 'n *beperkte versameling van entiteite* van toepassing is. Wat universele modale wette betref hoef slegs aan die swaartekragwet en die eerste twee hoofwette van die termodinamika gedink te word (die wet van energie-konstansie en van nie-afnemende entropie). Wat tipe-wette betref, kan die atoom en die staat as voorbeelde geneem word. Die tipe entiteit wat ons identifiseer as 'n atoom korreleer met 'n tipe-wet vir 'n beperkte klas van entiteite. Hierdie wet (vir atoom-wees of staat-wees) is universeel want dit het betrekking op *alle* atome en alle state. Tog is hierdie universaliteit *gespesifiseerd* want nie alle entiteite is atome of state nie. Daarom is die tipe-wet vir staat-wees ook *gespesifiseerd universeel* – dit is van toepassing op *alle* state maar nie alles in die werklikheid is *state* nie.

Aangesien modale universaliteit daarop dui dat alle (tipies-verskillende) entiteite in alle aspekte funksioneer kan geen entiteit eksklusief op enige aspek *aanspraak* maak nie. Geen aspek *behoort* (geheel of gedeeltelik) aan enige entiteit nie.

Malan is egter van mening dat begrippe “soos die reg, ... gesag en soewereiniteit” “almal staatsverwant” is:

Bykans alle probleme van die politiek en van die mees sentrale probleme van die reg is heg met die staat ineengestremel en werk nolens volens met die staat as die uitdruklike of versweë grondslag en vertrekpunt. (Malan 2011:5)

Wanneer die reg egter as “staatsverwant” beskou word, is dit begryplik waarom Malan meen dat *reg* sy “grondslag en vertrekpunt” in die staat vind. Daarmee word nie alleen die modale universaliteit van die regsaspek misken nie maar ook die *oorspronklike* regsfunksie van die nie-staatlike samelewingsvorme. Aangesien Malan tereg daarop wys dat die term “staat” relatief laat op die toneel verskyn het (Malan 2011:7) sou gevra kon word of *reg* gevolglik nie ook *relatief laat* – eers saam met die staat – verskyn het nie?

Wat is die geval met die terme “gesag en soewereiniteit” wat ook “almal staatsverwant” is, soos Malan suggereer? Ons het reeds opgemerk dat die unieke sin van die kultuur-historiese aspek as *mag* of *beheersende vorming* aangedui kan word. Daarom vind die term “gesag” 'n tuiste in die kultuur-historiese aspek – waar ons moet onderskei tussen *mag oor dinge* ('n kultuur-historiese subjek-objek relasie) en *mag oor persone* ('n kultuur-historiese subjek-subjek relasie – meestal as *ampsgesag* aangedui). Soms word kortweg na *saak-kultuur* en *persoon-kultuur* verwys. Die term *soewereiniteit* word eweneens gebruik om bepaalde vorme van samelewings-*mag* aan te dui – maar dit kan nie eksklusief vir (of deur) die staat opgeëis word nie (al het Bodin, wat hierdie term in die moderne regs- en staatsleer ingevoer het dit probeer doen – vgl. Strauss 2014). Daarom

het Kuyper en Dooyeweerd tereg die uitdrukking *soewereiniteit-in-eie-kring* ingevoer om van *verskillend-gearde* samelewingsvorme se interne (mags-)bevoegdhede rekenskap te gee. Later sou Habermas, Rawls en Münch soortgelyke uitdrukkings vir hul rekening neem.

Münch wys daarop dat die uitgangspunt van die teoretiese debat in die 1980s in Weber se teorie van die rasionalisering van die moderne samelewing te vinde is. Daarvolgens sou sferen in die samelewing toenemend gelei word deur hul eie “inner laws”: in “Weber’s theory of the rationalization of modern society into spheres that are guided to an increasing extent by their inner laws” (Münch 1990:442).

Ten spyte daarvan dat Rawls se denke uiteen gebreek word deur die gelyktydige aanwesigheid van atomistiese en holistiese tendense (sien Strauss 2006) slaag hy tog soms daarin om bo hierdie dilemma uit te styg – naamlik wanneer hy besef dat verskillende wette van toepassing is op onderskeie soorte subjekte (dit wat ons hierbo as *tipe-wette* aangedui het): “But it is the distinct purposes and roles of the parts of the social structure, and how they fit together, that explains there being different principles for distinct kinds of subjects” (Rawls 1996:262).

In sy bespreking van globalisasie verbind Habermas die “klassieke leerstuk van die staat” aan die idee van *private lewensfeer*: “the state maintains law and order within the borders of its own territory and guarantees security for citizens within their own private spheres of life” (Habermas 2001:81).

Die vraag is natuurlik: hoe moet individualistiese (atomistiese) en universalistiese (holistiese) samelewingsopvattinge verstaan word? Hierdie vraag bring ons in aanraking met die rol van ’n grondnoemer, vergelykingsnoemer of verklaringsbeginsel in terme waarvan die verskeidenheid werklikheidsaspekte verantwoord word.

’n Individualistiese (atomistiese) benadering wil alles vanuit die diskrete perspektief van ’n getalsmenigvuldigheid verklaar; dit wil alles tot blote optelsomme herlei. Universalistiese (holistiese) sienings kies die ruimte-aspek as verklaringsbeginsel waarin die oorspronklike sin van die geheel-dele relasie aangetref word. Individualistiese en universalistiese denkers gebruik ook dikwels analogieë van getal en ruimte in ander werklikheidsaspekte om hul teoretiese perspektief deur te voer. Myrdal verwoord hierdie teenstelling tussen atomisme en organisisme soos volg: “Die eerste geval betref uitsluitlik ’n suiwer aritmetiese som terwyl ons in die ander geval met ’n onmiddellike totaliteit [*Ganzen*] te doen het, ’n geheel wat nie bloot gelyk is aan die som van sy dele nie” (Myrdal 1932:87).⁶

Nisbet verduidelik byvoorbeeld die spanning tussen ’n atomisties-meganiese samelewingsbeskouing en ’n erkenning van gemeenskapsverbintenisse met verwysing na Tönnies se onderskeiding tussen *Gemeinschaft* en *Gesellschaft* (sien Tönnies 1887).

Similarly, some of the German sociologists of the late nineteenth century called attention to the processes of modern history that have led to an atomization or mechanization of the primary social relationships. Tönnies expressed this as a continuous weakening of the ties of *Gemeinschaft* – the communal ties of family, guild, and village – and a constant maximization in modern times of the more impersonal, atomistic, and mechanical relationships of what he called *Gesellschaft*. (Nisbet 1962:78)⁷

⁶ Let egter daarop dat hoewel holistiese benaderings dikwels ’n organistiese (of: organismiese) weg bewandel iemand soos Herbert Spencer ’n individualistiese “organistiese” denker is. Spencer verduidelik dat sy doel nie ’n toename in gesaghebbende beheer is nie, maar ’n vermindering daarvan: “A more pronounced individualism, instead of a more pronounced nationalism, is its ideal” (Spencer 1968:22).

⁷ Bodin sien byvoorbeeld families en korporasies as dele van die staatsgeheel (Bodin 1981:521).

Die eensydighede van (aritmetiese, organiese of sosiale) *individualisme* en (ruimtelik-georiënteerde, organiese of sosiale) *universalisme* kan alleen vermy word deur erkenning te verleen sowel aan die uniekheid van elke aspek (*soewereiniteit-in-eie-kring*) as die onverbreeklike samehang tussen die verskillende modale aspekte (*universaliteit-in-eie-kring*).

Die uitwerking van hierdie alternatief sal egter in 'n paar ander artikels gedoen word. Daarin sal onder meer aangetoon word dat inter-individuele maatskapsverhoudinge altyd met (supra-) individuele gemeenskaps- en verbandsverhoudinge gekorreleer is. Daaruit sal onder andere blyk dat die opvatting van Goosen, naamlik dat “die politieke geheel as ’n gemeenskap van gemeenskappe verstaan moet word, en nie bloot as ’n kontrak van vryswewende individue nie” (Goosen 2016:247), tot ’n miskening van die aard van maatskapsverhoudinge lei – en tesame daarmee nie reg aan die aard van die burgerlike privaatreg kan laat geskied nie.⁸

BIBLIOGRAFIE

- Alexander, J.C. 1990. *Differentiation Theory and Social Change*. Co-editor Paul Colomy, New York: Columbia University.
- Bodin, J. 1981. *Sechs Bücher über den Staat*. Buch I-III. Vertaal met opmerkinge deur Bernd Wimmer, Ingelei en opnuut uitgegee deur P.C. Meyer-Tasch. München: Verlag C.H. Beck.
- Bracken, J.A. 2001. *The One in the Many. A Contemporary Reconstruction of the God-World Relationship*. Grand Rapids: William B. Eerdmans.
- Duvenhage, P. 2016. *Afrikaanse Filosofie, Perspektiewe en dialoë*. Bloemfontein: Sun Press.
- Goosen, D. 2013. Monsters en mense: Oor die geestelike en haar moderne afwesigheid. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 53(4):516-528.
- Goosen, D. 2016. Die werklikheid as deelnemende gebeurte, of die verwikkelde samehang tussen eenheid en veelheid. In: Duvenhage (2016:221-248).
- Habermas, J. 1981. *Theorie des kommunikativen Handelns*. Volume 1. Frankfurt am Main: Suhrkamp Verlag (Fourth revised edition, 1987 – ‘Taschenbuch’ edition 1995).
- Habermas, J. 2001. *The Postcolonial Constellation, Political Essays*. Cambridge, Massachusetts: Polity Press.
- Malan, K. 2011. *Politokrasie: ’n Peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir ’n antwoord daarop*. Pretoria: Pretoria University Law Press.
- Müch, R. 1990. Differentiation, Rationalization, Interpenetration: The Emergence of Modern Society, in: Alexander (1990:441-464).
- Myrdal, G. 1932. *Das politische Element in der National ökonomischen Doktrinbildung*. Berlin: Junker und Dünnhaupt Verlag.
- Nisbet, R.A. 1962. *Community and Power*. [formerly *The Quest for Community*]. New York: Oxford University Press.
- Raath, A.W.G. 2016. Regs- en staatsosiologiese grondslae van politokratiese kommunitarisme. ’n Gesprek oor enkele aspekte van die meta-etiese historisme in die Afrikaanse politieke en regsliteratuur. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 2016 (1):55-90.
- Raath, A.W.G. 2016a. Politieke en regsfilosofiese perspektiewe op politokratiese kommunitarisme: ’n Diskoers met Danie Goosen en Koos Malan. In: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56 (No. 2-2):573-591. doi.10.17159/2224-7912/2016/v56n2-2a4.
- Rawls, J. 1996. *Political Liberalism*. Hersiene Uitgawe. Cambridge: Harvard University Press.
- Strauss, D.F.M. 2006. The mixed legacy underlying Rawls’s Theory of justice. In: *Journal for Juridical Science*, 31(1):61-79.
- Strauss, D.F.M. 2014. The Place of the State in a Differentiated Society: Historical and Systematic Perspectives. In: *Politikon: South African Journal of Political Studies*, 41(1):121-139, doi:10.1080/02589346.2014.885681.
- Tönnies, F. 1972. *Gemeinschaft und Gesellschaft*, Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft (Eerste druk, 1887).

⁸ Die geheel-aard van ’n gemeenskap speel ’n sentrale rol in die denke van Goosen (sien Goosen 2013:517-521 en 525-527; asook Goosen 2016:230-231, 244).

Redakteursnota

In die Junie 2016-nommer van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* het Andries Raath (2016:573-591) in die volgende artikel 'n gesprek oor politokratiese kommunitarisme begin:

Politieke en regsfilosofiese perspektiewe op politokratiese kommunitarisme: 'n diskoers met Danie Goosen en Koos Malan

Die fokus val op politieke kommunitarisme wat, anders as die wye ondersteuning wat *Ubuntu*-kommunitarisme in die regsliteratuur geniet, volgens Raath beperk gebly het tot die Afrikaanse literatuur. Soos aangedui in die subtitel word meer spesifiek, in 'n diskoers met Danie Goosen en Koos Malan, gekyk na die politieke en regsfilosofiese implikasies van politieke kommunitarisme. Volgens Raath (2016:574) het “die filosofiese hiate in die staats- en regsdenke van politokratiese kommunitarisme belangrike implikasies”, omdat kommunitiese politokrate nie daarin slaag om “die statisme van die liberale individualisme te oorkom en 'n normatiewe alternatief vir statisme, politieke universalisme en die absolutistiese staat te stel nie” (ibid.).

In hierdie rubriek tree Danie Strauss toe tot die “Debat oor die moderne staat” deur aan te voer dat die tekortkominge van sowel individualistiese (atomistiese) as universalistiese (holistiese) benaderings ondervang kan word “indien erns gemaak word met die ontiese beginsels van *soewereiniteit-in-eie-kring* en *universaliteit-in-eie-kring*”.

Sowel Danie Goosen as Koos Malan is van plan om repliek te lewer en hul toetrede tot die gesprek sal hopelik in die Desemberuitgawe geplaas word. Alle lesers van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word hartlik uitgenooi om deel te neem aan die debat. Beperk u debatsbydraes tot hoogstens 2 000 woorde. Indien u sou verkies om liever uitvoeriger by wyse van 'n navorsingsartikel te reageer sal dergelike bydraes aan die gewone prosedure van keuring onderhewig wees.

Ina Wolfaardt-Gräbe

Augustus 2016

Die debat oor die moderne staat

The debate on the modern state

DANIE STRAUSS

Skool vir Filosofie

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom Kampus

E-pos: dfms@cknet.co.za

ABSTRACT

The debate on the modern state

This brief partaking in the debate about law and state focuses on a number of deepening philosophical insights, inter alia regarding the difference between aspects and entities, the distinction between modal laws and type laws, and the nature of modal universality and typically specified universality. Succinct attention is also given to the one-sidedness of both individualistic (atomistic) and universalistic (holistic) approaches – shortcomings that could be transcended if the ontic principles of sphere-sovereignty and sphere-universality are taken seriously.

OPSOMMING

In hierdie saaklike toetreding tot die debat oor reg en staat word aandag geskenk aan enkele verdiepende wysgerige insigte, waaronder die verskil tussen aspekte en entiteite en die onderskeiding tussen modale wette en tipiese wette, tussen modale universaliteit en tipe-gespesifiseerde universaliteit. Aandag word ook kortliks aan die eensydigheid van beide individualistiese (atomistiese) en universalistiese (holistiese) benaderings gegee – tekortkominge wat te bowe gekom kan word indien erns gemaak word met die ontiese beginsels van soewereiniteit-in-eie-kring en universaliteit-in-eie-kring.

Koos Malan en Danie Goosen ontwikkel hul samelewingsbeskouing teen die agtergrond van kommunitêre denkers soos Michael Sandel, Charles Taylor, Alisdair MacIntyre, Michael Walzer en Vernon van Dyke.¹ Hierdie bydrae tot die gesprek wil die aandag vestig op enkele onderliggende wysgerige onderskeidings en insigte wat die debat moontlik kan verruim.

Teenoor die Griekse gemeenskapsidee, soos vergestalt in die *polis* (stadstaat)² en wysgerig geartikuleer in die denke van Aristoteles, stel Malan en Goosen die moderne territoriale staat wat soms (negatief) met “staatlikheid” of die *ideologie van die staat* gelykgestel word. Dit hang saam met die gegewe dat verskeie negatiewe trekke in die staatsfilosofiese denke van Hobbes, Locke en Rousseau volgens hierdie denkers in die moderne staat teruggevind word.

Na aanleiding van juridies geïnspireerde definisies van die staat skryf Malan byvoorbeeld dat hulle almal “die staatsteorie van Hobbes en nog meer van Locke” reflekteer: “Die staats-

¹ Die regsosioloog Robert A. Nisbet kan ook in hierdie konteks vermeld word. In sy gesprek met Pieter Duvenhage praat Goosen van ’n herontdekking van die “tradisionele Westerse metafisiese en politieke denke” – en dan vermeld hy figure soos Plato, Aristoteles, Cicero, Plotinus, Proclus, Dionysius die Areopagiet asook meer resente denkers soos Alasdair MacIntyre, Robert Spaeman, Josef Pieper, Hans Urs von Balthasar, John Milbank en Michael Sandel (sien Goosen 2016:242).

² ’n Kritiese ontleding van die Griekse stadstaat kan nagelees word by Raath (2016a:575 en verder). Vergelyk Strauss (2014) oor die plek van die staat in ’n gedifferensieerde samelewing.

definisies is deurlopend geskoei op 'n atomisties-liberale grondslag en neig sterk anti-kommunitêr” (Malan 2011:107). Die moderne staat, wat in abstrak-individualistiese terme beskryf word, huisves volgens Malan tewens geen egte *gemeenskap* nie.

Gunnar Myrdal openbaar reeds in 1932 'n goeie insig in die aard van individualistiese (atomistiese) en universalistiese (holistiese) benaderings waarmee die “politieke ekonomie” gekonfronteer word: die utilitaries-liberalistiese atomisme aan die een kant en die toenemend heterogeen-organiese benadering aan die ander kant (Myrdal 1932:87).

As alternatief word daar dan teenoor dergelike individualisties-atomistiese sienings prominensie aan die (organiese) geheel-dele relasie verleen – 'n benadering wat teruggryp na die denke van Aristoteles.

Agerliggend aan hierdie teëgestelde oriëntasies vind ons die algemeen-wysgerige probleem van eenheid en verskeidenheid. Goosen dui byvoorbeeld die “aard van die politieke werklikheid” aan “as die spel tussen eenheid en veelheid” (2016:223). In Engels word daar na die probleem van die *ene* en die *vele* verwys.³ Die primêre wysgerige vraag hier is tweevoudig. Eerstens gaan dit oor die vraag na die “oorspronklike tuiste” van die terme “eenheid” en “veelheid” en in die tweede plek verwys dit na die vraag hoeveel “tuistes” daar in die werklikheid aanwesig is. Ons begin met 'n verduideliking van wat met “oorspronklike tuiste” bedoel word.

Eenheid en veelheid appelleer allereers op *getalsverhoudinge*. Daarom kan gesê word dat die terme *eenheid* en *veelheid* oorspronklik in die *getalsaspek* van die werklikheid aangetref word, dat hul oorspronklike *modale* tuiste aritmeties van aard is. Die term *modaal* is van die Latynse frase *modus quo* afgelei en dit word hier aangewend om na die verskillende (“veelheid”) *bestaanswyses*, *aspekte* of *modaliteite* wat ons in die werklikheid aantref te verwys.⁴

Verskeie verdere oorwegings kom hier na vore, soos: Hoeveel modale aspekte is daar? Is die aspekte uniek? Indien wel, is die unieke sin van die aspekte definieerbaar? Staan die verskillende aspekte in relasie tot mekaar (hang hulle wederkerig saam)?

Sonder om dit uitvoerig te verduidelik kan vermeld word dat daar voorlopig vyftien werklikheidsaspekte onderskei kan word,⁵ dat elkeen inderdaad uniek en ondefinieerbaar is en dat die verskeidenheid modale aspekte onverbreeklik saamhang. Hierdie “uniekeheid in samehang” beliggaam twee fundamentele ontiese beginsels, te wete die beginsel van *soewereiniteit-in-eie-kring* en die beginsel van *universaliteit-in-eie-kring*.

Natuurlik moet ook rekenskap gegee word van die verhouding tussen die pas vermelde verskeidenheid werklikheidsaspekte en die dimensie van konkrete (natuurlike) en samelewingsentiteite en prosesse. Alle entiteite en prosesse funksioneer in alle aspekte want die aspekte beliggaam immers die *wyses* waarop die verskillende dinge *bestaan* (dit is hul bestaanswyses).

Een implikasie van die onderskeiding tussen modaliteite en konkrete (aspek-veelsydige) entiteite is dat in alle wetenskaplike dissiplines tussen “aspek-begrippe” (modale begrippe/funksie-begrippe) enersyds en struktuur-tipiese “ding-begrippe” andersyds onderskei moet word.

In die fisika tref ons byvoorbeeld funksie-begrippe soos *massa*, *volume*, *beweging* en *krag* aan in onderskeiding van struktuur-tipiese ding-begrippe, waaronder *elementêre deeltjie*, *atoom*, *molekuul* en *makro-molekuul*. Binne die kultuur-historiese aspek, waarin ons *mag* of *beheersende vorming* in die oorspronklike sin daarvan kry, tref ons funksie-begrippe soos *historiese kontinuïteit*,

³ Joseph Bracken kontekstualiseer hierdie probleem deur God daarby te betrek – dan handel dit oor “The One in the Many” – (sien Bracken 2001).

⁴ Ons is ook vertrouwd met frases soos *modus vivendi* en *modus operandi*.

⁵ Met name getal, ruimte, beweging, die fisiese, biotiese, sensitief-psigiese, logies-analitiese, kultuur historiese, die teken-aspek, die sosiale aspek, ekonomiese aspek, estetiese aspek, juridiese aspek, etiese aspek en die geloofsaspek.

historiese kousaliteit, historiese ontwikkeling (differensiasie en integrasie) en *historiese toerekening* aan, in onderskeiding van uiteenlopende tipes kultuur-historiese magsvorming (waaronder die kapitaalmag van 'n ekonomiese bedryfsonderneming, die kennismag van 'n unversiteit, die swaardmag van die owerheid en die mag van die Woord in 'n kerklike denominasie). Die modale universaliteit van die juridiese aspek omvat die tipiese wyse waarop individue en samelewings-vorme binne hierdie aspek funksioneer. Met appèl op die regsaspek kom ons ook juridiese funksie-begrippe soos *regsorde* (die eenheid in die veelheid regsreëls), die *juridiese geldingsgebied* van 'n wet, die handeling van 'n *kompetente regsorgaan*, *juridiese wilsvorming*, *juridiese toereken(ingsvat)baarheid* en die *wering van juridiese eksesse* teen.

Vanuit 'n ontologiese perspektief gesien weerspieël hierdie onderskeiding tegelyk die verskil tussen *modale wette* en *tipiese wette*. Die modale aspekte besit 'n *ongespesifiseerde universaliteit* terwyl die aard van verskillende tipes entiteite 'n *gespesifiseerde universaliteit* vertoon. Modale universaliteit bring tot uitdrukking dat alle moontlike klasse van dinge in beginsel in alle aspekte funksioneer. Bepaalde tipes entiteite is daarenteen beperk tot 'n *gespesifiseerde klas* van entiteite. Alle fisiese entiteite is onderworpe aan universele modale wette asook aan tipe-wette wat slegs op 'n *beperkte versameling van entiteite* van toepassing is. Wat universele modale wette betref hoef slegs aan die swaartekragwet en die eerste twee hoofwette van die termodinamika gedink te word (die wet van energie-konstansie en van nie-afnemende entropie). Wat tipe-wette betref, kan die atoom en die staat as voorbeelde geneem word. Die tipe entiteit wat ons identifiseer as 'n atoom korreleer met 'n tipe-wet vir 'n beperkte klas van entiteite. Hierdie wet (vir atoom-wees of staat-wees) is universeel want dit het betrekking op *alle* atome en alle state. Tog is hierdie universaliteit *gespesifiseerd* want nie alle entiteite is atome of state nie. Daarom is die tipe-wet vir staat-wees ook *gespesifiseerd universeel* – dit is van toepassing op *alle* state maar nie alles in die werklikheid is *state* nie.

Aangesien modale universaliteit daarop dui dat alle (tipies-verskillende) entiteite in alle aspekte funksioneer kan geen entiteit eksklusief op enige aspek *aanspraak* maak nie. Geen aspek *behoort* (geheel of gedeeltelik) aan enige entiteit nie.

Malan is egter van mening dat begrippe “soos die reg, ... gesag en soewereiniteit” “almal staatsverwant” is:

Bykans alle probleme van die politiek en van die mees sentrale probleme van die reg is heg met die staat ineengestremel en werk nolens volens met die staat as die uitdruklike of versweë grondslag en vertrekpunt. (Malan 2011:5)

Wanneer die reg egter as “staatsverwant” beskou word, is dit begryplik waarom Malan meen dat *reg* sy “grondslag en vertrekpunt” in die staat vind. Daarmee word nie alleen die modale universaliteit van die regsaspek misken nie maar ook die *oorspronklike* regsfunksie van die nie-staatlike samelewingsvorme. Aangesien Malan tereg daarop wys dat die term “staat” relatief laat op die toneel verskyn het (Malan 2011:7) sou gevra kon word of *reg* gevolglik nie ook *relatief laat* – eers saam met die staat – verskyn het nie?

Wat is die geval met die terme “gesag en soewereiniteit” wat ook “almal staatsverwant” is, soos Malan suggereer? Ons het reeds opgemerk dat die unieke sin van die kultuur-historiese aspek as *mag* of *beheersende vorming* aangedui kan word. Daarom vind die term “gesag” 'n tuiste in die kultuur-historiese aspek – waar ons moet onderskei tussen *mag oor dinge* ('n kultuur-historiese subjek-objek relasie) en *mag oor persone* ('n kultuur-historiese subjek-subjek relasie – meestal as *ampsgesag* aangedui). Soms word kortweg na *saak-kultuur* en *persoon-kultuur* verwys. Die term *soewereiniteit* word eweneens gebruik om bepaalde vorme van samelewings-*mag* aan te dui – maar dit kan nie eksklusief vir (of deur) die staat opgeëis word nie (al het Bodin, wat hierdie term in die moderne regs- en staatsleer ingevoer het dit probeer doen – vgl. Strauss 2014). Daarom

het Kuyper en Dooyeweerd tereg die uitdrukking *soewereiniteit-in-eie-kring* ingevoer om van *verskillend-gearde* samelewingsvorme se interne (mags-)bevoegdhede rekenskap te gee. Later sou Habermas, Rawls en Münch soortgelyke uitdrukkings vir hul rekening neem.

Münch wys daarop dat die uitgangspunt van die teoretiese debat in die 1980s in Weber se teorie van die rasionalisering van die moderne samelewing te vinde is. Daarvolgens sou sferen in die samelewing toenemend gelei word deur hul eie “inner laws”: in “Weber’s theory of the rationalization of modern society into spheres that are guided to an increasing extent by their inner laws” (Münch 1990:442).

Ten spyte daarvan dat Rawls se denke uiteen gebreek word deur die gelyktydige aanwesigheid van atomistiese en holistiese tendense (sien Strauss 2006) slaag hy tog soms daarin om bo hierdie dilemma uit te styg – naamlik wanneer hy besef dat verskillende wette van toepassing is op onderskeie soorte subjekte (dit wat ons hierbo as *tipe-wette* aangedui het): “But it is the distinct purposes and roles of the parts of the social structure, and how they fit together, that explains there being different principles for distinct kinds of subjects” (Rawls 1996:262).

In sy bespreking van globalisasie verbind Habermas die “klassieke leerstuk van die staat” aan die idee van *private lewensfeer*: “the state maintains law and order within the borders of its own territory and guarantees security for citizens within their own private spheres of life” (Habermas 2001:81).

Die vraag is natuurlik: hoe moet individualistiese (atomistiese) en universalistiese (holistiese) samelewingsopvattinge verstaan word? Hierdie vraag bring ons in aanraking met die rol van ’n grondnoemer, vergelykingsnoemer of verklaringsbeginsel in terme waarvan die verskeidenheid werklikheidsaspekte verantwoord word.

’n Individualistiese (atomistiese) benadering wil alles vanuit die diskrete perspektief van ’n getalsmenigvuldigheid verklaar; dit wil alles tot blote optelsomme herlei. Universalistiese (holistiese) sienings kies die ruimte-aspek as verklaringsbeginsel waarin die oorspronklike sin van die geheel-dele relasie aangetref word. Individualistiese en universalistiese denkers gebruik ook dikwels analogieë van getal en ruimte in ander werklikheidsaspekte om hul teoretiese perspektief deur te voer. Myrdal verwoord hierdie teenstelling tussen atomisme en organisisme soos volg: “Die eerste geval betref uitsluitlik ’n suiwer aritmetiese som terwyl ons in die ander geval met ’n onmiddellike totaliteit [*Ganzen*] te doen het, ’n geheel wat nie bloot gelyk is aan die som van sy dele nie” (Myrdal 1932:87).⁶

Nisbet verduidelik byvoorbeeld die spanning tussen ’n atomistiese-meganiese samelewingsbeskouing en ’n erkenning van gemeenskapsverbintenisse met verwysing na Tönnies se onderskeiding tussen *Gemeinschaft* en *Gesellschaft* (sien Tönnies 1887).

Similarly, some of the German sociologists of the late nineteenth century called attention to the processes of modern history that have led to an atomization or mechanization of the primary social relationships. Tönnies expressed this as a continuous weakening of the ties of *Gemeinschaft* – the communal ties of family, guild, and village – and a constant maximization in modern times of the more impersonal, atomistic, and mechanical relationships of what he called *Gesellschaft*. (Nisbet 1962:78)⁷

⁶ Let egter daarop dat hoewel holistiese benaderings dikwels ’n organistiese (of: organismiese) weg bewandel iemand soos Herbert Spencer ’n individualistiese “organistiese” denker is. Spencer verduidelik dat sy doel nie ’n toename in gesaghebbende beheer is nie, maar ’n vermindering daarvan: “A more pronounced individualism, instead of a more pronounced nationalism, is its ideal” (Spencer 1968:22).

⁷ Bodin sien byvoorbeeld families en korporasies as dele van die staatsgeheel (Bodin 1981:521).

Die eensydighede van (aritmetiese, organiese of sosiale) *individualisme* en (ruimtelik-georiënteerde, organiese of sosiale) *universalisme* kan alleen vermy word deur erkenning te verleen sowel aan die uniekheid van elke aspek (*soewereiniteit-in-eie-kring*) as die onverbreeklike samehang tussen die verskillende modale aspekte (*universaliteit-in-eie-kring*).

Die uitwerking van hierdie alternatief sal egter in 'n paar ander artikels gedoen word. Daarin sal onder meer aangetoon word dat inter-individuele maatskapsverhoudinge altyd met (supra-) individuele gemeenskaps- en verbandsverhoudinge gekorreleer is. Daaruit sal onder andere blyk dat die opvatting van Goosen, naamlik dat “die politieke geheel as ’n gemeenskap van gemeenskappe verstaan moet word, en nie bloot as ’n kontrak van vryswewende individue nie” (Goosen 2016:247), tot ’n miskening van die aard van maatskapsverhoudinge lei – en tesame daarmee nie reg aan die aard van die burgerlike privaatreg kan laat geskied nie.⁸

BIBLIOGRAFIE

- Alexander, J.C. 1990. *Differentiation Theory and Social Change*. Co-editor Paul Colomy, New York: Columbia University.
- Bodin, J. 1981. *Sechs Bücher über den Staat*. Buch I-III. Vertaal met opmerkinge deur Bernd Wimmer, Ingelei en opnuut uitgegee deur P.C. Meyer-Tasch. München: Verlag C.H. Beck.
- Bracken, J.A. 2001. *The One in the Many. A Contemporary Reconstruction of the God-World Relationship*. Grand Rapids: William B. Eerdmans.
- Duvenhage, P. 2016. *Afrikaanse Filosofie, Perspektiewe en dialoë*. Bloemfontein: Sun Press.
- Goosen, D. 2013. Monsters en mense: Oor die geestelike en haar moderne afwesigheid. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 53(4):516-528.
- Goosen, D. 2016. Die werklikheid as deelnemende gebeurde, of die verwikkelde samehang tussen eenheid en veelheid. In: Duvenhage (2016:221-248).
- Habermas, J. 1981. *Theorie des kommunikativen Handelns*. Volume 1. Frankfurt am Main: Suhrkamp Verlag (Fourth revised edition, 1987 – ‘Taschenbuch’ edition 1995).
- Habermas, J. 2001. *The Postcolonial Constellation, Political Essays*. Cambridge, Massachusetts: Polity Press.
- Malan, K. 2011. *Politokrasie: 'n Peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop*. Pretoria: Pretoria University Law Press.
- Müch, R. 1990. Differentiation, Rationalization, Interpenetration: The Emergence of Modern Society, in: Alexander (1990:441-464).
- Myrdal, G. 1932. *Das politische Element in der National ökonomischen Doktrinbildung*. Berlin: Junker und Dünnhaupt Verlag.
- Nisbet, R.A. 1962. *Community and Power*. [formerly *The Quest for Community*]. New York: Oxford University Press.
- Raath, A.W.G. 2016. Regs- en staatsosiologiese grondslae van politokratiese kommunitarisme. 'n Gesprek oor enkele aspekte van die meta-etiese historisme in die Afrikaanse politieke en regsliteratuur. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 2016 (1):55-90.
- Raath, A.W.G. 2016a. Politieke en regsfilosofiese perspektiewe op politokratiese kommunitarisme: 'n Diskoers met Danie Goosen en Koos Malan. In: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56 (No. 2-2):573-591. doi.10.17159/2224-7912/2016/v56n2-2a4.
- Rawls, J. 1996. *Political Liberalism*. Hersiene Uitgawe. Cambridge: Harvard University Press.
- Strauss, D.F.M. 2006. The mixed legacy underlying Rawls's Theory of justice. In: *Journal for Juridical Science*, 31(1):61-79.
- Strauss, D.F.M. 2014. The Place of the State in a Differentiated Society: Historical and Systematic Perspectives. In: *Politikon: South African Journal of Political Studies*, 41(1):121-139, doi:10.1080/02589346.2014.885681.
- Tönnies, F. 1972. *Gemeinschaft und Gesellschaft*, Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft (Eerste druk, 1887).

⁸ Die geheel-aard van 'n gemeenskap speel 'n sentrale rol in die denke van Goosen (sien Goosen 2013:517-521 en 525-527; asook Goosen 2016:230-231, 244).

Boekbespreking / Book Review

Outeur: DF Mudge

Titel: *Dirk Mudge. All the way to an independent Namibia.*

Plek: Protea Boekhuis, Pretoria, 2016

Bladsye: 511

ISBN: 978-1-4853-0456-2

Prys: R350,00

Suidwes-Afrika het in 1921 'n mandaatgebied van die Unie van Suid-Afrika geword. Dirk Frederik Mudge, gebore in 1928 van ouers wat kort tevore na die gebied verhuis het, het sodoende lid van 'n uitgelese eerste geslag Suidwesters van die nuwe era geword. Vandag is hierdie garde grootliks uitgedun, wat aan 'n herinneringskrif soos hierdie besondere waarde verleen.

Die leser word met die intrap binne konteks geplaas deur inleidende hoofstukke oor Mudge se familie-agtergrond en die totstandkoming van die land Suidwes-Afrika, waarin hy sou opgroei en sy vorming ondergaan. Kort nadat hy ná sy studie in ekonomiese wetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch in die Outjodistrik begin boer het, trek hy die aandag en word hy in die plaaslike politiek ingetrek. Hy word voorafgegaan deur sy vader wat 'n gesiene figuur in die Nasionale Party van Suidwes-Afrika was. Die persoonlike aard van Suidwes se politiek word vir hom duidelik – iets waarmee die jong politikus hom moes versoen en vereenselwig toe hy in 1960 tot die Wetgewende Vergadering verkies word. As lid van die Wetgewende Vergadering en veral van die belangrike Uitvoerende Komitee sedert 1965 raak hy intens betrokke by, vir Suidwes, belangrike sake soos droogte, boerdery, paaie en 'n verskeidenheid ander aspekte.

Sy poort tot die wyer toneel van internasionale problematiek begin oopgaan toe hy by die implementering van die Odendaalplan betrokke raak. Dit was 'n ingrypende poging om die Suid-Afrikaanse beleid van afsonderlike ontwikkeling as teenvoeter vir die groeiende internasionale druk en aandrang van die South West Africa Peoples' Organisation op onafhanklikheid vir Suidwes-Afrika aan te bied. Eerste Minister BJ Vorster identifiseer Mudge as rolspeler om in die rigting van 'n internasionale oplossing te werk, wat beteken dat Suidwesters uiteindelik self in 'n vrye verkiesing oor hulle toekoms sou moes besluit.

Terwyl hierdie ontwikkelinge tot diepe verdeeldheid binne blanke geleedere sou lei, moes daar tot 'n werkbare vergelyk met die internasionale magte soos die Verenigde Nasies gekom word. Mudge vertel fassinerend hoe binnegevegte, pogings tot versoening tussen witmense en die ander bevolkingsgroepe en Suid-Afrika se skaakspel met 'n vyandige buitewêreld mekaar afgewissel het. 'n Deurlopende tema is die proses waardeur ervaring van landsregering vanaf die Turnhalleberaad in 1975 tot die Oorgangsregering van Nasionale Eenheid in 1984 deur die binnelandse partye opgedoen is, maar uiteindelik moes die werklikheid van 'n vrye onafhanklikheidsverkiesing in die oë gestaar word. Hoewel dit nie gesê word nie, lyk dit tog waarskynlik dat Mudge deurentyd besef het dat SWAPO die eerste regeerder van 'n onafhanklike Namibië sou word.

Twee faktore het egter daarvoor gesorg dat die grondwetlike vergelyk, wat in Februarie 1990 sonder teenstem aanvaar is, 'n merkwaardige toekomsgerigtheid vertoon het: eerstens het die feit dat SWAPO nie 'n voldoende meerderheid behaal het om sy wil ongetemperd af te druk nie 'n konsensusbenadering in die hand gewerk; tweedens het die ervaring, kennis en praktiese insig van Dirk Mudge, gepaard met sy besondere persoonlikheid, dikwels tot sobere besluite oor kernaangeleenthede tydens die proses van grondwetskrywe gelei. Hieroor verskaf die boek

eerstehandse getuienis. Vir hom was sy betrokke by die opstel van die Namibiese grondwet die hoogtepunt van sy politieke loopbaan.

Die skrywer se aanslag is persoonlik en op die man af, wat eie is aan Mudge se styl en lewenshouding. Dit is 'n goeie voorbeeld van die rol wat individuele leierspersoonlikhede in die lotgevalle van 'n spesifieke gemeenskap en die samelewing as geheel kan speel. Die verhaal is informatief vir die leser, of dit nou mense is met min kennis van Suidwes-Afrika se storie, of ingeligte mense wat self by die prosesse betrokke was. Vir die student van die tyd beantwoord dit verskeie vrae waaroor gewonder was. Vir die student van Dirk Mudge se rol in die geskiedenis van Suidwes-Afrika/Namibië lig dit die sluier oor sy persoonlikheid en bevestig dit opvattinge wat oor jare aangaande hom gekoester is, of toon dit aan waar sulke opvattinge ongeregverdig was. Trouens, Mudge openbaar homself aan vriend en vyand vir wat en wie hy werklik is en was. Uiteindelik sal die geskiedenis seker die finale oordeel spreek.

Uit die aard van die saak vertoon die outobiografie ook 'n element van selfregverdiging, soos van elke werk van dié aard verwag kan word. Só erken hy dat hy meermale geworstel het met die vraag of hy aan die skeuring in Afrikanergeleedere aandadig moes gewees het. Hy weeg die morele meriete van sy eie standpunte op teen dié van sy eertydse kollegas, met wie sy pad geskei het. In dié verband het hy 'n spesiale byltjie te slyp met mnr. Koos Pretorius, laaste leier van konserwatiewe Afrikanergroepe in Namibië, sonder om egter venynig te raak. Onlangs het 'n eie herinneringskrif van laasgenoemde verskyn, wat interessante stof vir 'n vergelyking tussen die twee persoonlikhede verskaf.

Dirk Mudge, All the way to an independent Namibia, is 'n vertaling uit die oorspronklike Afrikaans. Die vertaler Amy Schoeman, 'n welbekende outeur van Namibiese landskapsfotografie, het daarin geslaag om die gees en styl van die skrywer oor te dra. Die Engelse weergawe verskil slegs van die oorspronklike deurdat die Voorwoord van Max du Preez vervang is met een deur Piet Croucamp. Die boek is 'n politieke outobiografie, maar miskien belangriker nog, 'n historiese bronnepublikasie oor 'n deurslaggewende tydperk in Namibië se wordingsgeskiedenis. Studies in hierdie veld kan vrugbaar put uit 'n eerstehandse getuienis deur iemand wat, in sy eie woorde, opregte Afrikaner én patriotiese Namibiër gebly het.

ELP Stals

Windhoek

E-pos: stals@mtcmobile.com.na

Spesiale uitgawe van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*

In 2017 herdenk die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns die eeufees van die heel eerste *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS)* van 1917.

Daar word beoog om ter herdenking van hierdie besondere gebeure 'n spesiale uitgawe van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* te laat verskyn. Omdat die Letterkundekommissie ook een van die heel oudstes is van die Akademie, sal hierdie spesiale uitgawe artikels oor beide die taal- en letterkunde bevat. Prof. H.P. van Coller (vir die letterkunde) en Dr. Nerina Bosman (vir die taalkunde) sal as gasredakteurs optree.

Die beoogde uitgawe sal die **Junie 2017**-nommer wees. Ons beoog tien tot twaalf artikels oor onderskeidelik die taal- en letterkunde – veral graag bydraes wat verband hou met die AWS of die werksaamhede van die twee kommissies.

LETTERKUNDE

Artikels moet die gasredakteur teen **31 Oktober** bereik. 'n Opsomming van die beoogde artikel moet verkieslik teen **30 September** aan die gasredakteur gestuur word.

TAALKUNDE

Artikels moet die gasredakteur teen **30 September** bereik.

H P van Coller
vcollerh@ufs.ac.za

Nerina Bosman
nerina.bosman@up.ac.za

Huldigingsbundels: Afrikaanse skrywers/digters/dramaturge

Die Akademiesraad het 'n boekeprojek goedgekeur om erkenning te verleen aan Afrikaanse skrywers, digters en dramaturge. Hierdie projek word geborg deur die Trust vir Afrikaanse Onderwys (Dagbreek Trust).

R60 000 is begroot vir die samestelling van 'n huldigingsbundel; die bedrag sluit 'n honorarium vir gasredakteurs (R20 000) in en maak ook voorsiening vir die vergoeding van outeurs wat nie (meer) verbonde is aan 'n tersiêre instansie nie.

'n Spesialiskomitee saamgestel uit onder meer letterkundiges op die redaksieraad van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, insluitend die voorsitter van die Letterkundekommissie asook 'n koördineerder van die projek, sal oorkoepelend verantwoordelik wees vir die identifisering van persone (voorlopig 'n keuse uit Hertzogpryswenner) wat gehuldig moet word, die aanwysing van gasredakteurs en gehaltekontrole van die beplande publikasies.

As loodsprojek word die eerste twee bundels gewy aan

- Adam Small (gasredakteur, Jacques van der Elst) en
- Elsa Joubert (koördineerder, Martjie Bosman)

Die beoogde publikasie van hierdie 2 bundels is Junie en Desember 2017 onderskeidelik.

Hiermee dan 'n vriendelike uitnodiging om

- 1) *skrywers/digters/dramaturge te identifiseer wat volgens u mening gehuldig behoort te word; en*
- 2) *as gasredakteur op te tree vir die samestelling van 'n skrywer/digter/dramaturg wat volgens u gehuldig behoort te word.*

Enige kommentaar oor die wenslikheid al dan nie van die projek, of die identifisering van persone wat gehuldig moet word, word verwelkom. Bydraes wat as oorspronklike navorsingsartikels aangebied word, sal aan die gebruikelike streng keuring onderwerp word en in aanmerking kom vir subsidie.

Rig asseblief alle navrae en/of kommentaar aan die redakteur.

Ons sien uit na u samewerking.

Ina Wolfaardt-Gräbe
publikasies@akademie.co.za

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademieskantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelede manuskripte:

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **verkieklik 'n elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100–200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100–250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600–1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10–20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:

1. **HOOFOPSKRIFTE** verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 **Opskrifte** is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 **Subopskrifte** is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur.*

Plaas asbellef tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.

- **Aanhaling** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhalinge wat langer as **drie** reëls is, word geïndenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif vir voorbeelde*.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korreksies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Voorbeelde:

Boek: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Tydskrifartikel: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56–59.

Hoofstuk in 'n boek: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20–34.

Internetbron:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

OF IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

Bladgeld: Die *Tydskrif* hef R200 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betref subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

Kopiereg: By aanvaarding van 'n bydrae vir publikasie word die kopiereg aan die Akademie oorgedra. 'n Skriftelike ooreenkoms moet in dié verband deur die outeur onderteken word.

Verantwoordelikheid vir handskripte, illustrasies en diskette:

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to publikasies@akademie.co.za in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000** words.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100–200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately 10 – 20 key terms in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:
 1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.
 - 1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.
 - 1.1.1 *Sub-headings* are in italics. Leave a space between the heading and the text.

Table headings:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: Systemic interdependence.

Please insert the illustration in the correct position within the text.

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

Examples:

Book: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Article from journal or magazine: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Chapter in a book: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internet source:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

OR IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

References in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

1.1 Page fees: There is a charge of R200 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

1.2 Copyright: On acceptance of an article the author gives copyright to the SA Akademie. A written agreement to this effect will be required of the author(s).

Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sferes te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daarvoor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

This title is
now indexed
in Scopus

refine your research
SCOPUS

Sedert Maart 2009 geïndekseer in
die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:
Engelenburghuis